

INHOUDSOPGAWE

| | |
|--|------|
| Kort verduidelikings van die tegniese hulpbronne gebruik in hierdie kommentaar | i |
| Bondige definisies van Hebreuse spraakvorme wat eksegetiese beïnvloed..... | iii |
| Afkortings gebruik in die kommentaar | ix |
| Voorwoord deur die skrywer: hoe kan hierdie kommentaar van nut wees? | xi |
| ‘n Nota van die vertaler..... | xiii |
| Gids tot konstruktiewe Bybelles: ‘n persoonlike soeke na bevestigbare waarheid..... | xiv |
| Kommentaar: | |
| Aanvangsopmerkings oor die studie van Genesis 1-11 | 1 |
| Inleiding tot Genesis | 3 |
| Genesis 1:1-2:3 | 12 |
| Genesis 2:4-25..... | 38 |
| Genesis 3:1-24..... | 49 |
| Genesis 4:1-26..... | 66 |
| Genesis 5 | 74 |
| Genesis 6:1-22..... | 78 |
| Genesis 7 | 90 |
| Genesis 8:1-22..... | 94 |
| Genesis 9:1-29..... | 98 |
| Genesis 10:1-32..... | 107 |
| Genesis 11:1-32..... | 115 |
| Leerstellige uitspraak | 121 |

VIR SPESIALE AANDAG INHOUDSOPGAWE

| | |
|--|-----|
| Die ouderdom en vorming van die aarde, Gen. 1, inleidende opmerkings | 17 |
| <i>Yom</i> , Gen. 1:5 | 23 |
| Natuurlike hulpbronne, kontekstuele insigte tot Gen. 1:24-2:3 | 29 |
| Aanbidding, Gen. 2:3 | 34 |
| Name vir God, Gen. 2:4 | 39 |
| Teologiese ontwikkeling van die val in die Nuwe Testament, Gen. 3, inleiding | 51 |
| Die slang, Gen. 3:1 | 52 |
| Persoonlike boosheid, Gen. 3:1 | 53 |
| Hoekom God Adam en Eva in diervelle geklee het, Gen. 3:21 | 61 |
| ' <i>Olam</i> (vir ewig), Gen. 3:22 | 62 |
| Gérubs, 3:24 | 63 |
| "Ken", Gen. 4:1 | 68 |
| "die seuns van God" in Genesis 6, Gen. 6:2 | 79 |
| Terme gebruik vir lang/magtige krygers of mensgroepe, Gen. 6:4 | 82 |
| Regverdigheid, Gen. 6:9 | 84 |
| Verbond, Gen. 6:18 | 88 |
| Wyn en sterk drank, Gen. 9:21 | 101 |
| Rassisme, Gen. 9:25 | 103 |

KORT VERDUIDELIKINGS VAN DIE TEGNIESE HULPBRONNE GEBUIK IN DIE “JY KAN DIE BYBEL VERSTAAN” OU TESTAMENT-STUDIEGIDSREEKS

I. Betreffende die woordeskat (leksikaal)

‘n Aantal uitstekende woordeboeke is beskikbaar vir antieke Hebreeus.

A. *Hebrew and English Lexicon of the Old Testament* deur Francis Driver en Charles A. Briggs. Dit is gebaseer op die Duitse woordeboek deur William Gesenius. **Dit word aangedui deur die afkorting BDB.**

B. *The Hebrew and Aramaic Lexicon of the Old Testament* deur Ludwig Koehler en Walter Baumgartner, vertaal deur M. E. J. Richardson. **Dit word aangedui deur die afkorting KB.**

C. *A Concise Hebrew and Aramaic Lexicon of the Old Testament* deur William L. Holladay, gebaseer op bogenoemde Duitse woordeboek.

D. ‘n Nuwe teologiese woordstudie bestaande uit vyf volumes, *The New International Dictionary of Old Testament Theology and Exegesis*, onder redaksie van Willem A. van Gemeren. **Dit word aangedui deur die afkorting NIDOTTE.**

Waar woordkeuse noemenswaardig verskil tussen die Engelse vertalings het ek aanhalings uit ‘woord-vir-woord’- sowel as ‘dinamiese eweknie’-vertalings (NASB, NKJB, NRSV, TEV, NJB) bygewerk (vgl. Gordon Fee & Douglas Stuart, *How to Read the Bible For All Its Worth*, bl. 28-44).

II. Grammatikaal

Die grammatikale identifikasie word gewoonlik gebaseer op John Joseph Owens se *Analytical Key to the Old Testament* in vier volumes. Dit word gekruiskontroleer met Benjamin Davidson se *Analytical Hebrew and Chaldee Lexicon of the Old Testament*.

Nog ‘n nuttige hulpbron vir grammatikale en sintaktiese kenmerke wat in die meeste van die OT-volumes van die “Jy kan die Bybel verstaan”-Reeks gebruik word is “The Helps for Translators Series”, uitgegee deur Verenigde Bybelgenootskappe. Hulle staan bekend as: “A Handbook on _____”.

III. Tekstueel

Ek is verbonde tot die inspirasie van die Hebreeuse hoofletterteks (nie die Masoretiese klinkerpunte en aantekeninge nie). Dit is die geval in baie hand-oorgeskrewe, antieke tekste dat daar soms bedenklike frases voorkom. Dit is gewoonlik as gevolg van

A. *hapax legomena* (woorde wat slegs eenkeer gebruik word in die Hebreeuse OT)

B. idiomatiese terme (woorde en frases waarvan die letterlike betekenis verlore is)

C. geskiedkundige onsekerheid (gebreklike inligting oor die antieke wêreld)

D. die polisemitiese semantiese veld van die beperkte Hebreeuse woordeskat

E. probleme geassosieer met latere oorskrywers wat antieke Hebreeuse tekste met die hand moes oorskryf

F. Hebreeuse oorskrywers wat in Egipte opgelei is wat dit op hulself geneem het om die tekste aan te pas om hulle meer volledig en verstaanbaar te maak vir hulle tyd (NIDOTTE, bl. 52-54).

Daar bestaan buite die Masoretiese tekstuele tradisie verskeie bronne van Hebreeuse woorde en tekste

A. Die Samaritaanse Pentateug;

B. Die Dooie See-Boekrolle;

C. Sekere latere munte, briewe en kleipotskerwe (gebreekte stukke ongevuurde potte wat gebruik is om op te skryf)

Daar is egter meestal nie manuskripfamilies in die OT soos dié in die Griekse NT-manuskripte nie. Vir 'n goeie, kort artikel oor die tekstuele betroubaarheid van die Masoretiese Teks (ca. 900 n.C.), sien “The Reliability of the Old Testament Text” deur Bruce K. Waltke in die NIDOTTE, vol. 1, bl. 51-67.

Die Hebreeuse teks wat gebruik word is *Biblia Hebraica Stuttgartensia* van die Duitse Bybelgenootskap, 1997, wat gebaseer is op die Leningrad Codex (1009 n.C.) Van tyd tot tyd word die antieke weergawes (Griekse Septuagint, Aramese Targums, Siriese Peshitta en Latynse Vulgaat) geraadpleeg as die Hebreeus dubbelsinnig of verwarrend is.

BONDIGE DEFINISIES VAN HEBREEUSE SPRAAKVORME WAT EKSEGESE BEÏNVLOED

I. Die historiese ontwikkeling van Hebreeus, kortliks

Hebreeus is deel van die Semitiese taalfamilie van Suiwes-Asië. Die naam (deur moderne kundiges daaraan gegee) kom van Noag se seun, Sem (vgl. Gen. 5:32; 6:10). Sem se afstammeling word gelys in Gen. 10:21-31 as Arabies, Hebreeus, Siries, Aramees en Assiries. In werklikheid word sekere Semitiese tale gebruik deur nasies wat as afstammeling van Gam gelys word (vgl. Gen. 10:6-14), Kanaän, Fenisië en Etiopië.

Hebreeus is deel van die noordwestelike groep van hierdie Semitiese tale. Moderne kundiges se voorbeelde van hierdie antieke taalgroep kom van:

- A. Amories (*Mari-tablette* van die 18^{de} eeu v.C. in Akkadies)
- B. Kananees (*Ras Shamra-tablette* van die 15^{de} eeu in Oegarities)
- C. Kananees (*Amarna-briewe* van die 14de eeu in Kananees-Akkadies)
- D. Fenisies (Hebreeus gebruik die Fenisiese alfabet)
- E. Moabities (Mesja-steen, 840 v.C.)
- F. Aramees (amptelike tale van die Persiese Ryk gebruik in Gen. 31:47 [2 woorde]; Jer. 10:11; Dan. 2:4b-6; 7:28; Esra 4:8-6:18; 7:12-26 en gepraat deur Jode gedurende die eerste eeu in Palestina)

Die Hebreeuse taal word “die taal van Kanaän” genoem in Jes. 19:18 (OAV). Dit word die eerste keer “Hebreeus” genoem in die voorwoord van Prediker (Wysheid van Ben Sira) ongeveer 180 v.C. (en sekere ander vroeë plekke, vgl. *Anchor Bible Dictionary*, vol. 4, bl. 205 e.v.) Dit is die naaste verwant aan Moabities en die taal gebruik by Oegarit. Nie-Bybelse voorbeelde van antieke Hebreeus sluit in

1. die Geserkalender, 925 v.C. (‘n skoolseun se skryfwerk)
2. die Siloam-inskripsie, 705 v.C. (tonnelgeskrifte)
3. Samaritaanse Kleipotskerwe, 770 v.C. (belastingboekstaving op gebreekte kleipotte)
4. Lagis-briewe, 587 v.C. (oorlogskorrespondensie)
5. Makkabese munte en seëls
6. sommige Dooie See-Boekrolle
7. talle inskripsies (vgl. “Languages [Hebrew],” ABD 4:203 e.v.)

Soos alle Semitiese tale word dit gekenmerk deur woorde wat bestaan uit drie medeklinkers (trikonsonantale wortel). Dit is ‘n verboë taal. Die driewortel-konsonante dra die basiese woordbetekenis, terwyl die toevoeging van voorsetsels, agtervoegsels of interne toevoegings die sintaktiese funksie aantoon (klinkers later bygevoeg, vgl. Sue Gree, *Linguistic Analysis of Biblical Hebrew*, bl. 46-49).

Die Hebreeuse woordeskat toon ‘n verskil tussen prosa en poësie. Woordbetekenisse is verwant aan volksetimologie (nie-taalkundige oorsprong). Woord- en klankspel is redelik algemeen (*paronomasia*).

II. Aspekte van Predikasie

A. WERKWOORDE

Die normale, verwagte woordorde is WERKWOORD, VOORNAAMWOORD, ONDERWERP (met wysigers), VOORWERP (met wysigers). Die basiese, ongemerkte WERKWOORD is die *Qal*, PERFECTUM, MANLIK, ENKELVOUDIGE vorm. Dit is hoe die Hebreeus en Aramese woordeskat georganiseer word. WERKWOORDE word verbuig om die volgende te toon:

1. aantal – enkelvoud, meervoud, tweeledig
2. geslag – manlik, vroulik (geen onsydige geslag/neutral)
3. modus – indikatief, subjunktief, imperatief (op grond van ooreenstemming met moderne Westerse tale, die verhouding van die handeling tot realiteit)
4. tydvorm (aspek)

- a. PERFECTUM, wat aandui dat ‘n handeling afgehandel is, in die sin dat ‘n handeling begin, verloop en eindig, of voltooi word. Gewoonlik word hierdie vorm gebruik vir handeling uit die verlede, iets wat plaasgevind het.

J. Wash Watts, *A Survey of Syntax in the Hebrew Old Testament*, sê:

“Die enkelgeheel wat beskryf word deur ‘n perfektum word ook gesien as seker. ‘n Imperfektum skets dalk ‘n situasie as moontlik, verlang of verwag, maar ‘n perfektum sien dit as aktueel, werklik en seker,” (bl. 36).

S. R. Driver, *A Treatise on the use of the Tenses in Hebrew*, beskryf dit as volg:

“Die perfektum word gebruik om aksies aan te dui waarvan die afhandeling inderdaad in die toekoms lê, maar wat gesien word as afhanklik van sulke onveranderlike bepalinge van die wil dat daarvan gepraat kan word asof dit werklik gebeur het: dus word ‘n besluit, belofte, of bevel, veral ‘n Goddelike een, dikwels aangekondig in die volmaakte (perfektum) tyd,” (bl. 17, bv. die profetiese perfektum)

Robert B. Chisholm, Jr., *From Exegesis to Exposition*, definieer die spraakvorm op hierdie manier:

“. . . sien ‘n situasie van die buitekant, as ‘n geheel. Sodoende word ‘n eenvoudige feit uitgedruk, hetsy ‘n aksie of ‘n stand van sake (insluitende stand van wese of geestestoestand). Wanneer dit vir aksie gebruik word, word die aksie dikwels vanuit die retoriese perspektief van die spreker of verteller voltooid geag (of dit werklik voltooi is is nie ter sake nie). Die perfektum kan betrekking hê op ‘n aksie of stand van sake in die verlede, hede of toekoms. Soos hierbo vermeld, tydraamwerk, wat die manier waarop die perfektum vertaal word in ‘n tyd-georiënteerde taal soos Engels affekteer, moet deur die konteks bepaal word,” (bl. 86).

- b. IMPERFEKTUM, toon ‘n handeling in proses (onvoltooid, herhalend, voortdurend, of voorwaardelik), dikwels vooruitgang tot ‘n doelwit. Gewoonlik is hierdie vorm aangewend vir teenwoordige en toekomstige handeling.

J. Wash Watts, *A Survey of Syntax in the Hebrew Old Testament*, sê:

“Alle IMPERFEKTUMS verteenwoordig onvoltooid toestande. Hulle word of herhaal, of ontwikkel, of is voorwaardelik. Met ander woorde, of gedeeltelik ontwikkel, of gedeeltelik verseker. Hulle is in alle gevalle op ‘n manier gedeeltelik, d.w.s. onvoltooid,” (bl. 55).

Robert B. Chisholm, Jr., *From Exegesis to Exposition*, sê:

“Dit is moeilik om die essensie van die imperfektum te reduseer tot ‘n enkele konsep, omdat dit vorm sowel as modus insluit. Soms word die imperfektum gebruik op ‘n indikatiewe manier en maak dit ‘n objektiewe stelling. Ander tye sien dit ‘n aksie meer subjektief, as hipoteties, kontingent, moontlik, ensovoorts,” (bl. 89).

- c. Die *waw*-voegsel skakel die WERKWOORD aan die aksie van die vorige WERKWOORD(e).
- d. IMPERATIEF, wat gebaseer is op die wilskrag van die spreker en die potensiële aksie van die aanhoorder.
- e. In antieke Hebreeus kan slegs die breër konteks die tydsoriëntasie wat die outeur in gedagte gehad het, bepaal.

- B. Die sewe hoof-infleksievorme en hulle basiese betekenisse. In werklikheid werk hierdie vorme saam binne ‘n gegewe konteks en moenie in isolasie oorweeg word nie.

1. *Qal (Kal)*, die mees basiese vorm van almal. Dit toon eenvoudige aksie of ‘n stand van sake. Daar word geen oorsaaklikheid of spesifikasie geïmpliseer nie.
2. *Niphal*, die tweede algemeenste vorm. Dit is gewoonlik PASSIEF, maar hierdie vorm funksioneer ook wederkerig en refleksief. Ook hier word geen oorsaaklikheid of spesifikasie bedoel nie.

3. *Piel*, hierdie vorm is aktief en gee uitdrukking aan ‘n aksie wat veroorsaak word met ‘n wesenlike stand as ‘n gevolg. Die basiese betekenis van die *Qal*-woordstam word ontwikkel of verleng tot ‘n stand van sake.
4. *Pual*, dit is die PASSIEWE teendeel van die *Piel*. Dit word dikwels uitgedruk deur ‘n deelwoord.
5. *Hithpael*, die refleksiewe of wederkerige woordstam. Dit gee uitdrukking aan herhalende of deurlopende aksie van die *Piel*-woordstam. Die seldsame PASSIEWE vorm word *Hothpael* genoem.
6. *Hiphil*, die aktiewe vorm van die oorsaaklike woordstam in teenstelling met *Piel*. Dit kan ‘n toestemmende aspek hê, maar verwys gewoonlik na die oorsaak van ‘n gebeurtenis. Ernst Jenni, ‘n Duitse Hebreeus-taalkundige, glo dat die *Piel* ‘n stand van sake in wording voorstel, terwyl *Hiphil* wys hoe dit gebeur het.
7. *Hophal*, die PASSIEWE teendeel van die *Hiphil*. Hierdie laaste twee woordstamme is die raarste van die sewe woordstamme.

Heelwat van hierdie inligting kom uit *An Introduction to Biblical Hebrew Syntax*, deur Bruce K. Waltke en M. O’Connor, bl. 343-452.

Agentskap- en oorsaaklikheidstabel. Een sleutel tot die verstaan van Hebreeuse WERKWOORD-sisteme is om dit as ‘n patroon van STEM-verhoudings te sien. Sommige woordstamme is teenstellend tot ander woordstamme (d.w.s. *Qal* – *Niphal*; *Piel* – *Hiphil*)

Die tabel hieronder poog om die basiese funksie van die WERKWOORD-stamme met betrekking tot oorsaaklikheid, visueel voor te stel.

| STEM of Onderwerp | Geen Sekondêre Agent | ‘n Aktiewe Sekondêre Agent | ‘n Passiewe Sekondêre Agent |
|---------------------------|-----------------------------|-----------------------------------|------------------------------------|
| AKTIEF | <i>Qal</i> | <i>Hiphil</i> | <i>Piel</i> |
| MIDDELPASSIEF | <i>Niphal</i> | <i>Hophal</i> | <i>Pual</i> |
| REFLEKSIEF/ WEDERKERIG | <i>Niphal</i> | <i>Hiphil</i> | <i>Hithpael</i> |

Hierdie tabel is uit die uitstekende bespreking van die SPRAAK-sisteem in die lig van nuwe Akkadiese navorsing geneem (vgl. Bruce K. Waltke, M. O’Connor, *An Introduction to Biblical Hebrew Syntax*, bl. 354-359).

R. H. Kennett, *A Short Account of the Hebrew Tenses*, verskaf ‘n belangrike waarskuwing.

“Ek het oor die algemeen in onderrig gevind dat ‘n student se hoofprobleem met Hebreeuse werkwoorde is om te begryp wat die betekenis vir die Hebreërs self is; dit wil sê, daar is ‘n tendens om aan elkeen van die Hebreeuse Tydvorme ‘n gegewe aantal Latynse of Engelse vorme te koppel waarvolgens daardie spesifieke Tydvorm gewoonlik vertaal mag word. Die gevolg is ‘n onvermoë om baie van die fynere skakerings van betekenis, wat soveel lewe en dinamiek aan die taal van die Ou Testament verleen, te snap.

“Die probleem met die gebruik van die Hebreeuse werkwoorde is uitsluitlik gesetel in die perspektief wat die Hebreërs se siening van aksie ingelig het wat totaal verskil van ons eie; die *tyd*, wat vir ons die eerste oorweging is, soos die woord ‘tyd’ opsigself toon, was vir hulle van sekondêre belang. Daarom is dit van kardinale belang dat ‘n student nie soveel die Latynse of Engelse vorme wat vir die vertaling van ‘n gegewe Hebreeuse tydvorm gebruik word verstaan nie, maar eerder die aspek van elke aksie soos die Hebreër dit sou verstaan het.

“Die naam ‘tydvorm’ soos dit op Hebreeuse werkwoorde van toepassing is, is misleidend. Die sogenaamde Hebreeuse ‘tydvorme’ druk nie soveel die *tyd* uit as bloot die *stand* van ‘n aksie nie. Was dit inderdaad nie vir die verwarring wat sou volg indien die term ‘stand’ op beide selfstandige naamwoorde en werkwoorde van toepassing gemaak word nie,

sou ‘stand’ ‘n baie beter benaming gewees het as ‘tydvorm’. Dit moet altyd in gedagte gehou word dat dit onmoontlik is om ‘n Hebreeuse werkwoord in Engels oor te vertaal sonder om ‘n beperking (nl. van tyd) te gebruik wat glad nie in die Hebreeus voorkom nie. Die antieke Hebreeus het nooit aan ‘n aksie gedink as verlede, teenwoordig of toekomend nie, maar eenvoudig as *perfektum*, d.w.s. voltooid, of *imperfektum*, d.w.s. besig om te ontwikkel. Wanneer ons sê dat ‘n sekere Hebreeuse Tydvorm ooreenstem met ‘n Perfektum, Pluperfektum of Toekomende tydvorm in Engels, bedoel ons nie dat die Hebreërs daaraan gedink het as Perfek, Pluferfek of Toekomend nie, maar bloot dat dit so vertaal moet word in Engels. Die Hebreërs het nie probeer om die *tydsaspek* van ‘n aksie uit te druk op enige verbale manier nie,” (voorwoord en bl. 1).

Vir ‘n tweede goeie waarskuwing, herinner Sue Groom in *Linguistic Analysis of Biblical Hebrew*:

“Daar is geen manier om te weet of moderne vakkundiges se rekonstruksie van semantiese velde en sinsverhoudinge in ‘n antieke, dooie taal bloot hulle eie intuïsie of moedertaal weerspieël en of daardie velde bestaan het in Klassieke Hebreeus nie,” (bl. 128).

C. Modaliteit (wat slegs analogieë is op grond van moderne Westerse tale)

1. Dit het gebeur, dit gebeur (INDIKATIEF), gebruik gewoonlik PERFECTUM tydvorm of DEELWOORDE (alle DEELWOORDE is INDIKATIEF).
2. Dit sal gebeur, kon gebeur (SUBJUNKTIEF)
 - a. gebruik ‘n duidelike IMPERFEKTUM tydvorm
 - (1) WENSEND (h-voegsel), eerste persoon IMPERFEKTUM wat normaalweg ‘n wens, ‘n vraag of selfbemoediging uitdruk (d.w.s. aksies wat die spreker wil neem)
 - (2) BEVELEND (interne veranderinge), derdepersoon IMPERFEKTUM (kan tweedepersoon wees in ontkennde sinne) wat normaalweg ‘n versoek, toestemming, erkenning of raad uitdruk.
 - b. gebruik ‘n PERFECTUM saam met *lu* of *lule*
Hierdie konstruksies is soortegelyk aan TWEEDE KLAS VOORWAARDELIKE sinne in Koine Grieks. ‘n Vals stelling (protasis) veroorsaak ‘n vals gevolgtrekking (apodosis).
 - c. gebruik ‘n IMPERFEKTUM en *lu*
Konteks en *lu* tesame met ‘n toekomsoriëntasie, kenmerk hierdie SUBJUNKTIEWE gebruik. Sommige voorbeelde uit J. Wash Watts, *A Survey of Syntax in the Hebrew Old Testament* is Gen. 13:16; Deut. 1:12; 1 Kon. 13:8; Ps. 24:3; Jes. 1:18 (vgl. bl. 76-77).

D. *Waw* – Teenstellend/opeenvolgend/relatief. Hierdie unieke Hebreeuse (Kananese) sintaktiese kenmerk het groot verwarring veroorsaak deur die jare. Dit word op verskeie maniere aangewend, dikwels genre-spesifiek. Die rede vir die verwarring is dat vroeë kundiges Europeërs was en probeer het om in die lig van hulle moedertale te interpreteer. Toe dit probleme veroorsaak het hulle die problematiek op Hebreeus geblameer omdat dit ‘n ‘verondersteld’ antieke, argaïese taal was. Europese tale gebruik TYD-gebaseerde WERKWOORDE. Van die verskeidenheid en grammatikale implikasies word aangetoon deur die letter, *WAW*, by die PERFECTUM of IMPERFEKTUM WERKWOORDstamme te voeg. Dit het die manier wat die handeling gesien is verander.

1. In historiese narratief is die WERKWOORDE saamgesnoer in ‘n ketting met ‘n standaardpatroon.
2. Die *waw*-voorsetsel toon ‘n spesifieke verhouding met die vorige WERKWOORD(e).
3. Die breër konteks is altyd die sleutel tot begrip van die WERKWOORDketting. Semitiese WERKWOORDE kan nie in isolasie ontleed word nie.

J. Wash Watts, *A Survey of Syntax in the Hebrew Old Testament*, dui op die kenmerkende Hebreeuse gebruik van die *waw* voor PERFECTUMS en IMPERFEKTUMS (bl. 52-53). Aangesien die grondbeginsel van die PERFECTUM verby is, projekteer die byvoeging van *waw* die idee dikwels tot in ‘n toekomstige tydsaspek. Dit is ook die geval by

die IMPERFEKTUM waarvan die grondbeginsel teenwoordig of toekomstig is; die byvoeging van *waw* verander die basiese betekenis van die tydvorm opsigself. Die *waw*-PERFEKTUM werk goed by profesie, terwyl die *waw*-PERFEKTUM goed werk in narratiewe (bl. 54, 68).

Watts se definisie vervolg

“As ‘n fundamentele onderskeid tussen *waw*-konjunktief en *waw*-opeenvolgend, word die volgende verklarings voorgestel:

1. *Waw*-byvoegend verskyn altyd om ‘n parallel aan te toon.
2. *Waw*-opeenvolgend verskyn altyd om ‘n reeks aan te toon. Dit is die enigste vorm van *waw* wat saam met opeenvolgende imperfektums gebruik word. Die verhouding tussen die imperfektums wat daardeur verbind word mag tydreëse, logiese gevolge, logiese oorsaaklikheid, of logiese teenstellings wees. In alle gevalle is daar ‘n reeks,” (bl. 103).

E. INFINITIEF – daar is twee soorte INFINITIEWE

1. INFINITIEWE ABSOLUUT, wat “sterk, onafhanklike, treffende uitdrukking is wat gebruik word vir dramatiese effek. . . as ‘n onderwerp het dit dikwels nie ‘n geskrewe werkwoord nie, die werkwoord ‘gaan wees’ wel verstaanbaar, natuurlik, maar die woord staan dramaties alleen,” (J. Wash Watts, *A Survey of Syntax in the Hebrew Old Testament*, bl. 92).
2. INFINITIEWE KONSTRUK, wat “grammaties verwant is aan die sin deur voorsetsels, besitlike voornaamwoorde en die konstruksverhouding,” (bl. 91).

J. Weingreen, *A Practical Grammar for Classical Hebrew*, beskryf die stand van die konstruks:

“Wanneer twee (of meer) woorde so naverwant is dat hulle ‘n enkele, saamgestelde idee vorm is die afhanklike woord (of woorde) deel van die stand van die konstruks,” (bl. 44).

F. VRAAGSTELLERS

1. Hulle verskyn altyd aan die begin van die sin.
2. Belang vir verklarings
 - a. *ha* – verwag nie ‘n reaksie nie
 - b. *halo* – die skrywer verwag ‘n ‘ja’-antwoord

ONTKENNERS

1. Hulle verskyn altyd voor die woorde wat hulle ontken.
2. Die algemeenste ontkenner is *lo*’.
3. Die term ‘*al*’ het ‘n voorwaardelike konnotasie en word gebruik saam met WENSENDE en BEVELENDE modaliteite
4. Die term *lebhilti*, wat ‘sodat. . . nie,’ beteken, word gebruik saam met die INFINITIEF.
5. Die term ‘*en*’ word gebruik saam met DEELWOORDE.

G. VOORWAARDELIKE SINNE (PROTASIS)

1. Daar is vier soorte voorwaardelike sinne wat basies parallel staan met Koine Grieks.
 - a. ‘n aanname dat iets besig is om te gebeur of ‘n aanvaarding dat dit reeds afgehandel is (EERSTE KLAS in Grieks)
 - b. iets feitelik teenstellend en dus onmoontlik om te bewaarheid (TWEEDE KLAS)
 - c. iets wat moontlik of selfs waarskynlik is (DERDE KLAS)
 - d. iets wat minder waarskynlik is sodat dit onseker is of dit tot vervulling sal kom (VIERDE KLAS)
2. GRAMMATIKALE MERKERS
 - a. die veronderstelde werklikheid of ware stand van sake gebruik altyd ‘n INDIKATIEWE PERFEKTUM of DEELWOORD en die protasis word ingelei deur

- (1) *'im*
 - (2) *ki* (of *'asher*)
 - (3) *kin* of *kinneh*
- b. die teendeel tot die feitelike stand gebruik altyd 'n PERFEKTUM WERKWOORD of 'n DEELWOORD met die inleidende VOEGWOORD *lu* of *lule*
 - c. die meer waarskynlike stand van sake gebruik altyd 'n IMPERFEKTUM WERKWOORD of DEELWOORDE in die protasis, gewoonlik met *'im* of *ki* as inleidende VOEGWOORDE
 - d. die minder waarskynlike situasie gebruik IMPERFEKTUM SUBJUNKTIEWE in die protasis en altyd met *'im* as 'n inleidende VOEGWOORD

AFKORTINGS GEBRUIK IN DIE KOMMENTAAR

| | |
|---------|---|
| AB | <i>Anchor Bible Commentaries</i> , red. William Foxwell Albright en David Noel Freedman |
| ABD | <i>Anchor Bible Dictionary</i> (6 vols.), red. David Noel Freedman |
| AKOT | <i>Analytical Key to the Old Testament</i> deur John Joseph Owens |
| ANET | <i>Ancient Near Eastern Texts</i> , James B. Pritchard |
| ANO | Antieke Nabye-Ooste |
| BDB | <i>A Hebrew and English Lexicon of the Old Testament</i> deur F. Brown, S. R. Driver en C.A. Briggs |
| IDB | <i>The Interpreter's Dictionary of the Bible</i> (4 vols.), red. George A. Buttrick |
| ISBE | <i>International Standard Bible Encyclopedia</i> (5 vols.), red. James Orr |
| JB | Jerusalem Bible |
| JPSOA | <i>The Holy Scriptures According to the Masoretic Text: A New Translation</i> (The Jewish Publication Society of America) |
| KB | <i>The Hebrew and Aramaic Lexicon of the Old Testament</i> by Ludwig Koehler and Walter Baumgartner |
| LAM | <i>The Holy Bible From Ancient Eastern Manuscripts</i> (the Peshitta) by George M. Lamsa |
| LXX | Septuagint (Grieks-Engels) deur Zondervan, 1970 |
| MOF | <i>A New Translation of the Bible</i> deur James Moffatt |
| MT | Masoretiese Hebreuse Teks |
| NAB | New American Bible Text |
| NASB | New American Standard Bible |
| NAV | Die Bybel: Nuwe Afrikaanse Vertaling deur Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika, 1983 |
| NEB | New English Bible |
| NET | NET Bible: New English Translation, Second Beta Edition |
| NRSV | New Revised Standard Bible |
| NIDOTTE | <i>New International Dictionary of Old Testament Theology and Exegesis</i> (5 vols.), red. Willem A. van Gemeren |
| NIV | New International Version |

| | |
|------|--|
| NJB | New Jerusalem Bible |
| NT | Nuwe Testament |
| OAV | Die Bybel: Ou Afrikaanse Vertaling (Hersiene Uitgawe) deur Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika, 1954 |
| OT | Ou Testament |
| OTPG | <i>Old Testament Passing Guide</i> deur Todd S. Beall, William A. Banks en Colin Smith |
| REB | Revised English Bible |
| RSV | Revised Standard Version |
| SEPT | The Septuagint (Grieks-Engels) deur Zondervan, 1970 |
| TEV | Today's English Version van United Bible Societies |
| YLT | <i>Young's Literal Translation of the Holy Bible</i> deur Robert Young |
| ZPBE | <i>Zondervan Pictorial Bible Encyclopedia</i> (5 vols.), red. Merrill C. Tenney |

VOORWOORD DEUR DIE SKRYWER: HOE KAN HIERDIE KOMMENTAAR VAN NUT WEES?

Skrifuitleg is 'n rasonale en geestelike proses. Dit poog om die inspirasie van 'n antieke skrywer te verstaan sodat die boodskap van God kan deurskemer, en sodoende daaglik toegepas kan word.

Die geestelike proses is van kardinale belang, maar moeilik om te definieer. Dit vereis die tipe oopheid van gemoed wat totale oorgawe aan God sal toelaat. Daar moet 'n begeerte wees, eerstens vir Hom; tweedens om Hom te ken; en derdens om Hom te dien. Hierdie proses behels gebed, belydenis en die bereidwilligheid om veranderinge in jou lewenstyl aan te bring. Die Gees is van kardinale belang in die interpretasie-proses. Hoekom opregte, toegewyde Christene dus die Bybel verskillend verstaan, bly 'n enigma.

Die rasonale proses is makliker om te beskryf. Ons moet konsekwent en regverdig wees in ons interpretasie van die teks, en waak daarteen om deur persoonlike vooroordele, of dié van 'n denominasie, beïnvloed te word. Ons is almal histories gekondisioneer. Niemand kan heeltemal neutraal en objektief wees tydens vertolking nie. Hierdie kommentaar bied 'n weldeurdragte, rasonale proses om sulke vooroordele te oorkom, en is gestruktureer rondom drie verklarende beginsels.

Eerste Beginsel

Die eerste beginsel is om die historiese konteks waarbinne 'n Bybelboek geskryf is, in ag te neem. Dit sluit in die historiese geleentheid wat ontstaan het vir die skrywer om aan te gryp. Die oorspronklike skrywer het 'n doel gehad met die teks – 'n boodskap om oor te dra. Dus kan geen betekenis aan 'n teks toegeskryf word tensy dit deel was van die oorspronklike, antieke, geïnspireerde skrywer se bedoeling nie. Sý bedoeling, eerder as historiese, emosionele, kulturele, persoonlike of kerklike aspirasies, is sleutel tot 'n verklaring van die teks. Toepassing is 'n belangrike komponent van vertolking, maar toepassing moet noodwendig voorafgegaan word deur 'n grondige interpretasie. Hier is dit nodig om te herbevestig dat elke Bybelse teks een, en slegs maar één betekenis het. Hierdie betekenis is afhanklik van die bedoeling wat die oorspronklike skrywer onder leiding van die Gees aan sy tydgenote wou kommunikeer. Die enkele betekenis mag wel verskeie toepassings hê in verskillende kulture en situasies, maar hierdie toepassings moet skakel met die sentrale waarheid van die outeur se oorspronklike bedoeling. Daarom is hierdie studiegids-kommentaar ontwerp om 'n inleiding tot elke boek van die Bybel te voorsien.

Tweede Beginsel

Die tweede beginsel is om die literêre eenhede te identifiseer. Elke Bybelboek is 'n eenheidsdokument. Ontleders het nie die reg om een aspek van die waarheid te isoleer ten koste van 'n ander nie. Daarom moet ons daarna strew om die doel van die Bybelboek in sy geheel te begryp, voordat ons die individuele literêre eenhede begin interpreteer. Die individuele dele – hoofstukke, paragrawe, of verse – kan nie bedoel wat die hele eenheid nie bedoel nie. Interpretasie moet vanuit 'n deduktiewe benadering van die geheel na 'n induktiewe benadering tot die dele vorder. Hierdie studiegids-kommentaar is as sodanig ontwerp om die student te help om die struktuur van elke letterkundige eenheid, aan die hand van paragrawe te analiseer. Paragrafering en hoofstuk-verdeling is nie geïnspireerd nie, maar dien as die sleutel tot bepaling van die oorspronklike skrywer se gedagtegang en bedoeling.

Die sleutel tot die Bybelse outeur se vermeende bedoeling met die teks, is paragraaf-vlak interpretasie – nie sins-, frase- of woord-vlak nie. Paragrafe is gebaseer op 'n deurlopende onderwerp, dikwels die tema- of onderwerp-sin genoem. Elke woord, frase en sin in die paragrafe hou op 'n manier met mekaar verband om by te dra tot ondersteuning van hierdie sentrale tema. Hulle beperk dit, verbreed dit, verduidelik dit, en/of bevraagteken dit. 'n Ware sleutel tot deeglike verklaring is om die oorspronklike outeur se gedagtegang op 'n paragraaf-vir-paragraaf basis deur die individuele

literêre eenhede wat die Bybelboek opmaak, te volg. Hierdie studiegids-kommentaar is ontwerp om die student te help met hierdie proses. Ten einde die teks te ontsluit, word verskeie moderne Engelse vertalings met mekaar vergelyk. Hierdie vertalings is gekies op grond van die verskillende vertalingsteorieë wat hulle huldig.

1. *The United Bible Society's Greek Text* is die vierde gewysigde weergawe (UBS⁴). Paragraafindeling is hier deur moderne tekskundiges behartig.
2. *The New King James Version* (NKJV) is 'n woord-vir-woord letterlike vertaling gebaseer op die Griekse manuskrip-tradisie bekend as die *Textus Receptus*. Sy paragraafindelings is langer as die ander vertalings. Hierdie langer eenhede help die student om die breë bedoeling van die onderwerpe as 'n geheel te verstaan.
3. *The New Revised Standard Version* (NRSV) is 'n gewysigde woord-vir-woord vertaling. Dit vorm 'n middeweg tussen die volgende twee moderne vertalings. Sy paragraafindelings is redelik hulpvaardig in die identifisering van onderwerpe.
4. *The Today's English Version* (TEV) is 'n dinamiese eweknie-vertaling wat deur die *United Bible Society* gepubliseer is. Dit poog om die Bybel op 'n manier te vertaal dat 'n moderne Engelse leser of spreker die betekenis van die Griekse teks sal begryp. Dikwels (en spesifiek ook in die evangelies) word paragraafindelings volgens spreker gedoen eerder as onderwerp. Hierdie metode word ook deur die NIV gebruik. Vir die ontleder se doeleindes is dit nie juis hulpvaardig nie. Dit is interessant om te let daarop dat die UBS⁴ sowel as die TEV deur dieselfde entiteit gepubliseer word, en tog verskil die paragrafering.
5. *The Jerusalem Bible* (JB) is nog 'n dinamiese eweknie-vertaling gebaseer op 'n Franse Katolieke vertaling. Dit is baie nuttig omrede die vergelyking van paragrawe vanuit 'n Europese perspektief.
6. Die gedrukte teks is die 1995 *Updated New American Standard Bible* (NASB), wat 'n woord-vir-woord vertaling is. Die vers-vir-vers kommentaar volg hierdie paragrafering.

Derde Beginsel

Die derde beginsel is om die Bybel in verskillende vertalings te lees om die breedste moontlike greep te kry op die spektrum van betekenis (semantiese veld) wat Bybelse woorde en frases kan hê. Dikwels kan 'n Griekse woord of frase op verskeie maniere verstaan word. Verskillende vertalings verhelder dus die verskeidenheid moontlikhede, en help om die Griekse manuskrip se variasies te identifiseer en te verduidelik. Hierdie alternatiewe beïnvloed nie leerstellige waarheid nie, maar help ons eerder in ons poging om die oorspronklike skrywer van die teks se bedoeling te herontdek.

Vierde Beginsel

Die vierde beginsel is om die literêre genre in ag te neem. Die oorspronklike geïnspireerde skrywers het verkies om hulle boodskappe in verskillende vorme op te teken (bv. historiese narratief, historiese drama, poësie, profesie, evangelie (gelykenis), brief, apokalipties). Hierdie verskillende vorme het spesiale sleutels tot interpretasie (sien Gordon Fee en Doug Stuart, *How to Read the Bible for All Its Worth* of Robert Stein, *Playing by the Rules*).

Hierdie kommentaar bied 'n vinnige manier vir die student om sy interpretasies na te gaan. Dit is nie veronderstel om bepalend of voorskriftelik te wees nie, maar eerder informatief en gedagteprikkelend. Dikwels help ander moontlike interpretasies ons om nie so bevooroordeeld, dogmaties of denominasie-vas te wees nie. Ontleders het 'n wye spektrum van interpretasie-moontlikhede nodig om die dubbelsinnigheid in die antieke teks raak te sien. Dit is skokkend hoe min akkoord daar tussen Christene bestaan wat almal die Bybel as hulle brondokument erken.

Hierdie beginsels het my gehelp om baie van my historiese kondisionering te oorkom deur my te dwing om met die antieke teks te worstel. Ek hoop dat dit vir jou ook tot seën sal wees.

Bob Utley
Junie 27, 1996

‘N NOTA VAN DIE VERTALER

Die Bybel: Ou Afrikaanse Vertaling (OAV)¹ se oorspronklike titel is *Die Bybel in Afrikaans*, en is vir die eerste keer uitgegee in 1933 deur die Bybelgenootskap van Suid-Afrika. ‘n Hersiene weergawe het in 1954 gevolg, maar dit was eers met die druk van *Die Bybel: Nuwe Vertaling* (NAV)² in 1983 dat die konsep van die ou- en nuwe-vertalings in die volksmond posgevat het. Sedertdien het hierdie benamings so gebruiklik geword, dat dit net gepas is om dienooreenkomstig na die twee te verwys in hierdie kommentaar.

Die teksgedeeltes word uit die OAV aangehaal om twee redes. Eerstens paragrafeer die OAV nie, maar skei die teks eerder op ‘n vers-vir-vers basis. Die teks staan dus neutraal teenoor die paragrafering soos die Engelse weergawes dit hanteer. Verder is die OAV, soos die NASB wat in die Engelse bronteks van hierdie kommentaar gebruik word, ‘n woord-vir-woord letterlike vertaling. Die woordkeuse en sinskonstruksie van hierdie twee weergawes stem dus grotendeels ooreen, wat die toepaslikheid van die kommentaar op die Afrikaanse teksgedeelte ondersteun en sodoende verwarring voorkom.

Die onderskeie onderwerpe word egter deur die NAV onderstreep deur die gebruik van paragrafering wat dan ook dikwels verskil van die Engelse weergawes. Voor elke hoofstuk word die Engelse weergawes se paragraafverdeling dus saam met die paragraafverdeling van die NAV gelys ter verryking van leessiklus twee. Die NAV is ‘n gewysigde woord-vir-woord-vertaling. Die gevolg is dat die stelwyse van hierdie vertaling dikwels minder volksvreemd voorkom. Dit is ook die vertaling waarmee die meerderheid Afrikaanssprekendes bekend is. Om hierdie rede word die alternatiewe stelwyse van die NAV ook aangehaal waar die twee vertalings daadwerklik van mekaar verskil.

Mag hierdie Bybelkommentaar vir u verrykend en tot seën wees.

Me. Mieke Fourie
Winter, 2011

¹ © Aanhalings uit die Bybel in Afrikaans 1954 – met verloop van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

² © Aanhalings uit die Bybel in Afrikaans 1983 – met verloop van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

GIDS TOT KONSTUKTIEWE BYBELLEES: 'N PERSOONLIKE SOEKE NA BEVESTIGBARE WAARHEID

Kan ons die waarheid ken? Waar kry ons dit? Kan ons dit deur logika bevestig? Is daar 'n absolute gesag? Is daar absolute waarhede wat ons lewens kan organiseer; ons wêreld? Het die lewe betekenis? Hoekom is ons hier? Waarheen is ons op pad? Hierdie vrae – vrae waaroor alle rasonale mense wonder – rus reeds sedert die begin van tyd swaar op die mens se intellek (Pred. 1:13-18; 3:9-11). Ek onthou nog my persoonlike soeke na 'n sentrale ordeningsbeginsel vir my eie lewe. Reeds op 'n jong ouderdom het ek 'n Christen-gelowige geword, grotendeels omdat mense wat belangrike rolle gespeel het in my familielewe, getuies was van die waarheid. Naderende volwassenheid het ook 'n toename in die erns van die vrae oor my wêreld veroorsaak. Eenvoudige kulturele en religieuse clichés het nie betekenis verleen aan die ervarings waarvan ek gelees het, of wat ek ervaar het nie. Dit was 'n baie verwarrende tydperk in my lewe. Ek het bly soek en smag, en dikwels het ek ook hulpeloos gevoel in die aangesig van hierdie onsensitiewe, harde wêreld waarin ek lewe.

Baie mense het aangevoer dat hulle die antwoorde op hierdie kernvraagstukke het, maar navorsing en refleksie het getoon dat hulle antwoorde gebaseer was op die volgende: (1) persoonlike filosofieë, (2) antieke mites, (3) persoonlike ervarings, of (4) sielkundige projeksie. Ek het die een of ander bevestiging nodig gehad, harde bewyse, 'n rasionaal waarop ek 'n wêreld siening kon baseer; my integreerende middelpunt; my rede om te leef.

Ek het my bevestiging gekry deur Bybelstudie. Eers het ek begin soek vir bewyse dat dit geloofwaardig is, wat ek gevind het in (1) die historiese betroubaarheid van die Bybel soos bewys deur die argeologie, (2) die akkuraatheid van die profesieë van die Ou Testament, (3) die eenheid van die Bybel-boodskap oor die sestienhonderd jaar van sy totstandkoming, en (4) die persoonlike getuienis van mense wie se lewens permanent verander is deur hulle ervaring van die Bybel. Christenskap, as 'n eenheidsstelsel van geloofsleer en praktiese glo, het die vermoë om die komplekse vrae van die menslike bestaan te hanteer. Dit het nie net 'n rasonale raamwerk daargestel nie, maar die ondervindelike aspek van Bybelse geloof het my groot emosionele blydschap en stabiliteit verskaf.

Ek het gedog dat ek my sentrale ordeningsbeginsel gevind het – Christus, soos verstaan deur die Skrif. Dit was 'n emosionele ervaring. Ek kan egter steeds die skok en die pyn onthou toe ek begin agterkom hoeveel verskillende interpretasies daar van hierdie boek beskikbaar was – dikwels selfs nog binne dieselfde kerk of denkskool! Bevestiging van die Bybel se inspirasie en betroubaarheid was nie die einde nie, maar bloot die begin. Hoe kon ek die verskeidenheid uiteenlopende interpretasies van die vele moeilike passasies in die Skrif, bevestig of verwerp? Die een kommentator was klaarblyklik so gesaghebbend en betroubaar soos die volgende!

Hierdie kwelling was bestem om my lewens- en geloofsdoelwit te word. Ek het geweet dat my geloof in Christus my groot vrede en blydschap verskaf het. Ek (1) het gesmag na absolute waarhede te midde al die relatiewiteit van my kultuur (in die post-modernistiese tydperk boonop!); (2) wou sekerheid kry oor die dogmatisme van uiteenlopende geloofstelsels (wêreldgelowe); en (3) het die arrogansie van denominasies steurend gevind. In my soeke na geldige benaderings tot die interpretasie van antieke tekste, was ek verras om my eie historiese-, kulturele-, denominasionele- en ervarings-vooroordele te ontdek. Dikwels het ek die Bybel gelees bloot om my eie sienings te herbevestig. Ek het dit as 'n bron van dogma gebruik om te gebruik as wapen teen ander om sodoende my eie onsekerheid en wanopvattinge te herbevestig. Dit was pynlik om tot hierdie besef te kom!

Hoewel ek nooit heeltemal objektief kan wees nie, kan ek 'n beter leser van die Bybel word. Ek kan my vooroordele bekamp deur hulle te identifiseer en hulle aanwesigheid te erken. Die verklaarder is dikwels die grootste vyand van 'n daadwerklike verstaan van die Bybel!

Laat my toe om 'n aantal van die voorveronderstellings te noem wat ek huldig in my persoonlike studie van die Bybel sodat jy, die leser, hulle saam met my kan ontleed:

I. Voorveronderstellings

- (1) Ek glo die Bybel is die enigste geïnspireerde, self-openbaring van die een ware God. Daarom is dit nodig om tydens interpretasie in ag te neem dat dit die Heilige Gees is wat deur 'n menslike skrywer, wat leef gedurende 'n spesifieke historiese tydperk, 'n boodskap probeer kommunikeer.
- (2) Ek glo dat die Bybel geskryf is deur die gewone mens – vir alle mense! God poog om so duidelik as moontlik met ons te praat, gegewe 'n historiese en kulturele konteks. God steek nie waarheid weg nie – Hy wil hê ons moet verstaan! Daarom moet dit verklaar word binne die konteks van die tyd waarin die tekste ontstaan het, nie ons s'n nie. Die Bybel behoort nie vir ons te beteken wat dit nie beteken het vir diegene wat dit eerste gehoor of gelees het nie. Dit is verstaanbaar deur die gemiddelde menslike intellek en gebruik normale menslike kommunikasievorme en tegnieke.
- (3) Ek glo die Bybel het 'n verenigde boodskap en doel. Die boodskap word nie weerspreek nie, hoewel daar soms moeilike en paradoksale passasies voorkom. Dus is die beste verklaarder van die Bybel die Bybel self.
- (4) Ek glo dat elke passasie (behalwe die profesieë) slegs een betekenis het, gebaseer op die oorspronklike skrywer se bedoeling. 'n Aantal aanwysers dui hierop:
 - (a) die verkose genre (literêre styl) om die boodskap oor te dra
 - (b) die historiese milieu en/of spesifieke geleentheid wat die skryfproses gestimuleer het
 - (c) die literêre konteks van die boek in geheel, sowel as van elke literêre eenheid afsonderlik
 - (d) die tekstuele ontwerp (uitleg) van die literêre eenheid soos dit skakel met die boodskap in geheel
 - (e) die spesifieke grammatiese tegnieke gebruik om die boodskap oor te dra
 - (f) woordkeuse
 - (g) parallelismes

Die studie van elkeen van hierdie aspekte word die doel van ons studie van 'n passasie. Voordat ek my metodologie vir doeltreffende Bybellees verduidelik, wil ek eers 'n aantal onvanpaste metodes bespreek. Die volgende metodes is almal vandag in gebruik en veroorsaak soveel diversiteit van interpretasie dat hulle liefs vermy moet word.


II. Onvanpaste Metodes

- (1) Ignoreer die literêre konteks van die boeke van die Bybel en gebruik elke sin, frase of selfs individuele woord as stelling van waarheid, ongeag die verwantskap met die outeur se bedoeling of die breër konteks. Dit word dikwels “letterlike uitleg” (“proof-texting”) genoem.
- (2) Ignoreer die historiese konteks waarbinne die boeke geskryf is deur 'n veronderstelde historiese milieu te fabriseer met min of geen ondersteuning van die teks self nie.
- (3) Ignoreer die historiese konteks van die boeke en lees dit op dieselfde manier as die oggendkoerant, asof dit hoofsaaklik geskryf is vir moderne individuele Christene.
- (4) Ignoreer die historiese konteks van die boeke deur die teks te allegoriseer tot 'n filosofiese of teologiese boodskap totaal onverwant aan die boodskap wat die eerste luisteraars daaruit sou neem, of aan die oorspronklike skrywer se bedoeling.

- (5) Ignoreer die oorspronklike boodskap deur eerder jou eie sisteem van teologie, liefliingsonderwerp of hedendaagse kwessies daarmee te vermeng om sodoende die teks uit verband te ruk in terme van die oorspronklike outeur se bedoeling en boodskap. Hierdie fenomeen volg dikwels ‘n eerste lees van die Bybel as ‘n metode om die spreker se gesag daar te stel en word dikwels na verwys as “lesersrespons”/“wat-die-teks-vir-my-beteken”-interpretasie. Ten minste drie verwante komponente kom voor in alle geskrewe menslike kommunikasie:



In die verlede het verskillende leestegnieke op een van die drie komponente gefokus. Om egter waarlik die unieke inspirasie van die Bybel te bevestig, is ‘n gewysigde diagram meer gepas:



Eintlik moet al drie komponente in ag geneem word tydens die interpretasie-proses. Met bevestiging ten doel, fokus my interpretasie op die eerste twee komponente: die oorspronklike outeur en die teks. Ek is heel moontlik besig om te reageer op die misbruike wat ek al gesien het deur (1) allegoriserings of spiritualisering van die teks en (2) “leser-respons”-interpretasie (wat-dit-vir-my-beteken). Misbruik mag intree op enige stadium van die proses. Ons moet altyd waak daarteen dat ons motiewe, vooroordele, tegnieke en toepassing nie die oorwegende faktore word tydens ontleding nie. Maar hoe bekamp ‘n mens hierdie faktore as daar geen grense is waarbinne interpretasie kan plaasvind nie; geen kriteria of beperkings nie? Dit is waar outeursbedoeling en die struktuur van die teks vir my in ‘n mate helderheid verskaf oor hoe die sogenaamde moontlike interpretasies uitgeskakel kan word.

In ag genome hierdie onvanpaste leestegnieke, keer ons nou na benaderings wat meer gepas is vir doeltreffende Bybellees en interpretasie, en wat ‘n mate van bevestiging en konsekwentheid bied.

III. Moontlike Benaderings tot Goeie Bybellees

Op hierdie stadium is die unieke tegnieke van spesifieke genre-interpretasies nie van belang nie, maar eerder die algemene hermeneutiese beginsels wat geld vir alle tipes Bybelse tekste. ‘n Goeie boek vir genre-spesifieke benaderings is *How To Read The Bible For All Its Worth* deur Gordon Fee en Douglas Stuart, uitgegee deur Zondervan.

My metodologie fokus aanvanklik daarop dat die leser die Heilige Gees toelaat om die Bybel toe te lig deur vier persoonlike leessiklusse. Dit maak die Gees, die teks en die leser prominent, nie sekondêr tot die proses nie. Dit beskerm ook die leser daarvan om te veel deur kommentarskrywers beïnvloed te word. Ek het al gehoor mense sê: “Die Bybel werp baie lig op kommentare.” Dit is nie veronderstel om afbrekend van studiegids-kommentare te wees nie, maar is eerder ‘n versoek op die leser om die gepaste tyd te kies vir hulle gebruik.

Dit moet vir ons moontlik wees om ons interpretasies te staaf uit die teks self. Drie aspekte voorsien ten minste in 'n mate bevestiging:

- (1) geskiedkundige milieu
- (2) literêre konteks
- (3) grammatiese strukture (sintaks)
- (4) kontemporêre woordgebruik
- (5) relevante parallelle passasies
- (6) genre

Dit moet vir ons moontlik wees om logiese redes te verskaf vir ons interpretasies. Die Bybel is ons enigste bron van geloof en praktyk. Ongelukkig stem Christene dikwels nie saam oor die boodskappe van die Bybel nie.

Die vier leessiklusse is ontwerp om die volgende verklarende insigte te bied:

- (1) Die eerste leessiklus
 - (a) Lees die boek in een sessie deur. Lees dit weer, maar gebruik 'n alternatiewe vertaling – indien moontlik vanuit 'n verskillende vertaling-denkskool.
 - (i) woord-vir-woord (NKJV, NASB, NRSV, OAV, NAV)
 - (ii) dinamiese ekwivalent (TEV, JB, CUM-NLV)
 - (iii) parafrasering (Living Bible, Amplified Bible, CUM-MVB)
 - (b) Identifiseer die sentrale doel van die geskrif in geheel. Wat is die tema?
 - (c) Isoleer (indien moontlik) 'n literêre eenheid – 'n hoofstuk, 'n paragraaf of 'n sin – wat duidelik die sentrale doel of tema daarstel.
 - (d) Identifiseer die dominante literêre genre
 - (i) Ou Testament
 - 1) Hebreuse narratief
 - 2) Hebreuse poësie (wysheidsliteratuur, Psalms)
 - 3) Hebreuse profesie (prosa, poësie)
 - 4) Wetskodes
 - (ii) Nuwe Testament
 - 1) Narratiewe (evangelies, Handeling)
 - 2) Gelykenisse (evangelies)
 - 3) Briewe
 - 4) Apokaliptiese literatuur
- (2) Die tweede leessiklus
 - (a) Lees die hele boek weer en identifiseer die hoofonderwerpe.
 - (b) Stel 'n raamwerk van die hoofonderwerpe op en som elkeen se inhoud kortliks op in 'n eenvoudige stelling.
 - (c) Vergelyk jou doelstelling en breë raamwerk met studiegidse.
- (3) Die derde leessiklus
 - (a) Lees die hele boek weer en identifiseer die historiese milieu en spesifieke geleentheid wat die skrywer genoop het om die boek te skryf.
 - (b) Lys die historiese items wat in die boek genoem word
 - (i) die outeur
 - (ii) die datum
 - (iii) die ontvangers
 - (iv) die spesifieke stimulasie vir die skryf daarvan
 - (v) aspekte van die kulturele milieu wat verwant is aan bg. stimulasie
 - (vi) verwysings na historiese figure en gebeure
 - (c) Verbreed jou raamwerk tot 'n paragraaf-vlak vir daardie deel van die Bybelboek wat jy interpreteer. Interpreteer altyd die literêre eenheid as 'n geheel. Dit mag 'n hele paar hoofstukke of paragrawe insluit, maar stel jou in staat om die oorspronklike skrywer se logika en tekstuele ontwerp te volg.
 - (d) Vergelyk jou historiese skets met dié van studiegidse.

- (4) Die vierde leessiklus
- (a) Lees die spesifieke literêre eenheid weer in ‘n verskeidenheid vertalings
 - (i) woord-vir-woord (NKJV, NASB, NRSV, OAV, NAV)
 - (ii) dinamiese ekwivalent (TEV, JB, CUM-NLV)
 - (iii) parafrasering (Living Bible, Amplified Bible, CUM-MVB)
 - (b) Soek vir literêre of grammatiese strukture
 - (i) herhaalde frases (Ef. 1:6, 12, 13)
 - (ii) herhaalde grammatiese strukture (Rom. 8:31)
 - (iii) kontrasterende konsepte
 - (c) Lys die volgende items:
 - (i) noemenswaardige terme
 - (ii) ongewone terme
 - (iii) belangrike grammatiese strukture
 - (iv) besonder moeilike woorde, frases of sinne
 - (d) Soek vir relevante parallelismes
 - (i) soek vir die duidelikste passasie oor jou onderwerp deur die volgende te gebruik:
 - a) “sistematiese teologie”-boeke
 - b) verwysing-Bybels
 - c) ooreenstemmings
 - (ii) Soek vir ‘n moontlik paradoksale paar binne jou onderwerp. Baie Bybelse waarhede word daargestel in dialektiese pare; heelwat konflik tussen denominasies is te wyte aan letterlik lees van ‘n halwe Bybelse stelling. Die hele Bybel is geïnspireer en ons moet poog om sy volledige boodskap te verstaan om sodoende ‘n gebalanseerde perspektief oor die Skrif in ons interpretasie te hê.
 - (iii) Soek vir parallelle binne dieselfde boek, werk van dieselfde outeur of uit dieselfde genre; die Bybel is sy eie beste ontleder omdat hy slegs een outeur het: die Gees.
 - (e) Gebruik studiegidse om jou historiese skets en ander konteks-elemente na te gaan:
 - (i) studie-Bybels
 - (ii) Bybel ensiklopedieë, handboeke en woordeboeke
 - (iii) inleidings tot die Bybel
 - (iv) Bybel-kommentare (op hierdie stadium van jou studie is dit nodig om die gelowige gemeenskap – verlede én hede – toe te laat om jou te help om die regte rigting in te slaan.)

IV. Toepassing van Bybel-interpretasie

Op hierdie stadium rig ons die gesprek op toepassing. Jy het nou tyd gehad om die teks in sy oorspronklike milieu te verstaan; nou moet jy die insig wat dit jou bring in jou lewe en kultuur toepas. Ek definieer Bybelse gesag as “‘n verstaan van wat die oorspronklike Bybelse outeur wou sê vir die lesers van sy dag (in die historiese konteks), en die toepassing van daardie selfde waarhede op jou eie dag (in jou eie konteks)”.

Interpretasie moet gevolg word deur implementering van die oorspronklike outeur se bedoeling in tyd sowel as logika. Ons kan nie ‘n Bybelse passasie vandag toepas voordat ons weet wat die bedoeling was in die konteks waarin dit geskryf is nie! ‘n Bybelpassasie kan nie bedoel wat dit nooit bedoel het nie!

Jou uitgebreide raamwerk op paragraafvlak (leessiklus #3) sal jou lei. Toepassing moet op ‘n paragraaf-vlak gedoen word, nie op woord-vlak nie. Woorde het slegs in konteks betekenis; dieselfde geld vir frases en sinne. Die enigste geïnspireerde persoon betrokke in die interpretasie-proses is die oorspronklike outeur. Ons kan net sy leiding volg deur die verheldering deur die Heilige Gees. Maar verheldering is nie inspirasie nie. Om te sê “dus sê die Here”, moet ons die oorspronklike outeur se bedoeling ken in die saak. Toepassing moet spesifiek verband hou met die algemene bedoeling van die teks in geheel, die spesifieke literêre eenheid en paragraaf-vlak ontwikkeling van gedagtes.

Moenie dat die kwessies van die dag die Bybel interpreteer nie; laat die Bybel vir homself praat! Dit mag verg dat ons beginsels uit die teks assimileer. Hierdie beginsels is geldig indien die teks dit ondersteun. Ongelukkig is ons beginsels dikwels juis dít: ons beginsels – nie dié van die teks nie.

Dit is belangrik om in Bybel-toepassing te onthou dat (behalwe die profesieë) elke Bybelteks slegs een geldige betekenis het. Daardie betekenis is verwant aan die bedoeling van die oorspronklike skrywer in sy aanspraak van ‘n krisis van sy dag. Baie moontlike toepassings kan afgelei word van hierdie een bedoeling. Die toepassing is gebaseer op die ontvanger se behoeftes, maar moet verband hou met die oorspronklike outeur se bedoeling.

V. Die Geestelike Aspek van Interpretasie

Tot dusver het ek die logiese en tekstuele prosesse betrokke by interpretasie en toepassing bespreek. Laat my nou toe om kortliks die geestelik kant van interpretasie aan te raak. Ek het die volgende oorsiglyk hulpvaardig gevind:

- (1) Bid vir die Gees se hulp (vgl. 1 Kor. 1:26-2:16).
- (2) Bid vir persoonlike vergifnis en reiniging van gekende sonde (vgl. 1 Joh. 1:9).
- (3) Bid vir ‘n groter begeerte om God te ken (vgl. Ps. 19:7-14; 42:1 e.v.; 119:1 e.v.).
- (4) Implementeer enige nuwe insigte onmiddellik in jou eie lewe.
- (5) Bly nederig en onderrigbaar.

Dit is so moeilik om die balans te handhaaf tussen die logiese proses en die geestelike leierskap van die Heilige Gees. Die volgende aanhalings help my hiermee:

- (1) uit James W. Sire, *Scripture Twisting*, bl. 17-18:

“The illumination comes to the minds of God’s people – not just to the spiritual elite. There is no guru class in biblical Christianity, no illuminati, no people through whom all proper interpretation must come. And so, while the Holy Spirit gives special gifts of wisdom, knowledge and spiritual discernment, He does not assign these gifted Christians to be the only authoritative interpreters of His Word. It is up to each of His people to learn, to judge and to discern by reference to the Bible which stands as the authority even to those to whom God has given special abilities. To summarize, the assumption I am making throughout the entire book is that the Bible is God’s true revelation to all humanity, that it is our ultimate authority on all matters about which it speaks, that it is not a total mystery but can be adequately understood by ordinary people in every culture.”

- (2) oor Kierkegaard, uit Bernard Ramm, *Protestant Biblical Interpretation*, bl. 75:

“According to Kierkegaard the grammatical, lexical, and historical study of the Bible was necessary but preliminary to the true reading of the Bible. To read the Bible *as God’s word* one must read it with his heart in his mouth, on tip-toe, with eager expectancy, in conversation with God. To read the Bible thoughtlessly or carelessly or academically or professionally is not to read the Bible as God’s Word. As one reads it as a love letter is read, then one reads it as the Word of God.”

- (3) H.H. Rowley in *The Relevance of the Bible*, bl. 19:

“No merely intellectual understanding of the Bible, however complete, can possess all its treasures. It does not despise such understanding of the spiritual treasures of this book if it is to be complete. And for that spiritual understanding something more than intellectual alertness is necessary. Spiritual things are spiritually discerned, and the Bible student needs an attitude of spiritual receptivity, an eagerness to find God that he may yield himself to Him, if he is to pass beyond his scientific study unto the richer inheritance of this greatest of all books.”

VI. Hierdie Kommentaar se Metode

Die *Studiegids-Kommentaar* is ontwerp om jou te help met die interpretasie-prosedure op die volgende maniere:

- (1) ‘n Kort historiese uiteensetting as bekendstelling van elke boek. Gaan hierdie inligting na nadat jy leessiklus #3 voltooi het.
- (2) Die verskillende dele van die literêre eenheid word in konteks geplaas aan die begin van elke hoofstuk om jou te wys hoe dit gestruktureer is.
- (3) Aan die begin van elke hoofstuk of groot literêre eenheid word die paragraafindeling saam met hulle beskrywende onderskrifte verskaf. Dit word uit die volgende moderne vertalings geneem:
 - (a) The New American Standard Bible, 1995 weergawe (NASB)
 - (b) The New King James Version (NKJV)
 - (c) The New Revised Standard Version (NRSV)
 - (d) Today’s English Version (TEV)
 - (e) The New Jerusalem Bible (NJB)
 - (f) Die Nuwe Afrikaanse Vertaling (NAV)

Paragrafering is nie geïnspireer nie. Dit moet uit die konteks afgelei word. Deur ‘n vergelyking van ‘n aantal moderne vertalings vanuit verskillende vertaling-denkskole en teologiese perspektiewe, word dit vir ons moontlik om die veronderstelde struktuur van die skrywer se gedagtes te analiseer. Elke paragraaf het een hoofwaarheid. Dit word gewoonlik die “tema-sin” of “sentrale idee van die teks” genoem. Hierdie eenheidsvormende gedagte is die sleutel tot gepaste historiese, grammatiese interpretasie. Ons moet nooit interpreteer, preek of onderrig oor minder as ‘n paragraaf nie! Onthou ook dat elke paragraaf verwant is aan die omliggende paragrawe. Dit is hoekom ‘n paragraaf-vlak raamwerk van die hele boek so belangrik is. Dit moet vir ons moontlik wees om die logiese vloei van die onderwerp te volg volgens die bedoeling van die oorspronklike outeur.

- (4) Bob se notas volg ‘n vers-vir-vers benadering tot interpretasie. Dit dwing ons om die oorspronklike outeur se gedagtegang te volg. Die notas bied inligting oor ‘n verskeidenheid aspekte:
 - (a) literêre konteks
 - (b) historiese, kulturele insigte
 - (c) grammatiese inligting
 - (d) woord-ontleding
 - (e) relevante parallelismes
- (5) Soms word die gedrukte teks in die kommentaar uit *The New American Standard Version* (1995 weergawe) afgewissel met die vertalings van verskeie ander moderne weergawes:
 - (a) *The New King James Version* (NKJV) is ‘n woord-vir-woord letterlike vertaling gebaseer op die Griekse manuskrip-tradisie bekend as die *Textus Receptus*.
 - (b) *The New Revised Standard Version* (NRSV) is ‘n gewysigde woord-vir-woord vertaling van die National Council of Churches se *Revised Standard Version*.
 - (c) *The Today’s English Version* (TEV) is ‘n dinamiese eweknie-vertaling wat deur die *United Bible Society* gepubliseer is.
 - (d) *The Jerusalem Bible* (JB) is nog ‘n dinamiese eweknie-vertaling gebaseer op ‘n Franse Katolieke vertaling.
- (6) Vir diegene wat nie Grieks-magtig is nie kan die vergelyking van Engelse en Afrikaanse vertalings oor en weer help om ‘n aantal probleme in die teks te identifiseer:
 - (a) manuskripvariasie
 - (b) alternatiewe woordbetekenisse
 - (c) grammaties-moeilike teks en struktuur
 - (d) dubbelsinnige tekste

Hoewel die Engelse en Afrikaanse vertalings nie hierdie probleme kan oplos nie, word hulle wel hierdeur as plekke vir dieper en meer aandagtige studie geïdentifiseer.
- (7) Elke hoofstuk word afgesluit met ‘n aantal besprekingsvrae wat poog om die belangrikste kwessies vir interpretasie uit daardie hoofstuk toe te lig.

AANVANGSOPMERKINGS OOR DIE STUDIE VAN GENESIS 1-11

- A. In watter verband staan Genesis 1-11 tot die moderne Westerse wetenskap?
1. heeltemal antagonisties
 2. totale konsensus
 3. ooreenstemmende punte
- Wetenskap is 'n navorsingsmetode. Dit is 'n moderne fenomeen, maar is altyd besig om te verander na aanleiding van nuwe kennis. God as skepper en God as verlosser word bymekaar gehou deur die 'twee boeke', natuur (natuurlike openbaring, vgl. Ps. 19:1-6) en Skriftuur (spesiale openbaring, vgl. Ps. 19:7-11). Albei is deur God geskryf! Hulle staan nie in konflik nie!
- B. In watter verband staan Genesis 1-11 tot die moderne geskiedenis?
1. Oosterse en Westerse literêre genres verskil. Nie waar of vals nie; nie reg of verkeerd nie; maar verskillend. Genesis 1-11 is voorgeskiedenis. Dit is van kardinale teologiese belang, maar ietwat verskans (bondige literêre patroon.) Verskans in 'n literêre genre, verskans in historiese drama, verskans soos die einde van die geskiedenis (d.w.s. Openbaring).
 2. Nes Judaïsme is Christenskap 'n historiesgebaseerde geloof. Dit staan of val op grond van geskiedkundige gebeure. Sommige gebeure (d.w.s. Gen. 1-11) is egter vir ons onverstaanbaar en word derhalwe aan ons oorgedra op maniere wat mense kan begryp (d.w.s. ons word geakkommodeer). Die doel is nie om afbreek te doen aan die betroubaarheid van hierdie metodes nie, maar eerder om hulle teologiese doelwit te beklemtoon. Die Bybel besluit om nie op die skepping te fokus nie, maar eerder op herskepping (verlossing).
 3. Genesis speel af binne 'n 'historiese' verwysingsraamwerk. Ons kan ooglopende sekulêre gebeurtenisse met die Bybelse geskiedkundige weergawe koppel vanaf die begin van hoofstuk 12 (d.w.s. Nuzi- en Mari-tablette), maar hoofstukke 1-3 is verhewe bo geskiedkundige bevestiging en genre-identifikasie.
- C. In watter verband staan Genesis 1-11 tot literatuur?
1. Daar is parallels van hoofstukke 1-2, 3 en 6-9 vanuit Mesopotamiese bronne. Terminologie, besonderhede en storielyne is dikwels eenders. Die Bybel se monoteïsme en die waardigheid van die mensdom is egter uniek.
 2. Daar is ten minste twee gevare daarin om die Bybel as literatuur te benader.
 - a. As literatuur is dit mitologies, heeltemal nie-histories.
 - b. As literatuur is dit letterlik sonder enige figuurlike taal, Oosterse genres of dramatiese oordrywing van gebeure.God het Homself openbaar aan 'n gegewe tyd en kultuur deur die gebruik van menslike taal (d.w.s. metafore, analogieë en weersprekings). Dit is waar en betroubaar, maar nie volledig nie.
 3. Die skepping is 'n progressiewe openbaringswaarheid. Genesis 1-2 is fundamenteel, maar Psalms en die NT is ook van kardinale belang om die gepaste perspektief te handhaaf. Elkeen van die drie bronne maak 'n bydrae tot 'n teologiese verstaan van die metode en doel van die skepping.
- D. Hoe ontleed ons Genesis 1-11?
1. Hoe dit alles begin en hoe dit sal eindig is verskans (Genesis 1-11 en Openbaring, d.w.s. ons sien deur 'n donker glas).
 2. Ons het al die waarhede wat ons nodig het om op God te reageer en die Bybel te verstaan. Wat ons nie het nie is uitvoerige, letterlike, volledige feite. Ons het teologiese selektief en geïnterpreteerde gebeure.

3. Ons moet Genesis 1-11 ontleed deur
 - a. letterkundige genre
 - b. teologiese klem
 - c. geskiedkundige gebeure
 - d. moderne Westerse wetenskap/kultuur/vooroordele
4. Die gevalle mensheid staan voor die Bybel (d.w.s. God se openbaring) en word daardeur veroordeel. Dit is bo menslike intellektuele vermoëns verhewe, maar ons moet tog in staat wees om dit te begryp sodat ons gepas daarop kan reageer. Gelowiges interpreteer dit verskillend (sommige maar swak), maar almal is verantwoordelik vir die waarhede wat hulle wel verstaan. Dit openbaar God; dit openbaar die mens in opstand; dit openbaar goddelike vergifnis. Ons ewigheid is verbonde aan hierdie waarhede, nie aan die hoe en wanneer van die skepping en die gebeure van Gen. 1-11 nie. Hulle is hoofsaaklik die Wie en hoekom wat van soveel belang is.

Mag God genade hê vir ons almal (en Hy het)!

INLEIDING TOT GENESIS

I. NAAM VAN DIE BOEK

- A. In Hebreeus (d.w.s. die Masoretiese Teks) is die die eerste woorde van die boek, *bereshith*, “in die begin” of “soos om te begin”.
- B. In die Griekse Bybel (d.w.s. Septuaginta-vertaling) is dit *Genesis*, wat “begin” of “oorsprong” beteken en geneem is uit Gen. 2:4a. Dit mag die skrywer se sleutel-‘omramingsfrase’ of kolofon wees wat die verskillende teologiese biografieë met mekaar verbind soos die Babiloniese spykerskrifskrywers gemaak het. Die sleutelomramingsfrase funksioneer as ‘n omsomming, nie ‘n inleiding nie.

II. KANONISERING

- A. Dit is die eerste boek van die eerste afdeling van die Hebreeuse kanon, genaamd “Die Tora” of “lering” of “wet”.
- B. Hierdie gedeelte in die Septuaginta staan bekend as the Pentateug (d.w.s. vyf boekrolle).
- C. Soms word dit “Die Vyf Boeke van Moses” genoem.
- D. Genesis-Deuteronomium is ‘n aaneenlopende opname deur (of onder redaksie van) Moses betreffende die skepping gedurende Moses se lewe.

III. GENRE – die boek van Genesis is hoofsaaklik teologiese, historiese narratief, maar dit sluit ook ander tipes literêre genres in:

- A. Historiese drama – voorbeelde: 1:1-3
- B. Digkuns – voorbeelde: 2:23; 4:2; 8:22
- C. Profesie – voorbeelde: 3:15; 49:1 e.v. (ook digterlik)

IV. OUTEURSKAP

- A. Die Bybel self noem nie die naam van die skrywer nie (soos die geval is met baie OT-boeke). Genesis het geen ‘ek’-gedeeltes soos Esra en Nehemia, of ‘ons’-gedeeltes soos Handeling nie. Uiteindelik is God die outeur!
- B. Joodse tradisie:
 - 1. Antieke Joodse skrywers sê Moses het dit geskryf:
 - a. Ben Sira se *Predikers*, 24:23, geskryf ongeveer 185 v.C.
 - b. Die *Baba Bathra* 14b, ‘n deel van die Talmoed
 - c. Filippus van Alexandrië, Egipte, ‘n Joodse filosoof wat rondom 20 v.C. en 42 n.C. geleef het
 - d. Flavius Josefus, ‘n Joodse historikus, wat rondom 37-70 n.C. geleef het
 - 2. Dit was ‘n openbaring aan Moses
 - a. Daar word gesê dat Moses vir die mense geskryf het:
 - (1) Eksodus 17:14
 - (2) Eksodus 24:4,7

- (3) Eksodus 34:27,28
- (4) Numeri 33:2
- (5) Deuteronomium 31:9,22,24-26
- b. Daar word gesê dat God deur Moses met die mense gepraat het:
 - (1) Deuteronomium 5:4-5,22
 - (2) Deuteronomium 6:1
 - (3) Deuteronomium 10:1
- c. Daar word gesê dat Moses die woorde van die Tora aan die mense oorvertel het:
 - (1) Deuteronomium 1:1, 3
 - (2) Deuteronomium 5:1
 - (3) Deuteronomium 27:1
 - (4) Deuteronomium 29:2
 - (5) Deuteronomium 31:1, 30
 - (6) Deuteronomium 32:44
 - (7) Deutereonomium 33:1
- 3. OT-skrywers skryf dit aan Moses toe:
 - a. Joshua 8:31
 - b. 2 Konings 14:6
 - c. Esra 8:18
 - d. Nehemia 8:1; 13:1-2
 - e. 2 Kronieke 25:4; 34:12; 35:12
 - f. Daniël 9:11
 - g. Maleagi 4:4

C. Christelike tradisie

- 1. Jesus skryf aanhalings uit die Tora aan Moses toe:
 - a. Matteus 8:4; 19:8
 - b. Markus 1:44; 7:10; 10:5; 12:26
 - c. Lukas 5:14; 16:31; 20:37; 24:27,44
 - d. Johannes 5:46-47; 7:19,23
- 2. Ander NT-skrywers skryf aanhalings uit die Tora aan Moses toe:
 - a. Lukas 2:22
 - b. Handeling 3:22; 13:39; 15:1, 15-21; 26:22; 28:23
 - c. Romeine 10:5,19
 - d. 1 Korintiërs 9:9
 - e. 2 Korintiërs 3:15
 - f. Hebreërs 10:28
 - g. Openbaring 15:3
- 3. Die meeste vroeë kerkvaders het die Mosaïese outeurskap aanvaar. Irenaeus, Clemens van Alexandrië, Origenes en Tertullianus het egter almal vroeë gehad oor Moses se verhouding tot die huidige kanonieke vorm van Genesis (vgl. D. 2. op bladsy 5).

D. Moderne Vakkunde

- 1. Daar is duidelik redaksionele toevoegings tot die Tora gemaak (klaarblyklik om die antieke werk meer verstaanbaar te maak vir kontemporêre lesers – ‘n kenmerkende eienskap van Egiptiese skrywers):
 - a. Genesis 12:6; 13:7; 14:14; 21:34; 32:32; 36:31; 47:11
 - b. Eksodus 11:3; 16:36
 - c. Numeri 12:3; 13:22; 15:22-23; 21:14-15; 32:33 e.v.
 - d. Deuteronomium 3:14; 34:6
 - e. Antieke skrywers het ‘n goeie opvoeding en opleiding ontvang. Hulle tegnieke het egter verskil van land tot land:

- (1) In Mesopotamië was hulle versigtig om niks te verander nie en het selfs hulle werk nagegaan vir akkuraatheid. Hier is ‘n antieke Sumeriese skribale voetnoot van ongeveer 1400 v.C: “die werk is volledig van begin tot einde, is oorgeskryf, hersien, vergelyk en teken-vir-teken gekontroleer.”
 - (2) In Egipte het hulle antieke tekste vrylik gewysig om hulle meer gepas vir kontemporêre lesers te maak. Die skribas by Qumran (d.w.s. Dooie See-Boekrolle) het hierdie benadering gevolg.
2. ‘n Teoretiese bydrae van die skrifgeleerdes van die 19de eeu stel dat die Tora ‘n saamgestelde dokument is wat oor ‘n lang tydperk van baie bronne ontleen is (Graff-Wellhausen). Hierdie teorie was gebaseer op:
 - a. die verskillende name vir God
 - b. oënskynlike dubbelvorme (doeblette) in die teks
 - c. die literêre vorm van die vertellings
 - d. die teologie van die vertellings
 3. Veronderstelde bronne en datums:
 - a. J-bron (gebruik van JHWH uit die suide van Israel) – 950 v.C.
 - b. E-bron (gebruik van *Elohim* uit die noorde van Israel) – 850 v.C.
 - c. JE saamgevoeg – 750 v.C.
 - d. D-bron (“The Book of the Law,” 2 Kon. 22:8, ontdek gedurende Josias se hervorming terwyl die Tempel opgeknop is, was veronderstel die boek van Deuteronomium, geskryf deur ‘n onbekende priester van Josias se tyd om die hervorming te ondersteun) – 621 v.C.
 - e. P-bron (priesterlike herskrywing van die OT, spesifiek rituele en gebruike) – 400 v.C.
 - f. Daar was duidelik redaksionele toevoegings tot die Tora. Die Jode is van mening dat dit
 - (1) die hoëpriester (of een van sy familielede) was ten tye die skrywe
 - (2) Jeremia die profeet
 - (3) Esra die skriba – IV Esdras sê hy het dit oorgeskryf omdat die oorspronklikes vernietig is in die val van Jerusalem in 586 v.C.
 - g. Die J. E. D. P.-teorie sê egter meer oor ons moderne literêre teorieë en kategorieë as bewyse uit die Tora (R. K. Harrison, *Introduction to the Old Testament*, bl. 495-541 en *Tyndale’s Commentaries*, s.v. “Levitikus”, bl. 15-25).
 - h. Kenmerke van Hebreeuse Literatuur
 - (1) Doeblette soos Gen. 1 & 2 is algemeen in Hebreeus. Gewoonlik word ‘n algemene beskrywing verskaf, gevolg deur ‘n spesifieke opname (d.w.s. die Tien Gebooue en die Heiligheidskode). Dit mag ‘n manier gewees het om waarhede te beklemtoon of die mondelinge geheue aan te help.
 - (2) Die antieke rabbyne het gesê dat die twee mees algemene name vir God teologies belangrik is:
 - (a) JHWH – die verbondsnaam vir God soos Hy met Israel in verband staan as Verlosser en Uitredder (vgl. Ps. 19:7-14; 103).
 - (b) *Elohim* – God as Skepper, Voorsiener en Beskermer van alle lewe op aarde (vgl. Ps. 19:1-6; 104).
 - (3) Dit is in nie-Bybelse nabye-Oosterse literatuur algemeen vir ‘n verskeidenheid style en woordeskatte om voor te kom in verenigde literêre werke (vgl. *Introduction to the Old Testament*, R. K. Harrison, bl. 522-526).
- E. Die gegewens van antieke nabye-Oosterse literatuur impliseer dat Moses spykerskrifdokumentasie of Mesopotamiese (patriargiese) mondelinge tradisies gebruik het om Genesis te skryf. Dit doen nie afbreek aan die inspirasie daaragter nie, maar probeer om die literêre fenomeen wat die boek van Genesis is, te verduidelik (vgl. P. J. Wiseman se *New Discoveries in Babylonia about Genesis*). ‘n Duidelike Egiptiese invloed wat betref

styl, vorm en woordeskat is vanaf Gen. 37 te bespeur, wat voorstel dat Moses óf literatuur óf mondelinge tradisies van die Israeliete se dae in Egipte sowel as Mesopotamië gebruik het. Moses se formele opvoeding was heeltemal Egipties! Die spesifieke literêre tot standkoming van die Pentateug is onseker. Ek glo dat Moses die samesteller en skrywer van die grootste deel van die Pentateug is, hoewel hy moontlik van skribas en/of geskrewe en mondelinge (patriargale) tradisies gebruik gemaak het. Sy geskifte is deur latere skribas gemoderniseer. Die historisiteit en betroubaarheid van hierdie eerste paar boeke van die OT word ondersteun deur moderne argeologie.

- F. Daar is ‘n opkomende teorie dat skribas in verskillende dele van Israel terselfdertyd aan verskillende dele van die Pentateug gewerk het onder leiding van Samuel (vgl. 1 Sam. 10:25). Hierdie teorie is eerste voorgestel deur E. Robertson in *The Old Testament Problem*.

V. DATUM

- A. Genesis behandel die periode vanaf die skepping van die kosmos tot en met Abraham se familie. Dit is moontlik om Abraham se lewe te dateer op grond van sekulêre literatuur van die tydperk. Die benaderde datum sou 2000 v.C., die tweede millennium v.C., wees. Die basis hiervoor is
1. vader tree op as priester vir die familie (soos Job)
 2. die lewe was nomadies soos hulle agter kuddes aantrek
 3. migrasie van Semitiese mense gedurende die tydperk.
- B. Die vroeë gebeure van Genesis 1-11 is werklik geskiedkundige gebeure (moontlik historiese drama), maar ondateerbaar met huidige beskikbare kennis.
1. Ek het persoonlik aanvaar dat die aarde ‘n aantal biljoen jaar oud moet wees (d.w.s. 14,6 biljoen vir die heelal en 4,6 biljoen vir die aarde, vgl. Hugh Ross se *The Genesis Question* en *Creation and Time*).
 2. Ek glo egter ook in die spesiale skepping van Adam en Eva op ‘n veel later tydstip. Dit lyk vir my of Genesis binne ‘n soort ‘historiese’ raamwerk voorgedoen word, maar die geskiedkundige aspek is vaag aan die begin (d.w.s. Gen. 1-3). Adam en Eva se kinders begin die samelewings van Mesopotamië (d.w.s. hoofstuk 4). Indien hierdie raamwerk gehandhaaf moet word, was Adam ‘n moderne *Homo sapien* en nie ‘n meer primitiewe *Homo erectus* nie. As dit waar is moet daar ‘n evolusionêre ontwikkeling in hominide (vgl. *Tyndale O T Commentaries*, “Genesis” deur Kidner en *Who Was Adam?* deur Fazale Rana en Hugh Ross) sowel as ‘n spesiale skepping deur God op ‘n veel latere stadium plaasgevind het. Ek is nie heeltemal gemaklik hiermee nie, maar dit is die beste wat ek kan doen met my huidige begrip van die Bybel en die wetenskap.
- C. Onthou tydens die studie van Genesis dat die geskiedkundige gebeure opgeteken is deur Moses wat die mense van God uit Egipte gelei het óf (1) in 1445 v.C., op grond van 1 Kon. 6:1; óf (2) in 1290 v.C., na aanleiding van moderne argeologiese bewyse. Daarom teken Moses op grond van mondelinge tradisie, onbekende geskrewe bronne, of direkte goddelike openbaring, op ‘hoe dit alles begin het’, met ‘n fokus op ‘wie’ en ‘hoekom’ eerder as ‘hoe’ en ‘wanneer’!
- D. Ek het hierdie kommentaar (Genesis 1-11) geskryf in 2001. Ek het baie met die verhouding tussen Gen. 1 en my eie moderne Westerse kultuur gesukkel. ‘n Nuwe boek deur John H. Walton, *The Lost World of Genesis One*, IVP (2009) het my gehelp om te besef tot watter mate ek deur my eie eksistensiële omstandighede beïnvloed word. Ek glo dat goeie hermeneutiek begin met die oorspronklike skrywer se bedoeling, maar dit is vir my duidelik dat my hermeneutiese teorie beter was as my praktyk. Die boek deur Walton is ‘n

paradigmaverskuiwing ten opsigte van denke oor Genesis 1 soos dit met die oorsprong van funksionaliteit eerder as die materiële oorsprong van die heelal te make het. Dit maak werklik die oë oop. Dit het my oortuig van 'n nuwe manier om te kyk na hierdie kritieke teks wat die debat rondom wetenskap vs. geloof, ou aarde vs. jong aarde, evolusie vs. skepping van spesies opsy laat. Ek beveel hierdie boek sterk aan!

VI. BRONNE WAT DIE GESKIEDKUNDIGE AGTERGROND ONDERSTEUN

A. Ander Bybelboeke

1. Skepping – Psalms 8; 9; 33; 50; 104; 148 en die NT (vgl. Joh. 1:3; 1 Kor. 8:6; Kol. 1:16; Heb. 1:2)
2. Abraham se tyd – Job

B. Argeologiese bronne

1. Na wete is die vroegste literêre parallel met die kulturele agtergrond van Genesis 1-11 die Ebla spykerskriftablette uit die noorde van Sirië, wat ongeveer 2500 v.C. gedateer word, geskryf in Akkadies.
2. Skepping
 - a. Die naaste Mesopotamiese vertelling met betrekking tot die skepping is *Enuma Elish*, wat dateer uit (1) NIV Studiebybel, ongeveer 1900-1700 v.C. of (2) John H. Walton se *Ancient Israelite Literature in Its Cultural Context*, bl. 21, ongeveer 1000 v.C. Dit is in Ashurbanipal se biblioteek in Ninivé gevind en ander kopieë is op verskeie ander plekke gevind. Daar is sewe spykerskriftablette geskryf in Akkadies wat die skepping volgens Marduk beskryf.
 - (1) Die gode, *Apsu* (varswater – manlik) en *Tiamat* (soutwater – vroulik) het stout, raserige kinders gehad. Hierdie twee gode het probeer om die jonger gode stil te maak.
 - (2) Een van *Ea* en *Damkina* se kinders, *Marduk* (die oppergod van die opkomende stad van Babilon), verslaan *Tiamat*. Hy vorm die aarde en die hemel uit sy liggaam.
 - (3) *Ea* vorm die mensdom uit nog 'n verslane god, *Kingu*, wat ná *Apsu* se dood die manlike metgesel van *Tiamat* was. Die mensdom kom van *Kingu* se bloed.
 - (4) *Marduk* is die oppergod verklaar deur die Babiloniese panteon.
 - b. “Die skeppingseël” is 'n spykerskriftablet waarop 'n kaal man en vrou langs 'n vrugteboom uitgebeeld word. Om die boom se stam is 'n slang gekronkel wat oor die vrou se skouer hang asof dit met haar praat.
Die konserwatiewe professor van Argeologie by Wheaton College, Alfred J. Hoerth, sê dat die seël nou verstaan word as 'n verwysing na prostitusie. Dit is 'n goeie voorbeeld van hoe geskiedkundige artefakte deur die tye verskillend deur individue verstaan word. Die betekenis agter hierdie spesifieke bewysstuk moet heroorweeg word.
3. Die skepping en die vloed – *Die Atrahasis Epos* vertel hoe die mindere gode in opstand gekom het omdat hulle oorwerk was, en van die skepping van sewe menslike paartjies (uit klei, bloed en speeksel) om die pligte van hierdie mindere gode te vervul. Mense is vernietig omrede: (1) oorbevolking en (2) geraas. Mense se getalle is verminder deur 'n plaag, twee hongersnode en uiteindelik 'n vloed, soos deur *Enlil* beplan. *Atrahasis* bou 'n skip en bring diere aanboord om hulle van die water te red. Dié groot gebeure word in dieselfde volgorde in Genesis 1-8 opgeteken. Hierdie spykerskrifvertelling dateer uit ongeveer dieselfde tyd as *Enuma Elish* en die *Gilgamesh Epos*, ongeveer 1900-1700 v.C. Almal is in Akkadies.
4. Noag se vloed
 - a. 'n Sumeriese tablet van Nippur genaamd *Eridu Genesis* wat uit ongeveer 1600 v.C. dateer, vertel van *Ziusudra* en 'n komende vloed.

- (1) *Enka*, die watergod, waarsku *Ziusudra* van ‘n komende vloed.
 - (2) *Ziusudra*, ‘n koningpriester, glo hierdie openbaring en bou ‘n reusagtige vierkantige boot wat hy met allerlei sade vul.
 - (3) Die vloed hou vir sewe dae aan.
 - (4) *Ziusudra* maak ‘n venster van die boot oop en laat ‘n aantal voëls vry om te sien of droeë land verskyn het.
 - (5) Hy offer ook ‘n os en ‘n skaap wanneer hy die boot verlaat.
- b. ‘n Saamgestelde Babiloniese vloedvertelling vanaf vier Sumeriese tablette bekend as die *Gilgamesh Epos* is oorspronklik gedateer uit ongeveer 2500-2400 v.C., hoewel die geskrewe saamgestelde vorm in Akkadiese spykerskrif veel later dateer (ca. 1900-1700 v.C.) Dit vertel van ‘n vloedoorlewende, *Utnapishtim*, wat vir *Gilgamesh*, die koning van *Uruk*, vertel hoe hy die groot vloed oorleef het en die ewige lewe ontvang het.
- (1) *Ea*, die watergod, waarsku van ‘n komende vloed en beveel vir *Utnapishtim* om ‘n boot te bou.
 - (2) *Utnapishtim* en sy familie, tesame met geselekteerde genesende plante, oorleef die vloed.
 - (3) Die vloed hou vir sewe dae aan.
 - (4) Die boot kom tot rus in die noorde van Persië op Berg Nisir.
 - (5) Hy stuur drie verskillende voëls uit om te sien of droeë land al verskyn het.
5. Die Mesopotamiese literatuur wat ‘n antieke vloed beskryf gebruik almal dieselfde bron. Die name verskil dikwels, maar die storielyn bly dieselfde. ‘n Voorbeeld is dat *Zivusudra*, *Atrahasis* en *Utnapishtim* almal verwys na dieselfde menslike koning.
6. Die historiese parallele tot die vroeë gebeure van Genesis kan verduidelik word in die lig van die mensdom se voor-verspreiding (Genesis 1-11) kennis en ervaring van God. Hierdie ware geskiedkundige kernherinneringe is uitgebrei en vermitologiseer (is onderwerp aan uitbreiding en verdigsel) tot die huidige vloedverhaal algemeen deur die wêreld bekend. Dieselfde kan ook van nie net die skepping (Gen. 1,2) en die vloed (Gen. 6-9) gesê word nie, maar ook van mens-engel-interaksie (Genesis 6).
7. Patriarg se Dag (Middelbrons)
- a. Mari-tablette – spykerskrif wetlike (Ammonitiese kultuur) en persoonlike tekste in Akkadies van ongeveer 1700 v.C.
 - b. Nuzi-tablette – spykerskrif argiewe van sekere families (Horitiese en Huriaanse kultuur) geskryf in Akkadies van ongeveer 100 myl suidoos van Ninivé omtrent 1500-1300 v.C. Hulle is opnames van familie- en besigheidsprosedures. Vir verdere spesifieke voorbeeld, sien John H. Walton se *Ancient Israelite Literature in its Cultural Context*, bl. 52-58.
 - c. Alalak-tablette – spykerskriftekste vanuit noordelike Sirië van ongeveer 2000 v.C.
 - d. Sommige van die name gevind in Genesis is opgeteken as plekname in die Mari-tablette: Serug, Peleg, Tera en Nahor. Ander Bybelse name was ook algemeen: Abraham, Isak, Jakob, Laban en Josef. Dit bewys dat Bybelse name eie was aan hierdie tyd en plek.
8. “Vergelykende historiografiese studies het getoon dat, saam met die Hittiete, die antieke Hebreërs die mees akkurate, objektiewe en verantwoordelike optekenaars van nabye-Oosterse geskiedenis was,” R. K. Harrison, *Biblical Criticism*, bl. 5.
9. Argeologie was uiters hulpvaardig om die historisiteit van die Bybel te bepaal. ‘n Waarskuwing is egter nodig: argeologie is nie heeltemal betroubare as gids nie, omrede
- a. slegte tegnieke gebruik tydens vroeë opgrawings
 - b. verskeie uiters subjektiewe verklarings van die artefakte wat gevind is
 - c. geen konsensus oor die kronologie van die antieke nabye-Ooste nie (hoewel daar tans ‘n tydlyn saamgestel word uit boomringe en kleipotte).

- C. Egiptiese skeppingsverhale kan gevind word in John H. Walton se *Ancient Israelite Literature in its Cultural Context* (Grand Rapids, MI: Zondervan, 1990) bl. 23-24, 32-34.
1. In Egiptiese literatuur begin die skepping met 'n ongestruktureerde, chaotiese oerwater. Skepping is gesien as 'n ontwikkelende struktuur (heuvel) uit waterige chaos.
 2. In Egiptiese literatuur van Memphis het skepping plaasgevind deur die gesproke woorde van Ptah.
 3. Elkeen van die Egiptiese hoofstede het verskillende tradisies gehad wat hulle onderskeie gode beklemtoon.
- D. 'n Nuwe boek deur John H. Walton, *The Lost World of Genesis One*, IVP, 2009, stel die verhouding tussen die Antieke Nabye-Oosterse (ANO) gelowe oor die goddelike en die kosmos in 'n nuwe lig. Hy stel (en ek stem saam) dat dit nie soveel gaan oor wie vir wie nagevolg het nie, maar oor die algemene kulturele konsensus van die hele ANO oor die eenheid van die 'natuurlike' en 'bonatuurlike'. Alle kulture deel hierdie algemene perspektief. Israel s'n was uniek monoteïsties, maar deel ook die kulturele perspektiewe.

VII. LITERÊRE EENHEDE (KONTEKS)

- A. Raamwerk gebaseer op Moses se gebruik van die frase: "die stamboom van" (*toledoth*):
1. oorsprong van die hemel en aarde, 1:1-2:3
 2. oorsprong van die mensdom, 2:4-4:26
 3. die stamboom van Adam, 5:1-6:8
 4. die stamboom van Noag, 6:9-9:17
 5. die stamboom van die seuns van Noag, 10:1-11:9
 6. die stamboom van Sem, 11:10-26
 7. die stamboom van Tera (Abraham), 11:27-25:11
 8. die stamboom van Ismael, 25:12-18
 9. die stamboom van Isak, 25:19-35:29
 10. die stamboom van Esau, 36:1-8
 11. die stamboom van die seuns van Esau, 36:9-43
 12. die stamboom van Jakob, 37:1-50:26 (#1-11 het 'n Mesopotamiese literêre agtergrond, maar #12 toon Egiptiese literêre invloede)
- B. Teologiese raamwerk:
1. skepping vir die mensdom en van die mensdom, 1-2
 2. die mens en die sondeval, 3
 3. gevolge van die val, 4-11
 - a. boosheid beïnvloed Kain en sy familie
 - b. boosheid beïnvloed Set en sy familie
 - c. boosheid beïnvloed almal
 - d. groot vloed
 - e. die bose steeds in Noag se familie aanwesig
 - f. die mens steeds in opstand; die toring van Babel
 - g. God se verspreiding
 4. Een man vir die ganse mensdom (3:15), 12-50 (Rom. 5:12-21)
 - a. Abraham (12:1-3), 11:27-23:20
 - b. Isak, 24:1-26:35
 - c. Jakob, 27:1-36:4
 - (1) Juda (die lyn van die Messias)
 - (2) Josef (dubbele landerfporsie), 37:1-50:26

VIII. BELANGRIKSTE WAARHEDE

A. Hoe het dit alles begin?

1. Dit het begin met God (Genesis 1-2). Die Bybel se wêreldsiening is nie politeïsties nie, maar monoteïsties. Dit fokus nie op die 'hoe' van die skepping nie, maar op die 'wie'. Dit is kort, maar baie kragtig in sy aanbieding. Die Bybel se teologie was heeltemal uniek in sy dag, hoewel sommige van die woorde, aktiwiteitspatrone en onderwerpe ook in ander Mesopotamiese literatuur aangetref word.
2. God wou vertrouensvriendskap hê. Die skepping is slegs 'n stadium van God se vertrouensvriendskap met die mens. Hierdie is 'n "aangeraakte planeet" (vgl. C. S. Lewis).
3. Daar is geen moontlike manier om die res van die Bybel te verstaan sonder Genesis 1, 2-4 en 11-12 nie.
4. Mense moet reageer deur geloof en deur wat hulle verstaan van God se wil (Gen. 15:6 en Rom. 4).

B. Hoekom is die wêreld so boos en onregverdig? Dit was "baie goed" (1:31), maar Adam en Eva het gesondig (vgl. Gen. 3; Rom. 3:9-18,23; 5:17-21). Die verskriklike nagevolge is ooglopend:

1. Kain vermoor vir Abel (hfst. 4)
2. wraak van Lameg (4:23)
3. onwettige verhoudings (6:1-4)
4. boosheid van die mens (6:5,11-12; 8:21)
5. die dronkenskap van Noag (9)
6. die toring van Babel (11)
7. die politeïsme van Ur (11)

C. Hoe gaan God dit regmaak?

1. Messias sal kom vir alle mense (3:15)
2. God roep een om almal te roep (Gen. 12:1-3 en Eks. 19:5-6, vgl. Rom. 5:12-21)
3. God is bereid om met die gevalle mensheid te werk (Adam, Eva, Kain, Noag, Abraham, die Jode en heidene) en deur sy genade voorsien Hy
 - a. beloftes
 - b. verbonde (onvoorwaardelik en voorwaardelik)
 - c. opoffering
 - d. aanbidding

LEESSIKLUS EEN (sien bl. xvii)

Hierdie is 'n studiegidskommentaar, wat beteken dat jy verantwoordelik is vir jou eie verklaring van die Bybel. Ons moet elkeen wandel in die lig waaroor ons beskik. Jy, die Bybel en die Heilige Gees is prioriteit in verklaring. Moenie hierdie voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie

Lees die hele Bybelboek in een slag deur. Verduidelik die sentrale tema van die hele boek in jou eie woorde.

1. Tema van hele boek
2. Tipe literatuur (genre)

LEESSIKLUS TWEE (sien bl. xvii)

Hierdie is 'n studiegidskommentaar, wat beteken dat jy verantwoordelik is vir jou eie verklaring van die Bybel. Ons moet elkeen wandel in die lig waaroor ons beskik. Jy, die Bybel en die Heilige Gees is prioriteit in verklaring. Moenie hierdie voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees die hele Bybelboek 'n tweede keer in een slag deur. Identifiseer die hoofonderwerpe en stel elke onderwerp in 'n enkele sin.

1. Onderwerp van eerste letterkundige eenheid
2. Onderwerp van tweede letterkundige eenheid
3. Onderwerp van derde letterkundige eenheid
4. Onderwerp van vierdie letterkundige eenheid
5. Ens.

GENESIS 1:1-2:3

PARAGRAAFVERDELING VAN MODERNE VERTALINGS

| NASB | NKJV | NRSV | TEV | NJB | NAV |
|---|---|--|--|------------------------------|---|
| The Creation (1:1-2:3) | The History of Creation (1:2-2:7) | The Story of Creation (1:1-2:4a) | The Story of Creation (1:1-2:4a) | The Creation of the World | God se skeppingswerk (1:1-2:4a) |
| 1:1-5 | 1:1-5 | 1:1-5 | 1:1-5 | 1:1-2 1:3-5 | 1:1-2 1:3 1:4-5 |
| 1:6-8 | 1:6-8 | 1:6-8 | 1:6-8 | 1:6-8 | 1:6 1:7a 1:7b-8 |
| 1:9-13 | 1:9-13 | 1:9-13 | 1:9-13 | 1:9-10 1:11-13 | 1:9a 1:9b 1:10 1:11a 1:11b 1:12-13 |
| 1:14-19 | 1:14-19 | 1:14-19 | 1:14-19 | 1:14-19 | 1:14-15a 1:15b 1:16-18 |
| 1:20-23 | 1:20-23 | 1:20-23 | 1:20-23 | 1:20-23 | 1:20 1:21 1:22 1:23 |
| 1:24-25 | 1:24-25 | 1:24-25 | 1:24-25 | 1:24-25 | 1:24a 1:24b 1:25 |
| 1:26-31 | 1:26-28 (27) 1:29-31 | 1:26-31 | 1:26-2:4a | 1:26-27 1:28-31 | 1:26 1:27 1:28 1:29-30a 1:30b 1:31 |
| The Creation of Man and Woman 2:1-3 | 2:1-3 2:4-7 | 2:1-3 2:4a | | 2:1-3 2:4a | 2:1-3 2:4a |

* Hoewel nie geïnspireer nie, is paragraafverdelings die sleutels om die oorspronklike skrywer se bedoeling te verstaan en te volg. Elke moderne vertaling het hoofstuk een verdeel en opgesom. Elke weergawe omsluit daardie onderwerp op sy eie unieke manier. Terwyl jy die teks lees, vra jouself af watter vertaling jou begrip van die onderwerp en versindelings pas.

In elke hoofstuk moet jy die Bybel eers lees en probeer om sy onderwerpe (paragrafe) te identifiseer. Vergelyk dan jou siening met dié van die moderne weergawes. Slegs wanneer ons die oorspronklike skrywer se bedoeling verstaan deur sy logika en aanbieding te volg kan ons werklik die Bybel verstaan. Slegs die oorspronklike skrywer was geïnspireer – lesers het geen reg om die boodskap te verander of aan te pas nie. Bybellesers het wel die verantwoordelikheid om die geïnspireerde waarheid in hulle daaglikse lewens toe te pas.

Let wel – alle tegniese terme en afkortings word ten volle in die voormateriaal behandel.

LEESSIKLUS DRIE (sien bl. xvii)

VOLGENS DIE OORSPRONKLIKE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAFVLAK

Hierdie is 'n studiegidskommentaar, wat beteken dat jy verantwoordelik is vir jou eie verklaring van die Bybel. Ons moet elkeen wandel in die lig waaroor ons beskik. Jy, die Bybel en die Heilige Gees is prioriteit in verklaring. Moenie hierdie voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees die paragraaf in een slag deur. Identifiseer die onderwerpe. Vergelyk jou onderwerpverdeling met die ses vertalings hierbo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar is die sleutel tot die oorspronklike skrywer se bedoeling – die hart van verklaring. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Ens.

INLEIDENDE OPMERKINGS

- A. Die studie van Genesis 1-11 is moeilik omdat:
1. ons almal deur ons eie kulture en denominasionele opleiding beïnvloed word;
 2. druk vanuit verskeie oorde affekteer vandag ons siening van 'die begin':
 - a. moderne argeologie (Mesopotamiese parallelle)
 - b. moderne wetenskap (huidige teorieë)
 - c. die geskiedenis van verklaring
 - (1) Judaïsme
 - (2) vroeë kerk
 3. die inleidende literêre eenheid van die Bybel word as geskiedenis aangebied, maar verskeie dinge verbaas die verklaarder:
 - a. Mesopotamiese parallelle
 - b. Oosterse letterkundige tegnieke (skynbaar twee weergawes van die skeppingsverhaal)
 - c. ongewone gebeure
 - (1) vrou geskep uit 'n "ribbebeen"
 - (2) 'n pratende slang
 - (3) 'n boot met twee van elke diersoort vir 'n jaar lank aanboord
 - (4) vermenging van engele en mense
 - (5) lang lewens van mense
 - d. woordspel met die name van die hoofkarakters (vgl. K. 3)
 4. Christene moet herinner word van hoe die NT Gen. 1 en 2 in die lig van Christus herinterpreteer. Hy is die Vader se agent in die skepping (vgl. Joh. 1:3,10; 1 Kor. 8:6; Heb. 1:2) van beide die sigbare en die onsigbare dimensies (vgl. Kol. 1:16). Hierdie nuwe openbaring wys hoe noodsaaklik dit is dat daar in Gen. 1-3 gewaak word teen te letterlike opvattinge. Die Triniteit is betrokke by die skepping.
 1. God die Vader in Genesis 1:1
 2. God die Gees in Genesis 1:2
 3. God die Seun in die NT deur progressiewe openbaringDit verduidelik moontlik die MEERVOUDE in Genesis 1:26; 5:1,3; 9:6

- B. Genesis 1-11 is nie ‘n wetenskaplike dokument nie, maar op sekere maniere weerspieël die moderne wetenskap die aanbieding daarvan (die volgorde van die skepping en geologiese vlakke). Dit is nie anti-wetenskaplik nie, maar voor-wetenskaplik. Dit bied waarheid:
1. vanuit ‘n aardse perspektief (‘n menslike ooggetuie op hierdie planeet)
 2. vanuit ‘n fenomenologiese perspektief (d.w.s. die vyf sintuie; die manier waarop dinge vir die menslike toeskouer voorkom)
- Dit het oor baie jare vir baie kulture as ‘n onthuller van waarheid opgetree. Dit bied waarheid aan ‘n moderne wetenskaplike kultuur, maar sonder om die gebeure spesifiek te verduidelik.
- C. Dit is ongelooflik bondig, pragtig beskryf en kunstig gestruktureer.
1. dinge verdeel
 2. dinge ontwikkel
 3. vanaf chaos tot ‘n fisiese planeet vol lewe
- D. Die sleutels tot die verstaan daarvan word gevind in
1. die genre
 2. die verhouding tot sy eie dag (sien John H. Walton, *The Lost World of Genesis One*)
 3. die struktuur
 4. die monoteïsme
 5. die teologiese doel
- Verklaring moet ‘n balans handhaaf tussen:
1. ‘n eksegeese van die verse
 2. ‘n sistematiese verstaan van alle Skrif
 3. spesifieke genre
- Dit onthul die oorsprong van fisiese dinge (“en dit was baie goed,” vgl. 1:31) en die korrupsie van hierdie dinge (vgl. hoofstuk 3). Op baie maniere is die Christus-gebeurtenis ‘n nuwe skepping en Jesus is die nuwe Adam (vgl. Rom. 5:12-21). Die nuwe tydperk mag uiteindelik ‘n herstel van die tuin van Eden tesame met die intieme vertrouensvriendskap met God en die diere wees (vergelyk Gen. 1-2 met Openb. 21-22).
- E. Die groot waarheid van hierdie hoofstuk is nie hoe of wanneer nie, maar wie en hoekom!
- F. Genesis weerspieël ware kennis, maar nie volmaakte kennis nie. Dit word aan ons gegee in ‘n antieke (Mesopotamiese) denkvorm, maar dit is onfeilbare teologiese waarheid. Dit is verwant aan sy dag, maar is ook heeltemal uniek. Dit spreek van die onuitdrukbare, en tog is dit eerlik. Basies is dit ‘n wêreldsiening (wie en hoekom), nie ‘n wêreldbeeld (hoe en wanneer) nie.
- G. Sonder Genesis 1-3 is die Bybel onverstaanbaar. Let op hoe vinnig die storie beweeg van (1) sonde tot verlossing en (2) mensheid tot Israel. Die skepping vorm ‘n integrale, maar vlietende deel van die vertelling van God se uitverkiesing van Israel om wêreldwye verlossing te bewerkstellig (vgl. Gen. 3:15; 12:3; 22:18; Eks. 19:5-6 en Joh. 3:16; Han. 3:25; Gal. 3:8; 1 Tim. 2:4; 2 Pet. 3:9).
- H. Jou antwoord op die vraag: “Wat is die doel van inspirasie en openbaring?” sal jou siening van Genesis 1 beïnvloed. Indien jy aanvaar die doel is die oordrag van feite oor die skepping, dan sal jy dit op een manier sien (d.w.s. voorstellingswaarhede). Indien jy voel dit kommunikeer algemene waarhede oor God, die mensdom en sonde, dan sal jy dit moontlik teologies sien (d.w.s. paradigmatis). Indien jy egter die basiese doel van die skepping as die vestiging van ‘n verhouding tussen God en die mensdom ervaar, huldig jy moontlik ‘n ander siening (d.w.s. eksistensiële).

- I. Hierdie afdeling van Genesis is sekerlik teologies. Soos die plaag van die Eksodus JHWH se mag oor die natuurgode van Egipte bewys het, toon Genesis 1,2 moontlik JHWH se krag oor die sterregode van Mesopotamië. Die belangrikste onderwerp is God. God alleen het dit vir sy eie doeleindes gedoen.
- J. Ek verbaas my oor my eie onkunde! Ek is geskok deur my eie geskiedkundige, kulturele en denominasionele kondisionering! Wat ‘n magtige God dien ons nie! Wat ‘n asemrowende God het na ons uitgereik (selfs in ons opstandigheid)! Die Bybel is ‘n balans tussen liefde en mag; genade en geregtigheid! Hoe meer ons weet hoe meer weet ons ons weet nie!
- K. Hier is die basiese benaderings van ‘n aantal nuttige boeke:
1. Genesis 1-2 verklaar aan die hand van die moderne wetenskap:
 - a. Bernard Ramm se *The Christian View of Science and Scripture* (wetenskaplik en teologies goed)
 - b. Hugh Ross se *Creation and Time* en *The Genesis Question* (wetenskaplik goed, maar teologies swak)
 - c. Harry Peo en Jimmy Davis se *Science and Faith: An Evangelical Dialogue* (baie nuttig)
 - d. Darrel R. Falk, *Coming to Peace with Science: Bridging the Worlds Between Faith and Biology* (evangeliese benadering tot teïstiese evolusie)
 - e. Francis S. Collins, *The Language of God*
 - f. Fazale Rana en Hugh Ross, *Who Was Adam?*
 2. Genesis 1-2 verklaar aan die hand van antieke Nabye-Oosterse parallele
 - a. R. K. Harrison se *Introduction to the Old Testament* en *Old Testament Times*
 - b. John H. Walton se *Ancient Israelite Literature in its Cultural Context*
 - c. K. A. Kitchen se *Ancient Orient and Old Testament*
 - d. Edwin M. Yamauchi se *The Stones and the Scriptures*
 3. Genesis 1-2 verklaar aan die hand van teologie uit LaSor, Hubbard en Bush se *Old Testament Survey*
 - a. “Letterkundige middele is ook te vinde in die name wat gebruik word. Die ooreenstemming van die naam met die persoon se funksie of rol is treffend in verskeie gevalle. Adam beteken ‘menschdom’ en Eva is ‘(sy wat) lewe (gee)’. Wanneer die skrywer van ‘n verhaal die hoofkarakters Menschdom en Lewe noem word daar sekerlik iets oorgedra oor die graad van letterlikheid wat bedoel word! In dieselfde sin beteken Kain ‘smelter (van metale)’; Henog word verbind met ‘toewyding, inseëning’ (4:17; 5:18); Jubal met horing en trompet (4:21); terwyl Kain, verdoem om ‘n *nād*, ‘n ‘dwaler’, te wees, gaan om in die land van *Nod* te woon, ‘n naam wat ooglopend van dieselfde Hebreeuse wortel ontleen – dus die land van dwaling! Dit suggereer dat die skrywer as ‘n kunstenaar skryf, ‘n verhaler wat literêre middele en kunsgreep gebruik. Die leser moet probeer bepaal wat sy bedoelde lering is met die literêre tegnieke wat gebruik word,” bl. 72.
 - b. die teologiese implikasie van Gen. 1-11:

“*Implication for Gen. 1-11*. Erkennung van die literêre tegniek en vorm en kennisname van die literêre agtergrond van hfste. 1-11 bevraagteken nie die realiteit, die ‘gebeurtenis’, of the feite wat uitgebeeld word nie. Dit is nie nodig om hierdie vertelling as ‘n mite te beskou nie; dit is egter ook nie ‘geskiedenis’ in die moderne sin van ooggetuie, objektiewe rapportering nie. Dit dra eerder teologiese waarhede van gebeure oor in ‘n grotendeels simboliese, sketsende literêre genre. Dit beteken nie dat Gen. 1-11 geskiedkundige valshede oordra nie. Daardie gevolgtrekking sou volg slegs indien dit aanvoer dat dit objektiewe beskrywings bevat. Die blatante bewyse wat reeds bespreek is, toon dat dit nie die bedoeling was nie. Nietemin, die siening dat die waarheid wat deur hierdie hoofstukke oorgedra word geen objektiewe basis het nie, is verkeerd. Hulle bevestig fundamentele waarhede: skepping van alle dinge deur God;

- spesiale goddelike inmenging in die vervaardiging van die eerste man en vrou; eenheid van die mensheid; uitmuntendheid van die geskape wêreld, insluitende die mensheid; intrede van sonde deur die ongehoorsaamheid van die eerste paartjie; sedeloosheid en buitensporige sonde ná die sondeval. Al hierdie waarhede is feite en hulle sekerheid impliseer die werklikheid van die feite. Anders gestel, die Bybelse skrywer gebruik sulke literêre tradisies om unieke oergebeure te beskryf wat geen tydsbepaalde, mensbepaalde, ervaringgebaseerde historiese analogie het nie en dus slegs deur simboliek beskryf kan word. Dieselfde probleem doen hom voor aan die einde van tyd: die Bybelse skrywer gebruik in die boek van Openbaring die esoteriese beeldspraak en betrokke literêre kunstgreep van apokaliptiek,” bl. 74.
- c. Indien dit waar is dat ‘n enkele taal gepraat is in Gen. 1-10 (vgl. Samuel Noah Kramer, “The Babel of Tongues: A Sumerian Version”, *Journal of the American Oriental Society*, 88:108-11), dan moet dit duidelik gestel word dat dit nie Hebreeus was nie. Daarom kom al die Hebreeuse beeldspraak óf uit Moses se tyd óf van patriargale mondelinge tradisies. Dit bevestig die literêre aard van Gen. 1-11.
4. Ek maak graag ‘n persoonlike aanmerking. Ek is lief vir en waardeer diegene wat die Bybel liefhet en waardeer. Ek is so dankbaar vir mense wat sy boodskap as ‘n geïnspireerde, gesaghebbende boodskap van die een ware God aanvaar. Almal van ons wat die Skrif bestudeer probeer om God met ons verstand te aanbid en te vereer (vgl. Mat. 22:37). Die feit dat ons as individuele gelowiges die Bybel verskillend benader is nie ‘n aspek van ongeloof of opstand nie, maar ‘n teken van opregte verbondenheid en ‘n poging om te verstaan en sodoende God se waarheid in ons lewens toe te pas. Hoe meer ek Genesis 1-11 bestudeer en in dieselfde sin die meeste van die boek van Openbaring, hoe meer sien ek dit as waarheid, maar letterkundig; nie letterlik nie. Die sleutel tot ‘n verstaan van die Bybel is nie my toepassing van ‘n persoonlike filosofiese of hermeneutiese raamwerk op die teks nie, maar my bereidwilligheid om die bedoeling van die geïnspireerde skrywers tot volkome uitdrukking te laat kom. Om ‘n letterkundige passasie te vat en daarvan te vereis om letterlik te wees terwyl die teks self die simboliese en figuurlike aard daarvan bevestig, dwing my vooroordele op ‘n heilige boodskap af. Genre (tipe literatuur) is die sleutel tot ‘n teologiese verstaan van ‘hoe dit alles begin het’ en ‘hoe dit alles sal eindig’. Ek waardeer die opregtheid en verbondenheid van diegene wat, ongeag die rede, gewoonlik persoonlikheidsstipe of professionele opleiding, die Bybel in moderne, letterlike, Westerse kategorieë verklaar terwyl dit inderwaarheid ‘n antieke Oosterse boek is. Deur dit alles probeer ek sê dat ek God dankbaar is vir diegene wat Genesis 1-11 benader met ‘n voorveronderstelling wat ek persoonlik nie deel nie, want ek weet hulle sal mense help, aanvuur en bereik wat soortgelyke persoonlikhede en perspektiewe huldig om ook God se boek lief te hê, te vertrou en toe te pas in hulle lewens! Ek stem egter nie saam dat Genesis 1-11 of die boek van Openbaring letterlik benader moet word nie, ten spyte van die *Creation Research Society* (d.w.s. nuwe aarde) of Hugh Ross se *Reasons to Believe* (d.w.s. ou aarde). Vir my beklemtoon hierdie afdeling van die Bybel die ‘Wie’ en ‘hoekom’, nie die ‘hoe’ en ‘wanneer’ van die skepping nie. Ek aanvaar die moderne wetenskap se opregtheid in die bestudering van die fisiese aspekte van die skepping. Ek verwerp ‘naturalisme’ (d.w.s. alle lewe is ‘n onbeplande ontwikkeling van natuurprosesse), maar sien sonder twyfel ‘proses’ as ‘n geldige en demonstreerbare aspek van ons wêreld en heelal. Ek dink God het ‘proses’ gerig en gebruik. Maar natuurlike prosesse verduidelik nie die verskeidenheid en kompleksiteit van die lewe, nou of in die verlede, nie. Om inderdaad die huidige werklikheid te verstaan het ek die teoretiese modelle van die moderne wetenskap sowel as die teologiese modelle van Genesis 1-11 nodig. Genesis 1-11 is ‘n teologiese noodsaaklikheid om die res van die Bybel te verstaan, maar dit is ‘n antieke, literêre, bondige, kunstige, Oosterse aanbidding, nie ‘n letterlike, moderne, Westerse aanbidding nie.

Gedeeltes van die Bybel is sonder twyfel historiese narratief. Daar is ‘n plek vir die letterlike verklaring van Skrif: Abraham is geroep, daar was ‘n Eksodus, ‘n maagdelike

geboorte, 'n Golgota, 'n opstanding; daar sál 'n wederkoms en 'n ewige koninkryk wees. Die vraag is een van genre, nie werklikheid nie; van skrywersbedoeling, nie persoonlike voorkeur in verklaring nie. Laat alle mense leuenaars wees – en God opreg (vgl. Rom. 3:4)!!!

VIR SPESIALE AANDAG: DIE OUDERDOM EN VORMING VAN DIE AARDE

- I. Hierdie navorsingsveld is bevooroordeel as gevolg van die aannames wat gemaak moet word om eens 'n poging aan te wend om rationeel daarvoor te dink. Die aannames moet die fokus wees van 'n evaluasie van die meningsverskille tussen kosmoloë, geoloë en die verwante wetenskappe wat met teologiese begrip en verklarings vergelyk word.
- II. Wetenskaplike aannames:
 - A. die veranderingskoerse (d.w.s. fisies, chemies en biologies) opgeteken en gemeet op die aarde vandag geld ook vir die verlede (d.w.s. uniformitarianisme, 'die hede is die sleutel tot die verlede')
 - B. radiometriese datering (of absolute datering) wat die kronologiese sleutel tot datering van aardse en kosmiese gebeure is, word deur 'n aantal aannames belemmer:
 1. die oorspronklike samestelling van die rotse (d.w.s. verhouding tussen ouer- en dogter-elemente van onstabiele atomiese elemente)
 2. die spesifieke halflewe van hierdie elemente
 3. temperatuur beïnvloed ook ouer-dogter-persentasies in 'n monster (d.w.s. tyd van vorming en/of vulkaniese magmakamers)
 4. die oorspronklike bron en tydsberekening van die skepping van radioaktiewe elemente is onseker. Huidige teorieë stel dat die swaarder elemente gevorm word deur termokernreaksies in tweede en derde generasie sterre en deur supernovas versprei word.
 - C. dat die ses veronderstelde reeksbeginsels van geologie (genaamd relatiewe datering) paleontologie beïnvloed:
 1. die wet van superposisie – in 'n ongerepte reeks van sedimentsrotse is die boonste beddinglaag jonger as die onderste kloklaag
 2. die beginsel van oorspronklike horisontaliteit – lae rudimentêre rots het op 'n byna horisontale plein tot rus gekom
 3. die beginsel van kruissnitverhoudings – wanneer rotse gesny of versteur word deur 'n fout moet hulle ouer wees as die fout
 4. die beginsel van insluiting – by opeenvolgende rotsmassas is daar gewoonlik stukke van die onderste massa in die boonste vasgelê wat die aanname van #1 bevestig
 5. die beginsel van korrelasie – rotse waarvan die samestelling soortgelyk is, maar van verskillende areas afkomstig is, moet saamgevoeg word; wanneer dit nie moontlik is nie word soortgelyke fossiele gebruik om soortgelyke tye van vorming te toon
 6. die beginsel van fossielopvolging – fossiel-organismes volg mekaar op in 'n besliste en bepaalbare reeks:
 - a. wydverspreide fossiele
 - b. beperk tot 'n kort geologiese tydperk
- III. Aanmerkings deur wetenskaplikes
 - A. Die meeste wetenskaplikes besef dat ware wetenskap 'n navorsingsmetode is wat poog om alle bekende feite en uitskieters tot 'n toetsbare teorie te versoen. Die aard van sekere dinge maak hulle ontoetsbaar.
 - B. Etlike opmerkings deur wetenskaplikes oor wetenskaplike aannames oor hierdie punt:

1. “Die doktrine (d.w.s. uniformitarianisme) behoort nie letterlik opgeneem te word nie. Om te sê dat geologiese prosesse in die verlede dieselfde was as dié wat vandag plaasvind probeer nie aanvoer dat hulle altyd van relatief dieselfde belang was en teen dieselfde koers plaasgevind het nie,” (Tarbuck en Lutgens, *Earth Science*, 6^{de} uitgawe, bl. 262).
2. “Dit is belangrik om te besef dat ‘n akkurate radiometriese datum bepaal kan word slegs as die minerale in ‘n geslote sisteem bly gedurende die tydperk van sy vorming; dit beteken ‘n korrekte datum is nie moontlik tensy daar geen byvoeging of verlies aan ouer- of dogter-isotope plaasgevind het nie,” (*Earth Science*, 6^{de} uitgawe, bl. 276).
3. “Ons wil spoedig beklemtoon dat hierdie uniformiteit ‘n aanname is wat ons maak oor die natuur, dus ‘n doktrine eerder as ‘n logiese beproefde wet,” (Dott en Balten, *Evolution of the Earth*, 4^{de} uitgawe, bl. 44).
4. “Die verrottingskonstante wat kenmerkend is van radioaktiewe verrottingskoerse, en die verhouding tussen isotopiese data en hulle ooreenstemmende radio-isotopiese-ouderdomme is onjuis bekend. Gevolglik is die akkuraatheid van sekere van die mees presiese dateringsmetodes, soos die ⁴⁰Ar/³⁹Ar-tegniek, moontlik ‘n hoeveelheidsorde of meer swakker as hulle presisie,” (“Progress and challenges in geochronology” deur Renne, Ludwig en Karner in *Science Progress* (2000), 83(1), 107).
5. “Mense sonder wetenskaplike opleiding sal moontlik nie verstaan dat enige radiometriese dateringsmetode slegs betroubaar is vir monsters met ouderdomme naby aan die halflewe van die gegewe elemente nie,” (Hugh Ross, *Reasons to Believe* nuusbrief).

IV. Aannames is nie uniek tot die wetenskaplike gemeenskap nie, maar bestaan ook in die geloofsgemeenskap

- A. Mense word aangetrek deur ‘n verenigende beginsel of model om hulle sintuiglike ervaring te korreleer en emosionele stabiliteit te verskaf. In die wetenskap is ‘evolusie’ hierdie verenigende beginsel.
 1. Theodosius Dobzhansky, “Changing man,” *Science*, 155, 409-415: “Evolusie is ‘n proses wat lewe vervaardig het uit nie-lewe, wat die mens uit diere voortgebring het, en wat moontlik verdere ongelooflike dinge sal doen in die toekoms.”
 2. Brian J. Alters en Sandra M. Alters, *Defining Evolution*, bl. 104: “Evolusie is die basiese konteks van alle biologiese wetenskappe. . .evolusie is die verduidelikende raamwerk, die verenigende teorie. Dit is onontbeerlik vir die studie van biologie, nes die atomiese teorie onontbeerlik is vir die studie van chemie.”
- B. Vir baie konserwatiewe Christene het die verenigende teorie (d.w.s. verklaring) ‘n letterlike verklaring van Genesis 1-3 geword. Dit is waar van jong-aarde-letterlikes (*Creation Research Society* beraam die aarde se ouderdom rondom 10,000 jaar) en ou-aarde-letterlikes (*Reasons to Believe* skat die aarde in die lig van moderne geologie sowat 4,6 biljoen jaar oud). Jou interpretasie van Skrif word ‘n lens waardeur alles anders gesien en beoordeel word. Jy kan nie subjektiewe aanname die skuld gee nie, want alle menslike kennis is op die een of ander vlak voor-veronderstellend. Die evaluasie van jou voorveronderstellings is egter kritiek vir ‘n ordentlike evaluasie van hulle ‘waarheid’-stellings.
- C. Fundamentele Christenskap probeer om homself op die ‘wetenskaplike’-argument te verkoop terwyl die sentrale kwessie ‘n hermeneutiese metodologie is. Dit wil nie sê dat ‘moderne evolusionêre wetenskap’ nie voor-veronderstellend is of dat die gevolgtrekkings daarvan nie gevorm word deur ‘n a priori wêreldbeeld nie. Ons moet versigtig en analities te werk gaan met albei. Daar blyk bewyse te wees aan beide kante. Ek moet myself afvra watter perspektief my natuurlik, emosioneel of intellektueel aantrek (d.w.s. selfvullende aanname)?

V. Persoonlike gevolgtrekking

- A. Aangesien ek ‘n teoloog is en nie ‘n wetenskaplike nie, was dit vir my van kardinale belang om soveel as moontlik te lees en te versamel uit die moderne uniformitaristiese wetenskap.

Ek neem nie persoonlik aanstoot aan ‘evolusie’ nie, maar eerder aan ‘naturalisme’ (een definisie wat gewild gemaak is deur Carl Sagan is: “die heelal is alles wat was, alles wat is en al wat ooit sal wees”).

Ek besef dit is ‘n vooroordeel, maar my verenigende teorie is bonaturalisme en die doktrine van spesiale skepping. Steeds ontken ek nie evolusie of voel bedreig daardeur nie. My basiese perspektief is dat daar ‘n persoonlike God is wat die proses begin het en rig met ‘n rede! Vir my word ‘intelligente ontwerp’ ‘n rasonale teorie (vgl. M. J. Behe, *Darwin’s Black Box* en William A. Demski, red. *Mere Creation: Science, Faith and Intelligent Design*). Dit is die ‘ewekansigheid’ van evolusie en die ‘agentloosheid’ van naturalisme wat my persoonlik pynig en verwar. Proses is ‘n ooglopende deel van die lewe. Ek moet sekermaak dat ek nie aanvaar wat gemaklik is sonder evaluasie nie. Ek het probeer om my aannames te identifiseer:

1. Genesis 1-3 (en wat dit betref ook die meeste van die boek van Openbaring) word nie letterlik bedoel deur die oorspronklike skrywer nie. ‘Hoe dit alles begin het’ en ‘hoe dit alles sal eindig’ is verskans (en behoort te wees vir ‘n gevalle mensdom) in literêre genre.
 2. Evolusie is onteenseglik op alle vlakke (‘horisontale evolusie’, ‘mikro-evolusie’, intraspesie evolusie), maar is nie die enigste verenigende faktor vir lewe op hierdie planeet nie en ook nie vir die ontwikkeling van die heelal nie. Daar is geheimenis hier! Ek voel persoonlik gemaklik met die Bybel (d.w.s. spesiale openbaring) se antwoord oor ‘Wie’ en ‘hoekom’ en die natuur (d.w.s. natuurlike openbaring), oftewel moderne wetenskaplike navorsing, se antwoord oor ‘hoe’ en ‘wanneer’ gebaseer op ontwikkelende modelle en teorieë.
 3. Selfs die breekrealiteit van ‘teïstiese evolusie’ sou my nie van my aannames laat afsien nie. Sien Darrel R. Falk, *Coming to Peace with Science: Bridging the Worlds Between Faith and Biology* en Francis S. Collins, *The Language of God*. Ek het geloofsaannames (nes jy)! My wêreldsiening is Bybelse Christenskap. My wêreldbeeld is ‘n groeiende en veranderende begrip.
- B. Die ‘werklike’ ouderdom van die aarde is nie vir my ‘n teologiese kwessie nie, behalwe:
1. die oënskynlike ‘Big Bang’-konsep van universele organisasie van materie wat stel dat ‘n aanvang tot die heelal klaarblyklik die moontlikhede van ‘n onbeperkte tyd vir evolusionêre ontwikkeling (d.w.s. naturalisme) beperk.
 2. die aanvangs- en eindpunte in die fossielrekord mag dui op ‘n ‘onderbroke ewewig’ wat stel dat evolusionêre kans in spronge (moontlik God se aangaande skeppingsaksies) plaasvind en nie noodwendig slegs geleidelike verandering oor tyd beteken nie.
 3. ‘n ou aarde en ‘n onlangse spesiale skepping van mensheid is ‘n voorveronderstellende model wat ek verkies tot ek meer verstaan vanwee my studie van die Bybel, argeologie en die moderne wetenskap. Die volgorde waarin ek hierdie studieverdele lys toon my vooroordeel (maar ons almal het hulle)!
 4. Wetenskap is nie my vyand nie, maar ook nie ‘n redder nie! Dit is so opwindend om in ‘n tyd van vermeerderende kennis te leef! Dit is so vertroostend om ‘n hermeneuties-ingeligte gelowige te wees! Vermenging van geloof en rede, of die Bybel en die Wetenskap, met kredietwaardigheid, is ‘n wonderlike moontlikheid!

VI. Huidige aannames oor die ouderdom van die aarde

- A. Die radiometriese datering van maanrotse en meteoriete is deurgaans 4,6 biljoen jaar. Hulle bevat dieselfde elemente as die planete van die sonnestelsel en die afleiding is dus dat ons son en sy verwante planete, komete en asteroïede ook op hierdie stadium gevorm is. Die oudste aardrotse word radiometries gedateer teen 3,8 biljoen jaar.
- B. ‘n Datum vir die bonatuurlike skepping van die eerste menspaartjie (*Homo sapiens*) is ‘n moeiliker kwessie, maar dit is in die tienduisende, moontlik 40,000. Sien Fazale Rana en Hugh Ross, *Who Was Adam?*

Tyd is slegs ‘n kwessie vir dié van ons wat binne ‘n kronologies-opeenvolgende tydsraamwerk geskep is. God word nie beïnvloed deur die gang van tyd nie. Ek glo die aarde en sy omgewing is geskep oor ‘n gegewe tydperk met die doel om ‘n ‘plek’ te verskaf vir God om in vertrouensvriendskap met sy hoogste skepping, wat deur Hom na sy beeld geskape is, te verkeer. Die enigste bron van hierdie gewaarwordinge is ‘n geïnspireerde Bybel. Hierin is ek geanker terwyl ek die moderne wetenskap toelaat om my begrip van die fisiese aspekte van God se kreatiwiteit te verbreed!

WOORD- EN FRASESTUDIE

OAV TEKS: 1:1-5

¹In die begin het God die hemel en die aarde geskape. ²En die aarde was woest en leeg, en duisternis was op die wêreldvloed, en die Gees van God het gesweef op die waters. ³En God het gesê: Laat daar lig wees! En daar was lig. ⁴Toe sien God dat die lig goed was. En God het skeiding gemaak tussen die lig en die duisternis; ⁵en God het die lig dag genoem, en die duisternis het Hy nag genoem. En dit was aand en dit was môre, die eerste dag.

1:1 “In die begin” *Bereshith* (BDB 912) is die Hebreeuse titel van die boek. Die benaming, *Genesis*, kom uit die Septuaginta-vertaling. Dit merk die begin van die geskiedenis, maar nie van God se aktiwiteite nie (vgl. Mat. 25:34; Joh. 17:5,25; Ef. 1:4; Tit. 1:2; 2 Tim. 1:9; 1 Pet. 1:19-20; Openb. 13:8). Volgens R. K. Harrison behoort dit eerder vertaal te word as: “by wyse van begin” (*Introduction to the Old Testament*, bl. 542 voetnoot 3). John H. Walton, *The Lost World of Genesis One* sê dat dit inleidend is tot ‘n tydperk (bl. 45).

■ **“God”** *Elohim* (BDB 43) is ‘n MEERVOUDSVORM van die algemene naam vir God in die antieke nabye-Ooste, *El* (BDB 42). Wanneer daar verwys word na die God van Israel is die werkwoord gewoonlik ENKELVOUDIG (6 uitsonderings). Die rabbyne sê dat dit spreek van God as skepper, voorsiener en ondersteuner van lewe op die planeet aarde (vgl. Ps. 19:1-6; 104). Let op hoe dikwels hierdie woord in hoofstuk 1 gebruik word.

Ek glo dat hierdie vers ‘n onafhanklike bysin is: Eben Ezra sê dat dit ‘n afhanklike bysin is met die klem op vers 2 terwyl Rashi sê dat vers 2 ‘n tussensin is met die klem op vers 3. Moderne dispensasionele kommentators sê dat vers 1 ‘n afhanklike bysin is om sodoende hulle siening van ‘n voormalige val (die gapingteorie) te ondersteun. Let daarop dat daar geen verduideliking van die oorsprong van God is nie. Dit beklemtoon wel dat God materie geskep het en nie bloot reedsbestaande materie omvorm het nie (Griekse kosmologie). In *Enuma Elish*, ‘n Babiloniese skeppingsverhaal, word Gees (wat goed is) en materie (wat boos is) nes in Griekse denke albei saam as ewigdurend voorgedoen. Die Bybel bespreek of openbaar nie die oorsprong van God nie. Hy het nog altyd bestaan (vgl. Ps. 90:2). Daar is sekerlik geheimenis hier. Die mens kan eenvoudig nie God in sy totaliteit begryp nie!

Hierdie gesprek oor sinsdele is teologies belangrik. Die Joodse Uitgewersgenootskap van Amerika het Gen. 1:1 as ‘n bysin van tyd vertaal: “When God began to create the heaven and the earth – the earth being unformed and void. . .” Hierdie vertaling mag die gevolgtrekking ondersteun dat God en materie saam ewig is, soos in die Griekse kosmologie (vgl. “Creation and Cosmology” in *Encyclopedia Judaica*, vol. 5, bl. 1059). Die Sumeriese weergawe van die skeppingsverhaal, *Enuma Elish*, begin met “when in the beginning. . .” Sien *Vir Spesiale Aandag: Name vir God* by 2:4.

■ **“geskape”** *Bara* (vgl. 1:1,21,27; 2:3,4) is die Hebreeuse WERKWOORD (BDB 135, KB 153, *Qal-PRFEKTUM*) wat uitsluitlik vir God se skeppingsaktiwiteit aangewend word. Sy grondbetekenis is om te vorm deur te sny. God het deur sy wil alles behalwe Homself geskep. Psalm 33:6,9; Heb. 11:3 en 2 Pet. 3:5 stel skepping (kosmologie) deur God se gesproke woord (*fiat*) uit niks (*ex nihilo*), hoewel water nooit geskep word nie (vgl. Gen. 1:2). Griekse (gnostiese) en Mesopotamiese filosofieë

beklemtoon ‘n ewige dualisme tussen ‘gees’ en ‘materie’. Watookal *bara* impliseer, dit beklemtoon God se aktiwiteit en doelstelling!

Die Bybel voer aan dat die skepping ‘n beginpunt het. Een-en-twintigste-eeuse wetenskap sou dit as die ‘big bang’ beskryf. Naturalisme kan nie meer ‘n onbeperkte regressie terug in tyd aanhang nie. Nietemin, Genesis 1 verwys waarskynlik na die begin van ‘n funksionele aarde eerder as na die materiële begin daarvan (John H. Walton, *The Lost World of Genesis One*).

■ **“die hemel”** Die woord “hemel” (BDB 1029) kan op verskeie maniere gebruik word: (1) dit verwys na die atmosfeer van die aarde soos in verse 8 en 20; (2) dit kan verwys na die hele kosmos (d.w.s. alle materie); of (3) dit kan verwys na die skepping van alle sigbare (materie) en onsigbare (engele, die hemel en God se troon) dinge. Indien die derde opsie geld dan sou ‘n parallel in Kol. 1:16 gevind word. Indien nie fokus Genesis 1 op die skepping van hierdie planeet alleenlik. Die Bybel beklemtoon ‘n geosentriese perspektief (d.w.s. die skepping gesien soos ‘n toeskouer op hierdie planeet dit sou gesien het). Daar is diegene wat sou aanvoer dat Gen. 1 met die skepping van die heelal (d.w.s. son, maan, sterre en sonnestelsels) te make het terwyl Gen. 2-3 fokus op hierdie planeet en die skepping van die mens. Dit is sekerlik moontlik, want hoofstukke 2-4 vorm ‘n letterkundige eenheid. In albei (d.w.s. Gen. 1 en 2-4) is die skepping geosentrië (d.w.s. ‘n aardse fokus).

■ **“die aarde”** Die term (BDB 75) kan verwys na ‘n spesifieke land, vasteland of die ganse planeet. Genesis 1 is wel geosentrië (vgl. vers 15). Dit stryk met die teologiese doelwit van die hoofstuk, nie met wetenskap nie. Onthou dat die Bybel geskryf is in beskrywende taal vir teologiese redes. Dit is nie anti-wetenskaplik nie, maar voorwetenskaplik.

1:2 “Die aarde was” Hierdie WERKWOORD (BDB 224, KB 243, *Qal*-PERFEKTUM) kan slegs by uitsondering vertaal word as ‘geword’. Grammatikaal en kontekstueel is ‘was’ verkieslik. Moenie toelaat dat jou (d.w.s. dispensasionele voormillennialistiese) voorveronderstellende teologie van twee valle (die gapingteorie) die eksegeese van hierdie teks beïnvloed nie.

| | |
|-----------|-----------------------------|
| ■ OAV | “woes en leeg” |
| NAV | “heeltemal onbewoonbaar” |
| NASB | “formless and void” |
| NKJV | “without form, and void” |
| NRSV, NJB | “a formless void” |
| TEV | “formless and desolate” |
| NIV | “formless and empty” |
| REV | “a vast waste” |
| SEPT | “invisible and unfurnished” |
| JPSOA | “unformed and void” |

Hierdie twee terme word gebruik in BDB 1062, KB 1688-1690 en BDB 96, KB 111. Impliseer dit water alleenlik? Die aarde ondergaan deurgaans vormveranderinge (d.w.s. tektoniese plate wat eens ‘n oorspronklike vastelandmassa genaamd Pangea gevorm het, het uitmekaar beweeg om verskeie vastelande te vorm). Die vraag word weereens hoe oud die aarde is. Hierdie woorde verskyn saam in Jer. 4:23. Hulle word gebruik in die Sumeriese en Babiloniese weergawes van die skepping, maar in ‘n mitologiese sin. Hierdie stand van sake wys dat God ‘n progressiewe proses gebruik het om ‘n bewoonbare aarde te skep (vgl. Jes. 45:18). Die twee woorde beskryf nie die ontstaan van materie nie, maar ‘n stand van gebrekkige ontwikkeling en funksionaliteit in die skepping (John H. Walton, *The Lost World of Genesis One*, bl. 49). Dit was nie reg vir die mensdom nie!

■ **“duisternis”** Hierdie term (BDB 365) verteenwoordig nie boosheid nie, maar oorspronklike chaos. God benoem die donkerte in vers 5 nes Hy die lig benoem. Hoewel hierdie twee terme dikwels in die Bybel gebruik word om geestelike werklikhede daar te stel, word dit hier bloot aangewend om die oorspronklike fisiese toestand te beskryf.

| | |
|-------|-------------------|
| ▣ OAV | “die wêreldvloed” |
| NAV | “die diep waters” |
| NASB | “the deep” |

Die Hebreeuse woord is *tehom* (BDB 1062 #3, KB 1690-91). ‘n Soortgelyke Semitiese stamwoord word gepersonifiseer as *Tiamat* in die Sumeriese en Babiloniese skeppingsmites as die monster van chaos en die moeder van die gode, vrou van Apsu. Sy het probeer om al die mindere gode wat van haar voortgebring is, te vermoor. Marduk het haar vermoor. Uit haar liggaam het Marduk die hemel en die aarde gemaak in die Babiloniese Genesis, *Enuma Elish*. Die Hebreërs het geglo dat water die ontstaans-element van die skepping was (vgl. Ps. 24:1; 104:6; 2 Pet. 3:5). Daar word nêrens gesê dat dit geskep word nie. Die Hebreeuse term is egter manlik, nie vroulik nie, en is etimologies nie verwant aan Tiamat nie.

Daar is passasies in die OT wat konflik tussen JHWH en gepersonifiseerde waterige chaos beskryf (vgl. Ps. 74:13-14; 89:9-10; 104:6-7; Jes. 51:9-10). Dit gebeur egter altyd in digterlike, metaforiese passasies. Water is van kardinale belang vir die skepping (vgl. 1:2b,6-7).

| | |
|----------------------|---------------------|
| ▣ OAV, NAV | “die Gees van God” |
| NASB, NKJV, TEV, NIV | “the Spirit of God” |
| NRSV, JPSOA | “a wind from God” |
| NJB | “a divine wind” |
| REB | “the spirit of God” |
| SEPT | “a breath of God” |

Die Hebreeuse term, *ruach* (BDB 924) en die Griekse term, *pneuma* (vgl. Joh. 3:5,8) kan ‘gees’, ‘asem’, of ‘wind’ beteken (vgl. Joh. 3:5,8). Die Gees word dikwels met die skepping verbind (vgl. Gen. 1:2; Job 26:13; Ps. 104:29-30; 147:14-18). Die OT verduidelik nie die verhouding tussen God en die Gees baie duidelik nie. In Job 28:26-28; Ps. 104:24 en Spr. 3:19; 8:22-23 gebruik God ‘wysheid’ (‘n vroulike naamwoord) om alle dinge te skep. In die NT word Jesus voorgestel as God se agent in die skepping (vgl. Joh. 1:1-3; 1 Kor. 8:6; Kol. 1:15-17; Heb. 1:2-3). Nes by verlossing is al drie persone van die Godheid betrokke by die skepping. Genesis 1 beklemtoon nie self enige sekondêre oorsaak nie.

| | |
|------------|------------|
| ▣ OAV, NAV | “gesweef” |
| NASB, TEV | “moving” |
| NKJV, NIV | “hovering” |
| NRSV | “swept” |
| NJB | “sweeping” |

Hierdie term (BDB 934, KB 1219, *Piel-DEELWOORD*) het ‘n konnotasie van ‘peinsend’ of ‘aktief rondsweef’ (vgl. JB). Dit is ‘n moeder-voëlwoord (vgl. Eks. 19:4; Deut. 32:11; Jes. 31:5; 40:31; Hos. 3; 11:4). Dit is nie verwant aan die Fenisiese kosmologie wat stel dat die aarde uit ‘n eier gekom het nie; maar ‘n vroulike metafoor vir God se aktiewe ouersorg sowel as die ontwikkeling van sy skepping in hierdie vroeë stadium!

1:3 “En God het gesê” Dit is die teologiese konsep van skepping deur die gesproke woord, deur die Latynse woord, *fiat*, te gebruik (vgl. 9,14,20,24,29; Ps. 33:6; 148:5; 2 Kor. 4:6; Heb. 11:3). Dit is dikwels beskryf as ‘uit niks het materie tot stand gekom deur die gebruik van,’ op bevel van God deur die Latynse frase, *ex nihilo* (vgl. 2 Makk. 7:28), te gebruik. Dit is egter waarskynlik dat Genesis 1 nie oor die oorspronklike skepping van materie gaan nie, maar oor die organisering van bestaande materie (vgl. Joh. H. Walton, *The Lost World of Genesis One*, bl. 54 e.v.)

Hierdie mag van die gesproke woord kan ook gesien word in:

1. die patriargale seëning
2. God se selfvervullende, verlossende woord, Jes. 55:6-13, veral vers 11
3. Jesus as die Woord in Joh. 1:1 en

4. Jesus wat terugkom met 'n swaard met twee snykante in sy mond (vgl. 2 Tes. 2:8; Heb. 4:12; Openb. 1:6; 2:12,16; 19:15,21). Dit is 'n idiomatiese manier van skep deur God se wil deur denke en woorde. Wat God wil hê, gebeur!

▣ **“Laat daar. . .wees”** Hierdie is BEVELE (vgl. verse 3, 6 [twee keer], 9 [twee in betekenis, nie vorm nie], 11, 14, 20 [twee in betekenis, nie vorm nie], 22, 24, 26 [in betekenis, nie vorm nie]).

1:4 OAV “Toe sien God dat die lig goed was”
NAV “God het gesien die lig is goed”
NASB “God saw that the light was good”

Verse 4,10,12,18,21,25,31. Die ganze skepping was goed (vgl. 1:31). Die bose was nie deel van God se oorspronklike skepping nie, maar 'n verdraaiing van die goeie. “Goed” beteken heel moontlik hier ‘pas sy doel’ (vgl. Jes. 41:7) of ‘intrinsiek foutloos’ (BDB 373).

▣ **“God het skeiding maak”** Hierdie WERKWOORD (BDB 95, KB 110, *Hiphil-IMPERFEKTUM*) is kenmerkend van hoe God sy skepping ontwikkel. Hy verdeel (KJV) en begin nuwe dinge (vgl. verse 4,6,7,14,18).

▣ **“lig”** Onthou dat daar nog nie 'n son was nie. Wees versigtig om nie dogmaties oor die tydsverloop te wees nie (d.w.s. 24 uur vir 'n aardse omwenteling wat nie deur die geskiedenis van die aarde 'n konstante was nie).

Lig (BDB 21) is 'n Bybelse simbool vir lewe, reinheid en waarheid (vgl. 33:30; Ps. 56:13; 112:4; Jes. 58:8,10; 59:9; 60:1-3; Joh. 1:5-9; 2 Kor. 4:6). In Openb. 22:5 is daar lig met geen son nie. Let ook daarop dat donkerte geskep word (vgl. Jes. 45:7) en deur God benoem word (vgl. vers 5) wat sy beheer toon (vgl. Ps. 74:16; 104:20-23; 139:12).

John H. Walton, *The Lost World of Genesis One* (bl. 55 e.v.) beweer op grond van verse 4 en 5 dat dit verwys na 'n tydperk van lig' en nie die oorsprong van die son nie.

1:5 “God het. . .genoem” (verse 8,10) Die benoeming toon God se eienaarskap en beheer.

▣ **“En dit was aand en dit was môre”** Hierdie volgorde reflekteer moontlik die bestaan van donkerte voordat lig geskep is. Volgens die rabbyne se verklaring beteken dit dat 'n dag as 'n tydseenheid begin in die aand. Daar was donker en toe was daar lig. Dit word ook in Jesus se tyd weerspieël waar die nuwe dag teen aandskemer begin het.

▣ **“dag”** Die Hebreeuse term, *yom* (BDB 398), kan verwys na 'n periode van tyd (vgl. 2:4; 5:2; Rut 1:1; Ps. 50:15; 90:4; Pred. 7:14; Jes. 4:2; 11:2; Sag. 4:10), maar gewoonlik verwys dit na 'n 24-uur dag (d.w.s. Eks. 20:9-10).

VIR SPESIALE AANDAG: YOM

Teorieë oor die betekenis van *yom* (dag) geneem en aangepas uit dr. John Harris (Dekaan van die Skool van Christelike Studies en Professor van OT by Oos-Texas Baptistiese Universiteit) se OT-Opname I Notaboek:

1. Die Letterlike Tydperk van Vier-en-Twintig-Uur-teorie

Dit is die direkte benadering (vgl. Eks. 20:9-11). Vrae wat uit hierdie benadering spruit:

- a. Hoe was daar lig op dag een as die son eers op die vierde dag geskep is?
- b. Hoe was al die diere (veral dié met 'n oorsprong in ander wêrelddele) benoem in minder as 'n dag (vgl. Gen. 2:19-20)?

2. Die Dag-Era-teorie

Hierdie teorie probeer om die wetenskap (spesifiek geologie) met skrif te versoen. Die teorie stel dat die 'dag' verwys na 'geologiese eras' in lengte. Hulle lengte is ongelyk en hulle benader die verskeie lae beskryf in uniformitaristiese geologie. Wetenskaplikes stem grotendeels saam met die algemene

ontwikkeling van Gen. 1: gas en 'n watermassa het die verdeling van land en see voorafgegaan voor die verskyning van lewe. Plantlewe het voor dierlewe gekom en die mens verteenwoordig die mees onlangse en mees komplekse vorm van lewe. Vrae wat uit hierdie benadering spruit:

- a. Hoe het plante vir 'eeue' gelewe sonder die son?
- b. Hoe het bestuwing plaasgevind in plante as insekte en voëls eers 'eeue' later gemaak is?

3. Die Afwisselende Era-Dag-teorie

Die dae is inderwaarheid vier-en-twintig uur periodes, maar die dae word van mekaar geskei deur eras waartydens dit wat geskep is ontwikkel het. Vrae wat uit hierdie teorie spruit:

- a. Dieselfde probleme as in die dag-era teorie doen hulself voor.
- b. Stel die teks voor dat 'dag' gebruik word om vier-en-twintig uur sowel as 'n era aan te dui?

4. Die Progressiewe Skeppingskatastrofe-teorie

Hierdie teorie lui as volg: tussen Gen. 1:1 en 1:2 was daar 'n onbepaalde hoeveelheid tyd waartydens die geologiese eras plaasgevind het; gedurende hierdie tydperk is die prehistoriese diere waarvan ons deur fossiele weet, geskep; omtrent 200,000 jaar gelede het 'n bonatuurlike ramp plaasgevind wat die meeste van die lewe op aarde vernietig het sodat baie diere uitgesterf het; daarna het die dae van Genesis 1 plaasgevind. Hierdie dae verwys na 'n herskepping eerder as 'n oorspronklike skepping.

5. Die Slegs Eden-teorie

Die skeppingsverhaal verwys slegs na die skepping en fisiese eienskappe van die tuin van Eden.

6. Die Gapingteorie

Na aanleiding van Gen. 1:1 het God 'n volmaakte wêreld geskape. Na aanleiding van Gen. 1:2 is Lucifer (Satan) in beheer van die wêreld geplaas en het in opstand gekom. God het toe vir Lucifer sowel as die wêreld veroordeel deur totale vernietiging. Vir miljoene jare is die wêreld uitgelos en die geologiese jare het verloop. Na aanleiding van Gen. 1:3-2:3 het die ses letterlike vier-en-twintig-uur dae van die herskepping in 4004 v.C.e.³ plaasgevind. Biskop Ussher (1654 n.C.) gebruik die geslagsregisters van Genesis 5 en 11 om die skepping van die mensdom te bereken rondom 4004 v.C.e. Geslagsregisters verteenwoordig egter nie volledige kronologiese skemas nie.

7. Die Heilige Weekteorie

Die skrywer van die boek van Genesis gebruik die konsep van dae en 'n week as 'n literêre tegniek om die heilige boodskap van die aktiwiteite van God in die skepping oor te dra. So 'n struktuur toon die prag en simmetrie van God se kreatiewe werk.

8. Die Kosmiese Tempelinywing

Dit is 'n nuwe siening deur John H. Walton, *The Lost World of Genesis One*, IVP, 2009, wat die ses dae sien as 'n "funksionele ontologie, nie 'n materiële ontologie nie." Dit beskryf God waar Hy 'n funksionele heelal organiseer of daarstel ten bate van die mens. Dit pas die ander antieke kosmologieë. Byvoorbeeld, die eerste drie dae dui op God se voorsiening van "seisoene (d.w.s. tyd)", "weer (d.w.s. vir oeste)" en voedsel. Die herhaalde frase "dit is goed" dui op funksionaliteit.

Die sewende dag sou God beskryf terwyl Hy die ten volle funksionele en bewoonde 'kosmiese tempel' betree as sy regmatige eienaar, kontroleur en regiseur. Genesis 1 het niks te doen met die skepping van materie nie, maar met die organisering van hierdie materie tot 'n funksionele plek vir 'n vertrouensvriendskap tussen God en mens.

Die 'dae' word 'n literêre tegniek om die algemene konsensus van die antieke nabye-Ooste aan te dui, dat:

1. daar geen onderskeid tussen die 'natuurlike' en die 'bonatuurlike' is nie;
2. die godelike betrokke is by elke aspek van die lewe. Israel is nie uniek ten opsigte van haar wêreldsiening nie, maar eerder
 - a. haar monoteïsme
 - b. dat die skepping vir die mens bedoel was, nie vir die gode nie
 - c. dat daar geen konflik tussen die gode of tussen gode en die mens was nie.

Sy het nie haar skeppingsverhaal uit ander ontleen nie, maar deel wel hulle algemene wêreldbeeld.

³ Die afkorting 'v.C.e.' word gebruik vir 'voor Christen era'. Die Engelse B.C.E. kan egter vir 'before current age', 'before Christian age' of 'before common age' gebruik word. Geen afkorting wat per toeval al hierdie gebruikte omvat bestaan in Afrikaans nie.

OAV TEKS: 1:6-8

⁶En God het gesê: Laat daar ‘n uitpansel wees tussen die waters, en laat dit skeiding maak tussen waters en waters. ⁷God het toe die uitpansel gemaak en die waters wat onder die uitpansel is, geskei van die waters wat bo die uitpansel is. En dit was so. ⁸En God het die uitpansel hemel genoem. En dit was aand en dit was môre, die tweede dag.

1:6 Hierdie vers het twee *Qal*-BEVELVORME (“Laat. . .”) van die werkwoord “wees” (BDB 224, KB 243). Dieselfde konstruksie is in verse 14 en 22.

| | |
|------------------|----------------|
| ▣ OAV | “‘n uitpansel” |
| NAV | “‘n gewelf” |
| NASB, NET, JPSOA | “an expanse” |
| NKJV | “firmament” |
| NRSV, TEV | “dome” |
| NJB | “vault” |

Hierdie term (BDB 956, KB 1290) kan beteken ‘om uit te timmer’ of ‘om uit te rek’ soos in Jes. 42:5. Dit verwys na die aarde se atmosfeer (vgl. 2:20) metafories uitgebeeld as ‘n lugkoepel of ‘n omgekeerde bak bo die oppervlak van die aarde (vgl. Jes. 40:22).

▣ **“waters”** Varswater en soutwater is belangrike elemente in nie-Bybelse skeppingsverhale, maar in die Bybel word hulle deur God beheer. Daar word geen onderskeid in Gen. 1 getref tussen soutwater en varswater nie. Die water in die atmosfeer word geskei van die water van die aarde. Ontleding van Gen. 1 toon dat God verskeie dinge van mekaar skei as ‘n proses tot ‘n bewoonde aarde (lig van donker, waters bo van waters onder, waters onder van droeë land, sontyd van maantyd).

▣ **“skeiding. . .tussen waters”** God is in beheer van die waterige chaos (BDB 95, KB 110, *Hiphil*-DEELWOORD). Hy bepaal hulle grense (vgl. Job 38:8-11; Ps. 33:6-7; Jes. 40:12).

1:7 “En dit was so” Watookal God wil het gebeur en gebeur steeds (vgl. 1:9,11,15,24,30).

OAV TEKS: 1:9-13

⁹En God het gesê: Laat die waters onder die hemel hulle op een plek versamel, sodat die droë grond sigbaar word. En dit was so. ¹⁰En God het die droë grond aarde genoem, en die versameling van die waters het Hy see genoem. Toe sien God dat dit goed was. ¹¹En God het gesê: Laat die aarde voortbring grasspruitjies, plante wat saad gee *en* bome wat, volgens hulle soorte, vrugte dra, waarin hulle saad is, op die aarde. En dit was so. ¹²Die aarde het voortgebring grasspruitjies, plante wat saad gee volgens hulle soorte en bome wat vrugte dra, waarin hulle saad is, volgens hulle soorte. Toe sien God dat dit goed was. ¹³En dit was aand en dit was môre, die derde dag.

1:9-10 Die aanvanklike twee WERKWOORDE (BDB 876, KB 1082 en BDB 906, KB 1157) is albei *Niphal*-IMPERATIEWE gebruik as BEVELE. Impliseer dit een kontinent (d.w.s. Pangaea)? Die aarde verander aanhoudend van vorm (d.w.s. tektoniese plate). Die vraag is weereens hoe oud die aarde is. Let ook op hoe God natuurlike fenomene beheer. Daar is geen natuurgode nie!

1:9 “Laat. . .die droë grond sigbaar word” Dit is soortgelyk aan die oorspronklike heilige heuwel van Egiptiese kosmologie. ‘n Ander voorbeeld van hierdie gedeelde ANO-wêreldsiening sou wees dat mense uit klei gemaak is. Dit is algemeen in die skeppingsverhale van Mesopotamië, Egipte en Israel.

1:11-12 Dit was nie veronderstel om ‘n tegniese beskrywing van die oorsprong van all plantelewe te wees nie. Dit verwys skynbaar na drie soorte plante: grasse, graansoorte en vrugte. Die diere sou die eerste en tweede eet; mense sal die tweede en derde eet. God is besig om die aarde stap vir stap voor te

berei as 'n verhoog of platvorm waarop hy sy hoogste skepping, die mens, kan onderhou en met hom in vertrouensvriendskap kan verkeer.

Daar was al verskeie moderne wetenskaplike teorieë oor die orde van die ontwikkeling van plantelewe. Sekere wetenskaplikes sou juis hierdie volgorde voorstel. Maar ons moet versigtig wees, want wetenskaplike teorieë verander. Christene glo nie die Bybel omdat die wetenskap en argeologie 'n saak bevestig nie. Ons glo dit oor die vrede wat ons gevind het in Christus en die Bybel se eie inspirerende uitlatings.

1:11 OAV "Laat die aarde voortbring"
NAV "Laat daar uit die aarde. . .voortkom"
NASB "Let the earth sprout"

Dit is 'n *Hiphil*-BEVELVORM van die werkwoord "voortbring" (BDB 205, KB 233).

■ **"volgens hulle soort"** Die skepping is gestruktureer (vgl. verse 12,21,24,25; 6:20; 7:14) sodat wanneer plante, diere en mense eers geskep is, hulle vanself kan voortplant en aanpas. God het lewe geskep om aanpasbaar te wees. Op hierdie vlak het evolusie tot onderskeie omstandighede sekerlik oor tyd plaasgevind (mikro-evolusie of horisontale evolusie).

Daar is 'n groeiende tendens in die teologie na die konsep van progressiewe skepping, wat beteken dat God moontlik die mens (1) in stadiums geskape het of (2) Adam en Eva op 'n latere stadium ten volle ontwikkel geskape het (vgl. skryfwerk van Bernard Ramm en Hugh Ross).

In teenstelling met die ANO waar tweelinggode van vrugbaarheid aanbid is, dui hierdie op God as die bron van lewe, nie 'n seksuele daad nie. Op baie maniere verkleineer hierdie skeppingsverhaal die gode van die ANO (water; lig/donker; hemelliggame; natuurkragte; en vrugbaarheids gode), nes die plaes van die Eksodus die gode van Egipte verkleineer het. Die enigste inisieerder is die een en enigste God!

OAV TEKS: 1:14-19

¹⁴En God het gesê: Laat daar ligte wees aan die uitspansel van die hemel, om skeiding te maak tussen die dag en die nag; en laat hulle dien as tekens sowel vir vaste tye, asook vir dae sowel as jare. ¹⁵Laat hulle ook dien as ligte aan die uitspansel van die hemel om lig te gee op die aarde. En dit was so. ¹⁶God het toe die twee groot ligte gemaak: die groot lig om te heers oor die dag en die klein lig om te heers oor die nag; ook die sterre. ¹⁷En God het hulle aan die uitspansel van die hemel gestel om lig te gee op die aarde ¹⁸en om te heers oor die dag en oor die nag en om skeiding te maak tussen die lig en die duisternis. Toe sien God dat dit goed was. ¹⁹En dit was aand en dit was môre, die vierde dag.

1:14 "as tekens sowel vir vaste tye, asook vir dae sowel as jare" Die hemelse ligte was veronderstel om feesdae (vgl. 18:14; Lev. 23; Deut. 31:10) en siklusse van rus, werk en aanbidding (vgl. Ps. 104:19-23) aan te toon. Die son is geskep om die kalender en elke dag in segmente te verdeel om mense te help om al hulle verantwoordelikhede na te kom (d.w.s. fisies en geestelik).

1:16 "die twee groot ligte. . .ook die sterre" God is die skepper van die hemelliggame (vgl. Jes. 40:26). Hulle is nie godhede om te aanbid nie (Mesopotamiese sterre-aanbidding, vgl. Deut. 4:19; Eseg. 8:16), maar fisiese slawe (vgl. Ps. 19:1-6). Dit is 'n teologiese stelling!

1:17-18 Die parallelle struktuur van die Hebreeus impliseer drie doeleindes, benewens vers 14.

OAV TEKS: 1:20-23

²⁰En God het gesê: Laat die waters wemel met ‘n gewemel van lewende wesens, en laat die voëls oor die aarde vlieg langs die uitspansel van die hemel. ²¹En God het die groot seediëre geskape en al die lewende wesens wat beweeg, waar die waters van wemel, volgens hulle soorte; en al die gevleuelde voëls volgens hulle soorte. Toe sien God dat dit goed was. ²²En God het hulle geseën en gesê: Wees vrugbaar en vermeerder en vul die waters in die see, en laat die voëls op die aarde vermeerder. ²³En dit was aand en dit was môre, die vyfde dag.

1:20-23 Ongewerweldes verskyn skielik in die Kambriese tydperk in ‘n groot verskeidenheid vorme. Daar is geen fisiese bewyse van ‘n stelselmatige ontwikkeling nie.

Die werkwoorde “wemel” (BDB 1056, KB 1655) en “vlieg” (BDB 733, KB 800) gebruik in vers 20 is albei IMPERFEKTUM aangewend as BEVELE.

1:20 “lewende wesens” Dieselfde woord, *nephesh* (BDB 659), word gebruik vir mense (vgl. 2:7) en diere (vgl. 2:19; Lev. 11:46; 24:18). Dit verteenwoordig lewensdrif (vgl. Eseg. 18:4) verwant aan en afhanklik van hierdie planeet.

▣ **“voëls”** Letterlik is dit ‘vlieënde dinge’ (BDB 733), want in Deut. 14:19-20 kan dit ook verwys na insekte.

1:21 “geskape” Dit is die term, *bara* (BDB 135, KB 153, *Qal*-IMPERFEKTUM), soos in Gen. 1:1. Dit impliseer heilige skepping. Mens en dier word geskep in 1:24-25 wat insinueer dat dit uit reedsbestaande materie was (d.w.s. grond). *Bara* word egter gebruik vir “man” in 1:27 (drie keer).

Hierdie spesiale term word gebruik vir (1) die heelal (of aarde) in 1:1; (2) die seewesens in 1:21; en (3) die mensdom in 1:27.

| | |
|----------------------|--------------------------|
| ▣ OAV, NAV | “die groot seediëre” |
| NASB, NRSV, TEV, NJB | “the great sea monsters” |
| NKJV, NIV | “great sea creatures” |
| LXX, KJV | “great whales” |
| JB | “great sea-serpents” |

Dit verwys moontlik na *leviatan* (BDB 1072, vgl. Ps. 104:26; 148:7; Job 41 e.v.) Soms word die woord geassosieer met Israel se vyande: (1) Egipte, Jes. 51:9; Eseg. 29:3; 32:2 (soms na verwys as ‘Rahab’, vgl. Ps. 89:10; Jes. 51:9) en (2) Babilon, Jer. 51:34. Dit word dikwels geassosieer met kosmiese/spirituele vyande, Job 7:12; Ps. 74:13; Jes. 27:1. Die Kanaänitiese skeppingsverhaal maak hierdie ‘n god wat teen Baäl veg, maar in die Bybel is dit ‘n goeie skepping deur die een ware God.

▣ **“al die gevleuelde voëls”** Dit sluit alles wat vlieg in – voëls en insekte (vgl. Deut. 14:19-20).

1:22 As die plante gemaak is om voort te plant geld dit ook vir die diere. God wil sy planeet vol lewe hê (reeks van *Qal*-IMPERATIEWE [en een BEVEL], vgl. 1:28; 9:1,7). Dit was een van die kwessies (d.w.s. onwilligheid om te verdeel en die planeet te vul) wat tot die opstand van die toring van Babel gelei het (vgl. Gen. 10-11).

BESPREKINGSVRAE

Hierdie is ‘n studiegidskommentaar wat beteken dat jy verantwoordelik is vir jou eie interpretasie van die Bybel. Elkeen van ons moet in die lig wat ons tot ons beskikking het, loop. Jy, die Bybel en die Heilige Gees is prioriteit in interpretasie. Moet dit nie aan ‘n kommentaarskrywer oorlaat nie.

Hierdie vrae word verskaf om jou te help dink oor die grootste kwessies van hierdie gedeelte van die boek. Hulle is veronderstel om gedagteprikkend te wees, nie voorskrywend nie.

1. Wat is die verwantskap tussen die wetenskap en die Bybel?
2. Die regte vrae is die wie en hoekom van die skepping, nie die hoe en wanneer nie. Indien dit waar is, hoe behoort ons Genesis 1-2 te verklaar?
3. Hoe het God die fisiese wêreld geskep? Behoort ons *fiat, ex nihilo* te benadruk as dit poësie is?
4. Wat is die grootste dryfveer van Gen. 1?
5. Hoe is die Bybel soos/anders as ander skeppingsverhale.

‘N AANTAL NUTTIGE BRONNE

- A. *Objectives Sustained* deur Phillip Johnson
- B. *Darwinism on Trial* deur Phillip Johnson
- C. *Creation and Time* deur Hugh Ross
- D. *The Creator and the Cosmos* deur Hugh Ross
- E. *The Genesis Question* deur Hugh Ross
- F. *The Christian View of Science and Scripture* deur Bernard Ramm
- G. *The Scientific Enterprise and Christian Faith* deur Malcolm A. Jeeves
- H. *Coming to Peace with Science* deur Darrel R. Falk
- I. *The Language of God* deur Francis S. Collins
- J. *Who was Adam?* deur Fazale Rana en Hugh Ross

KONTEKSTUELE INSIG TOT GENESIS 1:24-2:3

INLEIDING

- A. In die afgelope twee eeue het OT-kundiges dikwels aangevoer dat Genesis twee skeppingsverhale deur verskillende skrywers wat verskillende Godsname gebruik, oordra. Nietemin:
 1. dit mag ‘n tipies Oosterse literêre vorm wees of ‘n algemene vertelling gevolg deur ‘n meer spesifieke weergawe
 2. Genesis 1:1-2:3 is dalk ‘n opsommende vertelling van die skepping van hierdie planeet en Gen. 2:4-25 van die skepping van die eerste paartjie
 3. dit weerspieël die verskillende aspekte van God se karakter (d.w.s. rabbynse siening)
 - a. *Elohim* – skepper, voorsiener, onderhouer van alle lewe
 - b. *JHWH* – verlosser, redder en verbondsgod van Israel
- B. Daar word klaarblyklik ‘n onderskeid getref tussen God wat skep uit niks en God wat skep deur voort te bring. Voorbeeld: God skep in vers 21, maar in vers 20 vervaardig die water; in vers 25 maak God, maar in vers 24 produseer die aarde. Augustinus het hierdie onderskeid opgemerk en voorgestel dat dit dui op twee skeppingshandelinge: (1) materie en geestelike wesens en (2) hulle organisasie en diversifikasie.

- C. Hierdie passasie leer duidelik dat mense soos die hoër landdiere is: (1) beide het *nephesh*, 1:24 en 2:7; (2) beide is op die sesde dag gemaak, 1:31; (3) beide is geskep uit grond, 2:19; (4) beide eet plante as kos, 1:29-30; (5) beide plant voort. Mense is egter ook soos God: (1) spesiale skepping, 1:26; 2:7; (2) gemaak na die beeld en as verteenwoordiger van God, 1:26; en (3) het heerskappy, 1:26,28.
- D. Genesis 1:26 “Laat Ons. . .” (vgl. 1:26; 3:22; 11:7; 19:24; Jes. 6:8) is reeds baie bespreek. Verskeie teorieë is gevorm:
1. Die meervoud van majesteit (maar nie vroeë voorbeeld in die Bybel of rabbynse literatuur nie)
 2. God wat met Homself en die hemelse engelehoof praat, 1 Kon. 22:19
 3. Dui op meervoudigheid in God en dus voorskaduwing van die Drie-eenheid, 3:22; 11:7; Jes. 6:8; 61:14. Dit moet genoem word dat (a) Elohim MEERVOUD is en (b) heilige persone genoem word in Ps. 2:2; 110:1,4; Sag. 3:8-9,11.
- E. Teorieë oor die betekenis van beeld en gelykenis:
1. Irenaeus en Tertullianus:
 - a. Beeld – fisiese eienskappe van die mens
 - b. Gelykenis – spirituele eienskappe van die mens
 2. Clemens van Alexandrië, Origenes, Atanasius, Hilary, Ambrosius en Johannes van Damaskus
 - a. Beeld – nie-fisiese eienskappe van die mens
 - b. Gelykenis – eienskappe van die mens wat ontwikkel kan word, soos heiligheid of moraliteit, en indien nie ontwikkel word nie verlore gaan.
 3. Die Skolastici (Thomas Aquinas)
 - a. Beeld – menslike rasonele vermoë en vryheid (natuurlik)
 - b. Gelykenis – oorspronklik regverdigheid en bonatuurlike gawes wat met die val verlore gegaan het.
 4. Die Hervormers
 - a. Almal het basies enige onderskeid tussen die twee terme ontken (Gen. 5:1; 9:6).
 - b. Luther en Calvyn het hierdie konsep in verskillende terme uitgedruk, maar kom neer op dieselfde basiese waarheid.
 5. Ek dink hulle verwys na ons (1) persoonlikheid; (2) bewussyn; (3) taalvermoë; (4) wilskrag; en/of (5) moraliteit
- F. Vir Spesiale Aandag: Natuurlike Hulpbronne

VIR SPESIALE AANDAG: NATUURLIKE HULPBRONNE

- I. Inleiding
- A. Die hele skepping is die agterdoek of verhoog vir God se liefdesverhouding met die mens.
 - B. Dit deel in die sondeval (vgl. Gen. 3:17; 6:1 e.v.; Rom. 8:18-20). Dit sal ook deel in die eskatologiese verlossingsplan (vgl. Jes. 11:6-9; Rom. 8:20-22; Openb. 21-22).
 - C. ‘n Sondige mensdom verkrag die natuurlike omgewing met ongelooflike selfsug. Die volgende is ‘n aanhaling uit *The Canon of Westminster* deur Edward Carpenter:

“. . .die mens se onverskrokke aanval, in ‘n globale konteks, op die heelal rondom hom – dit wil sê op God se skepping – ‘n aanval op die lug wat hy besoedel; die natuurlike waterweë wat hy bevuil; die grond wat hy vergiftig; die woude wat hy afkap, onverskillig oor die langtermyn effek van hierdie onverantwoordelike vernietiging. Hierdie aanval is geleidelik en ongekoördineerd. Min aandag word geskenk aan enige natuurlike balans en derhalwe min sin van verantwoordelikheid oor wat een generasie ‘n ander skuld.”

- D. Ons pluk nie alleen die vrugte van besoedeling en oorbenuiting van ons planeet nie, maar ons nageslag sal met nog ernstiger, onomkeerbare gevolge opgesaal wees.

II. Bybelse Gegewens

A. Ou Testament

1. Genesis 1-3

- a. Die skepping was 'n spesiale plek wat God geskep het vir sy vertrouensvriendskap met die mensheid (vgl. Gen. 1:1-25).
- b. Die skepping is goed (vgl. Gen. 1:4,10,12,18,21,25); eintlik baie goed (vgl. Gen. 1:31). Dit was bestem om 'n getuigenis van God te wees (Ps. 19:1-16).
- c. Die mensdom was bestem om die kroon van die skepping te wees (vgl. Gen. 1:26-27).
- d. Die mensdom was bestem om daarvoor te heers (Hebreeus, "om te betree/bewandel") as 'n rentmeester vir God (vgl. Gen. 1:28-30; Ps. 8:3-8; Heb. 2:6-8). God is, en bly, die Skepper/Onderhouer/Verlosser/Heer van die skepping (vgl. Eks. 19:5; Job. 37-41; Ps. 24:1-2; 95:3-5; 102:25; 115:15; 121:2; 124:8; 134:3; 146:6; Jes. 37:16).
- e. Die mensdom se rentmeesterskap word in Gen. 2:15 beskryf: "om dit te bewerk, te onderhou en te bewaak" (vgl. Lev. 25:23; 1 Kron. 29:14).

2. God het die skepping lief – veral diere

- a. Mosaïese wetgewing vir regte behandeling van diere
- b. YHWH speel met Leviatan (Ps. 104:26)
- c. God is besorg oor diere (Jona 4:11)
- d. die natuur aanwesig in die eskatologiese gebeure (Jes. 11:6-9; Openb. 21:22)

3. Tot 'n mate verheerlik die natuur vir God (Ps. 19:1-6; Ps. 29:1-9; Job 37-41)

4. Die natuur is 'n manier hoe God sy verbondsliefde en lojaliteit betoon (Deut. 27-28; 1 Kon. 17; in alle profetiese geskrifte).

B. Nuwe Testament

1. God word gesien as die Skepper. Daar is net een skepper: die Drie-enige God (Elohim, Gen. 1:1; die Gees, Gen. 1:2; en Jesus, NT). Alles anders is geskape.

- a. Han. 17:24
- b. Heb. 11:3
- c. Openb. 4:11

2. God skep deur Jesus

- a. Joh. 1:3, 10
- b. 1 Kor. 8:6
- c. Kol. 1:16
- d. Heb. 1:2

3. In sy preke verwys Jesus indirek na God se sorg vir sy skepping

- a. Mat. 6:26,28-30, voëls in die lug en lelies van die veld
- b. Mat. 10:29, mossies

4. Paulus handhaaf dat alle mense verantwoordelik is vir hulle eie kennis van God in die skepping (d.w.s. natuurlike openbaring, vgl. Rom. 1:19-20; Openb. 21-22).

III. Gevolgtrekking

A. Ons is verbonde aan hierdie natuurorde!

B. Soos alle goeie gawes van God, het die mens die gawe van die natuur misbruik.

C. Hierdie natuurorde is van verbygaande aard. Dit sal tot niet gaan (2 Pet. 3:7). God lei ons wêreld na 'n historiese eindpunt. Sonde sal voortwoeker, maar God het daarvoor perke gestel. Die skepping sal vrygemaak word (vgl. Rom. 8:18-25).

WOORD- EN FRASESTUDIE

OAV TEKS: 1:24-25

²⁴En God het gesê: Laat die aarde lewende wesens voortbring volgens hulle soorte: vee, kruipende diere en wilde diere van die aarde volgens hulle soorte. En dit was so. ²⁵En God het die wilde diere van die aarde gemaak volgens hulle soorte en die vee volgens hulle soorte en al die diere wat op die grond kruip, volgens hulle soorte. Toe sien God dat dit goed was.

1:24 “En God het gesê” *Elohim* (BDB 43) is die antieke meervoudsvorm vir God, dominant in hoofstuk 1. Die etimologie is onseker. Die rabbyne sê dat dit dui op God as skepper, voorsiener en onderhouer van alle lewe op die planeet aarde. Die MEERVOUD blyk van teologiese belang te wees wanneer dit met 1:26; 3:22; 11:7 en die meervoudigheid van die woord “ons” wat in die groot gebed van monoteïsme (Shema) aangetref word, Deut. 6:4-6, verbind word. Wanneer dit vir die God van Israel aangewend word is die WERKWOORD amper altyd ENKELVOUDIG. Die term *elohim* in die OT kan verwys na (1) engele (vgl. Ps. 8:5); (2) menslike regters (vgl. Eks. 21:6; 22:8,9; Ps. 82:1); of (3) ander gode (vgl. Eks. 18:11; 20:3; 1 Sam. 4:8). Sien Vir Spesiale Aandag: Name vir God by 2:4.

▣ **“Laat die aarde. . .voortbring”** Dit (BDB 422, KB 425) is ‘n *Hiphil*-BEVELVORM. ‘n Onderskeid word in Gen. 1 getref tussen God wat deur die gesproke woord uit niks uit skep en dit wat Hy skep deur reproduksie (d.w.s. aanpassing). Vergelyk verse 20 en 21 en verse 24 en 25.

▣ **“lewende wesens. . .volgens hulle soorte”** Verse 24-25 beskryf groot en klein landdiere; wild en getem. Let daarop dat die term “lewende wesens” (BDB 659 en 311) gebaseer is op die term, *nephesh*, dieselfde woord wat vir mense gebruik word in Gen. 2:7. Dit is ooglopend dat die uniekheid van die mensdom nie in die term *nephesh*, wat dikwels in Grieks met ‘siel’ vertaal word, te vinde is nie.

▣ **“kruipende diere”** Dit verwys letterlik na ‘glyende’ of ‘skuiwende’ (BDB 943). Dit is dieselfde woord wat in vers 21 gebruik word: “wat beweeg”. Dit verwys klaarblyklik na alle diere wat nie op hulle bene loop nie of sulke kort bene het dat hulle onmerkbaar is.

▣ **“En dit was so”** God se begeertes is bewaarheid! Sien aantekening by 1:7.

1:25 “Toe sien God dat dit goed was” God se skepping was goed (BDB 373) en word “baie goed” verklaar in 1:31. Dit is moontlik ‘n Hebreeuse idioom wat ‘gangbaar vir ‘n bepaalde doel’ beteken. Teologies spreek dit moontlik ook van die afwesigheid van sonde in God se oorspronklike skepping. Sonde is die gevolg van opstand, nie skepping nie.

OAV TEKS: 1:26-31

²⁶En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis, en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip. ²⁷En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape. ²⁸En God het hulle geseën, en God het vir hulle gesê: Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde, onderwerp dit en heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en oor al die diere wat op die aarde kruip. ²⁹Verder het God gesê: Ek gee nou aan julle al die plante wat saad gee, wat op die hele aarde is, en al die bome waar boomvrugte aan is, wat saad dra. Dit sal julle voedsel wees. ³⁰Maar aan al die diere van die aarde en al die voëls van die hemel en al die kruipende diere op die aarde, waarin ‘n lewende siel is, gee Ek al die groen plante as voedsel. En dit was so. ³¹Toe sien God alles wat Hy gemaak het, en—dit was baie goed. En dit was aand en dit was môre, die sesde dag.

1:26 “Laat Ons. . .maak” Die vorm (BDB 793, KB 889) is *Qal*-IMPERFEKTUM, maar word in ‘n WENSENDE sin gebruik. Daar is reeds baie gesê oor die MEERVOUD, “Ons”. Philo en Eben Ezra sê

dit is “die meervoud van majesteit”, maar hierdie grammatiese vorm kom nie voor tot veel later in die Joodse literêre geskiedenis nie (NET Bybel sê dat dit nie voorkom saam met WERKWOORDE nie, bl. 5); Rashi sê dat dit verwys na die hemelse hof (vgl. 1 Kon. 22:19-23; Job 1:6-12; 2:1-6; Jes. 6:8), maar dit kan nie beteken dat engele ‘n hand in die skepping gehad het of dat hulle die heilige beeld het nie. Andere aanvaar dat dit ‘n aanvangsvorm van die konsep van ‘n Drie-enige God was.

Interessant genoeg is die gode (gewoonlik verwant aan individuele stede) in die Mesopotamiese weergawes van die skeppingsverhaal altyd besig om met mekaar te kompeteer. Hier is egter nie net monoteïsme duidelik nie, maar selfs in die etlike MEERVOUDIGE uitdrukkings is daar harmonie en nie nukkerige onenigheid nie.

■ **“mense”** Dit is die Hebreeuse woord ‘Adam’ (BDB 9), wat ‘n ooglopende woordspeling met die Hebreeuse term vir grond, *adamah*, is (vgl. vers 9). Die term kan ook ‘rooiheid’ impliseer. Baie kundiges glo dat dit verwys na die vorming van die mensdom of die rooi klonte klei van die Tigris/Eufraatriviervallei (vgl. 2:7). Slegs in hierdie aanvangshoofstukke van Genesis word die Hebreeuse term ‘Adam’ gebruik as ‘n eienaam. Die Septuaginta gebruik die woord *anthropos* om hierdie term te vertaal, wat ‘n generiese term is om te verwys na mans en/of vrouens (vgl. 5:2; 6:1,5-7; 9:56). Die meer algemene Hebreeuse term vir man of eggenoot is *ish* (BDB 35, vgl. 2:23, etimologie onbekend) en *ishah* (BDB 61) vir vrou of eggenote.

Op hierdie stadium in my teologiese begrip is dit baie moeilik om die Bybel se weergawe van die skepping van die eerste paartjie te versoen met die fossieloorblyfsels van verskeie soorte tweepotige *Homo erectus*. By sekere graflokasies is ook items begrawe wat ‘n geloof in die hiernamaals wil insinuer. Ek voel nie beledig deur intraspesie-evolusie nie. Indien dit waar is is Adam en Eva primitiewe mense en die geskiedkundige tydlyn van Gen. 1-11 moet radikaal uitgebrei word.

God het moontlik vir Adam en Eva op ‘n veel later stadium geskep (d.w.s. progressiewe skepping) deur hulle ‘moderne’ mense (*Homo sapiens*) te maak. Indien wel vereis hulle verhouding tot Mesopotamiese samelewing ‘n spesiale skepping naby aan die aanvangstadium van kultuur. Ek wil beklemtoon dat dit slegs spekulatief is op hierdie stadium. Daar is soveel wat die moderne mens nie weet oor die antieke verlede nie. Weereens, teologies gesproke is die ‘wie’ en ‘hoekom’ belangrik, nie die ‘hoe’ en ‘wanneer’ nie!

| | |
|-------|--|
| ■ OAV | “na ons beeld, na ons gelykenis” |
| NAV | “as ons verteenwoordiger, ons beeld” |
| NASB | “in Our image, according to Our likeness” |

Die term “beeld” word ook aangetref in 5:1,3; 9:6. Dit word dikwels in die OT gebruik om te dui op afgode (KB 1028 II). Die basiese etimologie is ‘om tot ‘n sekere vorm te timmer’. Daar is deur die geskiedenis van verklaring reeds baie gesê oor die spesifieke betekenis van beeld (BDB 853, KB 1028 #5) en gelykenis (BDB 198). Soortgelyke Griekse terme word gevind in die NT om die mensdom te beskryf (vgl. 1 Kor. 11:7; Kol. 3:10; Ef. 4:24; Jak. 3:9). Myns insiens is hulle sinoniem en beskryf daardie deel van die mens met die unieke vermoë om met God te verkeer. Die Inkarnasie van Jesus toon wat die mens se potensiaal was in Adam en eendag sal wees deur Jesus Christus. Sien *Who was Adam?* deur Fazale Rana en Hugh Ross, bl. 79.

■ **“laat hulle heers”** Dit is letterlik ‘vertrap’ (BDB 853, KB 1190, *Qal*-IMPERFEKTUM gebruik as ‘n BEVEL). Dit is ‘n sterk term wat spreek van die mens se beheer oor die natuur (vgl. Ps. 8:5-8). Dieselfde konsep kom voor in vers 28. Die twee terme, “heers” in verse 26 en 28, en “onderwerp” in vers 28, het dieselfde basiese etimologie wat beteken ‘om op te trap’ of ‘te vertrap’. Alhoewel hierdie WERKWOORDE hard voorkom, reflekteer hulle die beeld van God se heerskappy. Die mens het heerskappy oor die geskepte aarde vanweë sy/haar verhouding met God. Hulle moes heers of oorheers as sy verteenwoordigers, in sy karakter. Mag is nie die teologiese kwessie nie, maar die manier waarop dit uitgeoefen word (vir eiebelang of ten bate van ander)!

Let op die MEERVOUD, wat gesamentlike heerskappy van man en vrou impliseer (vgl. 5:23). Let ook op die MEERVOUDSIMPERATIEWE van vers 28. Die onderhorigheid van die vrou kom

eers ná die val van hoofstuk 3. Die ware vraag is: “Geld hierdie onderhorigheid steeds ná die inhuldiging van die nuwe era in Christus?”

1:27 “En God het. . .geskape” Daar is ‘n drievuldige (*Qal*-IMPERFEKTUM gevolg deur twee *Qal*-PERFEKTUMS) gebruik van die term *bara* (BDB 127) in hierdie vers wat funksioneer as ‘n opsommende stelling sowel as ‘n beklemtoning van God se skepping van die mens as man en vrou. Dit word as poësie gedruk in NRSV, NJB en as sodanig erken in ‘n voetnoot in NIV. Die term *bara* word in die OT uitsluitlik gebruik vir God se skeppingsaktiwiteit.

▣ **“na sy beeld”** Dit is verskriklik interessant dat die MEERVOUD van vers 26 nou in die ENKELVOUD voorkom. Dit omvat die geheimenis van die meervoudigheid, en tog die eenheid van God. God se beeld (BDB 853) is gelyk in mans en vrouens!

▣ **“man en vrou het Hy hulle geskap”** Ons seksuele eienskap skakel met die behoeftes en omgewing van die planeet. God hou vol met sy verdeling (sien nota by 1:4). Let op die wederkerigheid hier, in 2:18 en 5:2. Ons heilige beeld laat ons toe om ‘n unieke verhouding met God te hê.

1:28 “En God het hulle geseën. . .Wees vrugbaar en vermeerder” Deel van God se seën (BDB 138, KB 159, *Piel*-IMPERFEKTUM) was voortplanting (vgl. Deut. 7:13). Hierdie seën het oor diere (vgl. vers 22) sowel as die mens (vgl. vers 28; 9:1,7) gekom. In die Mesopotamiese skeppingsverhaal is die geraas van die oorbevolking van mense die rede vir die gode om die mens te vernietig. Die Genesis-weergawe moedig populasiegroei aan. Dit is verrassend dat een van die eerste opstandige aksies (vgl. Gen. 10:11) die mens se onwilligheid was om te verdeel en die aarde te vul.

▣ **“onderwerp dit en heers”** Daar is twee bevele in die Hebreeuse teks wat parallel staan met “Wees vrugbaar en vermeerder” (reeks van drie *Qal*-IMPERATIEWE). Dit verklaar die mens se seksualiteit sowel as menslike heerskappy, God se wil.

Albei die Hebreeuse woorde, “onderwerp” (BDB 461, KB 460) en “heers” (BDB 921, KB 1190) kan ‘n negatiewe (d.w.s. wrede heerskappy) konnotasie hê. Die spesifieke konteks moet bepaal of die betekenis goedgegunstig of aggressief is.

1:29 Die planteryk is verdeel in drie verskillende groepe. Die voedselketting begin met fotosintese in plante. Alle aardse dierelewe is afhanklik van die wonder van plantelewe. In hierdie vers word die mens die graan en die vrugte gegee as kos (vgl. 2:16; 6:21), terwyl die derde groep, die grasse, vir die diere gegee word. Dit was eers ná die vloed wat mense toegelaat is om vleis te eet (vgl. Gen. 9:3). Dit mag saamhang met die feit dat ‘n oes nie daardie jaar moontlik was nie. Dit is teologies onvanpas om universele voedselwetgewing op Gen. 1 te baseer.

Dit is ook moontlik dat hierdie beskrywing slegs van toepassing was op die tuin van Eden. Dood en karnivore dateer terug tot die vroegste fossiele van die Kambriese laag 500,000 jaar gelede waar die fossielrekord van lewe begin oorloop.

1:30 “gee Ek al die groen plante as voedsel” Die dryfveer van hierdie stelling is dat alle lewe gebaseer is op die proses van fotosintese (d.w.s. die voedselketting).

1:31 “dit was baie goed” Dit is ‘n uiters belangrike gevolgtrekking vir die skepping, want in latere gnostiese Griekse denke is materie boos en gees goed. In die Griekse sisteem (sowel as sommige Mesopotamiese tekste) is beide materie en gees gesamentlik ewig, wat dien as hulle verduideliking van die probleme op aarde. Maar die Hebreeuse weergawe is baie verskillend. Slegs God is ewig en materie is geskep vir sy doeleindes. Daar was geen boosheid in God se oorspronklike skepping nie, slegs ‘vryheid’!

■ **“dit was aand en dit was môre, die sesde dag”** Dit is belangrik dat, soos die derde dag, die sesde dag twee skeppingsaktiwiteite insluit sodat daar agt skeppingsaksies oor ses dae plaasvind. Die rabbyne begin die nuwe dag teen skemer met hierdie frase as basis: ‘aand en oggend’.

OAV TEKS: 2:1-3

¹So is dan voltooi die hemel en die aarde met hulle ganse leërmag. ²En God het op die sewende dag sy werk voltooi wat Hy gemaak het, en op die sewende dag gerus van al sy werk wat Hy gemaak het. ³En God het die sewende dag geseën en dit geheilig, omdat Hy daarop gerus het van al sy werk wat God geskape het deur dit te maak.

2:1 “die hemel” Hier verwys hierdie term (BDB 1029) na die atmosfeer bo die aarde. In sommige tekste verwys dit na die stergevulde hemel buite die atmosfeer.

■ **OAV** “en die aarde met hulle ganse leërmag”
NAV “en ook die aarde en alles daarop”
NASB “and the earth were completed, and all their hosts”

God se fisiese skepping het volwassenheid bereik (BDB 477, KB 476, *Pual*-IMPERFEKTUM, vers 1 en *Piel*-IMPERFEKTUM, vers 2). Dit was nou gereed vir menslike bewoning. Elke vlak van die skepping het sy gepaste inwoners (d.w.s. ‘gashere’ BDB 838). Dit verwys nie spesifiek na die skepping van engele (tensy 1:1 dit insluit) nie. Hierdie teks gaan oor fisiese skepping.

Die Hebreuse term ‘gashere,’ verwys in sekere kontekste na (1) Mesopotamiese afgodery met betrekking tot die hemelse ligte (d.w.s. son, maan, planete, komete, konstellasies, vgl. Deut. 4:19) of (2) JHWH se engelemag (“leërmag”, vgl. Jos. 5:14), maar hier verwys dit na al die verskillende soorte geskape lewe.

2:2 “op die sewende dag sy werk voltooi wat Hy gemaak het” Dit is baie antropomorfies, maar impliseer nie dat God moeg was of dat Hy permanent opgehou het met sy aktiewe deelname in die skepping en die mensdom nie. Dit is ‘n basiese patroon daargestel vir mense wat gereelde rus en aanbidding nodig het.

■ **“gerus”** Dit is dieselfde Hebreuse stamwoord as ‘sabat’ (BDB 991, KB 1407, *Qal*-IMPERFEKTUM, vgl. Eks. 20:11; 31:12-17). Deuteronomium 5:15 verskaf nog ‘n rede vir die sabbat vir sosiologiese redes, nie teologiese redes soos in Eks. 20:8,11 nie.

Die term word op verskeie verskillende maniere aangewend, veral in die NT-boek van Heb. 3:7-4:11 en sy interpretasie van Ps. 95:7-11. In Hebreus geld die term ‘rus’ vir beide die sabbatsrus, die beloofde land en vertrouensvriendskap met God (hemel). God stel die voorbeeld vir sy spesiale skepping, die mens. Gereelde vriendskapsvertroue tussen God en die mens is die onvermelde, maar kontekstueel sentrale, doel van die skepping!

■ **“die sewende dag”** Dae 1-6 begin met aand en eindig met môre (vgl. 1:3), maar die sewende dag se môre word nooit genoem nie. Daarom het die rabbyne en ook die NT-skrywer van Hebreërs (3:7-4:11) afgelei dat God se rus steeds beskikbaar is (vgl. Ps. 95:7-11).

2:3 “En God het die sewende dag geseën en dit geheilig” Die term “geheilig” beteken ‘heilig gemaak’ (BDB 872, KB 1073, *Piel*-IMPERFEKTUM). Hierdie term word gebruik in die sin dat iets uitgesit word vir God se spesifieke doeleindes. God het baie vroeg ‘n spesiale, gereelde dag uitgesit vir Homself en die mens om saam te wees. Dit beteken nie dat alle dae nie aan God behoort nie, maar een is uniek uitgesit vir samesyn, aanbidding, lofprysing en vernuwende rus.

Die oorsprong van die sewedag-week is verskans in oudheid en misterie. Mens kan sien hoe die maand verwant is aan die fases van die maan en hoe die jaar met die seisoenale verandering skakel, maar ‘n week het geen ooglopende bron nie. Nietemin, elke antieke kultuur waarvan ons weet het klaarblyklik geweet daarvan toe hulle geskrewe geskiedenis begin.

VIR SPESIALE AANDAG: AANBIDDING

I. Inleiding

- A. Etlieke belangrike vrae
 - 1. Wat is aanbidding?
 - 2. Wanneer en hoe het dit posgevat?
 - 3. Wat behels die inhoud?
 - 4. Wie neem deel?
 - 5. Waar en wanneer word dit gedoen?
- B. Hierdie vrae sal die raamwerk vir hierdie studie vorm. Onthou dat daar nie 'n definitiewe antwoord op hierdie vrae is nie, maar daar is wel Skrifimplikasies en historiese ontwikkelinge.

II. Wat is aanbidding?

- A. Die Engelse term kom van die Saksiese term, *weorthscipe*, wat verwys na iemand aan wie eer en respek betoon moet word.
- B. Die belangrikste OT-terme is:
 - 1. *'Abodah* van die Hebreeuse stamwoord wat beteken 'om te dien' of 'om te werk' (BDB 715). Dit word gewoonlik vertaal as 'die diens van God'.
 - 2. *Hishtahawah* van 'n Hebreeuse stamwoord wat beteken 'om te buig' of 'om jouself ondergeskik te stel' (BDB 1005, vgl. Eks. 4:31).
- C. Die belangrikste NT-terme volg die Hebreeuse terme:
 - 1. Vir *'abodah* is daar *latreia*, die status van 'n gehuurde arbeider of 'n slaaf.
 - 2. Vir *hishtahawah* is daar *proskunea*, wat beteken 'om jouself ondergeskik te stel', 'om te vereer' of 'om te aanbid'.
- D. Let daarop dat daar twee areas is waarop aanbidding 'n impak het:
 - 1. ons respekvolle houding
 - 2. ons lewenstylhandelingeHierdie twee moet saamstaan of groot probleme sal volg (vgl. Deut. 11:13).

III. Wanneer en hoe het dit begin?

- A. Die OT stel nie spesifiek die oorsprong van aanbidding nie, maar daar is verskeie wenke in Genesis.
 - 1. God se instelling van die sabbat in Gen. 2:1-3 word later ontwikkel tot die belangrike weeklikse aanbiddingsdag. In Genesis word vermeld dat God 'n presedent gestel het vir menslike rus en aanbidding deur sy aksies en houdings teenoor die weeklikse tydsegment.
 - 2. God se slagting van die diere om klere vir die gevalle paartjie te verskaf om hulle nuutgevalle omgewing in Gen. 3:21 te verduur, berei klaarblyklik die agterdoek vir die gebruik van diere vir menslike behoeftes, wat tot die offerstelsel sou ontwikkel.
 - 3. Kain en Abel se offergawe van Gen. 4:3 e.v. was klaarblyklik 'n algemene verskynsel, nie 'n uitsonderlike gebeurtenis nie. Die gedeelte probeer nie groenteooffers afkeur of diereoffers voorstaan nie. Dit is eerder 'n duidelike voorbeeld van die behoefte aan 'n gepaste houding teenoor God. Dit toon wel dat God op die een of ander manier sy aanvaarding of verwerping kommunikeer.
 - 4. Die heilige Messiaslyn van Set word ontwikkel in Gen. 4:25 e.v. Dit noem die verbondsnaam van God, JHWH, in vers 26 in wat blyk 'n aanbiddingsituasie te wees (hierdie passasie moet versoen word met Eks. 6:3).
 - 5. Noag tref 'n onderskeid tussen rein en onrein diere in Gen. 7:2. Dit skik die agtergrond vir sy offerhande in Gen. 8:20-21. Dit impliseer dat offergawes reeds op 'n vroeë stadium 'n gevestigde praktyk was.

6. Abraham was goed bekend met offerande, wat duidelik is uit Gen. 12:7,8; 13:18; 22:9. Dit vorm sy reaksie op God se teenwoordigheid en beloftes. Klaarblyklik het sy afstammeling die praktyk voortgesit.
7. Die boek van Job is in 'n patriargale milieu (d.w.s. 2000). Hy was bekend met offergawes soos gesien word in Job 1:5.
8. Die Bybelse materiaal verhelder klaarblyklik dat offergawe ontwikkel het uit die mens se ontsag en respek vir God en God se onthulling van prosedures om dit uit te druk.
 - a. Tien Gebooe en Heiligheidskode
 - b. Tabernakel Kultus

IV. Wat behels die inhoud?

- A. Dit is duidelik dat die mens se houding die sleutel is tot offergawe (vgl. Gen. 4:3 e.v.). Hierdie persoonlike element was altyd 'n pilaar in geopenbaarde Bybelse geloof (vgl. Deut. 6:4-9; 11:13; 30:6; Jer. 31:31-34; Eseg. 36:26-27; Rom. 2:28-29; Gal. 6:15).
- B. Nietemin, die mens se respekvolle houding is vroeg reeds gekodifiseer en geritualiseer.
 1. reinigingsrites (verwant aan 'n sin van sonde)
 2. diensrites (feeste, offerandes, geskenke, ens.)
 3. persoonlike aanbiddingsrites (openbare en private gebed en lofprysing)
- C. Wanneer ons 'n inhoudsvraag aanspreek is dit belangrik dat ons bekend is met die drie bronne van openbaring (vgl. Jer. 18:18).
 1. Moses en die kultus (priesters)
 2. Die wyse manne van die Wysheidsliteratuur
 3. Die profete

Elkeen van hierdie dra by tot ons begrip van aanbidding. Elkeen fokus op 'n standvastige en noodsaaklike aspek van aanbidding.

 1. vorm (Eksodus – Numeri)
 2. lewenstyl (Ps. 40:1 e.v.; Mig. 6:6-8)
 3. motief (1 Sam. 15:22; Jer. 7:22-26; Hos 6:6)
- D. Jesus volg die OT-patroon van aanbidding. Hy het nooit die OT gespot nie (vgl. Mat. 5:17 e.v.), maar Hy het wel die Mondelinge Tradisie verwerp soos dit ontwikkel het teen die eerste eeu.
- E. Die vroeë kerk behou Judaïsme vir 'n tyd (d.w.s. tot die rabbynse herlewing en hervorming van 90 n.C.) en begin dan om sy eie uniekheid te ontwikkel, maar oor die algemeen op 'n sinagogiese patroon. Die sentraliteit van Jesus, sy lewe, sy lering, sy kruisiging en sy opstanding neem die plek van die OT-kultus in. Prediking, doop en die nagmaal het sentrale handelinge geword. Die sabbat word verplaas deur die Dag van die Here.

V. Wie neem deel?

- A. Die patriargale kultuur van ANO skik die agterdoek vir die man se leierskapsrol in alle areas van die lewe; insluitende geloof.
- B. Die Patriarg tree as priester op vir sy familie in beide offerande en geloofsonderrig (Joh. 1:5).
- C. Vir Israel het die priester die geloofstake binne 'n publieke, gemeenskaplike aanbiddingsmilieu ingeneem terwyl die vader dieselfde plek in 'n privaat-aanbiddingsessie ingeneem het. Met die Babiloniese Ballingskap (586 v.C.) het die sinagoge en die rabbyne tot 'n sentrale posisie in opleiding en aanbidding ontwikkel. Ná die tempel se vernietiging in 70 n.C. het rabbynse Judaïsme wat uit die Fariseërs ontwikkel het, dominant geword.
- D. In die kerklike milieu word die patriargale patroon onderhou, maar met die bygevoegde klem op vrouens se talente en gelykheid (vgl. 1 Kor. 11:5; Gal. 3:28; Han. 21:9; Rom. 16:1; 2 Tim. 3:11). Die gelykheid word gesien in Gen. 1:26-27; 2:18. Die gelykheid is deur die opstand van Gen. 3 geskaad, maar word herstel in Christus.

Kinders is altyd tot die vertrouensvriendskap van die aanbiddingsituasie ingelei deur hulle ouers. Die Bybel is nietemin gemik op volwassenes.

VI. Waar en wanneer vind aanbidding plaas?

- A. In Genesis gedenk die mens die plekke waar hulle God ontmoet het. Hierdie plekke word altaars. Nadat die Jordaan oorgesteek is ontwikkel verskeie lokasies (Gilgal, Bet-El, Segem), maar Jerusalem word gekies as die spesiale wandelplek van God verbind met die verbondsark (vgl. Deut.)
- B. Landboutye het nog altyd 'n uitwerking gehad op die mens se waardering vir God en sy voorsiening. Ander spesiale behoeftes soos vergifnis, het tot spesiale kultiese dae ontwikkel (d.w.s. Lev. 16, Dag van Boetedoening). Judaïsme ontwikkel gevestigde feesdae – Paasfees, Pinkster en Loofhuttefees (vgl. Lev. 23). Dit laat ook toe vir spesiale geleenthede vir individue (vgl. Eseg. 18).
- C. Die ontwikkeling van die sinagoge verskaf struktuur tot die konsep van Sabbatsaanbidding. Die kerk verander dit tot die Here se Dag (die eerste dag van die week) oënskynlik op Jesus se herhaalde patroon om ná die opstanding op Sondagaande aan hulle te verskyn.
- D. Aanvanklik het die vroeë kerk elke dag byeengekom (Han. 2:46), maar dit is klaarblyklik gou nagelaat ten gunste van privaataanbidding gedurende die week en gemeenskaplike aanbidding op Sondae.

VII. Gevolgtrekking

- A. Aanbidding van God is iets wat die mens uitgevind en gevestig het. Aangidding is 'n aangevoelde behoefte.
- B. Aanbidding is 'n reaksie op wie God is en wat hy vir ons gedoen het in Christus.
- C. Aanbidding behels die hele persoon. Dit is beide vorm en houding. Dit is beide openbaar en privaat. Dit is beide beplan en onbeplan.
- D. Ware aanbidding is 'n uitvloeisel van 'n persoonlike verhouding.
- E. Die nuttigste NT-teologiese passasie oor aanbidding is heel moontlik Joh. 4:19-26.

■ **“maak”** Dit is letterlik ‘makend’. God se kreatiewe aksies gaan voort (BDB 793 1, KB 889, *Qal-
INFINITIEWE KONSTRUK*). God het organiese wesens geskep om te ontwikkel. Die herhaalde frase “wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde” weerspieël God se ontwerp en plan. God het lewende wesens geskep (insluitende die mens) wat hulleself voortplant volgens hulle soort. Juis dit veroorsaak variasies.

GENESIS 2:4-25

PARAGRAAFVERDELING VAN MODERNE VERTALINGS

| NASB | NKJV | NRSV | TEV | NJB | NAV |
|--|-------------------------------|---|-------------------------------------|---|--------------------------------|
| The Creation of Man and Woman 2:4-9 | (1:1-2:7) | The Creation of Man and Woman 2:4b-9 | The Garden of Eden 2:4b-6 2:7 | Paradise, and the Test of Free Will 2:4b-7 | Die mens in die tuin 2:4b-7 |
| | Life in God's Garden 2:8-9 | | 2:8-9 | 2:8-9 | 2:8-9 |
| 2:10-14 | 2:10-14 | 2:10-14 | 2:10-14 | 2:10-14 | 2:10-14 |
| 2:15-17 | 2:15-17 | 2:15-17 | 2:15-17 | 2:15-17 | 2:15-17 |
| 2:18-25 | 2:18-25 | 2:18-25 | 2:18-20 | 2:18-23 | 2:18 2:19 2:20-23 |
| | | | 2:21-24 | (23) | (23) |
| (23) | (23) | (23) | (23) 2:25 | 2:24 2:25 | 2:24 2:25 |

LEESSIKLUS DRIE (sien bl. xvii)

VOLGENS DIE OORSPRONKLIKE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAFVLAK

Hierdie is 'n studiegidskommentaar, wat beteken dat jy verantwoordelik is vir jou eie verklaring van die Bybel. Ons moet elkeen wandel in die lig waaroor ons beskik. Jy, die Bybel en die Heilige Gees is prioriteit in verklaring. Moenie hierdie voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees die paragraaf in een slag deur. Identifiseer die onderwerpe. Vergelyk jou onderwerpverdeling met die ses vertalings hierbo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar is die sleutel tot die oorspronklike skrywer se bedoeling – die hart van verklaring. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Ens.

AGTERGROND

- A. Ek persoonlik verwerp die J (JHWH), E (Elohim), D (Deuteronomium), P (Priesters)-teorie van bronkritiek wat aanvaar dat verskeie outeurs verantwoordelik was vir die OT-boeke van die Pentateug (vgl. *Introduction to Genesis, Modern Scholarship, D.*) Vir meer inligting oor hierdie onderwerp, lees Josh McDowell se *More Evidence that Demands a Verdict* of H. C. Leupold se *Exposition of Genesis*, vol. 1.
- B. Genesis 2:4-25 is 'n spesifieke teologiese uitbreiding van Genesis 1:1-2:3. Dit is 'n algemene Hebreeuse literêre tegniek. Teologies gesproke skik hoofstuk twee die verhoog vir hoofstuk drie.

- C. Genesis 1:31 bekroon die aanvang van ons wêreld met God se bedoeling: ‘goedheid’; 2:1-3 hoort by hoofstuk 1, omdat 1:1-2:3 ‘n literêre eenheid vorm.
- D. Teologies gesproke hou 2:4-25 meer verband met hoofstuk 3 as met hoofstuk 1. Dit skik die literêre verhoog vir Eva se versoeking en sonde, wat verwoestende nagevolge vir die ganse planeet sou hê (vgl. Rom. 5:12-21; 8:18-23).

WOORD- EN FRASESTUDIE

OAV TEKS: 2:4-9

⁴Dit is die geskiedenis van die hemel en die aarde toe hulle geskape is. Dis dag toe die Here God die aarde en die hemel gemaak het, ⁵was daar nog geen struik in die veld op die aarde nie, en geen plante van die veld het nog uitgespruit nie; want die Here God het nog nie laat reën op die aarde nie, en daar was geen mens om die grond te bewerk nie. ⁶Maar ‘n mis het opgetrek uit die aarde en die hele aardbodem bevochtig. ⁷En die Here God het die mens geformeer uit die stof van die aarde en in sy neus die asem van die lewe geblaas. So het dan die mens ‘n lewende siel geword. ⁸Ook het die Here God ‘n tuin geplant in Eden, in die Ooste, en daar aan die mens wat Hy geformeer het, ‘n plek gegee. ⁹En die Here God het allerhande bome uit die grond laat uitspruit, begeerlik om te sien en goed om van te eet; ook die boom van die lewe in die middel van die tuin, en die boom van die kennis van goed en kwaad.

2:4 “Dit is die geskiedenis” Letterlik staan hier ‘hierdie is die generasies’ (BDB 41 plus 410). Hierdie frase is die skrywer se manier om Genesis in literêre segmente te verdeel (vgl. 5:1; 6:9; 10:1; 11:10,27; 25:12,19; 36:1,8; 37:2, d.w.s. dit is die skrywer se manier om ‘n raamwerk vir die boek daar te stel). Sekere kundiges sien dit as inleidend tot ‘n seksie (d.w.s. Derek Kidner) terwyl ander dit as die slot van ‘n gegewe seksie sien (d.w.s. R. K. Harrison en P. J. Wiseman). Albei blyk die geval te wees. Dit is moontlik dat 1:1-2:3 oor die skepping van die kosmos gaan en 2:4-15 fokus op die skepping van die mens, wat kontekstueel verband hou met hoofstukke 3 en 4.

■ **“dag”** Die Hebreeuse term, *yom* (BDB 398), verwys gewoonlik na ‘n periode van 24 uur. Dit dien egter ook as ‘n metafoor vir ‘n langer tydspan (vgl. 2:4; 5:2; Rut 1:1; Jes. 2:11,12,17; 4:2; Ps. 90:4). Vers 4a is moontlik ‘n subtitel terwyl 4b die gesprek begin. Sien Vir Spesiale Aandag by 1:5.

■ **“die Here God”** Dit is letterlik JHWH Elohim, wat die twee mees algemene godsname kombineer. Dit is die eerste keer wat hulle saam gebruik word. Baie moderne kundiges aanvaar dat Gen. 1 en 2 die werk van twee skrywers was op grond van die gebruik van hierdie heilige name. Nietemin, die rabbyne glo dat hulle verwys na die eienskappe van godheid: (1) Elohim as skepper, voorsiener en onderhouer van alle lewe op hierdie planeet (vgl. Ps. 19:1-6) en (2) JHWH as redder, verlosser en verbondsluitende godheid (vgl. Ps. 19:7-14). Teologies impliseer dit die ewiglewende, eniglewende God. Die Jode het bang geword om die heilige naam uit te spreek ingeval hulle die gebooië oor die ydelike gebruik van God se naam oortree. Daarom gebruik hulle eerder die Hebreeuse term, *Adon* (eggenoot, eienaar, meester, here) wanneerookal hulle die teks hardop lees. Dit is hoekom JHWH vertaal word as Here.

VIR SPESIALE AANDAG: NAME VIR GOD

A. *El*

1. Dit is onseker wat die oorspronklike betekenis van dié generiese, antieke godsnaam was. Baie geleerdes is egter van mening dat dit van ‘n Akkadiese stamwoord wat ‘om sterk te wees’ of ‘om magtig te wees’ beteken, afgelei is (vgl. Gen. 17:1; Num. 23:19; Deut. 27:21; Ps. 50:1).
2. In die Kanaänitiese godedom is *El* die hoofgod (Ras Shamra-Tekste).

3. In die Bybel kom *El* nie normaalweg as deel van 'n samestelling met ander terme voor nie. Hierdie kombinasies het 'n manier geword om God se aard te beskryf:
 - a. *El-Elyon* – God die Allerhoogste, Gen. 14:18-22; Deut. 32:8; Jes. 14:14
 - b. *El-Roi* – God wat my sien, Gen. 16:13
 - c. *El-Shaddai* – God die Almagtige, Gen. 17:1; 35:11; 43:14; 49:25; Eks. 6:3
 - d. *El-Olam* – die Ewige God, Gen. 21:33. Die teologie van God se belofte aan Dawid skakel met hierdie naam (2 Sam. 7:13,16).
 - e. *El-Berit* – God van die verbond, Rig. 9:46
4. *El* word vereenselwig met
 - a. *YHWH* in Ps. 85:8; Jes. 42:5
 - b. *Elohim* in Gen. 46:3; Job 5:8. Ek is *El*, die *Elohim* van jou vader...
 - c. *Shaddai* in Gen. 49:25
 - d. “wat onverdeelde trou eis” in Eks. 34:14; Deut. 4:24; 5:9; 6:15
 - e. “genade” in Deut. 4:31; Neh. 9:31; “betroubaar” in Deut. 7:9; 32:4
 - f. “groot en magtig” in Deut. 7:21; 10:17; Neh. 1:5; 9:32; Dan. 9:4
 - g. “kennis” in 1 Sam. 2:3
 - h. “omgord met krag” in 2 Sam. 22:33
 - i. “wat my die oorwinning gee” in 2 Sam. 22:48
 - j. “die Heilige” in Jes. 5:16
 - k. “magtig” in Jes. 10:21
 - l. “my redder” in Jes. 12:2
 - m. “groot en magtig” in Jer. 32:18
 - n. “wat vergeld” in Jer. 51:56
5. In Jos. 22:22 word 'n kombinasie van al die belangrikste OT-godsname aangetref en herhaal (*El, Elohim, YHWH*)

B. *Elyon*

1. Die basiese betekenis is ‘hoog’, ‘verhewe’ of ‘opgehef’ (vgl. Gen. 40:17; 1 Kon. 9:8; 2 Kon. 18:17; Neh. 3:25; Jer. 20:2; 36:10; Ps. 18:3).
2. Dit word parallel gebruik met talle ander godsname:
 - a. *Elohim* – Ps. 47:1-2; 73:11; 107:11
 - b. *YHWH* – Gen. 14:22; 2 Sam. 22:14
 - c. *El-Shaddai* – Ps. 91:1,9
 - d. *El-Num* – 24:16
 - e. *Elah* – dikwels aangewend in Dan. 2-6 en Esra 4-7, gekoppel aan *illair* (Aramees vir ‘Oppergod’) in Dan. 3:26; 4:2; 5:18,21
3. Dit is dikwels gebruik deur nie-Israeliete:
 - a. Melgisedek (Gen. 14:18-22)
 - b. Bileam (Num. 24:16)
 - c. Moses in gesprek oor die nasies (Deut. 23:8)
 - d. Lukas se evangelie in die NT wat gerig is op heidene en ook die Griekse eweknie, *Hupsistos*, gebruik (vgl. 1:32, 35, 76; 6:35; 8:28; Han. 7:48; 16:17)

C. *Elohim* (meervoud), *Eloah* (enkelvoud), meestal aangetref in poësie

1. Hierdie naam word nie buite die OT aangetref nie.
2. Dit kan dui op die God van Israel of die gode van die nasies (vgl. Eks. 12:12; 20:3). Abraham se familie was aanhangers van veelgodery (vgl. Jos. 24:2)
3. Die term *Elohim* is ook gebruik om geestelike wesens soos engele en demone aan te dui (bv. in Deut. 32:8 (LXX); Ps. 8:5; Job 1:6; 38:7). Dit kan ook menslike hooggeplaastes oor die algemeen aandui (Eks. 21:6; Ps. 82:6).
4. In die Bybel is dit die eerste naam vir godheid (vgl. Gen. 1:1). Dit is die enigste godsnaam in gebruik tot Gen. 2:4, waar dit gekombineer word met *YHWH*. Teologies hou dit verband met die basiese gedagte dat God die skepper en onderhouer van lewe op hierdie planeet is (vgl. Ps. 104).

Dit is sinoniem met *El* (vgl. Deut. 32:15-19). Dit kan ook parallel met YHWH aangewend word, soos blyk uit die ooreenstemmende Psalms 14 (*Elohim*) en 53 (YHWH), waartussen die godsname die enigste verskil is.

5. Hoewel dit 'n meervoud is en van ander gode gebruik word, verwys hierdie term dikwels na die God van Israel, maar dan gewoonlik saam met die enkelvoudige werkwoord om die monoteïstiese gebruik aan te dui.
6. Nie-Israëliete gebruik dit ook as naam vir godheid:
 - a. Melgisedek (Gen. 14:18-22)
 - b. Bileam (Num. 24:2)
 - c. Moses wanneer hy oor die nasies praat (Deut. 32:8)
7. Dit is vreemd dat die algemene gebruiksnaam vir die God van Israel in meervoudsvorm is (deur die *-him*-verbuiging)! Hoewel daar geen sekerheid is waarom dit die geval is nie, bestaan verskeie teorieë:
 - a. Hebreeus gebruik dikwels die meervoudsvorm om iets te beklemtoon. Dit hou ook nou verband met die grammatiese verskynsel van “meervoud van verhewenheid” (majesteit), wat later ontwikkel het. Op hierdie manier word 'n konsep beklemtoon of vergroot.
 - b. Dit mag ook van toepassing wees op die vergadering van engele wat voor God in die hemel verskyn om sy bevel uit te voer (1 Kon. 22:19-23; Job 1:6; Ps. 82:1; 89:5-7).
 - c. Dit is selfs moontlik dat die meervoud van verhewenheid in die NT se openbaring van één God in drie persone (Triniteit) weerspieël word. In Gen. 1:1 skep God; volgens vers 2 “sweef” die Gees; en volgens die NT is Jesus God se bemiddelaar (agent) by die skepping (vgl. Joh. 1:3, 10; Rom. 11:36; 1 Kor. 8:6; Kol. 1:15; Heb. 1:2; 2:10).

D. YHWH

1. Die is die naam wat God weerspieël as die verbondmaker – God wat red; wat verlos! Mense verbreek ooreenkomste, maar God hou by sy woord, sy belofte, sy verbond (vgl. Ps. 103).

Hierdie naam kom aanvanklik voor in kombinasie met *Elohim* in Gen. 2:4. Daar is nie twee skeppingsverhale in Gen. 1 en 2 nie, maar wel twee uitgangspunte: (1) God as skepper van die heelal (die fisiese); en (2) God as die spesiale skepper van die mensdom. Met Gen. 2:4 begin die besondere openbaring aangaande die bevoorregte plek en doel van die mensdom, maar daarmee saam die probleem van sonde en rebellie wat met hierdie posisie gepaardgaan.
2. In Gen. 4:26 staan daar geskryf: “In daardie tyd het mense begin om die Naam van die Here (YHWH) aan te roep.” Aan die ander kant impliseer Eks. 3:6 dat die verbondsvolk (die patriarge en hulle families) God net as *El-Shaddai* geken het. Die naam YHWH word net een keer in Eks. 3:13-16 verklaar, veral in vers 14. Daar moet in ag geneem word dat name in die geskrifte van Moses nie etimologies geïnterpreteer moet word nie, aangesien woordspel gebruiklik was (vgl. Gen. 17:5; 27:36; 29:13-35). Verskeie teorieë omtrent die betekenis van dié naam het reeds die lig gesien (geneem uit IDB, vol. 2, bl. 409-11):
 - a. van 'n Arabiese woordstam “om vurige liefde te betoon”
 - b. van 'n Arabiese woordstam “om te blaas” (YHWH as God van storms)
 - c. van 'n Oegaritiese (Kanaänitiese) woordstam “om te praat”
 - d. na aanleiding van 'n Fenisiese inskripsie (tablet), KOUSATIEWE DEELWOORD wat “die Een wat onderhou” of “die Een wat oprig” beteken
 - e. van die Hebreeuse *Qal*-vorm “die Een wat is” of “die Een wat teenwoordig is” (m.b.t. die toekoms “die Een wat sal wees”)
 - f. van die *Hiphil*-vorm “die Een wat laat wees/gebeur”
 - g. van die Hebreeuse stamwoord “om te leef” (voorbeeld uit Gen. 3:20) waaruit “die ewiglewende, die enig-lewende Een” (YHWH) afgelei kan word
 - h. van die verband in Eks. 3:13-16 wat 'n woordspel op die IMPERFEKTUM is: “Ek sal aanhou wees wat Ek vantevore was” of “Ek sal wees wat Ek altyd was” (vgl. J. Wash Watts, *A Survey of Syntax in the Old Testament*, bl. 67)

Die volle naam, YHWH, kom dikwels in afgekorte vorm, of dalk in sy oorspronklike vorm, voor in

- (1) *Yah* (bv. *Hallelu-ja*)
 - (2) *Yahu* (bv. *Jesa-ja*)
 - (3) *Yo* (bv. *Joël*)
3. In latere Judaïsme is hierdie verbondsnaam, die *tetragrammaton* (met vier letters), so heilig geag, dat die Jode bevrees was om dit uit te spreek ingeval hulle die gebod van Eks. 20:7 daardeur sou oortree (vgl. Deut. 5:11; 6:13). Hulle vervang dit toe met die Hebreeuse term vir “eienaar”, “meester”, “eggenoot”, “heer” – *Adon* of *Adonai* (“Heer” of “my Heer”).
4. Soos met *El* is YHWH dikwels met ander terme gekombineer om die wesensaard, of karakter, van die Verbondsgod van Israel te beskryf. Wat hier volg is enkele voorbeelde, maar daar is nog heelwat ander moontlikhede:
- a. *YHWH-Yireh* – YHWH sal voorsien (Gen. 22:14)
 - b. *YHWH-Ropheka* – YHWH wat gesond hou (Eks. 15:26)
 - c. *YHWH-Nissi* – YHWH is my banier/oorwinning (Eks. 17:15)
 - d. *YHWH-Megaddishkem* – YHWH wat heilig maak/afsonder (Eks. 31:13)
 - e. *YHWH-Shalom* – YHWH is vrede/rus (Rig. 6:24)
 - f. *YHWH-Sabaoth* – YHWH die Almagtige (NAV), van die leërskaer (OAV) (1 Sam. 1:3, 11; 4:4; 15:2; kom dikwels voor in die Profete)
 - g. *YHWH-Ro’i* – YHWH is my herder (Ps. 23:1)
 - h. *YHWH-Sidqenu* – YHWH ons geregtigheid (Jer. 23:6)
 - i. *YHWH-Shammah* – YHWH is dáár (48:35)

■ **“die aarde en die hemel”** Die volgorde van hierdie woorde word omgeruil vanaf vers 1, maar die rede is onbekend.

2:5 “struik in die veld” Dit verwys na die wilde plante (vgl. Gen. 21:15; Job 30:4,7).

■ **“plante van die veld”** Dit verwys na gekultiveerde plante.

2:6 “’n mis” Dit (BDB 15, KB 11) is die Akkadiese term vir (1) vloed of (2) vloei van ondergrondse water. Dit beteken moontlik dat daar ‘n vloed was (“het opgetrek uit”, BDB 748, KB 828, *Qal-IMPERFEKTUM*). Die Arabiese parallel is wasem (Eng. *fog*) wat die oorsprong van die vertaling “mis” is. Ons sou praat van ‘n swaar dou.

Dit mag weereens alleenlik die omstandighede in die tuin van Eden weerspieël het. Dit lyk of die geologie die antieke uitwerking van water op die aarde se oppervlak wil bevestig; lank voor die spesiale skepping van Adam en Eva.

| | |
|----------------|--------------------|
| 2:7 OAV | “geformeer” |
| NAV | “gevorm” |
| NASB | “formed” |

Letterlik beteken dit ‘om klei te vorm’ (BDB 427; KB 428, *Qal-IMPERFEKTUM*, vgl. Jer. 18:6). Dit is die derde term wat gebruik word om God se kreatiewe handeling met betrekking tot die mens te beskryf (“maak”, 1:26 (BDB 793, KB 889); “geskape”, 1:27 (BDB 135, KB 153) en “gevorm”, 2:7). Die NT openbaar dat Jesus God se agent in die skepping was (vgl. Joh. 1:3; 1 Kor. 8:6; Kol. 1:16; Heb. 1:2).

■ **“die mens. . . uit die stof van die aarde”** Mens is die Hebreeuse term, Adam (BDB 9), wat (1) ‘n woordspel op die term “rooi” (vgl. Eks. 25:5; 28:17; Num. 19:2; Jes. 63:2; Sag. 1:8) is of (2) “grond” (*adamah*, vgl. vers 6) beteken, moontlik met verwysing na ‘rooi kleikluite’. Dit weerspieël die minderwaardigheid en broosheid van die mens. Daar is ‘n dialektiese spanning hier tussen die mens se verhewe plek (gemaak na die beeld en gelykenis van God) en sy minderwaardige broosheid! Diere

word op dieselfde manier gevorm in vers 19. Dit is ook moontlik dat dit verwys na die mens se oorsprong uit die stof (vgl. Gen. 3:19; Ps. 103; Pred. 12:7). Dit dui op die mens as klei en God as die pottebakker (vgl. Jes. 29:16; 45:9; 64:8; Jer. 18:6; Rom. 9:20-23).

■ **“die asem van die lewe geblaas”** Die WERKWOORD “geblaas” (BDB 655, KB 708) is ‘n *Qal-IMPERFEKTUM*. Die NAAMWOORD “asem” (BDB 675) toon dat God spesiale aandag aan die skepping van die mens gegee het. Nietemin, mense funksioneer steeds fisies soos al die diere op die planeet (d.w.s. haal asem, eet, ontlaas en plant voort). Die mens staan in ‘n unieke hoedanigheid tot God en tog is ons integraal verbonde aan hierdie planeet. Ons natuur is tweeledig (geestelik en fisiek).

■ **“die mens ‘n lewende siel geword”** Mense word ‘n *nephesh* (BDB 659, KB 711-713), maar so-ook die vee (vgl. 1:24; 2:19). Die uniekheid van die mens is God se persoonlike vorming en asemhaling. Mense het nie ‘n siel nie, hulle is ‘n siel! Ons is ‘n eenheid van die fisiese en die geestelike. Ons sal altyd ‘n liggaamlike uitdrukking hê, behalwe in die intermediêre stadium tussen dood en opstanding (vgl. 1 Tes. 4:13-15).

Was Adam ‘n primitiewe of ‘n moderne man? Hoe is hy verwant aan ander hominide van die outyd? Steentydperk-mense was aanwesig in die Karmelgebergte 200,000 jaar gelede. Wanneer is Adam geskep? Is hy die einde van ontwikkeling of is hy die eerste van ‘n spesiale skepping?

2:8 “tuin” Hierdie term (BDB 171) word gebruik in die sin van ‘n geslote park. Die Septuaginta vertaal dit met ‘n Persiese woord: “paradys”.

■ **“in Eden”** In Hebreeus beteken *Eden* ‘genot’ of ‘gelukkige land’ (BDB 727 III, KB 792 II). Let daarop dat die tuin nie ‘Eden’ genoem word nie, maar in Eden geleë is. Dit is duidelik ‘n geografiese ligging, ‘n pleknaam. Die verwante Sumeriese term kan ‘vrugbare terrein’ beteken. Die beskrywing in verse 8,10-14 is baie uitvoerig en is veronderstel om die presiese ligging aan te dui, maar tog bly die geografiese ligging onbekend. Die meeste kommentaarskrywers plaas dit (1) by die mond van die moderne Tigris- en Eufraatriviere of (2) by die oorsprong van hierdie riviere.

Die name van al die riviere strook egter nie met moderne aardrykskunde nie. Dit is onseker hoeveel van die aarde deur die vloed verander is. Die ooreenkomste tussen die Mesopotamiese en Bybelse weergawes sou logies die tuin in Mesopotamië plaas, maar dit is bloot spekulasie. Sien *Who was Adam?* deur Fazale Rana en Hugh Ross, bl. 46.

2:9 OAV “boom van die lewe. . . boom van die kennis van goed en kwaad”
NAV “boom van die lewe. . . boom van alle kennis”
NASB “tree of life. . . tree of the knowledge of good and evil”

Hierdie laaste bysin is moontlik ‘n insetsel (vgl. NET Bybel, bl. 7). Genesis 3:3 impliseer dat daar slegs een boom was, terwyl 3:22 twee bome impliseer. Die boom van die kennis van god en kwaad het geen parallel in ANO-literatuur nie. Hierdie boom was nie magies nie, maar het klaarblyklik vir mense ‘n manier gebied om onafhanklik te wees van hulle skeppende God of het ten minste belowe dat hulle kennis en insig gelykstaande of in kompetisie met dié van God sou verkry. Dit is die kern van sonde. Dit is ook moontlik dat dit Eva ‘n manier gebied het om Adam te oorheers, wat die gemeenskaplikheid van die skepping sou ondermyn.

OAV TEKS: 2:10-14

¹⁰En daar het ‘n rivier uit Eden uitgegaan om die tuin nat te maak; en daarvandaan is dit verdeel en het vier lope geword. ¹¹Die naam van die eerste is die Pison. Dit is hy wat om die hele land Hávila loop waar die goud is. ¹²En die goud van dié land is goed. Daar is ook balsemgom en onikssteen. ¹³En die naam van die tweede rivier is die Gihon. Dit is hy wat om die hele land Kus loop. ¹⁴En die naam van die derde rivier is die Hiddékel. Dit is hy wat oos van Assur loop. En die vierde rivier is die Frat.

2:10 “riviere” Hierdie was ‘vertakkingstrome’ (BDB 625).

2:11 “Pison” Letterlik is dit ‘spuit’ (BDB 810). Dit kan verwys na ‘n antieke waterweg of kanaal in suidelike Mesopotamië genaamd ‘Pisanu’.

▣ **“om. . loop”** Dit beteken letterlik ‘kring rondom’ (BDB 685, KB 738, *Qal*-AKTIEWE DEELWOORD).

▣ **OAV** “Háwila”
NAV “Gawila”
NASB “Havilah”

Letterlik beteken dit ‘sanderige land’ (BDB 296). Dit is nie die een in Egipte nie, maar met Kus verbind in 10:7. Die term word weer gebruik in 10:29 van ‘n sanderige land in Arabië.

2:12 “balsemgom” Dit is moontlik ‘n geurige boomgom (BDB 95). Die betekenis van hierdie term en die volgende een is onseker. Sommige het aangevoer dat dit vertaal moet word as ‘pêrels’ (vgl. Helen Spurrell en James Moffatt se vertaling).

▣ **“onikssteen”** Alle antieke terme vir juwele is baie onseker (BDB 995). Hierdie steen was een van die twaalf stene op die borsplaat van die hoëpriester (vgl. Eks. 28:9). Die juwele van Eden word metafories aangewend in Eseg. 28:13.

2:13 “Gihon” Letterlik is dit ‘borrel’ (BDB 161). Dit mag verwys na ‘n antieke waterweg of kanaal in suidelike Mesopotamië genaamd ‘Guhana’.

▣ **“Kus”** Hierdie term word op drie maniere gebruik in die OT: (1) hier en 10:6 e.v. om te verwys na Kassiete in die ooste van die Tigrisvallei; (2) Hab. 3:8; 2 Kron. 14:9 e.v.; 16:8; 21:16 om te verwys na noordelike Arabië; en (3) gewoonlik om te verwys na Ethiopië of Nubië in Noord-Afrika (BDB 468).

2:14 OAV “Hiddékel”
NAV “Tigris”
NASB “Tigris”
Dit is letterlik ‘Hiddekel’ (BDB 293).

▣ **OAV** “Assur”
NAV “Assirië”
NASB, NKJV, NRSV, TEV “Assyria”
NJB “Ashur”
JPSOA, NIV “Asshur”

Die term (BDB 78) kan verwys na (1) ‘n mense (bv. Num. 24:22,24; Hos. 12:2; 14:4) of (2) ‘n land (vgl. Gen. 2:14; 10:11; Hos. 5:13; 7:11; 8:9; 9:3; 10:6). In hierdie konteks pas #2 die beste.

▣ **OAV** “Frat”
NAV “Eufraat”
NASB “Euphrates”

Letterlik is hierdie ‘perath’. Dit word dikwels “Die Rivier” genoem (vgl. Gen. 15:18; 1 Kon. 4:21,24).

OAV TEKS: 2:15-17

¹⁵Toe het die Here God die mens geneem en hom in die tuin van Eden gestel om dit te bewerk en te bewaak. ¹⁶En die Here God het aan die mens bevel gegee en gesê: Van al die bome van die tuin mag jy vry eet, ¹⁷maar van die boom van die kennis van goed en kwaad, daarvan mag jy nie eet nie; want die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe.

2:15 “om dit te bewerk en te bewaak” Arbeid was die mens se opdrag voor die val, nie ‘n gevolg van die sonde nie. Die term “bewerk” beteken ‘om te dien’ (BDB 712, KB 773, *Qal*-INFINITIEWE KONSTRUK), terwyl “bewaak” beteken ‘om op te pas’ (BDB 1036, KV 1581, nog ‘n *Qal*-INFINITIEWE KONSTRUK). Dit is deel van die verantwoordelikheid van menslike heerskappy. Ons is veronderstel om rentmeesters te wees, nie oorbenueters van die hulpbronne van hierdie planeet nie.

In die Sumeriese en Babiloniese mitologie word die mens altyd geskep om die gode te dien, maar in die Bybel word Adam en Eva gemaak na die beeld van God om te heers oor die skepping. Dit is die enigste werk wat hulle opgedra word en dit het niks te doen met God se behoeftes nie!

2:16 “Van al die bome van die tuin mag jy vry eet” Dit is ‘n *Qal*-infinitiese absoluut IN KOMBINASIE met ‘n *Qal*-IMPERFEKTUM van dieselfde stamwoord (BDB 37, KB 40), gebruik vir klem. God se bevel was nie swaar nie. God was besig om sy hoogste skepping se lojaliteit en gehoorsaamheid te toets (vgl. Gen. 22:1; Eks. 15:22-25; 16:4; 20:20; Deut. 8:2,16; 13:3; Rig. 2:22; 2 Kron. 32:31).

2:17 “die boom van die kennis van goed en kwaad” Hierdie was nie ‘n magiese boom nie. Dit het geen geheime fisiese bestanddeel bevat in sy vrugte om die menslike brein te stimuleer nie. Dit was ‘n toets van gehoorsaamheid en vertrouwe.

Let daarop dat die boom sterkpunte en swakpunte uitgehou het. Dit is vir my ongelooflik wat die mensdom uit die fisiese hulpbronne van hierdie planeet gemaak het. Die mens is ‘n asemrowende skepping met die potensiaal vir goed sowel as kwaad. Kennis bring verantwoordelikheid.

▣ **“kwaad”** Dit is die Hebreeuse term *ra* wat ‘om op te breek’ of ‘te ruïneer’ (BDB 948) beteken. Dit kombineer die aksie en sy nagevolge (vgl. Robert B. Girdlestone se *Synonyms of the Old Testament*, bl. 80).

▣ **“dié dag”** Aangesien Eva en Adam aanhou leef nadat hulle geëet het word “dag” hier gebruik om ‘n tydperioede aan te dui, maar nie spesifiek 24 uur nie (BDB 398).

| | |
|-------|-----------------------------|
| ▣ OAV | “sal jy sekerlik sterwe” |
| NAV | “sterf jy” |
| NASB | “you will surely die” |
| NKJV | “you shall surely die” |
| NRSV | “you shall die” |
| TEV | “you will die the same day” |
| NJB | “you are doomed to die” |

Dit is ‘n INFINITIEWE ABSOLUUT en ‘n VERWANTE AKKUSATIEF, ‘sterf om te sterf’ (BDB 559, KB 562) wat ‘n Hebreeuse grammatikale manier is om klem te plaas. Dit is dieselfde as vers 16. Hierdie struktuur dra verskeie moontlik vertalings (vgl. *Twenty-Six Translations of the Old Testament*). ‘Sterf’ verwys duidelik hier na geestelike dood (vgl. Ef. 2:1) wat uitloop op fisiese dood (vgl. Gen. 5). In die Bybel word drie vlakke van die dood beskryf: (1) geestelike dood (vgl. 2:17; 3:1-7; Jes. 59:2; Rom. 5:12-21; 7:10-11; Ef. 2:1,5; Kol. 2:13a; Jak. 1:15); (2) fisiese dood (vgl. Gen. 5); en (3) ewige dood, ook “die tweede dood” (vgl. Openb. 2:11; 20:6,14; 21:8). Op ‘n manier verwys hierdie na al drie.

OAV TEKS: 2:18-25

¹⁸Ook het die Here God gesê: Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom ‘n hulp maak wat by hom pas. ¹⁹En die Here God het uit die aarde geformeer al die diere van die veld en al die voëls van die hemel en hulle na die mens gebring om te sien hoe hy hulle sou noem. En net soos die mens al die lewende wesens genoem het, so moes hulle naam wees. ²⁰So het die mens dan name gegee aan al die vee en aan die voëls van die hemel en aan al die wilde diere van die veld, maar vir die mens het hy geen hulp gevind wat by hom pas nie. ²¹Toe het die Here God ‘n diepe slaap op die mens laat val; en terwyl hy slaap, het Hy een van sy ribbene geneem en

die plek daarvan met vlees toegemaak. ²²En die Here God bou die rib wat Hy van die mens geneem het, tot ‘n vrou, en bring haar na die mens.

²³Toe sê die mens:

Dit is nou eindelijk been van my gebeente en vlees van my vlees.

Sy sal mannin genoem word, want sy is uit die man geneem.

²⁴Daarom sal die man sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef. En hulle sal een vlees wees. ²⁵En hulle was altwee naak, die mens en sy vrou, maar hulle het hul nie geskaam nie.

2:18 “Dit is nie goed dat die mens alleen is nie” Dit is die enigste plek in hierdie aanvangshoofstukke van die OT waar “nie goed nie” gebruik word. God het ons gemaak om iemand nodig te hê, selfs nog verby vertrouensvriendskap met Hom! Die mens kon nie sy rol as heerser oor die skepping vervul sonder die genootskap van die vrou nie en hy kon ook nie die bevel om te vermeerder en die aarde te vul gehoorsaam nie.

| | |
|-------|---|
| ☐ OAV | “n hulp maak wat by hom pas” |
| NAV | “iemand maak wat hom kan help, sy gelyke” |
| NASB | “a helper suitable for him” |
| NKJV | “a helper comparable to him” |
| NRSV | “a helper as his partner” |
| TEV | “a suitable companion to help him” |
| NJB | “a helper” |

Dit beteken ‘een wat aanvul of voltooi’ (BDB 740 I, KB 811 I). Die NET Bybel het “onmisbare metgesel” (“*indispensable companion*”, bl. 8). Hierdie term word dikwels gebruik om God se hulp te beskryf (vgl. Eks. 18:4; Deut. 33:4,7,29; Ps. 33:20; 115:9-11; 121:2; 124:8; 146:5). Let op die wederkerigheid tussen man en vrou soos in 1:26-27 en die MEERVOUDSIMPERATIEWE van 1:28. Onderwerping word eers ná die val ‘n realiteit (vgl. 3:16). Hierdie spesifieke weergawe van die skepping van die vrou is uniek in ANO-literatuur.

‘n Interessante woordstudie word aangetref in *Hard Sayings of the Bible*, bl. 92-94, waar Walter Kaiser die vertaling “‘n mag (of krag) wat ooreenstem met die man” (of gelyk met die man) vermeld.

2:19 “God het. . .geformeer al die diere van die veld” Sommige verstaan uit hierdie sinsnede dat God die diere gemaak het nadat hy vir Adam gemaak het in wat hulle die tweede skeppingsgeval noem (vgl. Gen. 2:4-25). Die WERKWOORD (BDB 427, KB 428, *Qal*-IMPERFEKTUM) kan vertaal word as ‘het gevorm’ (vgl. NIV). Die tydspek in Hebreeuse WERKWOORDE is konteksgebonde.

Dr. Rich Johnson, Professor van Geloof by Oos-Texas Baptistiese Universiteit, het tydens hersiening van hierdie kommentaar aan my opgemerk:

“Die betekenis van die IMPERFEKTUM met ‘n waw-teenstelling, soos in die geval van hierdie werkwoord, is die eenvoudige verlede tyd. Dit is hoe ‘n reeks van gebeure in Hebreeus gestruktureer word. ‘n Reeks van hierdie tipe werkwoorde vertel gebeure in die volgorde waarin hulle gebeur het. Jy verwys hier na die voorveronderstellings van verklaarders wat die vertaling affekteer. Hier is dit die voorveronderstelling van die NIV-vertalers wat veroorsaak het dat hulle hierdie vers en ook 2:8 misvertaal: ‘Now the Lord God had planted a garden...’ Die NIV-vertalers het aangeneem dat hierdie hoofstuk noodsaaklik met hoofstuk een moet ooreenstem en het dus die normale reëls oor die lees van Hebreeuse narratief nagelaat om daardie aanname te akkommodeer. Die dringende vraag is waar hierdie aanname vandaan kom. Hierdie werkwoord word vertaal as ‘n eenvoudige verlede tyd deur die KJV, ASV, ERV, RSV, NRSV, NASB, ESV, NEB, REB, die NET-vertaling, Young se Letterlike vertaling, die Joodse Uitgewersgenootskap se vertaling, die TANAKH, die New American Bible en die New Jerusalem Bible. Die NIV is die uitsondering.”

■ **“om te sien hoe hy hulle sou noem”** Die WERKWOORD “noem” (BDB 894, KB 1128) word driekeer gebruik in verse 19 en 20. Name was baie belangrik vir die Hebreërs. Dit toon die mens se gesag en heerskappy oor die diere.

Verwys dit na (1) al die verskillende diere in die hele wêreld, (2) oorspronklike aanvangstipes of (3) die diere van Mesopotamië?

2:21 Hierdie vers versterk die unieke verhouding tussen man en vrou, Adam en Eva (vgl. vers 23). Dit mag ‘n Hebreeuse idioom wees vir samesyn en intimiteit. Die Hebreeuse woord vir ‘rib’ word elders vertaal as ‘sykant’ (BDB 854, KB 1030 I).

Dit is interessant dat R. K. Harrison in sy boek, *Introduction to the Old Testament*, bl. 555-556, aanvoer dat die Hebreeuse woord vir ‘rib’ hier “‘n aspek van die persoonlikheid” beteken, wat ‘n analogie sou vorm met Adam na die beeld en gelykenis van God geskape, om ook aspekte van sy persoonlikheid in te sluit.

Dit is altyd interessant dat ‘n ‘rib’ deel is van die skepping van die vrou in die Sumeriese skeppingsverhaal; van *enki* kom *nin-ti* (vgl. D. J. Wiseman se *Illustrations from Biblical Archaeology*). In hierdie konteks beteken die Sumeriese woord vir rib (d.w.s. *ti*) ook ‘om lewendig te maak’. Eva sal die moeder van alle lewendes wees (vgl. 3:20).

Onthou dat Moses besig was om hierdie hoofstukke te skryf (redigeer of saam te stel) op ‘n veel later stadium. Hierdie is Hebreeuse idiome, maar Hebreeus was nie die oorspronklike gebruikstaal nie.

2:22 “bring haar na die mens” Die rabbyne sê dat God opgetree het as strooijonker.

| | | |
|-------------|-------------|-------------------------|
| 2:23 | OAV | “Mannin. . .man” |
| | NAV | “vrou’ . . .man” |
| | NASB | “Woman. . .Man” |

Hierdie vers is digterlik. Letterlik is hierdie *Ishah* (BDB 35). . . *ish* (BDB 35), ‘n ooglopende klankspel (veral “haar naam *Ishah*”). Adam gee haar ook ‘n naam (of beskryf ten minste Eva se ooreenkomste met homself). Die etimologie is onseker. Gewoonlik verwys *adam* na die mensheid en *ish* na ‘n spesifieke individu.

2:24 “sy vader en moeder verlaat” Hierdie WERKWOORD (BDB 736, KB 806) is ‘n *Qal*-IMPERFEKTUM, moontlik gebruik in ‘n BEVELENDE sin. Die belang van die familie veroorsaak dat die opmerking teruggelees moet word tot by hierdie vroeë geval. Moses bedink sy eie dag en die belang van die familie-eenheid in ‘n uitgebreide familie-lewensituasie. Die huwelik is belangriker as die skoonfamilie!

| | | |
|---|-------------|------------------------------|
| ■ | OAV | “aankleef” |
| | NAV | “saam. . .lewe” |
| | NASB | “cleave” |
| | NKJV | “be joined” |
| | NRSV | “clings” |
| | TEV | “is united with” |
| | NJB | “becomes attached to” |

Dit is ‘n Hebreeuse idioom van lojaliteit, selfs intimiteit (BDB 179, KB 209, *Qal*-PERFEKTUM, vgl. Rut 1:14; Mat. 19:5-6; Ef. 5:31).

■ **“een vlees”** Dit toon die volkome samekoms en prioriteitsverhouding van ‘n getroude paartjie. Die ENKELVOUDsvorm van “een” spreek van die versmelting van twee persone.

2:25 “hulle was altwee naak. . .maar hulle het hul nie geskaam nie” Hierdie hoort by hoofstuk 3. Die implikasie van die frase is dat Adam niks gehad het om van homself, sy eggenoot of sy God weg te steek nie (BDB 101, KB 161, *Hithpolel*-IMPERFEKTUM). Daarom is dit ‘n idioom van onskuld. Dinge sou binnekort verander!

Die feit dat die man en vrou kaal was (BDB 736, BYVOEGLIKE NAAMWOORD) impliseer 'n uiters beheerde omgewing. Dit lei moontlik tot die siening dat die tuin van Eden 'n beskermde en latere, spesiale skepping was, anders as die res van die planeet (d.w.s. progressiewe skepping).

BESPREKINGSVRAE

Hierdie is 'n studiegidskommentaar, wat beteken dat jy verantwoordelik is vir jou eie interpretasie van die Bybel. Elkeen van ons moet loop in die lig wat ons tot ons beskikking het. Jy, die Bybel en die Heilige Gees is prioriteit in interpretasie. Moet dit nie aan 'n kommentaarskrywer oorlaat nie.

Hierdie vrae word verskaf om jou te help dink oor die grootste kwessies van die gedeelte van die boek. Hulle is veronderstel om gedagteprikkelend te wees, nie voorskrywend nie.

1. Word daar 'n onderskeid getref in Genesis 1 tussen God wat skep en God wat voortbring? Indien wel, wat impliseer dit?
2. Hoe is die mens soos die diere? Hoe is die mens soos God?
3. Is die vrou ook na die beeld van God gemaak of slegs na die beeld van Adam?
4. Wat impliseer dit dat die mens die skepping moet onderdruk en beheer?
5. Wat is die verwantskap tussen die stelling: "Wees vrugbaar en vermeerder" en die bevolkingsontploffing?
6. Is dit God se wil dat ons vegetaries moet wees?
7. Is dit onbetaamlik vir die mens om op 'n Sondag te aanbid eerder as op 'n Saterdag in die lig van Gen. 2:2,3?
8. Hoekom is hoofstukke 1 en 2 so eenders, en tog verskillend?
9. Hoekom word Adam as 'n eienaam sowel as 'n generiese naamwoord vertaal?
10. Hoekom word die geografiese Eden in soveel besonderhede beskryf?
11. Noem die drie vorms van Bybelse dood.
12. Wat sê vers 18 oor ons as seksuele wesens?
13. Impliseer "helper" wederkerigheid?

GENESIS 3:1-24

PARAGRAAFVERDELING VAN MODERNE VERTALINGS

| NASB | NKJV | NRSV | TEV | NJB | NAV |
|---------------|--------------------------------|----------------------|--|--|--|
| Cain and Abel | The Temptation and Fall of Man | The Temptation Story | Human Disobedience | The Fall | |
| 3:1-7 | 3:1-8 | 3:1-7 | 3:1 3:2-3 3:4-5 3:6-7 | 3:1-7 | 3:1 3:2-3 3:4-5 3:6-7 |
| 3:8-19 | 3:9-19 | 3:8-19 | 3:8-9 3:10 3:11 3:12 3:13a 3:13b | 3:8-13 | 3:8-9 3:10 3:11 3:12 3:13 |
| (14-16) | (14-16) | (14-16) | God Pronounces Judgment | | |
| (17b-19) | (17b-19) | (17b-19) | 3:14-15 | 3:14-16 (14-16) 3:17-19 (17-19) | 3:14-16 (14-16) 3:17-19 (17-19) |
| 3:20-21 | 3:20-24 | 3:20-21 | 3:20-21 Adam and Eve Are Sent Out of the Garden | 3:20-24 | 3:20-21 |
| 3:22-24 | | 3:22-24 | 3:22-24 | | 3:22 3:23-24 |

LEESSIKLUS DRIE (sien bl. xvii)

VOLGENS DIE OORSPRONKLIKE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAFVLAK

Hierdie is 'n studiegids kommentaar, wat beteken dat jy verantwoordelik is vir jou eie verklaring van die Bybel. Ons moet elkeen wandel in die lig waaroor ons beskik. Jy, die Bybel en die Heilige Gees is prioriteit in verklaring. Moenie hierdie voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees die paragraaf in een slag deur. Identifiseer die onderwerpe. Vergelyk jou onderwerpverdeling met die ses vertalings hierbo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar is die sleutel tot die oorspronklike skrywer se bedoeling – die hart van verklaring. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Ens.

INLEIDING

- A. Genesis 3 is sentraal tot begrip van die probleem van boosheid en lyding in ons wêreld. Dit is verrassend dat die meerderheid rabbyne nie hierdie teks gebruik in hulle besprekings van die bose, sonde en menslike opstand nie.
- B. Die uitwerking van die mens se eiewillige opstand teen 'n God wat hulle lief het, vir hulle sorg en voorsien en in vertrouensvriendskap met hulle verkeer, word gesien nie net in hulle geloofslewe nie, maar ook in hulle eie persoonskap, hulle familielewe en hulle wêreld.
Let op die hoë prys wat God self, persoonlik betaal sodat die mens vryheid kan uitoefen. God se vreugde en oorspronklike bedoeling vir/met die skepping is radikaal aangetas (maar nie permanent nie) deur die mens se opstand. As ons die goedheid en liefdevolle voorsiening van God in ag neem, lyk die opstandigheid van die mens (en moontlik die engele) radikaal disrespekvol en selfgesentreerd. God se voortdurende liefde en belofte van verlossing (vgl. 3:15) word ook meer radikaal genadig in karakter!
- C. Hoewel hierdie hoofstuk motiewe deel met ander ANO-tekste is die aanbidding monoteïsties en nie dualisties nie.

OORSPRONG EN DOEL VAN SONDE

- A. Bybelse materiaal
1. Dit is my teologiese aanname dat die doel van Satan se skepping was (1) om Godsbewuste wesens 'n opsie te bied wat sou lei tot onafhanklikheid en dan aanklag, Job 1-2; Sag. 3; of (2) Genesis 3 voorveronderstel 'n voormalige engele-opstand in God se skepping of ten minste a duidelike lastering van God teenoor mense deur agente van engele.
 2. Die mens staan onder die invloed van versoeking.
 3. Die Bybel bespreek nie die spesifieke oorsprong of doel van 'kwaad' nie.
 - a. Sommige latere Joodse geskrifte voer aan dat sonde begin voor Gen. 3 (in Satan, daarna in die mens)
 - b. Ander Joodse inter-Bybelse geskrifte stel dat sonde begin in Gen. 6 (in "die seuns van God")
 - c. Ná Jesus se tyd het valse leraars Judaïsme en Griekse denke saamgevoeg om te bewerkstellig dat boosheid inherent was in fisiese materie (d.w.s. Griekse gnostiese denke, vgl. Kol.; Ef.; 1 Tim.; 2 Tim.; en Titus)
 4. Die aanname is dat boosheid 'n doel het, anders sou dit nie bestaan het nie. Tog is daar 'n ooglopende intensifisering van boosheid en Satan vanaf die OT na die NT (vgl. *The Theology of the OT* deur A. B. Davidson, bl. 300-306). In die OT is Satan nie God se vyand nie (behalwe moontlik in hierdie hoofstuk), maar wel altyd 'n vyand van die mens. Die rabbyne sê dat die bose een jaloers was op God se liefde vir en besorgdheid oor die mens.
 5. Adam se sonde affekteer die ganse skepping (d.w.s. die Hebreeuse konsep van korporaliteit, vgl. Gen. 3:14-24; Rom. 5:12-21; 8:18-23).
- B. Historiese Teologiese ontwikkeling (geneem uit *Systematic Theology* deur L. Berkhof)
1. Die rabbyne ontken oorspronklike sonde en gee voorkeur aan die twee intensies (goed versus kwaad). Die OT bespreek nie Gen. 3 breedvoerig nie (die rabbyne ook nie).
 2. Irenaeus (130-202 n.C.) is die eerste kerkvader wat Adam se sonde en die nagevolge daarvan bespreek. Hierdie siening oor die val van die mens deur Adam se sonde het dominant geword in die Westerse Kerk (d.w.s. Augustinus). Dit is klaarblyklik gebruik om gnostisisme, wat die probleem van boosheid in materie opsigself aangehang het, teen te werk.
 3. Origenes (182-251 v.C.) het gevoel dat elke mense eiewillig gesondig het in 'n vorige lewe (Platonies).

4. Die Griekse vaders (Oosterse Kerk) van die derde en vierde eeue haal die klem van Adam se aandeel in die probleem van sonde in ons wêreld af. Dit het ontwikkel tot Pelagianisme (vanwee 'n Engelse monnik) wat ontken dat Adam enigsins 'n aandeel gehad het.
5. Die Latynse vaders (d.w.s. die Westerse Kerk) volg Augustinus in se beklemtoning van die rol wat Adam gespeel het in die probleem van kwaad, sonde en lyding in ons wêreld.
6. Gedurende die Protestantse Hervorming het die belangrikste hervormers Augustinus gevolg, terwyl Armenius 'n semi-Pelagiaanse reaksie op dogmatiese Calvinisme ontwikkel het.
7. Die filosowe en teoloë het verskeie teorieë oor sonde aangevoer:
 - a. Kant – die een of ander onbekende, onverstaanbare iets in die bosenesensiese sfeer
 - b. Leibnitz – vanwee die inherente beperkings van die materiële kosmos
 - c. Schleiermacher – vanwee die sensuele aard van die mens
 - d. Ritschl – vanwee menslike nalatigheid
 - e. Barth – betrokke by die geheimenis van predestinasie
 - f. Whitehead – sonde is inherent in hierdie wêreldsisstème. Die funksie daarvan is om God sowel as die mens te help ontwikkel.
8. Die grootste dryfkrag van die Bybel is die verlossing van die mens van sonde en kwaad, bewerkstellig deur 'n persoonlike, liefdevolle God in Christus. Sonde se oorsprong word nooit bespreek nie.

VIR SPESIALE AANDAG: TEOLOGIESE ONTWIKKELING VAN DIE VAL IN DIE NUWE TESTAMENT

1. Die val het die ganse mensdom beïnvloed, soos duidelik uitgedruk word in Paulus se bespreking in Rom. 5:12-21.

Romeine 5:12-21 is 'n bespreking oor Jesus as die tweede Adam (vgl. 1 Kor. 15:21-22, 45-49; Fil. 2:6-8). Dit beklemtoon die teologiese konsep van individuele sonde sowel as gemeenskaplike aanspreeklikheid. Paulus se ontwikkeling van die mensdom (en die skepping) se val in Adam was uniek en anders as dié van die rabbyne terwyl sy siening van gemeenskaplikheid grootliks ooreengestem het met rabbynse lering. Dit toon Paulus se vermoë onder inspirasie om die waarhede wat hy geleer is gedurende sy opleiding in Jerusalem onder Gamaliël (vgl. Han. 22:3) te gebruik of aan te vul.

Die doktrine van oorspronklike sonde van Gen. 3 is deur Augustinus en Calvyn ontwikkel. Dit stel dat mense sondig gebore word. Psalm 51:5; 58:3; en Job 15:14; 25:4 word dikwels gebruik as OT-bewysplase. Die alternatiewe teologiese standpunt dat mense moreel en geestelik verantwoordelik is vir hulle eie besluite en lot is eers deur die rabbyne ontwikkel en daarna in die kerk deur Pelagius en Arminius. Daar is gronde vir hierdie siening in Deut. 1:39; Jes. 7:15; en Jona 4:11; Joh. 9:41; 15:22,24; Han. 17:30; Rom. 4:15. Die dryfkrag van hierdie teologiese siening sou wees dat kinders onskuldig is tot hulle 'n ouderdom bereik waarop hulle morele verantwoordelikheid kan aanvaar (vir die rabbyne was dit 13 jaar vir seuns en 12 jaar vir meisies).

Daar is 'n middeweg op grond waarvan sowel 'n ingebore bose neiging as 'n ouderdom van morele verantwoordelikheid geldig verklaar word! Kwaad is nie net gemeenskaplik nie, maar 'n onwikkelende boosheid van self en sonde (lewe sonder God). Die boosheid van die mensdom is nie die kwessie nie (vgl. Gen. 6:5,11-12,13; Rom. 3:9-18,23), maar die wanneer; by geboorte of later in die lewe?

2. 'n Nuwe hemel en 'n nuwe aarde' word die NT-eskatologiese tema.

'n Nuwe hemel en 'n nuwe aarde.' Hierdie Griekse term vir 'nuut', *kainos*, beklemtoon kwaliteit, nie kronologie nie (vgl. 2:17; 3:12; 5:9; 14:3; 21:1,2,5). Dit was 'n OT tema, 'n hervormde aarde (vgl. Jes. 11:6-9; 65:17; 66:22; Rom. 8:18-25; 2 Pet. 3:10,12). Alle gelowiges is burgers van die nuwe koninkryk (vgl. Fil. 3:20; Ef. 2:19; Heb. 12:23) en deel hierdie nuwe skepping (vgl. 2 Kor. 5:17; Gal. 6:15; Ef. 4:24). 'n Parallele teologiese konsep sou die 'stad van God nie gemaak deur mensehande nie' van Heb. 11:10,16; 12:22; 13:14 wees.

Die nuwe skepping sal soos die aanvanklike skepping wees. Die hemel sal 'n vernieude tuin van Eden wees. God, die mensdom, die diere en die ganse natuurlike skepping sal weer saam wees en saam jubel! Die Bybel begin met God, die mens en die diere in perfekte vertrouensvriendskap in 'n tuin (vgl. Gen. 1-2). Die Bybel eindig met God en die mens in 'n tuintoneel (vgl. Openb. 21-22) en by profetiese implikasie, die diere (vgl. Jes. 11:6-8; 65:25). Gelowiges gaan nie hemel toe nie; die nuwe Jerusalem kom af uit die hemel uit (vgl. Openb. 21:2) na 'n hervormde en gereinigde aarde toe. God en die mens is weer saam (vgl. Gen. 3:15; Jes. 7:14; 8:8,10; Openb. 21:3).

WOORD- EN FRASESTUDIE

OAV TEKS: 3:1-7

¹Maar die slang was listiger as al die diere van die veld wat die Here God gemaak het. En hy sê vir die vrou: Is dit ook so dat God gesê het: Julle mag nie eet van al die bome van die tuin nie? ²En die vrou antwoord die slang: Van die vrugte van die bome in die tuin mag ons eet, ³maar van die vrugte van die boom wat in die middel van die tuin is, het God gesê: Julle mag daarvan nie eet nie en dit nie aanroer nie, anders sal julle sterwe. ⁴Toe sê die slang vir die vrou: Julle sal gewis nie sterwe nie; ⁵maar God weet dat as julle daarvan eet, julle oë sal oopgaan, sodat julle soos God sal wees deur goed en kwaad te ken. ⁶Toe sien die vrou dat die boom goed was om van te eet en dat hy 'n lus was vir die oë, ja, 'n boom wat 'n mens kan begeer om verstand te verkry; en sy neem van sy vrugte en eet en gee ook aan haar man by haar, en hy het geëet. ⁷Toe gaan altwee se oë oop, en hulle word gewaar dat hulle naak is; en hulle het vyeblare aanmeakaargewerk en vir hulle skorte gemaak.

3:1 “Maar”; “Now” Dit is nie tydsgebonde nie, maar eenvoudig 'n literêre tegniek om 'n nuwe stadium in die drama van die skepping in te lei. Ons weet nie hoe lank Adam en God saam was of hoe lank Adam, Eva en God saam was voor hierdie geval nie.

■ **“die slang”** Sien Vir Spesiale Aandag wat volg. 'n Slang is ook 'n vyand in die Gilgamesh Epos (vgl. 11:287-289) waar hy die plant wat die ewige lewe gee, steel.

VIR SPESIALE AANDAG: DIE SLANG

- A. Die term “slang” is *Nachash* (BDB 638). Dit het verskeie moontlik etimologieë:
 1. *Kal Stem* – ‘om te sis’
 2. *Piel Stem* – ‘om te fluister’ soos in toordery of voorspellings
 3. Van 4:22 – ‘om te gloei’ moontlik verwant aan die term ‘brons’ (“koper”)
 4. Van Arabiese stamwoord – ‘om te sluip/kruip’
- B. Die bepalende lidwoord word gebruik, wat dui op een spesifieke slang of beliggaamde entiteit.
- C. Die letterlikheid van die slang word ondersteun:
 1. Dit word gelys as bloot een van die diere van die veld wat God gemaak het.
 2. Dit word gestraf in 3:14 soos 'n letterlike dier.
 3. Daar word spesifiek na verwys in die NT, 2 Kor. 11:3 en 1 Tim. 2:13-14.
- D. Die slang word spesifiek saam met Satan geïdentifiseer in:
 1. Die intertestamentele boek van “Wysheid”, 2:23-24. “Want God het die man gemaak om onsterflik te wees; . . .nietemin, deur jaloesie van die Duiwel het dood in die wêreld gekom.”
 2. Irenaeus (ongeveer 130-202 n.C.)

3. Openbaring 12:9; 20:2

4. Die identifikasie kom nie in die OT self voor nie, want Genesis 3 word nie uitvoerig bespreek nie. Dit word nie eens genoem of verklaar in enige ander OT-boeke nie.

E. Hoekom Satan nie spesifiek genoem word nie – Die klem van die teks is op die mens se aanspreeklikheid, nie op bonatuurlike versoeking nie. In Romeine 1-3 waar die mens se sondigheid daargestel word en 4-8 waar die uitwerking daarvan bespreek word, is Satan nooit ter sprake nie.

▣ **“listiger”** Daar is twee moontlike woordspele (hierdie term klink soos “kaal” van 2:25) op hierdie term (BDB 791, KB 886): (1) ‘listig’ of ‘slinks’ en (2) ‘taktvol’ of ‘wys’ (bv. Spr. 1:4; 8:5,12; 12:16,23; 13:16; 14:8,15,18; 22:3; 27:12). Dit wil voorkom of hierdie nie ‘n negatiewe term is wat op die slang van toespasing gemaak word nie, maar bloot ‘n erkenning van sy eienskappe (vgl. Mat. 10:16). Dit is moontlik hoekom die bese een besluit het om homself te inkarneer as hierdie spesifieke dier.

▣ **“al die diere van die veld”** Dit toon dat die slang bloot een van die baie geskape diervorme was.

▣ **“die Here God”** Die eerste term, “Here”, is die verbondsnaam van God, JHWH, van die Hebreeuse werkwoord ‘om te wees’ (vgl. Eks. 3:14). Die tweede term, “God”, is die Hebreeuse term, *Elohim*, die MEERVOUDSVORM van die algemene term vir God in die ANO, *El*. Die rabbyne sê dat JHWH staan vir God se verbondsgenade terwyl *Elohim* staan vir God as skepper. Sien Vir Spesiale Aandag: Name vir God by 2:4.

▣ **“En hy sê”** Daar was reeds baie spekulasie oor ‘n pratende slang (let op die persoonlike voornaamwoord). Ons weet nie wat die verhouding was tussen mense en diere voor die val nie, hoewel dit ‘n vriendskaplike een moes gewees het. Ek neem egter aan dat spraak deel is van die beeld van God in die mens en dus nie die norm is in diere nie. Dieselfde verhouding sal vernuwe word in ‘n eskatologiese setting (vgl. Jes. 11:6-11). Ek neem aan dat die slang deur Satan besete was en daarom is dit sy stem wat gehoor word. Wat teologies verrassend is is dat Eva nie verras was nie!

▣ **“die vrou”** Daar was reeds baie spekulasie tussen kommentaarskrywers oor hoekom Eva sonder Adam daar was, selfs al is die werkwoorde wat deur Satan gebruik word MEERVOUDIG. In 3:6 impliseer dit dat Adam moontlik aanwesig was vir ‘n gedeelte van die gesprek. Sommige het aangevoer dat dit simbolies van haar soeke na selfidentiteit was. Andere glo dat Satan haar verlei het omdat sy nie God se bevele direk aangehoor het nie (vgl. 2:16-17). Dit is alles spekulatief.

▣ **“Is dit ook so dat God gesê het”** Die rabbyne sê dat Satan nie die term JHWH kon gebruik nie, want hy was onbekend met die genade van God. Blykbaar is daar egter ‘n intensifisering van boosheid in die persoon van Satan in die Bybel (vgl. *The Theology of the Old Testament* deur A. B. Davidson, bl. 300-306).

VIR SPESIALE AANDAG: PERSOONLIKE BOOSHEID

Dit is ‘n baie moeilike onderwerp om verskeie redes:

1. Die OT openbaar nie ‘n aardsvyand van God nie, maar ‘n dienaar van JHWH wat die mens ‘n alternatiewe bied en hom van onregverdigheid beskuldig.
2. Die idee van ‘n persoonlike aardsvyand het in inter-Bybelse (nie-kanonieke) literatuur ontwikkel onder die invloed van Persiese doktrine (*Zoroastrianisme*). Dit is op sy beurt grootliks beïnvloed deur rabbynse Judaïsme.
3. Die NT ontwikkel die OT-temas in verrassend skerp, dog selektiewe kategorieë.

Wanneer die studie van boosheid vanuit die perspektief van Bybelse teologie benader word (elke boek of skrywer of genre afsonderlik bestudeer en omlin) kom baie verskillende sieninge oor die bose aan die lig.

Wanneer die studie van die bose egter uit 'n nie-Bybelse of ekstra-Bybelse benadering tot wêreldgelowe of Oosterse gelowe benader word, word voorafskaduwing van baie van die NT-ontwikkeling in Persiese dualisme en Grieks-Romeinse spiritualisme duidelik.

Met die voorveronderstellende verbondenheid tot die heilige gesag van Skrif moet die NT-ontwikkeling gesien word as progressiewe openbaring. Christene moet waak teen Joodse volksverhale of Engelse literatuur (Dante, Milton) ter verdere verklaring van die konsep. Daar is sekerlik geheimenis en dubbelsinnigheid in hierdie area van openbaring. God het besluit om nie alle aspekte van die bose te openbaar nie – die oorsprong en doel daarvan – maar Hy het wel openbaar dat dit verslaan sal word!

In die OT het die term Satan of aanklaer betrekking op drie afsonderlike groepe:

1. menslike aanklaer – 1 Sam. 29:4; 2 Sam. 19:22; 1 Kon. 11:14,20,29; Ps. 109:6
2. engele-aanklaer – Num. 22:22-23; Sag. 3:1
3. demoniese aanklaer – 1 Kron. 21:2; 1 Kon. 22:21; Sag. 13:2

Dit was eers later in die intertestamentêre tydperk dat die slang van Gen. 3 met Satan vereenselwig word (vgl. Boek van Wysheid 2:23-24; 2 Enog 31:3), en selfs nog later word dit eers 'n rabbynse opsie (vgl. *Sot* 9b en *Sanh.* 29a). Die “seuns van God” van Gen. 6 word engele in 1 Enoch 54:6. Ek noem dit nie om aan te voer dat dit teologies akkuraat is nie, maar om te wys hoe dit ontwikkel het. In die NT word hierdie OT-aktiwiteite toegeskryf aan engelagtige, verpersoonlikde boosheid (vgl. 1 Kor. 11:3; Openb. 12:9).

Die oorsprong van verpersoonlikde boosheid is moeilik of onmoontlik om te bepaal (afhangende van jou eie siening) uit die OT. Een rede hiervoor is die sterk monoteïsme van Israel (vgl. 1 Kon. 22:20-22; Pred. 7:14; Jes. 45:7; Amos 3:6). Alle oorsaaklikheid is toegeskryf aan JHWH om sy uniekheid en belangrikheid te demonstreer (vgl. Jes. 43:11; 44:6,8,24; 45:5-6,14,18,21,22).

Een denkskool fokus op (1) Job 1-2 waar Satan een van die “seuns van God” is (d.w.s. engele) in God se teenwoordigheid (vgl. Sag. 3) of (2) Jes. 14; Eseg. 28 waar trotse nabye-Oosterse konings (Babilon en Tirus) gebruik word om die trots van Satan te illustreer (vgl. 1 Tim. 3:6). Ek het gemengde gevoelens oor hierdie benadering. Esegieël gebruik tuin van Eden-metafore nie net vir die koning van Tirus as Satan nie (vgl. Eseg. 28:12-15), maar ook van die koning van Egipte as die boom van die kennis van goed en kwaad (Eseg. 31). Alhoewel, Jes. 14, spesifiek verse 12-14, beskryf klaarblyklik 'n opstand van trotse engele. Indien God die spesifieke aard en oorsprong van Satan wou openbaar is hierdie 'n baie sydelingse manier en plek om dit te doen. Ons moet waak teen die neiging van sistematiese teologie om klein, dubbelsinnige dele van verskillende testamente, skrywers, boeke en genres te vat en te kombineer as dele van een heilige legkaart.

Alfred Edersheim sê in sy *The Life and Times of Jesus the Messiah*, vol. 2, bylae XIII (bl. 748-763) en XVI (bl. 770-776) dat Rabbynse Judaïsme oormatiglik beïnvloed is deur Persiese dualisme en demoniese spekulاسie. Die rabbyne is nie 'n goeie bron van waarheid in hierdie area nie. Jesus verskil radikaal van die lering van die sinagoge op hierdie front. Ek dink dat die rabbynse konsep van engelemeditasie en teenstand in die oordrag van die wet aan Moses op Berg Sinai, die deur oopgemaak het vir die konsep van 'n aardsengelwese wat teen JHWH en die mensdom staan. Die twee oppergode van Iranese dualisme, *Ahura Mazda* (die goeie god) versus *Angra Mainyu* (die bose god), het om oppergesag geveg met die aarde as die strydtoneel. Vanuit hierdie konflik het daar moontlik binne die Judaïsme 'n dualisme tussen JHWH en Satan ontstaan.

Daar is sekerlik progressiewe openbaring met die NT as die verpersoonliking van boosheid, maar nie so uitvoerig soos die rabbyne nie. 'n Goeie voorbeeld van hierdie verskil is die ‘oorlog in die hemel’. Die val van Satan is 'n logiese noodsaaklikheid, maar die besonderhede word nie gegee nie. Selfs dit wat wel gegee word is verskans in apokaliptiese genre (vgl. Openb. 12:4,7,12-13). Hoewel Satan verslaan word en na die aarde verban word, funksioneer hy steeds as 'n dienaar van JHWH (vgl. Mat. 4:1; Luk. 22:31-32; 1 Kor. 5:5; 1 Tim. 1:20).

Ons moet ons nuuskierigheid aan band lê in hierdie verband. Daar is 'n persoonlike krag of versoeking en boosheid, maar daar is steeds slegs een God en die mensdom is steeds verantwoordelik

vir sy/haar keuses. Daar is ‘n geestelike stryd, beide voor en ná verlossing. Oorwinning kan slegs bewerkstellig word en blywend wees in en deur die Drie-enige God. Die bese is verslaan en sal verwyder word!

▣ **“Julle mag nie eet van al die bome in die tuin nie”** Hierdie Hebreuse frase is baie spesifiek, maar dit blyk betrekking te hê op ‘n bevestiging, nie ‘n vraag nie. Die slang is bloot besig om ‘n dialoog met die vrou te begin aangaande God se verbod op die boom in die middel van die tuin.

3:2 Eva stel God se voorsiening van al die ander bome as voedsel (vgl. 2:16). Maar die slang stel dit ter syde en fokus eerder op God se verbod op die boom van die kennis van goed en kwaad.

3:3 “maar van die vrugte van die boom wat in die middel van die tuin is” In Gen. 2:9 leer ons dat daar twee bome in die middel van die tuin is, die boom van die lewe en die boom van die kennis van goed en kwaad. Klaarblyklik sou die vrugte van albei hierdie bome aan die mens beskikbaar gestel word op die regte tyd, maar die mens se vergryping en eiewilligheid skakel hierdie moontlikheid uit as deel van God se plan (hoe teenstellend is Jesus se reaksie nie in Fil. 2:6-11). Die boom van die lewe is algemeen in alle ANO-skeppingsverhale, hoewel die boom van die kennis van goed en kwaad uniek is tot die Bybel. Daar is niks magies aan die vrug nie. Dit was die manier waarop God dit gebruik het eerder as die fisiese eienskappe van die vrug opsigself, wat betekenisvol was.

▣ **“anders sal julle sterwe”** Hierdie term (BDB 559, KB 502) word driekeer gebruik in verse 3 en 4. Dit is onseker hoeveel begrip Eva het van die dood, want geen van die diere het al gesterf nie. Alhoewel, dit is moontlik op die een of ander manier aan die man en vrou gekommunikeer. Die Bybel weet van drie soorte dood: (1) die geestelike dood wat plaasvind in Gen. 3; Jes. 59:2; Rom. 7:10-11; Ef. 2:1; Jak. 1:15; (2) die fisiese dood wat volg uit Gen. 5; en (3) die ewige dood as ‘n gevolg van die mens se hardkoppige, opstandige hart (vgl. Openb. 2:11; 20:6,14; 21:8).

3:4 “Toe sê die slang vir die vrou: Julle sal gewis nie sterwe nie;” Dit is die INFINITIEF ABSOLUUT en ‘n *Qal*-IMPERFEKTUM van dieselfde wortel (BDB 559, KB 562) gebruik vir klem. Satan het eerstens God se geloofwaardigheid bevaagteken; nou bevaagteken hy die waarheid van God se woorde. In vers 5 sal hy boonop God se welwillendheid en goedheid teenoor die mens bevaagteken. Die Hebreuse vorm van hierdie sin is in ‘n treffende intensiewe vorm. Satan ontken God se stelling.

3:5 “maar God weet dat as julle daarvan eet, julle oë sal oopgaan” Daar was ‘n mate van waarheid in wat Satan gesê het, maar dit was ‘n tragiese halwe waarheid (vgl. Titus 1:15). Dit blyk ‘n vertaler se literêre (metaforiese) gebruik van “dag” te wees om te beteken ‘wanneer ookal’. Letterlik is die Hebreuse frase ‘dat wanneer’.

Die WERKWOORD “oopgaan” (BDB 824, KB 959, *Niphal*-PERFEKTUM, vgl. vers 7) impliseer ‘n agent, moontlik die krag van die boom oor die bese een.

▣ **“sodat julle soos God sal wees”** Hierdie woord vir God is die term *Elohim*. Sien Vir Spesiale Aandag by 2:4. In hierdie konteks verwys dit na God Self en dit is hoe baie vertalings die frase interpreteer. Nietemin, hierdie term kan ook gebruik word vir engele (vgl. Ps. 8:5,6; 82:1,6 [aangehaal in Heb. 2:7]; 97:7); dit kan gebruik word vir ‘n ‘geestelike wese’ (vgl. 1 Sam. 28:13) en dit kan gebruik word vir Israelitiese regters (vgl. Eks. 21:6; 22:8-9). Dit lyk meer logies dat hierdie ‘n belofte was om soos die engele te wees, die geestelike wesens wat saam met God is of moontlik die hemelse raad (vgl. 3:22). Dit is ironies dat die mens probeer het om van God te gryp wat alreeds syne was. Die mens is ‘n hoër geestelike orde as die engele (vgl. Heb. 1:14; 2:14-16; 1 Kor. 6:3).

3:6 “Toe sien die vrou dat die boom goed was om van te eet en dat hy ‘n lus was vir die oë, ja, ‘n boom wat ‘n mens kan begeer om verstand te verkry;” Hier sien ons die driedelige ontwikkeling

van versoeking tot die sondige aksie. Die rabbyne sê dat die oë en ore vensters van die siel is en dat dit wat ons inlaat in ons harte groei totdat die noodlottige aksie geneem word.

■ **“en gee ook aan haar man by haar, en hy het geëet”** Daar was reeds heelwat spekulاسie oor hierdie vers. Die rabbyne voer aan dat Adam geëet het sodat hy nie van sy vrou geskei sou word nie. Dit is ook die standpunt van Milton in *Paradise Lost*. Dit blyk egter uit die konteks dat Eva teenoor Adam opgetree het soos die slang teenoor haar, tesame met die ervaringsbewys dat sy reeds geëet het en nie dood was nie. Die rabbyne voer selfs aan dat die slang hierdie selfde tegniek gebruik het op Eva; dat hy haar geforseer het om aan die vrug te vat en gesê het: “Sien, jy het nie gesterf nie.” Sy het moontlik vir Adam gesê: “Sien, ek is nie dood nie.”

3:7 “en hulle word gewaar dat hulle naak is” Dit is al deur heelwat kommentaarskrywers gebruik om op ‘n seksuele komponent in die versoeking te dui (vgl. 2 Kor 11:3, “die slang Eva. . . bedrieg het”). Die rabbyne sê selfs dat die slang Eva seksueel verlei het, maar dan word daar moontlik vooroordele in die teks ingelees. Hulle nuwe kennis was nie die seëning waarna dit aanvanklik gelyk het nie (vgl. Titus 1:15).

■ **“het vyeblare aanmekaargewerk”** Die tradisionele standpunt dat Eva ‘n appel geëet het is hoogs spekulatief. Die rabbyne sê dat sy ‘n vy geëet het van dieselfde boom waarvan hulle die blare vir hulle klere gepluk het. Die vrug kon egter ‘n dadel of ‘n ander soort vrug gewees het – ons weet eenvoudig nie. Die vrugsoort is onbenullig.

OAV TEKS: 3:8-13

⁸En hulle het die stem van die Here God gehoor terwyl Hy wandel in die tuin in die aandwindjie; en die mens en sy vrou het hulle verberg vir die aangesig van die Here God tussen die bome van die tuin. ⁹Toe roep die Here God na die mens en sê vir hom: Waar is jy? ¹⁰En hy antwoord: Ek het u geruis gehoor in die tuin en gevrees, want ek is naak; daarom het ek my verberg. ¹¹En Hy sê: Wie het jou te kenne gegee dat jy naak is? Het jy geëet van die boom waarvan Ek jou beveel het om nie te eet nie? ¹²En die mens antwoord: Die vrou wat U gegee het om by my te wees, sy het my van die boom gegee, en ek het geëet. ¹³Daarop sê die Here God aan die vrou: Wat het jy nou gedoen? En die vrou antwoord: Die slang het my bedrieg, en ek het geëet.

3:8 OAV

“En hulle het die stem van die Here God gehoor terwyl Hy wandel in die tuin”

NAV

“Hulle het gehoor hoe die Here God in die tuin wandel”

NASB

“They heard the sound of the Lord God walking in the Garden”

Die King James-vertaling het “the voice of the Lord God”, maar die Hebreeuse woord impliseer die klank van Hom besig om te wandel (BDB 229, KB 246, *Hithpael*-DEELWOORD). Die struktuur van die Hebreeuse sin en die konteks impliseer oënskynlik dat hierdie ‘n algemene aktiwiteit was waartydens God en die eerste paartjie in vriendskapsvertroue ontmoet het. Dit is ‘n baie vermenslikende frase vir God wat ‘n geestelike wese sonder liggaam is. Sommige voer aan dat God Homself beklee het in menslike vorm vir vriendskapsvertroue met die oorspronklike paartjie. Dit mag waar wees, maar die enigste deel van die Drie-enige God wat ‘n stoflike bestaansvorm het is die Seun. Sommige het gespekuleer dat, aangesien die NT die skepping aan die agentskap van die Seun toeskryf (vgl. Joh. 1:3,10; 1 Kor. 8:6; Kol. 1:16; Heb. 1:2) en daar dikwels fisiese manifestasies van God voorkom (d.w.s. Engele van die Here, bv. Gen. 16:7-13; 22:11-15; 31:11,15; 48:15-16; Eks. 3:2,4; 13:21; 14:19), dit moontlik verwys na die voor-inkarnasie van Christus.

■ **“in die aandwindjie”** Die Hebreeuse frase is verwant aan die term vir die wind (BDB 398). Dit spreek van die koel briesie wat in die oggend of die aand opkom.

■ **“en die mens en sy vrou het hulle verberg vir die aangesig van die Here God”** Hierdie WERKWOORD (BDB 285, KB 284) is *Hithpael*-IMPERFEKTUM. Die tragedie van sonde kan reeds gesien word in die emosionele sowel as fisiese skeiding tussen God en sy skepping (vgl. Ps. 139; Openb. 6:16).

3:9 “Waar is jy?” Duidelik is hierdie nie God wat inligting soek nie, maar ‘n vraag wat Hy vra sodat hulle kon beseft word wat hulle gedoen het (vgl. vers 11). Hierdie tipes retoriese vrae in die OT word deur die skool van ‘Openlike Teïsme’ gebruik om ‘n ontwikkelende aspek in God se karakter aan te dui (d.w.s. Clark Pennock, *The Most Moved Mover*).

3:10 “en gevrees, want ek is naak” Wat ‘n tragedie! Adam is bang vir die liefdevolle God wat hom gemaak het en hom wou ken. Die intensiteit van die beseft word kan duidelik hier gesien word, want die mens kruip steeds weg van God, van homself, van sy familie en van die natuurlike orde. Sy naaktheid dien bloot as ‘n verskoning om die werklike probleem weg te steek: eiewillige opstand teen die wil van God.

3:12 “En die mens antwoord” Hier val die klem op die feit dat Adam aanspreeklik is, al probeer hy vir Eva en selfs vir God die skuld gee. Ten spyte van al die verskonings wat óf vir Eva óf vir God blameer, bly die man verantwoordelik vir sy eie optrede. Flip Wilson se teologie: “Die Duiwel het my dit maak doen!” is net so min ‘n geldige verskoning as: “Kulturele omstandighede het my dit maak doen,” of “Genetiese voorbestemming het my dit maak doen,” ens.

3:13 “Die slang het my bedrieg, en ek het geëet” Eva het vinnig by Adam geleer en begin ook verskonings maak. Die term “bedrieg” beteken klaarblyklik ‘veroorzaak om te vergeet’ (BDB 674, KB 728, *Hiphil*-PERFEKTUM). Dit mag klanknabootsing van die slang se gesis wees (d.w.s. *hissi’ani*). Die NT noem Eva se aksies in 2 Kor. 11:3 en 1 Tim. 2:14.

INSIG UIT DIE TEKSVERBAND TOT GENESIS 3:14-24

INLEIDING

- A. Hierdie gedeelte, nes 3:1-12, is van kardinale belang om ons wêreld se huidige toestand van sonde, siekte, pyn, ongeregtigheid en boosheid te verstaan. Dit is nie die wêreld wat God bedoel het dit moet wees nie.
- B. Hierdie gedeelte, veral vers 15, gee vir ons ons eerste indruk oor wat ons wêreld gaan wees as gevolg van God se verlossende intrede! Dit is God se belofte van verlossing vir die gevalle, opstandige mensdom en dit sal kom deur “die vrou”.
- C. Die gevolge van opstand teen God se persoon en woord word duidelik uitgebeeld! Satan word duidelik gesien as ‘n leuenaar en sonde gaan sy gang in die lewens van Adam en Eva en hulle kinders.
- D. Die verhouding tussen man en vrou word duidelik uiteengesit in vers 16 (vgl. 2 Tim. 2:9-15; Ef. 5:22; Kol. 3:18; 1 Pet. 3:1). Die gespanne verhoudings van ons wêreld is ‘n direkte gevolg van oorspronklike, eiewillige ongehoorsaamheid. Indien daar etiologie in die OT is sou hierdie kon dien as voorbeeld. Hulle word egter ook beïnvloed deur God se genade in Christus (vgl. 1 Kor. 11:11; Gal. 3:28).
- E. Die rabbyne verwerp oorspronklike sonde in voorkeur van die twee ‘jetsers’ (intensies). Daar blyk egter OT-ondersteuning te wees vir Adam se oorspronklike sonde in Job 14:4; 15:14; 25:4; Ps. 51:5 en die klassieke NT-passasie van Rom. 5:12-21.

WOORD- EN FRASESTUDIE

OAV TEKS: 3:14-19

¹⁴Toe sê die Here God aan die slang: Omdat jy dit gedoen het, is jy vervloek onder al die vee en al die diere van die veld. Op jou buik moet jy seil, en stof moet jy eet al die dae van jou lewe. ¹⁵En ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hý sal jou die kop vermorsel, en jý sal hom in die hakskeen byt. ¹⁶Aan die vrou het Hy gesê: Ek sal grootliks vermeerder jou moeite en jou swangerskap; met smart sal jy kinders baar; en na jou man sal jou begeerte wees, en hý sal oor jou heers. ¹⁷En aan die mens het Hy gesê: Omdat jy geluister het na die stem van jou vrou en van die boom geëet het waarvan Ek jou beveel het om nie te eet nie—vervloek is die aarde om jou ontwil; met moeite sal jy daarvan eet al die dae van jou lewe. ¹⁸Ook sal dit vir jou dorings en distels voortbring; en jy sal die plante van die veld eet. ¹⁹In die sweet van jou aangesig sal jy brood eet totdat jy terugkeer na die aarde, want daaruit is jy geneem. Want stof is jy, en tot stof sal jy terugkeer.

3:14 “die Here God” Dit is die kombinasie van die twee belangrikste woorde vir God in die OT, JHWH en Elohim. Sien aantekening by 2:4.

☐ **“Toe sê. . .aan die slang”** God vra nie vir die slang vrae soos vir Adam en Eva nie. Die slang word veroordeel as ‘n instrument van die bose een.

| | |
|-------|---------------------------------------|
| ☐ OAV | “is jy vervloek onder al die vee” |
| NAV | “is jy vervloek onder al die diere” |
| NASB | “cursed are you more than all cattle” |

Die WERKWOORD (BDB 76, KB 91) is ‘n *Qal*-PASSIEWE DEELWOORD. Dit beteken nie dat al die vee (breër betekenis as koeie, moontlik landdiere) reeds vervloek was nie. Die frase ‘meer’ kan beteken ‘onder al die vee’.⁴ Die rabbyne sê dat dit verwys na die dragtyd van vee teenoor dié van die slang, wat die Talmoed sê sewe jaar is.

☐ **“Op jou buik moet jy seil”** Enigiets wat op sy maag gekruip het is deur die Hebreërs onrein beskou (vgl. Lev. 11:42). Die rabbyne sê dat God die bene van die slang afgesny het om hom te laat kruip, maar miskien is dit soortgelyk aan die teken van die reënboog van Gen. 9:13, wat moontlik altyd bestaan het, maar groter betekenis verkry het toe God dit op ‘n spesiale manier gebruik.

☐ **“and dust shall you eat”** Hierna word verwys in Jes. 65:25. Daar blyk ‘n aspek van God te wees wat die letterlike slang vervloek. Hierdie frase mag ‘n metafoor in die Bybel wees wat na nederlaag en skaamte verwys (vgl. Ps. 79:9; Jes. 49:23; Mig. 7:17). Albei die IMPERFEKTUMS van hierdie vers word gebruik in die BEVELENDE sin.

3:15 “En Ek sal vyandskap stel” Vyandskap (BDB 33) is ‘n woord wat tussen twee persone gebruik word. Dit lyk of dit die oorgang is waar God se oordeel op Satan gerig word, nie op ‘n letterlike slang nie (vgl. Openb. 12:9; 20:2). Sien “The Presence of God Qualifying our Notions of Grammatical-historical Interpretation: Genesis 3:15 as a Test Case” deur Vern S. Poythress, JETS, vol. 50.1, bl. 87-103).

☐ **“tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad”** Hierdie vers is veelbesproke onder kommentaarskrywers. In ‘n breër kanonieke konteks verwys dit klaarblyklik na die kinders (d.w.s. “saad”, BDB 282) van die bose een (vgl. Mat. 13:38; Joh. 8:44) en die kinders van die Messias (vgl. Irenaeus). Maar omdat die volgende sin die ENKELVOUDSVORME, “hy” en “jou” gebruik, verwys dit moontlik na die spanning tussen God en die bose een simbolies in die verlossingswerk van die

⁴ Hierdie vertalingsprobleem kom nie in die Afrikaanse vertalings voor nie. Die vergelykende graad van vervloeking word heeltemal uitgelaat en die voorgestelde ‘onder al die diere’-vertaling van die term word gebruik – vert.

komende Messias (vgl. Irenaeus). Dit is duidelik dat Adam en Eva nie die implikasies hiervan verstaan het nie; Moses moontlik ook nie, hoewel Moses in Deut. 18:18 erken dat ‘n groter profeet as hy sou kom. Ek dink dat dit moontlik wel verwys na die maagdelike geboorte, hoewel dit sekerlik onbekend was aan die oorspronklike menslike skrywer, maar bekend aan die heilige skrywer (Heilige Gees). As die mensdom se val aan die vrou se impulsiwiteit toe te skryf is sal die mensdom gered word deur die onderdanigheid van die vrou in die bonatuurlike bevrugting van die Messias deur die Heilige Gees (vgl. Jes. 7:14; Mat. 1:18-25; Luk. 1:26-38, sien *A Guide To Biblical Prophecy*, bl. 78 en 80). Die Vulgaat⁵ verander die ‘hy’ in die volgende frase na ‘sy’, wat heeltemal onvanpas is, maar moontlik die breër boodskap doeltreffend oordra.

Aangesien hierdie profesie nie ten volle verstaan word voor sy historiese vervulling in die maagdelike geboorte van Jesus nie, is dieselfde waar van die interpretasie van Gen. 1 en 2. Die geskiedenis openbaar die eerlikheid van die openbaring soos die aangaande wetenskaplike studie van ons aarde die ingewikkeldheid en interafhanklikheid van God se kreatiewe aksies toon! Daar is geen konflik nie, net ‘n meer volledige kennis oor die mens se aandeel in God se aktiwiteite!

| | | |
|---|-------------|--|
| ☐ | OAV | “Hy sal jou die kop vermorsel” |
| | NAV | “Haar nageslag sal jou kop vermorsel” |
| | NASB | “he shall bruise you on the head” |
| | NKJV | “He shall bruise your head” |
| | NRSV | “he will strike your head” |
| | TEV | “Her offspring will crush your head” |
| | NJB | “It will bruise your head” |

Die term “vermorsel” kan ‘kneus’, ‘hammer’, ‘afvryf’, ‘maal’ of ‘slaan’ beteken (BDB 1003, KB 1446, *Qal-IMPERFEKTUM*, tweekeer gebruik, vgl. Job 9:17). Let op die ENKELVOUDIGE PERSOONLIKE VOORNAAMWOORD (vgl. Rom. 16:20). Die stryd sal eindelik op individue neerkom.

| | | |
|---|-----------------|---|
| ☐ | OAV, NAV | “en jy sal hom in die hakskeen byt” |
| | NASB | “And you shall bruise him on the heel” |
| | NKJV | “and you shall bruise His heel” |
| | NRSV | “and you will strike his heel” |
| | TEV | “and you will bite her offsprings’ heel” |
| | NJB | “and you will strike its heel” |

Dieselfde WERKWOORD (BDB 1003, KB 1446, *Qal-IMPERFEKTUM*) word gebruik vir albei, maar dit is duidelik dat Satan aan die kortste ent trek. Dit verwys klaarblyklik na die kruisiging as dit vanuit ‘n NT-perspektief benader word.

3:16 “Aan die vrou het hy gesê” Daar blyk vier belangrike elemente hier te wees: (1) vermenigvuldig pyn van kindergeboorte (*Hiphil-INITIEWE ABSOLUUT* en ‘n *Hiphil-IMPERFEKTUM* van dieselfde WERKWOORD, BDB 915, KB 176); (2) te veel kinders om voor te sorg; (3) probleme met kindersorg; en (4) die dominansie van die eggenoot. Ons kan sien hoe hierdie bepalings verband hou met Eva se opstand: (a) sy wou onafhanklik wees, maar nou is sy heeltemal afhanklik van haar man (en nie God nie); (b) sy het genot en geluk in die verbode vrug gesoek, maar nou het sy pyn in ‘n normale aspek van haar lewe. Dit is duidelik dat die NT dit verstaan as teologies belangrik vir die gevalle verhouding tussen mans en vrouens (vgl. 1 Tim. 2:9-15). Ons moet ‘n balans vind tussen wie ons is in Christus, 1 Kor. 11:11; Gal. 3:28, en wat ons steeds op sekere maniere in Adam is, Ef. 5:22; Kol. 3:18; 1 Pet. 3:1.

Daar is ‘n mate van verwarring in die Hebreeuse teks op hierdie punt. Die term wat hier “swangerskap” vertaal word, word verskillend gespeel. Die Hebreeuse medeklinkers kan ‘lê en wag vir’ beteken, wat sou verwys na die bese wat kinders verlei (vgl. *Hard Sayings of the Bible*, bl. 90-99).

⁵ Sien NAV – vert.

- ▣ **OAV** “en na jou man sal jou begeerte wees”
- NAV “Na jou man sal jy hunker”
- NASB “yet your desire shall be for your husband”

Die Hebreuse woord word hier vertaal met “begeerte” of “hunker” (verlange, BDB 1003, KB 1801). Walter Kaiser stel dat dit ‘om te draai’ kan beteken, moontlik in die sin van ‘om te oorheers’ (vgl. Gen. 4:7). Eva draai weg van JHWH. Haar straf is dat sy voortdurende haar tot haar man sal moet draai, wat dikwels die situasie uitbuit (vgl. *Hard Sayings of the Bible*, IVP bl. 97-98).

▣ **“en hý sal oor jou heers”** Die WERKWOORD (BDB 605, KB 647) is ‘n *Qal*-IMPERFEKTUM. Dit is oënskynlik as gevolg van die val en, God help ons, die man se sondige natuur het dit tot die uiterste geneem. Jaloesie, verkragting, egskeding en goddelose dominasie is kenmerkend van die mens se seksuele drang! Ons het soos die diere geword, maar met die verdere probleem van die ego in seksuele begeerte!

3:17 “Omdat jy geluister het na die stem van jou vrou” Adam moes hom verlaat het op God se woord, maar hy het sy vrou se woord gevolg en God se spesifieke gebod verbreek (vgl. 2:15-17).

▣ **“vervloek is die aarde om jou ontwil”** Die WERKWOORD (BDB 76, KB 91, *Qal*-PASSIEWE DEELWOORD) beteken die teenoorgestelde van geseën. Die grond sal nie meer vryelik en in oorfloed lewer nie. Die huidige aarde is nie soos God bedoel het nie!

Daar is ‘n woordspel op “Adam” (*Adam*, BDB 9) en die woord “grond” (*adamah*, BDB 9). Albei het dieselfde wortel. Ons kan die nagevolge van die val van die mens in die natuur sien in Rom. 8:18-23.

Dit is ook al voorgestel dat hierdie die stand van die natuur buite die tuin van Eden weerspieël. Na hulle opstand word Adam en Eva uit God se spesiale plek uitgestuur na die realiteit van ‘n jagter/versamelaar ‘tand-en-klou’-wêreld.

▣ **“met moeite sal jy daarvan eet al die dae van jou lewe”** Adam is die taak opgelê om die tuin te onderhou voor die val (vgl. 2:15), wat ‘n teken van sy heerskappy was, maar nou sou die taak moeisaam, herhalend, verpligtend en nimmereindigend wees (d.w.s. “moeite”, BDB 781). En selfs met die mens se arbeid sal die grond swak lewer (vgl. vers 18).

Let op die aantal kere wat die WERKWOORD “eet” (BDB 37, KB 46) gebruik word in hierdie aanvangshoofstukke (vgl. 2:16,17; 3:1,2,3,6,11,12,13,14,17 [tweekeer], 18,19,22)! Dit hou verband met oorvloedigheid sowel as vervloeking.

3:19 “totdat jy terugkeer na die aarde, want daaruit is jy geneem” Dit is ‘n direkte skakel tussen Adam se val, sy geestelike dood (hoofstuk 3) en sy fisiese dood (hoofstuk 5). God is betroubaar. Hy het gesê dat hulle die dood volledig sou ervaar, en hulle het inderdaad!

▣ **“stof is jy”** (vgl. Gen. 2:7).

WOORD- EN FRASESTUDIE

OAV TEKS: 3:20-21

²⁰En die mens het sy vrou Eva genoem, omdat sy moeder geword het van alles wat lewe.
²¹En die Here God het vir die mens en sy vrou rokke van vel gemaak en hulle dit aangetrek.

3:20 “En die mens het sy vrou Eva genoem, omdat sy moeder geword het van alles wat lewe” Die man se heerskappy oor sy vrou word nou gesimboliseer deur hom wat haar benoem. Etimologies is die woorde “Eva” (*hawwa*) en “wat lewe” (*haya*) baie eenders en dit was heel moontlik ‘n gewilde Hebreuse woordspel. Hierdie woordspele op Adam, Eva, Kain-Nod toon die literêre aard van hierdie vroeë vertellings. Dit is ironies dat sy “Eva” genoem word wat “lewe” beteken, aangesien sy eintlik die dood gebring het.

3:21 Dit is ongewoon dat mense hierdie klere nodig gehad het tensy ‘n klimaatsverandering en/of ander radikale veranderinge die mensdom buite die tuin van Eden te wagte was.

Hierdie eerste dood ingestel deur God vir die mens se behoefte toon duidelik God se sorgsame voorsiening sowel as die realiteit van oordeel en nagevolge!

Sien Vir Spesiale Aandag hieronder.

VIR SPESIALE AANDAG: HOEKOM GOD ADAM EN EVA IN DIERVELLE GEKLEE HET

- A. As voorbereiding vir die moeilike lewe buite Eden.
- B. Om hulle aangevoelde skaamte oor hulle naaktheid toe te maak.
- C. Om die wetmatigheid van die gebruik van diere om die mens se behoeftes te bevredig, te toon.
- D. Om die verskil in menslike voorsiening (blare) en dié van God (velle) te toon.
- E. Om hulle te herinner aan hulle eie komende dood (vgl. Gen. 5).
- F. As voorafskaduwing van die klere-metafoor van Christus se toegeskrewe regverdigheid aan ons gegee as ‘n nuwe kledingstuk (vgl. Rom. 13:14; Gal. 3:27; Ef. 4:24; Kol. 3:8,10,12; Jak. 1:21; 1 Pet. 2:1).
- G. Om God se voortdurende liefde en voorsiening vir die mens te toon, ten spyte van die val.

OAV TEKS: 3:22-24

²²Toe sê die Here God: **Nou het die mens geword soos een van Ons deur goed en kwaad te ken. As hy nou maar nie sy hand uitsteek en ook van die boom van die lewe neem en eet en lewe in ewigheid nie!** ²³Toe stuur die Here God hom weg uit die tuin van Eden om die grond te bewerk waaruit hy geneem is. ²⁴So het Hy dan die mens weggedrywe en gérubs aan die oostekant van die tuin van Eden laat woon, met die swaard wat vlam en flikker, om die toegang tot die boom van die lewe te bewaak.

3:22 “Nou het die mens geword soos een van Ons” Baie is al gesê oor hierdie MEERVOUDE in Genesis (vgl. 1:26; 3:22; 11:7). Vers 22 begin met ‘n ENKELVOUD en ontwikkel tot ‘n MEERVOUD. As ons die Skrif toelaat om Skrif te interpreteer, verwys hierdie duidelik na die Drie-enige God, nie na die Hebreeuse grammatikale vorm genaamd die meervoudigheid van majesteit nie. Alhoewel, dit kon verwys na (1) die raad van engele (vgl. 1 Kon. 22:19), (2) die twee heilige persone in Ps. 110:1, of selfs (3) die personifikasie van godheid bekend as die engel van die Here; vir een voorbeeld van baie, sien die brandende bos van Eks. 3:2,4.

☐ **“die boom van die lewe”** Ons het vroeër opgelet dat ‘n boom van die lewe algemeen tot ANOSKEPPINGstekste is. Hier word die mensdom uitgesluit, nie omdat die gode jaloers is nie, maar omdat dit ‘n vloek vir die mens sou wees om vir ewig te moet lewe in hulle huidige gevalle toestand.

☐ **“lewe in ewigheid”** Sien Vir Spesiale Aandag hieronder.

VIR SPESIALE AANDAG: 'OLAM (Vir ewig)

Hierdie is die baie algemene (word oor 400 keer gebruik) term '*olam* (BDB 761, KB 798). Dit word gebruik om tydsduur in verskeie sinne aan te dui, waarvan elkeen met die aard van die ding waarna dit verwys verband hou.

- A. Tyd verby (slegs voorbeelde)
 - 1. helde van ouds, Gen. 6:4
 - 2. berge en heuwels, Gen. 49:26
 - 3. generasies van ouds, Jes. 51:9
 - 4. voorvaders, Jos. 24:2
 - 5. dae van ouds, Deut. 32:7
- B. Lewenslank (slegs voorbeelde)
 - 1. "vir altyd aan jou kan glo" (d.w.s. Moses), Eks. 19:9
 - 2. "vir altyd jou slaaf", Deut. 15:17; 1 Sam. 27:12
 - 3. "so lank as jy lewe", Deut. 23:6
 - 4. Samuel "daar vir altyd bly", 1 Sam. 1:22
 - 5. Koning "vir ewig lewe", 1 Kon. 1:31; Neh. 2:3; Ps. 21:4
 - 6. "die Here prys. . . tot in ewigheid", Ps. 115:18; 145:1-2
 - 7. "ewig besing", Ps. 89:2; 115:18; 145:1-2
 - 8. moontlik Spr. 10:25
- C. Ewige bestaan (maar met ooglopende beperkinge)
 - 1. mense lewe vir ewig, Gen. 3:22
 - 2. die aarde, Ps. 78:69; 104:5; 148:6; Pred. 1:4 (vgl. 2 Pet. 3:10)
 - 3. Aäroniese priesterskap, Eks. 29:9; 40:15 (vgl. 1 Sam. 2:30)
 - 4. die sabbat, Eks. 31:16-17
 - 5. die feesdae, Eks. 12:14,17,24; Lev. 16:29,31,24; 23:14,21,41
 - 6. besnyding, Gen. 17:13 (vgl. Rom. 2:28-29)
 - 7. die beloofde land, Gen. 13:15; 17:18; 48:4; Eks. 32:13 (vgl. Bannelinge)
 - 8. stede in puin, Jes. 25:2; 32:14; 34:10
- D. Voorwaardelike verbonde
 - 1. Abraham, Gen. 17:7,8,13,19
 - 2. Israel, Deut. 5:29; 12:28
 - 3. David, 2 Sam. 7:13,16,25,29; Ps. 89:2,4
 - 4. Israel, Rig. 2:1 (vgl. Gal. 3)
- E. Onvoorwaardelike verbonde
 - 1. Noag, Gen. 9:12,16
 - 2. Nuwe verbond, Jes. 55:3; Jer. 32:40; 50:5 (d.w.s. Jer. 31:31-34; Eseg. 36:22-30)
- F. God Self
 - 1. Sy bestaan, Gen. 21:33; Deut. 32:40; Ps. 90:2; 93:2; Jes. 40:28; Dan. 12:7
 - 2. Sy naam, Eks. 3:15; Ps. 135:13
 - 3. Sy heerskappy, Eks. 15:18; Ps. 45:6; 66:7; Jer. 10:10; Mig. 4:7
 - 4. Sy woord, Ps. 119:89,160; Jes. 40:8; 59:21
 - 5. Sy liefdevolle goedertierenheid, Ps. 25:6; 89:2; 103:17; 118:1-4, 29; Jer. 33:1
- G. Sy Messias
 - 1. Sy naam, Ps. 72:17,19
 - 2. Vir ewig geseën, Ps. 45:2,17; 89:52
 - 3. Heerskappy, Ps. 89:36,37; Jes. 9:7
 - 4. Priester, Ps. 110:4
 - 5. Voorbestaan, Mig. 5:2
- H. Nuwe Era-lewe
 - 1. ewigdurende lewe, Dan. 12:2
 - 2. ewigdurende tyd, Dan. 12:2
 - 3. geen meer trane, Jes. 65:19 (Openb. 21:4)
 - 4. geen son, Jes. 60:19-20 (Openb. 21:23)

Let op hoeveel verskillende Engelse woorde gebruik word om hierdie Hebreeuse woord in die NIV te vertaal:

1. *forever* (vir ewig)
2. *old, of old* (ouds, van ouds)
3. *everlasting* (ewigdurende)
4. *eternal* (ewige)
5. *lasting* (voortdurende)
6. *always* (altyd)
7. *for life* (lewenslank)
8. *continue* (voortduur)
9. *regular* (dikwels)
10. *permanent* (permanent)
11. *any time* (enige tyd)
12. *ancient, ancient times* (oud, outyd)
13. *endless* (eindeloos)
14. *forevermore* (vir ewig meer)
15. *to the very end* (tot die bittereinde)
16. *a long time* ('n lang tyd)
17. *long ago* (lank gelede)

3:23 “Toe stuur die Here God hom weg uit die tuin van Eden” Hierdie is ‘n sterk SPRAAKvorm (BDB 1081, KB 1511, *Piel*-IMPERFEKTUM) met negatiewe konnotasies. In Deut. 21:14 verwys dit na egskedding en in 1 Kon. 9:7 verwys dit na oordeel oor die nasie van Israel.

3:24 “gérubs” Dit is gevleuelde engelagtige wesens (BDB 500) wat waghou oor die tuin van God om die mens uit te hou. Hulle verskyn later in tabernakel-/tempelkuns. Die feit dat die tuin bewaak word bewys dat dit ‘n spesiale plek was, ‘n beskermde omgewing, wat nou vir die mens buite perke is. Sien Vir Spesiale Aandag hieronder.

VIR SPESIALE AANDAG: GÉRUBS

- A. Een van verskeie soorte engelagtige wesens. Hierdie spesifieke soort bewaak heilige plekke (vgl. Eks. 25:18-22; 1 Kon. 8:6-7).
- B. Etimologie is onseker:
 1. Van Akkadies ‘intreder’ of ‘bemiddelaar’ tussen God en mens
 2. Van Hebreeus is dit moontlik ‘n woordspel, ‘strydwa (*chariot*)’ en ‘gérub (*cherub*)’ (vgl. Eseg. 1; 10)
 3. Sommige sê dit beteken ‘verblindende verskynsel’
- C. Fisiese vorm – dit is moeilik om te bevestig, omdat soveel verskillende beskrywings in die Bybel voorkom en verskillende dier-mens-vorms in die ANO gevind word. Sommige skakel hulle met die:
 1. gevleuelde bul van Mesopotamië
 2. gevleuelde arend-leeus van Egipte, ‘grifioene’ of ‘grypvoëls’ genoem
 3. gevleuelde wesens op Hiram, koning van Tirus, se troon
 4. sfinks van Egipte en soortgelyke vorms gevind in koning Ahab se ivoorpaleis in Samarië
- D. Fisiese beskrywing
 1. Die vorm gérub word verbind met die Serafim van Jes. 6
 2. Voorbeelde van verskillende vorms
 - a. Aantal gesigte
 - (1) twee – Eseg. 41:18
 - (2) vier – Eseg. 1:6,10; 10:14,16,21,22

- (3) een – Openb. 4:7
- b. Aantal vlerke
 - (1) twee – 1 Kon. 6:24
 - (2) vier – Eseg. 1:6,11; 2:23; 10:7,8-21
 - (3) ses (soos Serafim van Jes. 6:2) – Rev. 4:8
- 3. Ander kenmerke
 - a. mensehande – Eseg. 1:8; 10:8,21
 - b. bene
 - (1) reguit, geen knieg – Eseg. 1:7
 - (2) kalfsvoete – Eseg. 1:7
- 4. Flavius Josefus erken dat niemand weet hoe gérubs lyk nie (vgl. *Antiquities of the Jews*, VIII:3:3).
- E. Plekke en doeleindes in die Bybel aangetref
 - 1. Bewaarder van die boom van die lewe, Gen. 3:24 (moontlik metafories gebruik van Satan in Eseg. 28:14,16)
 - 2. Bewaarder van die tabernakel
 - a. oor die verbondsark, Eks. 25:18-20; Num. 7:89; 1 Sam. 4:4
 - b. uitgebeeld op sluiers en gordyne, Eks. 26:1,31; 36:8,35
 - 3. Bewaarder van Salomo se tempel
 - a. twee groot uitgekerfde gérubs in die Allerheiligste, 1 Kon. 6:23-28; 8:6-7; 2 Kron. 3:10-14; 5:7-9
 - b. op mure van die binneste vertrek, 1 Kon. 6:29,35; 2 Kron. 3:7
 - c. op sypaneel geassosieer met die verskeie waentjies, 1 Kon. 7:27-39
 - 4. Bewaarder van Esegïël se tempel
 - a. uitgekerf op mure en deure, Eseg. 41:18-20,25
 - 5. Geassosieer met vervoer van godheid
 - a. moontlik ‘n metafoor vir wind, 2 Sam. 22:11; Ps. 18:10; 104:3-4; Jes. 19:1
 - b. bewaarder van God se troon, Ps. 80:1; 99:1; Jes. 37:16
 - c. bewaarder van God se draagbare triomfwa, Eseg. 1:4-28; 10:3-22; 1 Kron. 28:18
 - 6. Herodes se tempel
 - a. geverf op mure (d.w.s. bewaarder vgl. Talmoed “Yoma” 54a)
 - 7. Troontoneel in Openbaring (d.w.s. bewaarder vgl. Openb. 4-5)

BESPREKINGSVRAE

Hierdie is ‘n studiegidskommentaar, wat beteken dat jy verantwoordelik is vir jou eie interpretasie van die Bybel. Elkeen van ons moet loop in die lig wat ons tot ons beskikking het. Jy, die Bybel en die Heilige Gees is prioriteit in interpretasie. Moet dit nie aan ‘n kommentaarskrywer oorlaat nie.

Hierdie vrae word verskaf om jou te help dink oor die grootste kwessies van die gedeelte van die boek. Hulle is veronderstel om gedagteprikkend te wees, nie voorskrywend nie.

1. Is dit allegorie, mite of historiese-narratief?
2. Is die slang letterlik en het dit gepraat?
3. Was die slang bekragtig en besete deur die bose een? Indien wel, hoe en hoekom?
4. Het God geweet wat Adam en Eva sou doen? Indien wel, hoekom het Hy dit toegelaat?
5. Beskryf in jou eie woorde die grade van ontwikkeling van die slang se versoeking en die spesifieke aanklagtes teen God.
6. Hoe kan God, ‘n geestelike wese, ‘n liggaam hê?

7. Verduidelik hoofstuk 3 die aanwesigheid van boosheid in ons wêreld en die aanwesigheid van skuld in die hart van die mens? Indien wel, hoekom word dit nie ten volle bespreek in die OT nie?
8. Dien die slang as God se dienaar om die mens te toets of is hy reeds in opstand teen God (vgl. Job 1-2 en Sag. 3)?
9. Hoekom het God 'n dier veroordeel wat bloot deur Satan gebruik is?
10. Is vers 15 'n heenwysing op die koms van die Messias of bloot die vrees tussen vrouens en slange?
11. Dit is duidelik dat ons moderne samelewing wat gelykheid tussen man en vrou voorstaan, vers 16 as universele beginsel verwerp. Hoekom dink jy is of is hierdie vers nie geldig (nie)?
12. Is vers 20 'n teken van berou en geloof van Adam of 'n eiewillige bevestiging dat hy en Eva op hulle eie kan regkom?
13. Verduidelik die gebruik van die MEERVOUDE wat gebruik word van God in vers 22. Is dit voorafskaduwing van die doktrine van die Drie-eenheid of iets anders? Hoekom of hoekom nie?

GENESIS 4:1-26

PARAGRAAFVERDELING VAN MODERNE VERTALINGS

| NASB | NKJV | NRSV | TEV | NJB | NAV |
|--------------------|-------------------------------|----------------------|--|-------------------------------------|--|
| Cain and Abel | Cain Murders Abel | Cain, Abel, and Seth | Cain and Abel | Cain and Abel | Kain en Abel |
| 4:1-8 | 4:1-8 | 4:1-7 | 4:1-7 | 4:1-8 | 4:1 4:2-5a 4:5b 4:6-7 4:8 |
| 4:9-15 | 4:9-15 | 4:8-16 | 4:8 4:9a 4:9b 4:10-12 4:13-14 4:15-16 | 4:9-16 | 4:9 4:10-12 4:13-14 4:15a 4:15b-16 |
| 4:16 | The Family of Cain 4:16-18 | | The Descendants of Cain | | Die nageslag van Kain |
| 4:17-22 | 4:19-24 | 4:17-22 | 4:17-22 | 4:17-22 | 4:17-18 4:19-24 |
| 4:23-24 (23-24) | (23-24) A New Son | 4:23-24 (23-24) | (23-24) Seth and Enoch | (23-24) Seth and His Descendants | (23b-24) Die geboorte van Set |
| 4:25-26 | 4:25-26 | 4:25-26 | 4:25-26 | 4:25-26 | 4:25 4:26a 4:26b |

LEESSIKLUS DRIE (sien bl. xvii)

VOLGENS DIE OORSPRONKLIKE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAFVLAK

Hierdie is 'n studiegidskommentaar, wat beteken dat jy verantwoordelik is vir jou eie verklaring van die Bybel. Ons moet elkeen wandel in die lig waaroor ons beskik. Jy, die Bybel en die Heilige Gees is prioriteit in verklaring. Moenie hierdie voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees die paragraaf in een slag deur. Identifiseer die onderwerpe. Vergelyk jou onderwerpverdeling met die ses vertalings hierbo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar is die sleutel tot die oorspronklike skrywer se bedoeling – die hart van verklaring. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Ens.

INLEIDING

- A. Baie kommentaarskrywers het al voorgestel dat 4:1-24 die ontwikkeling van die opstandige saad van Kain beskryf, terwyl 4:25-5:32 die ontwikkeling van die heilige saad van Set beskryf. Hoewel dit nuttig is wanneer na hierdie hoofstukke gekyk word, val dit heeltemal uitmekaar by die boosheid van alle mense gesien in 6:5-6,11-12,13.
- B. Baie voel dat hoofstuk 4 nie 'n gedetailleerde Westerse geslagsregister is nie, maar 'n Oosters-Hebreeuse geslagsregister wat bloot die hoogtepunte saamvat. Wanneer jy die datums van Genesis 4 optel, lyk dit of hulle oorvleuel en slegs oor sowat 2,000 jaar span. Daarom glo ek dat hulle verteenwoordigende voorbeelde of simboliese nommers is (soos dié van Jesus in Matteus en Lukas), nie uitvoerige geslagsregisters nie.
- C. Hoofstuk 5 is al beskryf as die doodshoofstuk, maar verse 21-24 spreek van groot hoop vir die verlossing van die mensdom in die vertaling van Henog. Dieselfde terme word gebruik vir Elia in 2 Kon. 2:3,5,9,10.
- D. Genesis 3:8-11:9 openbaar die verskriklike nagevolge van sonde wat oordra van generasie tot generasie.
- E. Die afstammeling van Kain word nie opgeteken soos die afstammeling van Set nie (d.w.s. geen datums of ouderdomme word gegee nie). Kain se lyn sterf heeltemal uit in die vloed, moontlik oor sy keuse in huweliksmaat. Nie alle tweepotige, gereedskapmakende, grootskedelwesens was na die beeld van God nie.

WOORD- EN FRASESTUDIE

OAV TEKS: 4:1-8

¹EN die mens het sy vrou Eva beken, en sy het swanger geword en Kain gebaar en gesê: Ek het 'n man verkry met die hulp van die HERE. ²Daarna het sy ook sy broer Abel gebaar. En Abel het 'n skaapherder geword, en Kain 'n landbouer. ³En ná verloop van tyd het Kain van die vrugte van die land aan die HERE 'n offer gebring. ⁴En Abel het ook van die eersgeborenes van sy kleinvee gebring, naamlik van hulle vet. En die HERE het Abel en sy offer genadig aangesien, ⁵maar Kain en sy offer nie aangesien nie. Toe word Kain baie kwaad, en hy het sy hoof laat hang. ⁶En die HERE sê vir Kain: Waarom is jy kwaad, en waarom laat jy jou hoof hang? ⁷Is daar nie verheffing as jy goed doen nie? En as jy nie goed doen nie—die sonde lê en loer voor die deur, en sy begeerte is na jou; maar jý moet daarvoor heers. ⁸En Kain het met sy broer Abel gepraat; en toe hulle in die veld was, het Kain teen sy broer Abel opgestaan en hom doodgeslaan.

| | |
|---------|---|
| 4:1 OAV | “die mens het sy vrou Eva beken” |
| NAV | “Die mens het met sy vrou Eva gemeenskap gehad” |
| NASB | “the man had relations with his wife Eve” |

Letterlik: ‘Adam het Eva geken.’ Die Hebreeuse term ‘geken’ spreek van ‘n intieme, persoonlike verhouding (BDB 393, KB 390, *Qal*-PERFEKTUM, vgl. Jer. 1:5). Of dit die eerste seksuele kontak tussen Adam en Eva was word nie gesê nie. Die Bybel is stil oor hoeveel kinders hulle gehad het en wanneer hulle gebore is. Ons weet net van die drie wat genoem word. Dit is baie belangrik vir die verklaring van die NT-woorde om God te ‘ken’, wat toon dat dit nie bloot feitelike inhoud is nie, maar ‘n persoonlike verhouding is wat beklemtoon word. Basies behels die mens se reaksie op God (1) waarhede om te glo, (2) ‘n persoon om te verwelkom, en (3) ‘n toepaslike lewe om te leef! Sien Vir Spesiale Aandag hieronder.

VIR SPESIALE AANDAG: KEN (met meestal Deuteronomium as paradigma)

Die Hebreuse woord ‘ken’ (BDB 393) het verskeie betekenisse (semantiese velde) in die *Qal*.

1. om goed en kwaad te verstaan – Gen. 3:22; Deut. 1:39; Jes. 7:14-15; Jona 4:11
2. om te ken deur te verstaan – Deut. 9:2,3,6; 18:21
3. om te ken deur ervaring – Deut. 3:19; 4:35; 8:2,3,5; 11:2; 20:20; 31:13; Jos. 23:14
4. om te oorweeg – Deut. 4:39; 11:2; 29:16
5. om persoonlik te ken
 - a. ‘n persoon – Gen. 29:5; Eks. 1:8; Deut. 22:2; 28:35,36; 33:9
 - b. ‘n god – Deut. 11:28; 13:2,6,13; 28:64; 29:26; 32:17
JHWH – Deut. 4:35,39; 7:9; 29:6; Jes. 1:3; 56:10-11
 - c. seksueel – Gen. 4:1,17,25; 24:16; 38:26
6. ‘n aangeleerde vaardigheid of kennis – Jes. 29:11,12; Amos 5:16
7. om oor wysheid te beskik – Deut. 29:4; Spr. 1:2; 4:1; Jes. 29:24
8. God se kennis
 - a. van Moses – Deut. 34:10
 - b. van Israel – Deut. 31:21,27,29

■ **“Kain”** Die naam “Kain” (*qayin*, BDB 884 III, KB 1097, en BDB 888-89) is ‘n klankspel op die Hebreuse woord ‘gekry’ (*qaniti*). Dit bevestig klaarblyklik dat Kain ‘n spesiale gawe was wat die hulp van JHWH tot sy beskikking gehad het (moontlik selfs ‘n vervulling van 3:15).

- | | |
|-------|---|
| ■ OAV | “n man verkry met die hulp van die HERE” |
| NAV | “n man in die wêreld gebring met die hulp van die Here” |
| NASB | “a man child with <i>the help of the LORD</i> ” |

Die vertaling, “*man-child*”, dra klaarblyklik die klem. Sommige stel dat Eva voorheen dogters gehad het en dat hierdie die eerste seun was, maar dit is spekulatief. Die slotfrase van vers 1: “met die hulp van die HERE” (BDB 86), impliseer dat hierdie ‘n geloofsverklaring deur Eva was gebaseer op Gen. 3:15. Dit is die eerste gebruik van die naam JHWH op sy eie. Die volgende keer wat dit alleen verskyn is in aanbidding deur die nageslag van Set in 4:26.

4:2 “Daarna het sy ook sy broer Abel gebaar” Die rabbyne sê dat, omdat die frase “die mens het sy vrou beken” afwesig is uit vers 2, Kain en Abel ‘n tweeling was, maar dit lyk hoogs onwaarskynlik.

■ **“Abel”** Die Hebreuse term beteken ‘asem’, ‘waterdamp’ of ‘gefynsdheid’ (BDB 211 II, vgl. Pred. 1:2). Daar is drie moontlik implikasies van die naam: (1) dit kan (a) Eva se moedeloosheid oor haar gevalle toestand of (b) ‘n voorspelling oor sy kort lewe reflekteer; (2) ‘n moontlike skakel met die Akkadiese woord ‘seun’ (*ibil*); en (3) ander het voorgestel dat dit verwant is aan die woord ‘swakheid’ op grond van Eva se moedeloosheid oor die vloek van baie kinders (vgl. Gen. 3:16).

4:3 “het Kain van die vrugte van die land aan die HERE ‘n offer gebring” Let op dat Kain die eerste is om ‘n offer aan die Here te bring (BDB 97, KB 112, *Hiphil-IMPERFEKTUM*). Daar is niks inherent minderwaardig aan ‘n graanoffer teenoor ‘n dieroffer nie. Dit betekenis ontleen uit die geloof van die offergewer, nie die offergawe opsigself nie. Hulle het moontlik die offergawe na die poorte van die tuin van Eden gebring.

4:4 “Abel het ook van die eersgeborenes van sy kleinvee gebring” Die sleutel is klaarblyklik in die term ‘eersteling’ (BDB 114). Kain bring van sy landbouproduk, maar Abel bring die beste van sy kudde, wat ‘n houding van geloof en respek toon. Maar onthou dat die teks self baie dubbelsinnig en bondig is. Ons moet versigtig wees om nie te veel in hierdie vroeë vertellings in te lees nie.

- | | |
|-------|-------------------------|
| ■ OAV | “naamlik van hulle vet” |
| NAV | “van hulle vet” |

| | |
|-------|------------------------------------|
| NASB | “and their fat portions” |
| NKJV | “and their fat” |
| NRSV | “their fat portions” |
| TEV | “the best parts of it” |
| NJB | “and some of their fat” |
| SEPT | “even some of the fattest of them” |
| JPSOA | “the choicest” |
| NET | “even the fattest of them” |

Hier en in latere Judaïsme was dit klaarblyklik die gebruik om die binnegoed en die vet wat daaraan vas was op die altaar te offer: (1) hulle is gesien as die setel van die emosies of (2) die vet was ‘n simbool van welstand en gesondheid.

Die SEPT-, JPSOA- en NET-Bybels verstaan dat hierdie frase nie verwys na die vet van die ingewande op die altaar geoffer nie, maar na die beste van die kudde. Dit pas die konteks beter.

▣ **“En die HERE het Abel en sy offer genadig aangesien,”** Dit beteken letterlik ‘gesien op’ met ‘n positiewe konnotasie (BDB 1043, KB 1609, *Qal*-IMPERFEKTUM, vgl. TEV en NJB). Hoe weet ons nie, hoewel daar reeds heelwat gespekuleer is. Dit is duidelik dat God sy vreugde oor die een en sy ongelukkigheid oor die ander gekommunikeer het. Dit is deur antieke sowel as moderne kommentaarskrywers vermeld dat God Abel eers aanvaar het en daarna sy offer. Dit is altyd die volgorde (vgl. Heb. 11:4). Die probleem met Kain was sy houding. Moontlik is God besig om sy soewereiniteit te bevestig deur die jongste lief te hê en nie die oudste nie. Dit word dwarsdeur Genesis gesien.

4:5 “Toe word Kain baie kwaad” Die Hebreuse woorde wat Kain se emosies hier beskryf is baie intens (BDB 354, KB 351, *Qal*-IMPERFEKTUM plus die BYWOORD “baie”, BDB 547). Let op dat hy baie kwaad is vir God, maar sy woede uithaal op sy broer. Die konteks hier is woede te midde aanbidding. Hy was moontlik ontsteld omdat hy sy offer eerste gebring het, maar Abel s’n aanvaar is en syne nie.

| | |
|-------|----------------------------|
| ▣ OAV | “hy het sy hoof laat hang” |
| NAV | “hy was bedruk” |
| NASB | “his countenance fell” |

Daar is ‘n woordspel tussen “hang” of “bedruk” in verse 5 en 6 (BDB 656, KB 709) en “verheffing” of “blydskap” in vers 7. Die term ‘verhef’ kan ‘aanvaar’ beteken (BDB 669, KB 724, *Qal*-INFINITIEWE KONSTRUK, vgl. NKJV, NRSV, TEV).

4:6 “Waarom is jy kwaad” Hier vra God weereens verskeie vrae, nie om inligting te kry nie, maar om die persoon te help om sy eie gevoelens en motiewe te verstaan (vgl. vers 9 en 3:9,11,13).

4:7 “die sonde lê en loer voor die deur” In hierdie vers word sonde verpersoonlik as ‘n wilde dier met die begeerte om te vernietig (vgl. 1 Pet. 5:8). Daar is ‘n moontlike Akkadiese verwantskap met die woord ‘hurkend’, wat ‘n demoniese konnotasie het (BDB 918, KB 1181, *Qal*-DEELWOORD). Dit toon die ware aard van sonde in ons wêreld.

▣ **“en sy begeerte is na jou”** Dieselfde term, ‘begeerte’ (BDB 1003, KB 1802), word gebruik in Gen. 3:16. Dit toon dat die doel van boosheid ons vernietiging is (d.w.s. ‘om te beheer’ en ‘om te domineer’).

▣ **“maar jý moet daaroor heers”** Die WERKWOORD (BDB 605, KB 647) is ‘n *Qal*-IMPERFEKTUM. Dit toon dat ons nie ‘n pop in die hande van die bose is nie, maar dat ons die vermoë het om met God se hulp die bose te weerstaan (vgl. Ef. 6:13, Jak. 4:7; 1 Pet. 5:9), om berouvol te wees en genees te word! Kain was nie gebonde deur Adam se sonde nie (vgl. Eseg. 18:2-4). Ons word geaffekteer deur Adam en Eva se opstand, maar ons is verantwoordelik vir ons eie besluite.

4:8 “Kain het met sy broer Abel gepraat” Hierdie vers is veelbesproke. Sommige voel dat Kain vir Abel vertel het wat God vir hom gesê het in verse 6 en 7. Andere voel, saam met die Samaritaanse Pentateug, Septuaginta, Siriese, Vulgaat en RSV-vertalings, dat Kain hom in die veld ingelok het sodat hy hom kon doodmaak (d.w.s. voorbedagte moord).

■ **“het Kain teen sy broer Abel opgestaan”** Hoofstuk 3 beklemtoon bonatuurlike versoeking; hoofstuk 4 beklemtoon die ontwikkeling van die Adamiese gevalle natuur in die mens. Daar is geen versoeker hier nie, slegs volbloedige sonde as ‘n nagevolg van die sonde van Adam en Eva wat oorgedra is na al hulle afstammeling (vgl. Rom. 8:9-18,23; 1 Joh. 3:12). Die WERKWOORDE “opgestaan” (BDB 877, KB 1086, *Qal*-IMPERFEKTUM) en “doodgeslaan” (BDB 246, KB 255, *Qal*-IMPERFEKTUM) toon die progressiewe geweld.

OAV TEKS: 4:9-15

⁹Toe sê die HERE vir Kain: Waar is jou broer Abel? En hy antwoord: Ek weet nie. Is ek my broer se wagter? ¹⁰En Hy sê: Wat het jy gedoen? Die stem van die bloed van jou broer roep na My van die aarde af. ¹¹Daarom sal jy vervloek wees, ver van die grond wat sy mond oopgemaak het om die bloed van jou broer uit jou hand te ontvang. ¹²As jy die grond bewerk, sal dit sy vermoë aan jou nie meer gee nie; ‘n swerwer en vlugteling sal jy wees op die aarde. ¹³Daarop sê Kain vir die HERE: My skuld is te groot om te dra. ¹⁴Kyk, U verdryf my nou uit die land uit, en ek moet my verberg vir U aangesig: ‘n swerwer en vlugteling sal ek op die aarde wees, en elkeen wat my kry sal my doodsla. ¹⁵Maar die HERE sê vir hom: Daarom, as enigeen Kain doodsla, sal dit sewevoudig gewreek word. En die HERE het ‘n teken gegee aan Kain, sodat enigeen wat hom kry, hom nie sou doodsla nie.

4:9 “Is ek my broer se wagter?” Die groot probleem met Kain was sy onberouvolle hart. Die term “wagter” kan ‘skaapwagter’ (BDB 1036, KB 1581, *Qal*-AKTIEWE DEELWOORD) beteken, wat moontlik ‘n woordspel is op Abel se beroep (vgl. vers 2).

4:10 “Die stem van die bloed van jou broer roep na My van die aarde af” Hierdie frase is baie belangrik (“roep” BDB 858, KB 1042, *Qal*-AKTIEWE DEELWOORD). Volgens die Hebreërs was die lewensdrif in die bloed (vgl. Lev. 17:11; Openb. 6:9,10). Die woord “bloed” is in die MEERVOUDSVORM in Hebreeus. Rashi sê dat die MEERVOUD verwys na Abel en sy potensiële saad. Die MEERVOUD toon altyd intensiteit.

4:11 “Daarom sal jy vervloek wees, ver van die grond” Hierdie is die eerste direkte vloek op die mens. Met Adam se sonde is die grond vervloek. Dit is betekenisvol dat Kain, ‘n boer, dit nie meer as sy ambag kan gebruik nie. Hy is verban tot die woestyn wat die dwaalplek van demone is en daarmee saam landbouaktiwiteit afwesig is.

4:12 “sal dit sy vermoë aan jou nie meer gee nie” Dit is ‘n *Hiphil*-BEVELVORM (BDB 414, KB 418). Baie kommentaarskrywers voel dat dit die rede is hoekom Kain se nageslag stadslewe ontwikkel teenoor lewe op die platteland (vgl. verse 16-24).

■ **“‘n swerwer en ‘n vlugteling sal jy wees”** Hierdie twee eendersklinkende terme (BDB 631, KB 681 en BDB 626, KB 678, vgl. vers 14) beskryf Kain se nomadiese lewe. Hulle is woordspele op die land van Nod (BDB 627 II). Hierdie woordspele toon die literêre vorming van hierdie vroeë hoofstukke.

4:13 “My skuld is te groot om dit te dra” Kain is nie jammer oor sy daad nie, maar wel oor die nagevolge daarvan.

4:14 “verdryf my nou uit die land uit” Dit is die beroepsgevolge van Kain se sonde terwyl die volgende frase: “en ek moet my verberg vir u aangesig” die geestelike gevolg (vgl. 3:8) van Kain se sonde is.

▣ **“en elkeen wat my kry, sal my doodslaan”** Kain vrees vir sy eie lewe. Die rabbyne sê dat hy bang was vir die diere. Die konteks wil egter impliseer dat sy eie familielede, wat ‘go’els’ (bloedwrekers) sou wees vir Abel, hom sou doodmaak. Dit sou impliseer dat Adam en Eva heelwat kinders gehad het wat nie genoem word nie.

Daar is ‘n baie interessante bespreking van Adam en Eva se verhouding tot ander prehistoriese hominides in Kidner se *The Tyndale Commentary on Genesis* en Bernard Ramm se bespreking van antropologie in *The Christian’s View of Science and Scripture*. Hierdie vers impliseer baie ander rasonale wesens. Vir ‘n bespreking van hominides en hulle tye van besetting van die ANO, sien R. K. Harrison se *Introduction to the Old Testament*, bl. 147-163 en *Who was Adam?* deur Fazale Rana en Hugh Ross.

Indien Kain met ‘n nie-homosapien sonder die Gees van God getrou het, dan sou Gen. 6:1-4 ‘n vermenging van God se spesiale menslike skepping met tweepotige diere impliseer eerder as van mense met engele.

4:15 “sal dit sewevoudig gewreek word” Die term “sewevoudig” beteken blykbaar totale wraak (BDB 988). Klaarblyklik het God Kain laat lewe as ‘n selfs pynliker teken van sonde. Die rabbyne sê dat God wraak sal neem op hom na sewe generasies, wat Lameg sou wees. Daar is ‘n rabbyne legende dat vers 23 verwys na Lameg en sy seun, Tubal-Kain, wat Kain per ongeluk doodmaak.

▣ **“het ‘n teken gegee aan Kain”** Hierdie was óf ‘n teken (BDB 16, ‘n merk’) van (1) God se genade te midde oordeel óf (2) God se onderhouding van sy oordeel deur die tyd. Die rabbyne sê dat God ‘n dierhoring in die middel van Kain se kop geplaas het. Dit is egter meer waarskynlik dat dit ‘n teken op die voorkop was (vgl. Eseg. 9:4,6).

OAV TEKS: 4:16

¹⁶Toe gaan Kain weg van die aangesig van die HERE, en hy het gewoon in die land Nod, aan die oostekant van Eden.

4:16 “Toe gaan Kain weg van die aangesig van die HERE” Dit was moontlik ‘n fisiese nagevolg wat dien as demonstrasie van die spirituele nagevolg (“gaan. . .weg” BDB 422, KB 425, *Qal-IMPERFEKTUM*). Verse 16-24 toon eintlik verbanne mensdom wat ‘n wêreldsisteem apart van God begin. Die anti-JHWH wêreldsisteem kan gesien word in die koninkryk van Daniël se visioen. Dit word getipeer in die groot hoer van Babilon in die boek van Openbaring en in Johannes se gebruik van die woord ‘wêreld’.

▣ **“die land Nod”** “Nod” is ‘n Hebreeuse term vir ‘swerwer’ of ‘die land van swerwers’ (BDB 627 II). Dit is ‘n ooglopende spel op Kain se naam. Ons weet nie waar hierdie plek geleë is nie, maar dit is duidelik verder oos van Eden as wat Adam en Eva gegaan het.

OAV TEKS: 4:17-22

¹⁷En Kain het sy vrou beken, en sy het swanger geword en Henog gebaar. Daarna bou hy ‘n stad en noem die stad na die naam van sy seun Henog. ¹⁸En vir Henog is Irad gebore; en Irad was die vader van Mehújael; en Mehújael was die vader van Metúsael; en Metúsael die vader van Lameg. ¹⁹En Lameg het vir hom twee vroue geneem. Die naam van die eerste was Ada, en die naam van die tweede Silla. ²⁰En Ada het Jabal gebaar. Hy was die vader van die tentbewoners en die veeboere. ²¹Die naam van sy broer was Jubal. Hy was die vader van almal wat op sifers en fluite speel. ²²En Silla het ook gebaar, naamlik Tubal-Kain, ‘n smid wat allerhande koper- en ysterwerkstukke gemaak het. En die suster van Tubal-Kain was Naéma.

**4:17 OAV
NAV
NASB**

**“Kain het sy vrou beken”
“Kain het met sy vrou gemeenskap gehad”
“Cain had relations with his wife”**

Met wie het hy getrou? Die meeste konserwatiewe kundiges neem aan hy het met een van sy susters getrou, maar dit word nooit in die Bybel gesê nie. Genesis 5:4 stel wel dat Adam en Eva ander seuns en dogters gehad het. Mens wonder oor die mense buite die tuin vir wie Kain bang is in 4:14 (sien aantekening by 4:14).

■ **“en sy het swanger geword en Henog gebaar”** Alle etimologieë van hierdie name is uiters bedenklik. Die naam Henog beteken ‘beginner’ of ‘inisieerder’ (BDB 335). Daar is ‘n ooglopende ooreenstemming tussen die lys van Kain se kinders en die lys van Set se kinders in hoofstuk 5 (bv. Henog en Lameg). Die spesifieke rede vir hierdie etimologiese ooreenstemming is onseker, maar (1) dit toon dat die twee families heelwat sosiale skakels gehad het, of (2) dit dui op die geestelike verskille tussen hierdie twee Henogs.

Let ook op dat die lengte van die lewens van Kain se nageslag nie gegee word nie. Dit mag impliseer dat die verlengde lewens van Set se lyn simbolies is van roem of eer (soos met die lys van tien Sumeriese konings wat hulle lewens verleng voor en ná die vloed. Die lengte van lewe verminder ná die vloed, maar is steeds baie lank teen vandag se standaardde.)

■ **“bou hy ‘n stad”** Dit lyk na ‘n direkte uitdaging van God se bevel dat hy ‘n swerwer sal wees (vgl. verse 12,14). Andere het dit gesien as ‘n voorbeeld van Kain se vrees dat iemand hom sou doodmaak; daarom bou hy ‘n fort om homself en sy familie te beskerm (soortgelyk aan die doel van die toring van Babel).

4:18 “En vir Henog is Irad gebore” Moontlike etimologieë van hierdie term is: (1) ‘ornament van die stad’; (2) ‘stadsman’; of (3) ‘vinnigvoetige’ (BDB 747).

■ **“Mehújael”** Die moontlike etimologieë van hierdie term is: (1) ‘God is gewer van lewe’; (2) ‘God is gewer van ‘n fontein van lewe’; (3) ‘geslaan deur God’; of (4) ‘gevorm van God’ (BDB 562).

■ **“Metúsael”** Die moontlike etimologieë van hierdie term is (1) ‘Man van God’; (2) ‘sterk jeug’; of (3) ‘koning’ (BDB 607).

4:19 “Lameg het vir hom twee vroue geneem” Dit is die eerste geval van poligamie en dit begin in die gevalle lyn van Kain. Die oorsprong van die naam, Lameg, is onseker (BDB 541).

■ **“Ada. . .Silla”** Hierdie twee vrouename is ‘n spel op woorde vir fisiese skoonheid. Die rabbyne sê dat een sy vrou was om by kinders te baar en een sy minnares was vir plesier. Die naam “Ada” kan ‘ornament’ of ‘môre’ beteken (BDB 725), terwyl die naam “Silla” ‘skaduwee’ of ‘skuiling’, ‘tonkel’ of ‘musikant’ kan beteken (BDB 853).

4:20 “Jabal. . .Hy was die vader van die tentbewoners en die veeboere” Hierdie term beteken blykbaar ‘swerwer’ (BDB 385 II), wat die nomadiese lewe beskryf wat hy klaarblyklik ontwikkel het.

4:21 “Jubal. . .almal wat op sifers en fluite speel” Sommige voel dat sy naam ‘klank’ beteken. Dit is die begin van sekere gewes van musikale talent. Musiek word met die bose verbind in Esegieël 18:13. Nes al God se gewes kan dit bevuil word. Hierdie stamgroep het nie net die strykinstrumente nie, maar ook die windinstrumente ontwikkel.

4:22 “Tubal-Kain, ‘n smid wat allerhande koper- en ysterwerktoe gemaak het” Hierdie man (BDB 1063) was die eerste om oorlogswapens te maak. Dit is moontlik dat die drie mense genoem in verse 21-22 benoem is om hulle ambagte te reflekteer.

■ **“Naéma”** Hierdie naam beteken ‘aangenaam’ of ‘pragtig’ (BDB 643 I). Die rabbyne sê dat sy met Noag getroud was, maar dit is hoogs onwaarskynlik.

OAV TEKS: 4:23-24

²³En Lameg het aan sy vroue gesê: **Ada en Silla, hoor na my stem! Vroue van Lameg, luister na my woord! Voorwaar, ek slaan ‘n man dood wat my wond en ‘n seun wat my kwes.** ²⁴**Want Kain sal sewe maal gewreek word, maar Lameg sewen-en-sewentig maal.**

4:23 “Lameg het aan sy vroue gesê” Hierdie is een van die eerste gevalle van digkuns wat in die Bybel voorkom (ongeveer 40% van die OT is in digterlike vorm). Dit is grammaties verwant aan vers 22. Rabbyne legende sê dat sy twee vroue hom verlaat het omdat hy Kain en sy seun, Tubal-Kain, per ongeluk doodgemaak het terwyl hy gejag het. Dit klink uiters fantasties. Wat dit wel beklemtoon is die ontwikkeling van sonde tot so ‘n mate dat Lameg sou spog met die onwrikbaarheid van sy wraaksugtigheid. Sommige het aangevoer dat hy Tubal-Kain se eerste oorlogswapen omhoog gehou het terwyl hy ritmies spog. Die tydselement (verlede, toekoms) is ‘n veelbesproke punt onder skrifgeleerdes. Baie aanvaar dat hulle verwys na iets wat sal gebeur, nie iets wat al gebeur het nie.

4:24 “sewen-en-sewentig” Dit toon die hewigheid van Lameg se wraak (vgl. 4:15). Sommige skrifgeleerdes sien ‘n kontras tussen hierdie gedeelte en Jesus se woorde oor vergifnis in Mat. 18:21,22.

OAV TEKS: 4:25-26

²⁵En Adam het sy vrou weer beken, en sy het ‘n seun gebaar en hom Set genoem. **Want, het sy gesê, God het my ‘n ander kind geskenk in die plek van Abel, omdat Kain hom doodgeslaan het.** ²⁶En ook vir Set is ‘n seun gebore, wat hy Enos genoem het. **Toe het hulle die Naam van die HERE begin aanroep.**

4:25-26 Dit hoort kontekstueel by hoofstuk 5. Hoofstuk- en versverdelings was nie deel van die oorspronklike teks van die Hebreeuse OT of die Griekse NT nie.

4:25 Hierdie is nog ‘n woordspel tussen die Hebreeuse term ‘aangestel’ (*shat*, BDB 1011, KB 1483, *Qal*-PERFEKTUM) en Set (*shet*, BDB 1011 I). Hierdie voortdurende literêre (klank-) spel op die name in Gen. 1-11 toon die literêre karakter van die gedeelte.

4:26 “wat hy Enos genoem het” Dit is een van die Hebreeuse terme vir ‘man’ (BDB 60), sinoniem met Adam (vgl. Job 25:6; Ps. 8:4; 96:3; 144:3; Jes. 51:12; 56:2).

- **OAV** “Toe het hulle die Naam van die HERE begin aanroep”
- NAV** “In daardie tyd het die mense begin om die Naam van die Here aan te roep”
- NASB** “Then *men* began to call upon the name of the LORD”

Dit impliseer klaarblyklik gereelde publieke aanbidding op grond van die gebruik van die heilige verbondsnaam, JHWH. Sommige sien ‘n teenstelling tussen hierdie vers en Eks. 6:3. Mense het moontlik die naam van JHWH gebruik sonder om die volle betekenis daarvan te begryp tot die tyd van Moses. Hierdie is die begin van die Messiaanse lyn (vgl. Luk. 3:38).

GENESIS 5

PARAGRAAFVERDELING VAN MODERNE VERTALINGS

| NASB | NKJV | NRSV | TEV | NJB | NAV |
|---------------------|--------------------|-----------------------------------|-------------------------|---------------------------------|---|
| Descendants of Adam | The Family of Adam | The Generations From Adam to Noah | The Descendants of Adam | The Patriarchs Before the Flood | Die nageslagte van Adam oor Set tot op Noag |
| 5:1-2 | 5:1-5 | 5:1-2 | 5:1-5 | 5:1-2 | 5:1a 5:1b-2 |
| 5:3-5 | | 5:3-5 | | 5:3-5 | 5:3-5 |
| 5:6-8 | 5:6-8 | 5:6-8 | 5:6-8 | 5:6-8 | 5:6-8 |
| 5:9-11 | 5:9-11 | 5:9-11 | 5:9-11 | 5:9-11 | 5:9-11 |
| 5:12-14 | 5:12-14 | 5:12-14 | 5:12-14 | 5:12-14 | 5:12-14 |
| 5:15-17 | 5:15-17 | 5:15-17 | 5:15-17 | 5:15-17 | 5:15-17 |
| 5:18-20 | 5:18-20 | 5:18-20 | 5:18-20 | 5:18-20 | 5:18-20 |
| 5:21-24 | 5:21-24 | 5:21-24 | 5:21-24 | 5:21-24 | 5:21-24 |
| 5:25-27 | 5:25-27 | 5:25-27 | 5:25-27 | 5:25-27 | 5:25-27 |
| 5:28-31 | 5:28-31 | 5:28-31 | 5:28-31 | 5:28-31 | 5:28-29 5:30-31 |
| 5:32 | 5:32 | 5:32 | 5:32 | 5:32 | 5:32 |

LEESSIKLUS DRIE (sien bl. xvii)

VOLGENS DIE OORSPRONKLIKE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAFVLAK

Hierdie is 'n studiegidskommentaar, wat beteken dat jy verantwoordelik is vir jou eie verklaring van die Bybel. Ons moet elkeen wandel in die lig waaroor ons beskik. Jy, die Bybel en die Heilige Gees is prioriteit in verklaring. Moenie hierdie voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees die paragraaf in een slag deur. Identifiseer die onderwerpe. Vergelyk jou onderwerpverdeling met die ses vertalings hierbo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar is die sleutel tot die oorspronklike skrywer se bedoeling – die hart van verklaring. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Ens.

WOORD- EN FRASESTUDIE

OAV TEKS: 5:1-2

¹DIT is die stamboom van Adam. Die dag toe God Adam geskape het, het Hy hom gemaak na die gelykenis van God. ²Man en vrou het Hy hulle geskape en hulle geseën en hulle mens genoem, die dag toe hulle geskape is.

5:1 “die stamboom van” Hierdie term (BDB 410) word tienkeer herhaal in Genesis (vgl. 2:4; 5:1; 6:9; 10:1; 11:10,27; 25:12,19; 36:1; 37:2). Dit impliseer blykbaar 'n geskrewe dokument (moontlik kleitablette of leerrol). In antieke Mesopotamiese spykerskriftablette is 'n term of frase

gebruik om verskeie kleitablette met mekaar te verbind tot 'n literêre eenheid (d.w.s. kolofon). Ek glo dat Moses (1) mondelinge tradisies, (2) geskrewe bronne van die Patriarge, sowel as (3) direkte openbaring gebruik het om die Pentateug te skryf.

Die frase word dikwels herhaal in Genesis. Dit sluit altyd 'n konteks af. Dit funksioneer as 'n literêre slotmerker.

■ **“Die dag toe God Adam geskape het”** Dit mag 'n ander, aparte spykerskrif steentablet begin, want dit som Genesis 1-2 op.

5:2 “en hulle mens genoem” Let op dat dit die generiese gebruik van adam is, soos vers 3 die spesifieke gebruik is. Die generiese gebruik is nog 'n bevestiging van gelykheid, nes 1:26-27.

■ **“die dag”** Dit is die gebruik van “dag” nie as 'n vier-en-twintig-uur tydperiode nie, maar 'n tydperk of era. Dieselfde gebruik kan gesien word in Gen. 2:4; Ps. 90:4. Sien Vir Spesiale Aandag by 1:5.

OAV TEKS: 5:3-5

³Toe Adam honderd-en-dertig jaar oud was, het hy 'n seun verwek na sy gelykenis, na sy ewebeeld, en hom Set genoem. ⁴En die dae van Adam, ná die geboorte van Set, was agthonderd jaar. En hy het seuns en dogters gehad. ⁵So was dan al die dae van Adam wat hy geleef het, negehonderd-en-dertig jaar, en hy het gesterwe.

5:3 “Adam. . .het. . .’n seun verwek na sy gelykenis, na sy beeld” Daar is twee moontlike verklarings van hierdie frase: (1) soos ander aardse diere het Adam afstammeling van sy eie soort voortgebring (vgl. 1:11) of (2) dit toon dat God se beeld (vgl. 1:26-27) steeds in die mens is ná die val.

5:5 “al die dae van Adam wat hy geleef het, negehonderd-en-dertig jaar” Daar is reeds baie bespiegel oor die lengte van menslewens voor en onmiddellik ná die groot vloed (d.w.s. die antediluviaanse tydperk). Sommige het voorgestel dat (1) dit figuurlik is; (2) hulle jare anders bereken het; (3) die aarde nog nie so deurdring was van sonde soos dit nou is nie; of (4) die groot getalle is gebruik om eer aan voormalige leiers te betoon, soos in die Sumeriese lys van tien antieke konings. In daardie lys het die konings voor die vloed baie langer geleef as die konings ná die vloed, baie soos in die geslagsregisters van die Bybel.

OAV TEKS: 5:6-8

⁶Toe Set honderd-en-vyf jaar oud was, het hy die vader van Enos geword. ⁷En Set het ná die geboorte van Enos nog agthonderd-en-sewe jaar gelewe. En Hy het seuns en dogters gehad. ⁸So was dan al die dae van Set nege-honderd-en-twaalf jaar, en hy het gesterwe.

Daar word vroeër hierna verwys by 4:26.

OAV TEKS: 5:9-11

⁹Toe Enos negentig jaar oud was, het hy die vader van Kenan geword. ¹⁰En Enos het ná die geboorte van Kenan nog agthonderd-en-vyftien jaar gelewe. En hy het seuns en dogters gehad. ¹¹So was dan al die dae van Enos nege-honderd-en-vyf jaar, en hy het gesterwe.

5:10 “Kenan” Dit kan beteken: (1) ‘besitter’; (2) ‘kind’; (3) ‘geskepte ding’; (4) ‘jong man’; of (5) ‘spiesman’ (BDB 884). Dit is duidelik met so baie betekenismoontlikhede (‘n algemene verskynsel) dat ons eenvoudig nie weet wat dit beteken nie.

OAV TEKS: 5:12-14

¹²Toe Kenan sewentig jaar oud was, het hy die vader van Mahalálel geword. ¹³En Kenan het ná die geboorte van Mahalálel nog agthonderd-en-veertig jaar gelewe. En hy het seuns en dogters gehad. ¹⁴So was dan al die dae van Kenan negehonderd-en-veertig jaar, en hy het gesterwe.

Duidelik is hierdie parallele of gestandaardiseerde literêre stellings.

OAV TEKS: 5:15-17

¹⁵Toe Mahalálel vyf-en-sestig jaar oud was, het hy die vader van Jered geword. ¹⁶En Mahalálel het ná die geboorte van Jered nog agthonderd-en-dertig jaar gelewe. En hy het seuns en dogters gehad. ¹⁷So was dan al die dae van Mahalálel agthonderd-vyf-en-negentig jaar, en hy het gesterwe.

5:15 “Mahalálel” Dit beteken ‘prys van God’ (BDB 239).

▣ **“Jered”** Dit beteken ‘afkoms’ (BDB 434).

OAV TEKS: 5:18-20

¹⁸Toe Jered honderd-twee-en-sestig jaar oud was, het hy die vader van Henog geword. ¹⁹En Jered het ná die geboorte van Henog nog agthonderd jaar gelewe. En hy het seuns en dogters gehad. ²⁰So was dan al die dae van Jered nege-honderd-twee-en-sestig jaar, en hy het gesterwe.

5:18 “Henog” Dit kan beteken (1) ‘beginner’; (2) ‘toegewyd’; of (3) ‘inisieerder’ (BDB 335). Sien aantekening by 4:17b vir naamooreenkomste tussen Kain se nageslag (d.w.s. hoofstuk 4) en Set se nageslag (d.w.s. hoofstuk 5).

OAV TEKS: 5:21-24

²¹Toe Henog vyf-en-sestig jaar oud was, het hy die vader van Metúsalag geword. ²²En Henog het ná die geboorte van Metúsalag nog driehonderd jaar met God gewandel. En hy het seuns en dogters gehad. ²³So was dan al die dae van Henog driehonderd-vyf-en-sestig jaar. ²⁴En Henog het met God gewandel; en hy was daar nie meer nie, want God het hom weggeneem.

5:21 “Metúsalag” Dit beteken (1) ‘man van die werp spies’ of (2) ‘man van wapens’ (BDB 607). Na oorlewering het hy langer geleef as enige ander persoon in die Bybel, maar geen rede of klem word met hierdie feit verbind nie. Die rabbyne sê dat die vloed op die dag van Metúsalag se dood gekom het.

5:22 “Henog het. . . met God gewandel” Die Hebreëuse term (BDB 229, KB 246) is die *Hithpael*-stam, wat intieme vertrouensvriendskap, amper tot die punt van ‘saamleef’ aandui. Nes met al hierdie antieke Hebreëuse name is ons eenvoudig nie seker van die spesifieke betekenis nie (BDB 335). Hebreërs 11:5 beskryf Henog se geloofswandeling. Die enigste ander persoon van wie hierdie frase gebruik word is Noag in 6:9.

5:24 “want God het hom weggeneem” Diselfde woorde (BDB 542, KB 534, *Qal*-PERFEKTUM) word gebruik van Elia in 2 Kon. 2:3,5,9,10. Dit impliseer ‘n oorgang tot in God se teenwoordigheid sonder om fisies te sterf. Henog se verhouding met God het gelei tot intieme, persoonlike vertrouensvriendskap. In ‘n hoofstuk deurdring met die frase “en hy het gesterwe” is hierdie ‘n verfrissende voorbeeld van hoop (1) van die liefde van God en (2) vir almal wat in Hom glo.

OAV TEKS 5:25-27

²⁵Toe Metúsalag honderd-sewen-en-tagtig jaar oud was, het hy die vader van Lameg geword. ²⁶En Metúsalag het ná die geboorte van Lameg nog sewehonderd-twee-en-tagtig jaar gelewe. En hy het seuns en dogters gehad. ²⁷So was dan al die dae van Metúsalag negehonderd-negen-en-sestig jaar, en hy het gesterwe.

5:26 “Lameg” Hierdie naam beteken moontlik (1) ‘sterk’; (2) ‘jeugdig’; (3) ‘kryger’; of (4) ‘oorwinnaar’ (BDB 541). KB noem ‘n Arabiese stamwoord wat ‘baie sterk man’ beteken. Die naam word ook in Kain se lyn aangetref (vgl. 4:18 e.v.) Dit impliseer (1) dat die naam algemeen was of (2) dat daar ‘n verwantskap tussen die twee geslagsregisters bestaan.

OAV TEKS: 5:28-31

²⁸Toe Lameg honderd-twee-en-tagtig jaar oud was, het hy ‘n seun verwek ²⁹en hom Noag genoem, want hy het gesê: Dit is hy wat ons sal troos oor ons werk en oor die moeitevolle arbeid van ons hande wat voortkom uit die aarde wat die HERE vervloek het. ³⁰En Lameg het ná die geboorte van Noag nog vyfhonderd-vyf-en-negentig jaar gelewe. En hy het seuns en dogters gehad. ³¹So was dan al die dae van Lameg sewehonderd-sewen-en-sewentig jaar, en hy het gesterwe.

5:28 Wat ‘n kontras vind ons nie in die twee Lamegs nie. Een is grootpraterig oor gewelddadige wraak (Kain se lyn); die ander is hoopvol vir die genade van God (Set se lyn)!

| | |
|-----------------|-------------------|
| 5:29 OAV | “Noag. . .troos” |
| NAV | “Noag. . .opbeur” |
| NASB | “Noah. . .rest” |

Dit is ‘n nie ‘n filosofiese nie, maar ‘n populêre etimologie van die term ‘rus’ (BDB 629). Dit verklaar klaarblyklik Lameg se geloof dat daar deur Noag ‘n noemenswaardige ommekeer van die vloek van Gen. 3:17 sou plaasvind. Dit is Lameg se geloofsbelydenis.

OAV TEKS: 5:32

³²En Noag was vyfhonderd jaar oud, en Noag het die vader geword van Sem, Gam en Jafet.

5:32 “Sem” Hierdie term kan ‘roem’ of ‘naam’ beteken (BDB 1028).

■ **“Gam”** Hierdie term kan ‘om warm te wees’ of ‘om donker te wees’ beteken (BDB 325).

■ **“Jafet”** Hierdie term kan ‘prag’ of ‘verspreidend’ beteken (BDB 834).

BESPREKINGSVRAE

Hierdie is ‘n studiegidskommentaar wat beteken dat jy verantwoordelik is vir jou eie interpretasie van die Bybel. Elkeen van ons moet in die lig wat ons tot ons beskikking het, loop. Jy, die Bybel en die Heilige Gees is prioriteit in interpretasie. Moet dit nie aan ‘n kommentaarskrywer oorlaat nie.

Hierdie vrae word verskaf om jou te help dink oor die grootste kwessies van hierdie gedeelte van die boek. Hulle is veronderstel om gedagteprikkend te wees, nie voorskrywend nie.

1. Wat is die teologiese verwantskap tussen Genesis 4 en 5?
2. Hoekom word Kain se geslagsregister ontwikkel om dan heeltetal uit Skrif uit te verdwyn?
3. Hoekom is die name van die Kainiete en die Setiete so eenders?
4. Wat het met Henog gebeur?

GENESIS 6:1-22

PARAGRAAFVERDELING VAN MODERNE VERTALINGS

| NASB | NKJV | NRSV | TEV | NJB | NAV |
|---------------------------|------------------------------------|-------------------------------|------------------|---|-----------------------------|
| The Corruption of Mankind | The Wickedness and Judgment of Man | The Birth of the Nephilim | Human Wickedness | Sons of God and Women | Die reuse |
| 6:1-4 | 6:1-4 | 6:1-4 | 6:1-4 | 6:1-4 | 6:1-3 6:4 |
| | | The Great Flood (6:5-8:22) | | The Corruption of Humanity | Die sondvloed (6:5-8:22) |
| 6:5-8 | 6:5-8 | 6:5-8 | 6:5-8 | 6:5-8 | 6:5-7 6:8 |
| | Noah Pleases God | | Noah | | |
| 6:9-10 | 6:9-10 | 6:9-10 | 6:9-12 | 6:9a 6:9b-12 | 6:9 |
| 6:11-12 | 6:11-13 | 6:11-22 | | Preparations for the Flood (6:13-7:16) | 6:10 6:11-13 |
| 6:13-22 | The Ark Prepared 6:14-21 | | 6:13-22 | 6:13-16 6:17-22 | 6:14-16 6:17-21 |
| | 6:22 | | | | 6:22 |

LEESSIKLUS DRIE (sien bl. xvii)

VOLGENS DIE OORSPRONKLIKE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAFVLAK

Hierdie is 'n studiegidskommentaar, wat beteken dat jy verantwoordelik is vir jou eie verklaring van die Bybel. Ons moet elkeen wandel in die lig waaroor ons beskik. Jy, die Bybel en die Heilige Gees is prioriteit in verklaring. Moenie hierdie voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees die paragraaf in een slag deur. Identifiseer die onderwerpe. Vergelyk jou onderwerpverdeling met die ses vertalings hierbo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar is die sleutel tot die oorspronklike skrywer se bedoeling – die hart van verklaring. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Ens.

WOORD- EN FRASESTUDIE

OAV TEKS: 6:1-4

¹TOE die mense op die aarde begin vermeerder en daar vir hulle dogters gebore is, ²sien die seuns van God dat die dogters van die mense mooi was, en hulle het vir hulle as vroue geneem

almal wat hulle verkies het. ³Toe sê die **HERE: My Gees sal nie vir ewig in die mens heers nie, omdat hy ook vlees is; maar sy dae sal wees honderd-en-twintig jaar.** ⁴In dié dae was die reuse op die aarde, en ook daarna, toe die seuns van God by die dogters van die mense ingegaan en dié vir hulle kinders gebaar het. Dit is die geweldiges uit die ou tyd, die manne van naam.

6:1 “mense” Dit is die generiese gebruik van die term (vgl. 5:2). Indien dit in vers 2 in die generiese sin gebruik word, soos waarskynlik die geval is, dan word die engelteorie versterk.

■ **“en daar vir hulle dogters gebore is”** Dit impliseer nie dat hierdie die eerste geboorte van dogters was nie (vgl. 5:4), maar is eerder ‘n algemene stelling oor die uitbreiding van die menslike ras (BDB 408, KB 411, *Qal*-PASSIEWE PERFECTUM).

6:2 “seuns van God” Sien Vir Spesiale Aandag hieronder.

VIR SPESIALE AANDAG: “die seuns van God” in Genesis 6

- A. Daar is groot omstredenheid rondom die identifikasie van die frase “die seuns van God”. Drie hoofinterpretasies het ontstaan:
1. die frase verwys na die goddelike lyn van Set (vgl. Gen. 5, sien aantekening by 4:14);
 2. die frase verwys na ‘n groep engelagtige wesens;
 3. die frase verwys na die koning van tiranne of Kain se lyn (vgl. Gen. 4).
- B. Ondersteuning dat die frase verwys na Set se lyn:
1. Die onmiddellike literêre konteks van Gen. 4 en 5 toon die ontwikkeling van die opstandige lyn van Kain en die uitverkore lyn van Set. Daarom gee kontekstuele gegewens voorkeur aan die goddelike lyn van Set.
 2. Die rabbyne verskil oor hulle interpretasies van hierdie passasie. Sommige voel dat dit verwys na Set, maar die meeste na engele.
 3. Die meervoudsfrase “die seuns van God,” word meestal gebruik om na engelagtige wesens te verwys, selde na mense:
 - a. Deut. 14:1 – “kinders van JHWH julle God”
 - b. Deut. 32:5 – “Sy seuns”
 - c. Eks. 22:8-9; 21:6 (moontlik Levitiese regter)
 - d. Ps. 73:15 – “U kinders”
 - e. Hos. 1:10 – “kinders van die lewende God”
- C. Ondersteuning dat die frase verwys na engelagtige wesens:
1. Dit is die mees algemene, tradisionele interpretasie van die passasie. Die breër konteks van Genesis sou hierdie siening kon ondersteun as nog ‘n voorbeeld van bonatuurlike boosheid wat probeer om God se wil vir die mens te dwarsboom (volgens die rabbyne uit jaloesie).
 2. Die meervoudsfrase “seuns van God” word in die OT oorwegend van engele gebruik:
 - a. Job 1:6
 - b. Job 2:1
 - c. Job 38:7
 - d. Psalm 29:1
 - e. Psalm 89:6,7
 - f. Daniël 89:6
 3. Die intertestamentêre boek van 1 Henog (vgl. 1 Henog 6:1-8:4; 12:4-6; 19:1-3; 21:1-10) en Jubilees (vgl. Job 5:1), wat saam met die *Genesis Apokriewe* van die Dooie See-Boekrolle, baie gewild was onder gelowiges in die NT-tydperk, interpreteer dit as opstandige engele.

4. Die onmiddellike konteks van hoofstuk 6 impliseer klaarblyklik dat “die geweldiges uit die ou tyd, die manne van naam” afkomstig was van hierdie onvanpaste vermenging van die range van die skepping.
5. Die Septuaginta vertaal die frase: “seuns van God” as “engele van God”.
6. 1 Henog voer selfs aan dat Noag se vloed gekom het om hierdie engel/mens-paring, wat vyandig teenoor JHWH en sy plan vir die skepping gestaan het, te vernietig.
7. In Oegaritiese literatuur verwys “seuns van God” na lede van die panteon (d.w.s. mindere geestelike wesens).

D. Ondersteuning dat die frase verwys na konings of tiranne uit Kain se lyn:

1. Daar is verskeie antieke vertalings wat hierdie siening ondersteun:
 - a. Targum van Onkelos (tweede eeu n.C.) vertaal “seuns van God” as “seuns van die adelstand”;
 - b. Summagos (tweede eeu n.C.) se Griekse vertaling van die OT vertaal “seuns van God” as “die seuns van die konings”;
 - c. die term *elohim* verwys na Israelitiese leiers (vgl. Eks. 21:6; 22:8; Ps. 82:1,6), sien NIV en NET;
 - d. *Nephilim* word verbind met *Gibborim* in Gen. 6:4, *Gibborim* is van *Gibbor*, wat ‘n magtige man van weleer, krag, welstand of mag’ kan beteken;
 - e. hierdie interpretasie en die ondersteuning daarvoor word geneem uit *Hard Sayings of the Bible*, bl. 106-108.

E. Geskiedkundige ondersteuning vir die voorstanders van albei gebruike:

1. die frase verwys na Setiete

| | |
|----------------------------|-------------------|
| a. Cyrillus van Alexandrië | e. Calvin |
| b. Theodoret | f. Kyle |
| c. Augustinus | g. Gleason Archer |
| d. Jeronimus | h. Watts |
2. die frase verwys na engelagtige wesens

| | | |
|--|-----------------|-----------------|
| a. skrywers van die Septuaginta | g. Tertullianus | l. Hengstenberg |
| b. Philo | h. Origenes | m. Olford |
| c. Josefus (<i>Antiquities</i> 1:3:1) | i. Luther | n. Westermann |
| d. Justin Martyr | j. Ewald | o. Wenham |
| e. Irenaeus | k. Delitzsch | p. NET Bybel |
| f. Clemens van Alexandrië | | |

F. Wat is die verband tussen die *Nephilim* van Gen. 6:4 en die “seuns van God” en “die dogters van die mense” van Gen. 6:1-2? Neem kennis van die volgende teorieë:

1. Hulle is die voortspruitende reuse (vgl. Num. 13:44) van die paring tussen engele en mensvroue.
2. Hulle hou glad nie verband nie. Daar word eenvoudige vermeld dat hulle op die aarde was in die dae van die gebeure van Gen. 6:1-2 en ook daarná.
3. R. K. Harrison het in *Introduction to the Old Testament*, bl. 557, die volgende kriptiese aanhaling: “om die onskatbare waarde van antropologiese insigte oor die ondervermenging van *Homo sapiens* en voor-Adamiese spesies wat die passasie bevat heeltemal agterwee te laat, en wat ontvanklik is vir daardie kundiges wat toegerus is om hulle na te jaag.”

Dit impliseer vir my dat hy hierdie twee groepe sien as verteenwoordigend van verskillende groepe homenides. Dit sou ‘n latere, spesiale skepping van Adam en Eva impliseer, maar ook ‘n evolusionêre ontwikkeling van *Homo erectus*.

G. Dit is net regverdig om my eie begrip van hierdie kontroversiële teks bloot te lê. Eerstens wil ek ons almal herinner daaraan dat die teks in Genesis bondig en dubbelsinnig is. Moses se eerste aanhoorders moes ‘n bykomstige historiese insig gehad het of Moses het mondelinge en

geskrewe tradisie van die Patriargiese tydperk gebruik wat hy self nie ten volle verstaan het nie. Hierdie kwessie is nie 'n kritieke teologiese onderwerp nie. Ons is dikwels nuuskierig oor dinge waaroor die Skrif hom net vlugtig uitlaat, maar wat dubbelsinnig bly. Dit sou baie ongehoort wees om 'n uitvoerige teologie op hierdie en soortgelyke fragmente van Bybelse inligting te baseer. Indien ons hierdie inligting nodig gehad het sou God dit in 'n duideliker en vollediger vorm aan ons oorgedra het. Persoonlik glo ek dit was engele en mense, omrede:

1. die volgehoue, dog nie eksklusiewe, gebruik van die frase “seuns van God” vir engele in die OT;
2. die Septuaginta (Alexandries) vertaal (laat eerste eeu n.C.) “seuns van God” as “engele van God”;
3. die skynepigrafiese apokaliptiese boek van 1 Henog (moontlik geskryf rondom 200 v.C.) is baie spesifiek daarvoor dat dit na engele verwys (vgl. hoofstukke 6-7);
4. die teologiese skakel met 2 Pet. 2 en Judas van engele wat sondig en nie bly waar hulle tuis is nie.

Ek weet dat dit vir sommige teenstrydig met Mat. 22:30 voorkom, maar hierdie spesifieke engele is nie in die hemel of op die aarde nie, maar in 'n spesiale tronk (*Tartarus*).

5. Ek dink een rede hoekom die gebeure van Gen. 1-11 in ander kulture aangetref word (d.w.s. soortgelyke skeppingsverhale, soortgelyke vloedverhale, soortgelyke opgawes van engele wat vroue neem) is dat alle mense saam was en 'n mate van kennis van JHWH gehad het gedurende hierdie tydperk, maar ná die toring van Babel se verspreiding is hierdie kennis gekorrupteer en aangepas vir 'n politeïstiese model.

'n Goeie voorbeeld hiervan is Griekse mitologie waar die halfmens/half-supermensreuse genaamd Titane in *Tartarus* gevange gehou word, dieselfde naam wat slegs eenkeer in die Bybel gebruik word (vgl. 2 Pet. 2) vir die aanhoudingsplek van die engele wat nie op hulle plek wou bly nie. In rabbynse teologie is Hades verdeel in 'n afdeling vir die regverdiges (paradys) en 'n afdeling vir die afvalliges (*Tartarus*).

■ **“dat die dogters van mense mooi was”** Die term “mooi” is letterlik ‘goed’ of ‘regverdig’ (BDB 373). Dit is teologies 'n sleutelkonsep van hoofstuk 1 (veral 1:31). Wat God eers goed geag het, ag hy nou boos (vgl. verse 5-6).

■ **“hulle het vir hulle as vroue geneem almal wat hulle verkies het”** Die eerste frase impliseer die huwelik, wat die siening dat dit engele was weerspreek (BDB 542, KB 534, *Qal*-IMPERFEKTUM). Die tweede frase impliseer egter dat hulle reedsgetroude en/of ongetroude vrouens geneem het, wie ookal hulle gekies het (BDB 103, 119, *Qal*-PERFEKTUM). Dit kon dui op (1) engelagtige wesens of (2) magtige mensleiers uit Kain se lyn (d.w.s. tiranne) wat poligamie beoefen het.

6:3 OAV “My Gees sal nie vir ewig in die mens heers nie”
NAV “My Gees sal nie meer so lank in die mens bly nie”
NASB “My Spirit shall not strive with man forever”

Die term “*strive*” kan ook vertaal word as “*remain*” of “bly” (BDB 192, KB 220, *Qal*-IMPERFEKTUM, vgl. NRSV “*abide*”). Dit verwys óf (1) na God se geduld (d.w.s. Hy het die vloed uitgestel totdat die ark voltooi was, vgl. 1 Pet. 3:20); óf (2) na die mensdom se verkorte lewensverwagting.

Hoe hou 6:3 met 6:1-2 en 6:4 verband? Dit is baie moeilik om die oorspronklike skrywer se bedoeling deur hierdie konteks te volg. Mense sou waarskynlik, ten spyte van hulle vermenging met engele, steeds sterf. Nes Eva “sien” en vat, “sien” die “seuns van God” nou en vat, wat dieselfde soort opstandigheid impliseer (d.w.s. moontlikheid van ewige lewe of onafhanklikheid aangryp).

■ **OAV** “omdat hy ook vlees is”
NAV “want hy is sterflik”

NASB

“because he is also flesh”

Dit voeg skynbaar meer gewig by die interpretasie dat die ander mense van wie daar in hierdie passasie gepraat word, engelagtige wesens onderskeibaar van sterflike mense was. Vandag se Engelse Weergawe vertaal: “hulle is sterflik.”

■ **“maar sy dae sal wees honderd-en-twintig jaar”** Dit impliseer klaarblyklik ‘n tydperk van genade (vgl. 2 Pet. 2:5) waar dit vermeld word dat Noag vir hierdie tussenjare gepreek het, en daarom verwys dit na die tyd totdat die vloed gekom het. Dit kan ook moontlik dui op die verkorte lewensverwagting van mense ná die komende vloed.

6:4 “die reuse” Dit impliseer ‘die afvalliges’ (van die Hebreuse *naphal*, BDB 658, KB 709). Dit lyk vir my of hulle en die reuse gelyksoortig is (vgl. Num. 13:33; ook Deut. 2:10-11; 9:2; en die Septuaginta, die Vulgaat en Peshitta vertalings). Ander vertalers soos Martin Luther en H. C. Leupold voer egter aan dat hierdie term as ‘tiran’ verstaan moet word, wat die magtige konings met die groot harems uit die geslag van Kain impliseer.

J. Wash Watts sê in *Old Testament Teaching*, bl. 28-30: “Nephilim verwys na Noag en sy familie as diegene wat hulleself afgesonder het van diegene uit Kain se geslag en Set se geslag wat besig was met interhuwelike. In hierdie verklaring is Nephilim die seuns van die ‘Een ware God’ (vgl. “die God” 5:23,24; 6:9).” Sien Vir Spesiale Aandag hieronder.

VIR SPESIALE AANDAG: TERME GEBRUIK VIR LANG/MAGTIGE KRYGERS OF MENSGROEPE

Hierdie groot/lang/magtige mense word verskeie name gegee:

1. *Nephilim* (BDB 658) – Gen. 6:4; Num. 13:33;
2. *Rephaim* (óf BDB 952 óf BDB 952 II) – Gen. 14:5; Deut. 2:11, 20; 3:11,13; Jos. 12:4; 13:12; 2 Sam. 21:16,18,20,22; 1 Kron. 20:4,6,8;
3. *Zamzummin* (BDB 273), *zuzim* (BDB 265) – Gen. 14:5; Deut. 2:20;
4. *Emim* (BDB 34) – Gen. 14:5; Deut. 2:10-11;
5. *Anakim* (seuns van *Anak*, BDB 778 I) – Num. 13:33; Deut. 1:28; 2:10-11,21; 9:2; Jos. 11:21-22; 14:12,15.

■ **“In dié dae was. . .op die aarde”** Diegene wat glo in engele wat met mensvroue saamwoon gebruik die tweede helfte van vers 4 as bewysplaas om te wys dat die reuse voortspruit uit hierdie verhouding. Andere gebruik egter die eerste helfte van vers 4 om aan te voer dat reuse alreeds op hierdie stadium op die aarde was.

Die intertestamentêre apokaliptiese boek van 1 Henog stel dat hierdie reuse die resultaat van die paring van engele en mense was en dat die vermenging van die range van die skepping die rede is hoekom God die vloed gestuur het. 1 Henog stel ook dat hierdie reuse wat hulle fisiese liggame verloor het tydens die vloed, die demone is wat soek na mensliggame om te beset vir hulle eie selfsugtige doeleindes.

| | |
|------------|--------------------|
| ■ OAV | “die geweldiges” |
| NAV | “die sterk mense” |
| NASB, NKJV | “the mighty men” |
| NRSV, NJB | “the heroes” |
| TEV | “the great heroes” |

Dit is die Hebreuse term *gibbor* (BDB 150) wat dui op ‘n uiters bemagtigde persoon, dier of item. Dit word gebruik van (1) Nimrod in Gen. 10:8-9; (2) tiranne in Ps. 52:1; Eseg. 32:27; en (3) engele in Ps. 104:20 (ook in die Danksegingsgesange 8:11 en 20:34 van die Dooie See-Boekrolle).

| | |
|----------------------|----------------------|
| ■ OAV, NAV | “manne van naam” |
| NASB, NKJV, NJB, NIV | “men of renown” |
| NRSV | “warriors of renown” |
| TEV | “famous men” |

Die “*men of renown*”-weergawe is die vertaling van die meeste moderne Engelse Bybels sowel as die Septuaginta. Letterlik is dit egter soos die Afrikaans dit het: “manne van naam” (BDB 1027). Dit het drie teorieë tot gevolg gehad:

- (1) dit verwys na die goddelike lyn van Set wat JHWH aanbid het (d.w.s. die naam van God, vgl. J. Wash Watts)
- (2) dit verwys na die Nephilim as magtige kinders van die engele en mense (d.w.s. die reuse, vgl. TEV)
- (3) dit verwys na die konings van die goddelose lyn van Kain wat tiranne was (vgl. NRSV); hulle het met baie vroue getrou (d.w.s. koninklike veelwywery, vgl. NJB)

Dit is ‘n baie kort en dubbelsinnige paragraaf. Die grootste dryfveer is die voortdurende en opbouende goddeloosheid van die skepping wat die verhoog skik vir God se radikale veroordeling. Alhoewel, goddeloosheid duur voort, selfs in Noag en sy familie.

OAV TEKS: 6:5-8

⁵Toe die HERE sien dat die boosheid van die mens op die aarde groot was en al die versinsels wat hy in sy hart bedink, altyddeur net sleg was, ⁶het dit die HERE berou dat Hy die mens op die aarde gemaak het, en daar was smart in sy hart. ⁷En die HERE sê: Ek sal die mens wat Ek geskape het, van die aarde verdelg, die mens sowel as die vee en die kruipende diere en die voëls van die hemel; want dit berou My dat Ek hulle gemaak het. ⁸Maar Noag het genade gevind in die oë van die HERE.

6:5 “die HERE sien dat die boosheid van die mens. . .groot was” Hierdie gedeelte van die Skrif beklemtoon die ontwikkeling van boosheid in die hart van die mens (BDB 906, KB 1157, *Qal-IMPERFEKTUM*, vgl. Gen. 6:11-12,13b; 8:21; Ps. 14:3; 51:5), wat ‘n direkte paradoks vorm met die goedheid van die skepping in Gen. 1:31.

■ **“en al die versinsels wat hy in sy hart bedink, altyddeur net sleg”** Hierdie gevolg van Adam en Eva se val het universele proporsies aangeneem. Almal, behalwe ses mense, was hopeloos geaffekteer deur die bose. Hulle dwaaldenke was dag en nag op die bose gefokus!

Die konsep van ‘bose intensies’ (*ysr*, BDB 428) word die rabbynse siening van die mens se morele aard. Hulle sien die mens altyd besig om een van twee moontlike intensies uit te oefen (goed of sleg). Die bekende slagspreuk: “In elke man se hart is ‘n swart en ‘n wit hond; die een wat jy die meeste voer raak die grootste,” (parafrasering), beskryf die mensdom. Hierdie siening van die mens word versterk deur 4:7. Joodse teoloë beklemtoon nie Gen. 3 nie, maar Gen. 6 as die oorsprong van sonde in die wêreld. Kinders is nie by geboorte al sleg nie, want morele verantwoordelikheid kom eers saam met kennis (*bar mitzvah*, *bat mitzvah*). Die bose is uit keuses saamgestel!

6:6 “het dit die HERE berou. . .daar was smart in sy hart” Hierdie is vermenslikende frases. Die eerste frase word verklaar: “die HERE slaak ‘n groot sug” (BDB 636, KB 688, *Niphal-IMPERFEKTUM*). Die tweede word verklaar: “die Here was gegrief in sy hart” (BDB 780, KB 864, *Hithpael-IMPERFEKTUM*). Hierdie is sterk Hebreeuse frases (vgl. 34:7; 45:5; 1 Sam. 2:33; 20:34; 2 Sam. 19:2; Ps. 78:40; Jes. 54:6). Daar word dikwels in die Bybel van God gesê dat Hy jammer of berouvol is (vgl. Gen. 6:6-7; Eks. 32:14; 1 Sam. 15:11; 2 Sam. 24:16; Jer. 18:7,8; 26:13,19; Jona 3:10). Ander passasies stel egter weer dat God nooit spyt kry of van plan verander nie (vgl. Num. 23:19; 1 Sam. 15:29; Jer. 4:28; Ps. 132:11). Dit is die spanning wat altyd ontstaan wanneer ons mensterme gebruik om God te beskryf. God is nie ‘n man nie, maar die enigste woorde wat ons het om Hom en sy gevoelens te beskryf is menslik. Dit moet gestel word dat God nie nukkerig is nie. Hy is standvastig en immer gepynig in sy verlossingsdoelwit vir die mensdom, maar die mens se reaksie van

boetvaardigheid en sondebelydenis bepaal dikwels God se aksie in 'n gegewe situasie (vgl. Ps. 106:45; Jona).

Theologies gesproke is dit God wat verander, nie die mens nie. God besluit om met sondige mense te werk. Sy doel is dieselfde – 'n regverdige mens wat sy karakter weerspieël. Dit sal slegs volbring word deur 'n nuwe hart, 'n nuwe verbond (vgl. Jer. 31:31-34; Eseg. 36:26-38). God kies genade oor veroordeling!

6:7 OAV “Ek sal die mens wat Ek geskape het, van die aarde verdelg”
NAV “Ek sal die mens wat Ek geskep het, wegvee van die aarde af”
NASB “I will blot out man whom I have created”

Die term “verdelg” of “wegvee” beteken ‘om weg te was’ (BDB 562, KB 567, *Qal-IMPERFEKTUM*, d.w.s. die vloed). Die diere boet as gevolg van die sonde van die mens (vgl. Rom. 8:19-22). Die visse word nie in hierdie veroordeling ingesluit nie. Hierdie veroordeling is nie gebaseer op die nukkerige dade van die gode soos in die Mesopotamiese weergawes van die morele verval van die mens nie. Hierdie boosheid bly selfs in die familie van regverdige Noag (vgl. 8:21-22), maar God se genade kies die voortdurende beskerming van menslike boosheid tot die koms van Christus (vgl. Gal. 3).

6:8 “in die oë van die HERE” Dit is nog 'n voorbeeld van 'n vermenslikende frase om God te beskryf. Hy het nie oë nie, Hy is Gees. Dit is 'n metafoor vir God se alwetendheid.

OAV TEKS: 6:9-10

⁹Dit is die geskiedenis van Noag. Noag was 'n regverdige, opregte man onder sy tydgenote. Noag het met God gewandel. ¹⁰En Noag het drie seuns gehad: Sem, Gam en Jafet.

6:9 “Noag was 'n regverdige, opregte man onder sy tydgenote” Hierdie twee beskrywende woorde is baie belangrik. Die eerste een impliseer dat Noag aanpas by die standaarde van sy begrip oor die wil van God. Sien Vir Spesiale Aandag: Regverdigheid hieronder. Die tweede (BDB 1070) impliseer dat hy sy hart volkome vir die Here gee (bv. 17:1; Ps. 18:23). Die tweede term word later vir onverbloemde opoffering gebruik. Hierdie twee terme impliseer nie Noag se sondeloosheid nie, soos aangetoon deur 9:21.

VIR SPESIALE AANDAG: REGVERDIGHEID

“Regverdigheid” is so 'n sentrale tema dat 'n Bybelstudent persoonlik van die begrip 'n uitgebreide studie moet maak. In die OT word die karakter van God as “regverdig” en “regskape” beskryf (BDB 841). Dit is 'n Mesopotamiese woord vir 'n riet uit die rivier wat as gereedskap gebruik word om die horisontale reglynigheid van mure en lyndrade vas te stel. God het die term gekies om metafories oor sy eie aard te spreek. Hy is die reguit maat waardeur alle dinge geëvalueer word. Hierdie konsep bevestig God se geregtigheid, sowel as sy reg om te oordeel.

Die mens is geskape na die beeld van God (Gen. 1:26-27; 5:1, 3; 9:6). Die mensheid is geskape vir vertrouensvriendskap met God. Die hele skepping is die agterdoek of verhoog vir interaksie tussen God en mens. God wou hê dat die kroon van sy skepping, die mens, Hom moes ken, liefhê, Hom moes dien en moes wees soos Hy is. Die lojaliteit van die mensdom is getoets en die eerste mensepaar het die toets gedruip. Dit het uitgeloop op 'n verbreking van die verhouding tussen God en die mensdom (vgl. Gen. 3:21-31).

God het egter beloof om die verhouding te herstel en te vervat (vgl. Gen. 3:15). Hy doen dit uit eie voorneme en deur sy Seun. Mense het nie die vermoë om die breuk te herstel nie (vgl. Rom. 1:18-3:20).

Ná die sondeval was God se eerste stap tot herstel die daarstelling van 'n verbond, waarvolgens Hy die mens uitnooi, en die mens met berou, geloof, belydenis en gehoorsaamheid kon reageer. As gevolg van die sondeval was mense nie in staat om na behore te reageer nie (vgl. Rom. 3:21-31; Gal.

3). God moes toe self inisiatief neem om die verbondsverbrekende mensdom te herstel. Dit het hy gedoen deur:

1. die sondige mensdom regverdig te verklaar op grond van die verdienste van Christus (forensiese of plaasbekledende geregtigheid);
2. geregtigheid aan die mensdom te skenk deur die werk van Christus (toegerekende geregtigheid);
3. die Heilige Gees te stuur om in te woon en geregtigheid te bring (etiese geregtigheid);
4. die vriendskaplikheid van die tuin van Eden te herstel, deurdat Christus die beeld van God herstel het (wederkerige geregtigheid).

God verwag dus 'n reaksie kragtens die verbondsverhouding. Hy maak 'n toesegging deur vryelik te skenk en voorsiening te maak, maar mense moet reageer en aanhou reageer deur:

1. berou te betoon;
2. te glo;
3. gehoorsaam te lewe; en
4. te volhard.

Geregtigheid is daarom kragtens die verbond 'n *wederkerige handeling* tussen God en sy hoogste skepping. Dit is op die wesensaard van God gebaseer, op die werk van Christus, en moontlik gemaak deur die Heilige Gees waaraan elke individu, persoonlik en voortdurend, toepaslik gehoor moet gee. Die konsep staan bekend as "regverdigmaking deur geloof". Dit is in die evangelies geopenbaar, maar nie in hierdie woordgebruik nie. Dié terme is hoofsaaklik aan Paulus te danke wat die Griekse term vir "regverdiging" in wisselende vorme meer as 100 keer gebruik.

Die opgeleide rabbyn, Paulus, gebruik die term *dikaïosunē* in sy Hebreeuse betekenis (*sdk*) soos in die LXX oorgeneem, en nie uit Griekse literatuur nie. In Griekse geskrifte word die term gebruik om te verwys na iemand wat voldoen aan die verwagtinge van gode en van die gemeenskap. In Hebreeus hou dit altyd verband met verbondsterme. YHWH is 'n regverdige, etiese en morele God. Hy wil dat sy mense sy karakter weerspieël. Die verlore mensdom word 'n nuwe skepping. Hierdie vernuwing lei tot 'n nuwe lewenstyl van toewyding (die Rooms-Katolieke fokus ten opsigte van regverdigmaking). Aangesien Israel 'n Teokrasie was, was daar geen duidelike onderskeid tussen die sekulêre norme van die gemeenskap en die heilige (wil van God) nie. Hierdie onderskeid in die Hebreeus en Grieks kom as volg tot uiting: "geregtigheid" ("justice" met betrekking tot die gemeenskap/samelewing) en "regverdigheid" ("righteousness" met betrekking tot godsdiens).

Die evangelie (goeie nuus) van Jesus is dat die gevalle mensdom se vertrouensvriendskap met God herstel is. Paulus se paradoks is dat God deur Christus die skuldige vryspreek. Dit is tot stand gebring deur die Vader se liefde, sy barmhartigheid en genade; deur die Seun se lewe, sterwe en opstanding, en deur die roeping en uitnodiging van die Gees na die evangelie. Regverdigmaking is 'n genadegawe van God, maar dit moet lei tot 'n lewe van godsvrug (die standpunt van Augustinus), wat die Reformasie se klem op die vrye gawe van die evangelie en die Rooms-Katolieke klem op 'n veranderde lewe van liefde en getrouheid, weerspieël. Vir die Hervormers is die term "die geregtigheid van God" 'n OBJEKTIEWE GENITIEF (bv. die aksie wat 'n sondige mensdom aanvaarbaar vir God maak ['n staat van heiligmaking]), terwyl dit vir die Katoliek 'n SUBJEKTIEWE GENITIEF is, wat neerkom op 'n proses van al meer soos God word (eksperimenteel progressiewe heiligmaking). Dit moet sekerlik albei wees!

Myns insiens is die hele Bybel, van Genesis 4 tot Openbaring 20, die optekening van God se herstel van die vertrouensverhouding van Eden. Die Bybel begin met die vertrouensvriendskap van God en mens op 'n aardse toneel, en eindig met dieselfde toneel (vgl. Openb. 21-22). God se beeld en bedoeling sal herstel word!

Die voorafgaande bespreking van die Griekse woordgroep word deur die volgende uitgesoekte NT passasies gestaaf:

1. God is regverdig – dikwels gekoppel aan God as Regter (Rom. 3:26; 2 Tess. 1:5-6; 2 Tim. 4:8; Openb. 16:5)
2. Jesus is regverdig (Han. 3:14; 7:52; 22:14 – titel van die Messias; Mat. 27:19; 1 Joh. 2:1, 29; 3:7)
3. God se wil vir sy skepping is geregtigheid (Lev. 19:2; Mat. 5:48 (vgl. 5:17-20))

4. God se maatstawwe om geregtigheid te voorsien en te bewerkstellig (Rom. 3:21-31; 4; 5:6-11; Gal. 3:6-14)
 - a. geskenk deur God (Rom. 3:24; 6:23; 1 Kor. 1:30; Ef. 2:8-9)
 - b. ontvang deur geloof (Rom. 1:17; 3:22, 26; 4:3, 5, 13; 9:30; 10:4, 6, 10; 1 Kor. 5:21)
 - c. deur handeling van die Seun (Rom. 5:21-31; 2 Kor. 5:21)
5. God se wil is dat sy volgelinge regverdig moet wees (Mat. 5:3-48; 7:24-27; Rom. 2:13; 5:1-5; 6:1-23; 2 Kor. 6:14; 1 Tim. 6:11; 2 Tim. 2:22; 3:16; 1 Joh. 3:7; 1 Pet. 2:24)
6. God sal uit geregtigheid die wêreld oordeel (Han. 17:31; 2 Tim. 4:8)

Geregtigheid is 'n eienskap van God wat Hy vrylik deur Christus aan die sondige mensdom skenk. Dit is:

1. 'n toeseegging deur God
2. 'n geskenk van God
3. 'n handeling van Christus

Maar dit is ook 'n proses van strewe na geregtigheid wat ywerig en standvastig nagejaag moet word; wat by die wederkoms in volmaaktheid sal verander. Vertrouensvriendskap met God word met bekering herstel, maar ontwikkel lewenslank tot en met 'n aangesig-tot-aangesig ontmoeting met die dood of op die Oordeelsdag!

Hier volg 'n aanhaling uit die *Dictionary of Paul and His Letters* van IVP, bl. 834:

“Calvin, more so than Luther, emphasizes the relational aspect of the righteousness of God. Luther’s view of the righteousness of God seems to contain the aspect of acquittal. Calvin emphasizes the marvelous nature of the communication or imparting of God’s righteousness to us.”

Ek dink die gelowige se verhouding met God het drie aspekte:

- a. die evangelie is 'n persoon (die Oosterse Kerk en Calvin beklemtoon)
- b. die evangelie is waarheid (Augustinus en Luther beklemtoon)
- c. die evangelie is 'n veranderde lewe (Katolieke beklemtoon)

Hulle spreek almal van waarheid, en die uitsprake moet saamstaan vir 'n gesonde, kredietwaardige, Bybelse Christendom. As enigeen oor- of onderbeklemtoon word, ontstaan probleme.

Ons moet Jesus verwelkom!

Ons moet die evangelie glo!

Ons moet Christus-gelykvormigheid nastreef!

- ▣ OAV “Noag het met God gewandel”
- NAV “Noag. . .het naby God geleef”
- NASB “Noah walked with God”

Dit (BDB 229, KB 246, *Hithpael*-PERFEKTUM) stem grootliks ooreen met 5:21-22 (*Hithpael*-IMPERFEKTUM) waar die frase na Henog verwys.

OAV TEKS: 6:11-12

¹¹Maar die aarde was verdorwe voor die aangesig van God, en die aarde was vol geweld.
¹²Toe sien God die aarde aan, en—dit was verdorwe, want alle vlees het sy wandel op die aarde verderwe.

6:11-12 God se wil was dat die aarde gevul word met mense en diere, maar sonde het die aarde gevul (BDB 569, KB 583, *Niphal*-IMPERFEKTUM) met geweld en boosheid (vgl. vers 13; Ps. 14:1-3; Rom. 3:10-18). Die “baie goed” van Gen. 1:31 is nie meer van toepassing nie. Hierdie is nie die wêreld wat God bedoel het dit moet wees nie!

OAV TEKS: 6:13-22

¹³En God sê vir Noag: Die einde van alle vlees het volgens my besluit gekom; want die aarde is deur hulle vervul met geweld. En kyk, Ek gaan hulle saam met die aarde verdelg. ¹⁴Maak vir jou ‘n ark van goferhout. Met afdelings moet jy die ark maak en dit binne en buite met pik bestryk. ¹⁵Só moet jy dit maak: driehonderd el die lengte van die ark, vyftig el sy breedte en dertig el sy hoogte. ¹⁶‘n Opening moet jy aan die ark maak; en op die maat van ‘n el moet jy dit aan die bokant afwerk en die deur van die ark aan die sykant insit. Jy moet dit met ‘n onderste, tweede en derde *verdieping* maak. ¹⁷Want kyk, Ek bring ‘n watervloed oor die aarde, om van onder die hemel te verdelg alle vlees waar ‘n lewensgees in is. Alles wat op die aarde is, sal wegsterwe. ¹⁸Maar met jou sal Ek my verbond oprig; jy moet in die ark gaan, jy en jou seuns en jou vrou en die vroue van jou seuns saam met jou. ¹⁹En van al wat lewe, van alle vlees, moet jy twee van elke *soort* in die ark laat ingaan om dit saam met jou in die lewe te hou: mannetjie en wyfie moet hulle wees. ²⁰Van die voëls volgens hulle soorte en van die vee volgens hulle soorte, van al die kruipende diere van die aarde volgens hulle soorte, twee van elke *soort*, moet na jou kom om in die lewe te bly. ²¹En jy, neem vir jou van al die voedsel wat geëet word, en versamel dit by jou, dat dit vir jou en hulle as voedsel kan dien. ²²En Noag het dit gedoen. Net soos God hom beveel het, so het hy gedoen.

6:14 “Maak vir jou ‘n ark” Die WERKWOORD (BDB 793 I, KB 889) is ‘n *Qal*-IMPERATIEF. Dit is moontlik ‘n Egiptiese leenwoord vir ‘kis’ of ‘boks’ (BDB 1061). Die enigste alternatiewe gebruik van hierdie term is vir die mandjie waarin Moses gesit is (vgl. Eks. 2:3,4).

■ **“goferrhout”** Die etimologie van hierdie woord is onseker (BDB 781 en 172). Die verskeidenheid verklarings sluit in: (1) die Septuaginta se ‘vierkanthout’; (2) die Vulgaat se ‘gladdehout’; (3) die meeste skrifgeleerdes glo dat dit verwys na ‘n soort boom, waarskynlik ‘n sipres (NRSV, REB), want die meeste skepe in die ANO is uit hierdie tipe hout gemaak en oorgeverf met boomgom.

6:15 “el” Daar is twee ‘elle’ of ‘voorarm lengtes’ (BDB 52) in die Bybel. Die algemene el is die afstand tussen ‘n gemiddelde man se langste vinger en sy elmboog, gewoonlik sowat 45 sentimeter (vgl. Deut. 3:11; 2 Kron. 2:3). Daar is ook ‘n langer voorarm lengte (‘koninklike maat’) wat in boukonstruksie gebruik is (d.w.s. Salomo se tempel), algemeen in Egipte, Palestina en soms Babilon. Dit was 52 sentimeter lank (vgl. Eseg. 40:5; 43:13). Die fisiese afmetings van die ark was waarskynlik rondom 135 meter by 22,5 meter by 13,5 meter. Dit is ongeveer die helfte so groot soos die Queen Elizabeth II. Daar was vermoedens dat dit vierkantig was, maar dit het moontlik geronde sye gehad om branderdruk teen die romp te beheer.

Die antieke samelewing het dele van die menslike liggaam gebruik as maatinstrumente. Die mense van ANO gebruik:

1. afstand tussen die uitgestrekte arms
2. afstand van elmboog tot middelvinger (el)
3. afstand van uitgestrekte duim tot pinkie (span)
4. afstand tussen al vier vingers van ‘n geslote hand (handwydte)

Die el (BDB 52, KB 61) was nie ten volle gestandaardiseer nie, maar daar was twee basiese lengtes.

- a. gewone man se elmboog tot middelvinger (omtrent 45 sentimeter, vgl. Deut. 3:11)
- b. koningsmaat was ‘n bietjie langer (omtrent 52 sentimeter, vgl. 2 Kron. 3:3; Eseg. 40:5; 43:13)

6:16 “‘n Opening moet jy vir die ark maak” Dit is nie dieselfde woord vir venster wat gebruik word in 8:6 nie. Sommige voel dit verwys na ‘n beligtings- en ventilasie-sisteem rondom die bokant van die ark, net onder die dak.

6:17 “’n watervloed” Daar was spekulاسie dat hierdie term (BDB 550) verwant is aan die Assiriese term ‘om te vernietig’.

Was die vloed van Noag se tyd wêreldwyd of slegs in die ANO? Die term “aarde” (*eres*) word dikwels vertaal met ‘land’ in ‘n plaaslike sin (vgl. Gen. 41:57). Indien mense nie versprei het tot in alle dele van die wêreld nie, wat sekerlik op gesinspeel word in die toring van Babel-ervaring van hoofstukke 10-11, dan sou ‘n gelokaliseerde vloed voldoende gewees het. Die beste boek wat ek al gelees het oor die rasonale bewyse vir ‘n lokale vloed is Bernard Ramm se *The Christian View of Science and Scripture*.

■ **“’n lewensgees”** Dit is die Hebreuse term, *ruach*. Dit kan gebruik word vir wind, lewe, asem of gees. Van mense en diere word gesê dat hulle *nephesh* het, maar slegs mense is na die beeld van God (vgl. 1:26-27) en het ‘n ‘spesiale’ skepping gehad (vgl. 2:7). In hierdie konteks sou alles wat asemhaal doodgaan (vgl. 7:22, diere en mense)!

| | |
|-------------------------|-----------------------------------|
| 6:18 OAV | “met jou sal ek. . .oprig” |
| NAV | “met jou wil ek. . .sluit” |
| NASB, NKJV, NRSV | “I will establish” |
| TEV | “I will make” |
| NET | “I will confirm” |

Die WERKWOORDE (BDB 877, KB 1086, *Hiphil*-PERFEKTUM) se basiese betekenis is ‘om te verrys’ of ‘om op te staan’. Die *Hiphil*-woordstam word gebruik, ‘om op te rig’, ‘om te sluit’ (vgl. 6:18; 9:9,11,17; 17:7,19,21; Eks. 6:4; Eseg. 16:62).

Dit is onseker na watter belofte/verbond hier verwys word. Waarskynlik is dit ‘n voorafskaduwing van 9:9,11,17. Die sleutel is dat God Homself wil bevestig en vasstaan in sy beloftes aan ‘n afvallige en opstandige mensheid. Selfs te midde hulle goddeloosheid geld God se ewige plan vir vertrouensvriendskap steeds!

■ **“met jou sal ek ‘n verbond oprig”** Dit is die eerste gebruik van die term, *berith* (BDB 136). Dit word verduidelik en uitgebrei in Gen. 9:8-17. Dit vorm ‘n sentrale motief vir beide die OT- en die NT-begrip van die verhouding tussen God en die mensdom. Daar is gemeenskaplike verantwoordelikhede, verpligtinge en beloftes aan albei kante. Dit skik die verhoog vir die dialektiese spanning tussen die onvoorwaardelike verbond vanaf God se kant, en tog die voorwaardelike aspek wat op menslike reaksie in elke generasie berus. Sien Vir Spesiale Aandag hieronder.

VIR SPESIALE AANDAG: VERBOND

Die OT-term, *berith*, of “verbond”, is nie maklik definieerbaar nie. Daar is nie ’n Hebreuse WERKWOORD met ooreenkomstige betekenis nie. Alle pogings tot ’n etimologiese definisie is tot dusver onoortuigend. Nietemin is die konsep tot so ’n mate sentraal, dat geleerdes gedwing word om ‘n funksionele betekenis vanuit die gebruik van die woord af te lei.

Verbondsluiting is die manier waarop die enigware God onderhandel met die mens wat Hy geskep het. Die verbondskonsep, verdragsluiting of ooreenkoms is van sentrale belang in die verstaan van Bybelse openbaring. Die spanning tussen die soewereiniteit van God en vrye wil van die mens is telkens in die verbondskonsep opmerklik. Sommige verbonde is op die karaktereenskappe van God, sy handeling en doelstellings gebaseer:

1. die skepping as sodanig (Gen. 1, 2);
2. die roeping van Abraham (Gen. 12);
3. die verbond met Abraham (Gen. 15);
4. die bewaring van, en belofte aan, Noag (Gen. 6-9).

Die blote aard van ‘n verbond vereis egter ‘n reaksie:

1. Deur te glo moet Adam God gehoorsaam en nie van die boom in die middel van die tuin eet nie (Gen. 2).

2. Deur te glo moet Abraham sy familie verlaat, God volg en 'n toekoms met afstammeling verwag (Gen. 12, 15).
3. In geloof moet Noag 'n groot boot bou met geen water in sig nie en hy moet diere daarheen bring (Gen. 6-9).
4. In geloof moet Moses Israel uit Egipte lei en spesifieke riglyne ontvang waarvolgens die godsdienstige en sosiale lewe ingerig moet word, met beloftes van seën, maar ook bestraffing (Deut. 27-28).

Hierdie selfde spanning ten aansien van God se verhouding tot die mensdom is in die nuwe verbond ter sprake. Die spanning is baie opmerklik wanneer Eseg. 18 met 36:27-37 vergelyk word. Is die verbond gebaseer op God se genadehandeling of op die voorgeskrewe menslike reaksie? Dit is die oop vraag in beide die ou en die nuwe verbonde. Die doelstellings van beide is egter dieselfde: (1) die herstel van die verlore vertrouensverhouding (vgl. Gen. 3) en (2) die totstandkoming van 'n regverdige volk wat God se karakter reflekteer.

Die nuwe verbond volgens Jer. 31:31-34, los die spanningsprobleem op deur die menslike meriete as norm vir aanvaarding te verwyder. God se wet word 'n innerlike begeerte en is nie meer 'n middel tot uiterlike vertoon nie. Die doel van 'n toegewyde, regskepe menswees bly, maar die werkswyse verander. 'n Gevalle mensheid is nie in staat om God se beeld te vertoon nie (vgl. Rom. 3:9-18). Die probleem lê by menslike sondigheid en swakheid, nie by die verbond nie (vgl. Rom. 7; Gal. 3).

Die spanningsprobleem van onvoorwaardelik en voorwaardelik in die verbonde, duur voort deur beide die Ou- en Nuwe Testament. Verlossing is in Christus se afgehandelde werk 'n absolute genadegawe, máár dit vereis aanvaarding deur geloof (as 'n aanvangsaksie en daarna volgehou). Verlossing is beide 'n wetlike vryspraak én 'n oproep tot 'n lewenswyse in die gesindheid van Christus. Verlossing is 'n INDIKATIEF – 'n stelling dat jy aanvaar word as kind van God – maar ook 'n IMPERATIEF – 'n opdrag tot heilig lewe! Gelowiges word nie deur hierdie vertoon van goeie werke gered nie, maar tot 'n lewe van gehoorsaamheid (vgl. Ef. 2:8-10). Toegewyde lewe word die bewys van verlossing en is nie 'n middel daartoe nie. Nietemin het die ewige lewe bespeurbare eienskappe! Hierdie spanning is duidelik te siene in Hebreërs.

■ **“jy moet in die ark gaan, jy en jou seuns en jou vrou en die vroue van jou seuns saam met jou”**
Noag se blaamloosheid word na sy familie verleng (vgl. 1 Kor. 7:14).

6:19 “laat ingaan” Dit impliseer dat die diere (of dit van plaaslike of wêreldwye omvang was is onseker) na Noag toe gekom het, maar dat Noag hulle in die ark geplaas het. Hy het waarskynlik voor die laaste week hiermee begin. Hoe die diere saamgeleef en geëet het op die ark is 'n geheimenis, maar dit sluit nie die moontlikheid van 'n natuurlike situasie óf van 'n bonatuurlike situasie uit nie.

6:22 “En Noag het dit gedoen” Die sleuteltema is dat Noag God gehoorsaam het (vgl. 7:5,9,16), wat die toepaslike reaksie was, hoewel Adam en Eva en die res van die mensdom dit nie gedoen het nie (bv. 6:5,11-12,13).

GENESIS 7

PARAGRAAFVERDELING VAN MODERNE VERTALINGS

| NASB | NKJV | NRSV | TEV | NJB | NAV |
|-----------|-----------------|---------------------|-----------|------------------------------|----------------------------|
| The Flood | The Great Flood | The Great Flood | The Flood | Preparations for the Flood | Die sondvloed |
| 7:1-5 | 7:1-12 | (6:5-8:22) 7:1-5 | 7:1-5 | (6:13-7:16) 7:1-5 | (6:5-8:22) 7:1-4 7:5 |
| 7:6-12 | | 7:6-10 | 7:6-10 | 7:6 7:7-10 | 7:6-10 |
| 7:13-16 | 7:13-16 | 7:11-16 | 7:11-16 | 7:11-12 7:13-16a 7:16b | 7:11-12 7:13-16 |
| 7:17-24 | 7:17-24 | 7:17-24 | 7:17-24 | The Flood 7:17-24 | 7:17-20 7:21-24 |

LEESSIKLUS DRIE (sien bl. xvii)

VOLGENS DIE OORSPRONKLIKE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAFVLAK

Hierdie is ‘n studiegidskommentaar, wat beteken dat jy verantwoordelik is vir jou eie verklaring van die Bybel. Ons moet elkeen wandel in die lig waaroor ons beskik. Jy, die Bybel en die Heilige Gees is prioriteit in verklaring. Moenie hierdie voorreg aan ‘n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees die paragraaf in een slag deur. Identifiseer die onderwerpe. Vergelyk jou onderwerpverdeling met die ses vertalings hierbo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar is die sleutel tot die oorspronklike skrywer se bedoeling – die hart van verklaring. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Ens.

WOORD- EN FRASESTUDIE

OAV TEKS: 7:1-5

¹DAARNA het die HERE aan Noag gesê: Gaan in die ark, jy en jou hele huisgesin, want jou het Ek regverdig bevind voor my aangesig in hierdie geslag. ²Van al die rein diere moet jy vir jou telkens sewe paar neem, die mannetjie met sy wyfie; maar van die diere wat nie rein is nie, twee, die mannetjie met sy wyfie. ³Ook van die voëls van die hemel telkens sewe paar, die mannetjie met die wyfie, om die geslag in die lewe te hou op die hele aarde. ⁴Want oor nog sewe dae sal Ek laat reën op die aarde, veertig dae en veertig nagte, en al die lewende wesens wat Ek gemaak het, van die aarde verdelg. ⁵En Noag het gedoen net soos die HERE hom beveel het.

7:1 “het die HERE aan Noag gesê” Dit is die verbondsnaam vir God, JHWH, wat hier gebruik word, maar in vers 16 word Hy *Elohim* genoem. Die rabbynse siening van hierdie terme as verwysend na

God as Verlosser (JHWH) en as Skepper (*Elohim*) pas klaarblyklik goed in die Pentateug se gebruike. Sien Vir Spesiale Aandag: Name vir God by 2:4.

▣ **“Gaan in die ark”** Hierdie WERKWOORD (BDB 92, KB 112) is ‘n *Qal*-IMPERATIEF.

▣ **“want jou het Ek regverdig bevind voor my aangesig in hierdie geslag”** Die term “regverdig” word hier gebruik in dieselfde sin as wat daar na Job verwys word as ‘blaamloos’ (vgl. 6:9). Dit beteken nie ‘n sondeloosheid nie, maar iemand wat aanpas by en alles wat hulle verstaan of wat kultureel uitgedruk word, uitvoer na gelang van God. Let daarop dat Noag se regverdigheid sy familie affekteer. Dit is ‘n Bybelse waarheid. Dit beteken nie dat iemand reg kan wees met God op grond van ‘n ander se meriete nie, maar dit impliseer wel dat geestelike seën voortvloei vanuit diegene wat God ken na almal wat hulle ken en met wie hulle intiem betrokke is (vergelyk Deut. 5:9-10; 7:9 en 1 Kor. 7:14).

7:2 “rein diere moet jy vir jou telkens sewe paar neem, die mannetjie met sy wyfie” Let op die onderskeid tussen rein en onrein in hierdie konteks, want dit is in ‘n voor-Mosaïese offertoneel (vgl. Lev. 1-7). Niks word gesê oor die vereistes of doel van die skoon diere nie. Dit is duidelik dat Moses hierdie onderskeid later ontwikkel het, in Levitikus (vgl. hoofstuk 11) met betrekking tot die vloedwette en die offerstelsel. Daar is reeds baie gesê oor die sewe pare (vgl. NRSV, NJB, JPSOA). Beteken dit sewe individuele diere of sewe pare?

7:4 “nog sewe dae sal Ek laat reën op die aarde” Rashi sê dit was die routyd vir die regverdige Metusalag wat pas oorlede is. Die rabbyne het geglo dat God nie die vloed gestuur het voordat Metusalag dood is nie.

Die sewedagweek is so oud dat sy oorsprong nog nooit bepaal is nie. Sowel die maand as die jaar kan afgelei word van die fases van die maan en seisoensveranderinge, maar nie die week nie. Vir gelowiges skik Gen. 1 hierdie patroon.

▣ **“veertig dae en veertig nagte”** Die term “veertig” word redelik dikwels gebruik in die Bybel (sien ‘n konkordansie). By tye word dit letterlik bedoel, maar andersins beteken dit bloot ‘n lang tydperk of onbepaalde tydspanne (langer as ‘n maansiklus wat agt-en-twintig-en-‘n-half dae is, maar korter as ‘n seisoensverandering). In verskeie Mesopotamiese weergawes is die beraamde tyd van die vloed sewe dae.

OAV TEKS: 7:6-12

⁶En Noag was seshonderd jaar oud toe die watervloed oor die aarde gekom het. ⁷En Noag en sy seuns en sy vrou en die vroue van sy seuns saam met hom het in die ark gegaan vanweë die waters van die vloed. ⁸Van die rein diere en van die diere wat nie rein is nie, en van die voëls en van alles wat op die aarde kruip, ⁹het daar twee-twee na Noag in die ark gegaan, ‘n mannetjie en ‘n wyfie, soos God Noag beveel het. ¹⁰Ná die sewe dae kom toe die waters van die vloed op die aarde. ¹¹In die seshonderdste jaar van die lewe van Noag, in die tweede maand, op dieselfde dag, is al die fonteine van die groot watervloed oopgebreek, en die sluise van die hemel is geopen; ¹²en die stortreën was op die aarde veertig dae en veertig nagte lank.

7:11 “al die fonteine van die groot watervloed oopgebreek, en die sluise van die hemel is geopen” Die datering van vers 11 is baie spesifiek (wat dui op ‘n historiese gebeurtenis); so ook die werkwoorde wat gebruik word om die fisiese katastrofe wat op die aarde plaasgevind het te beskryf (twee *Niphal*-PERFEKTUMS, BDB 131, KB 149 en BDB 834, KB 986). Ons kan die omvang van die verwoesting aflei uit verse 18 en 19 in die Hebreeuse teks. Baie van die aarde se fisiese kenmerke, veral dié van die nabye-Ooste, het moontlik daadwerklik verander. Daar is twee waterbronne: (1) fonteine uit die diep en (2) vloedsluise (d.w.s. vensters, vgl. Ps. 78:23 e.v.; Mat. 3:10) van die lug. Dit is ‘n ooglopende omkering van wat God in Gen. 1 gedoen het. Waterige chaos keer terug.

OAV TEKS: 7:13-16

¹³Op daardie selfde dag het Noag en Sem en Gam en Jafet, die seuns van Noag, sowel as die vrou van Noag en die drie vroue van sy seuns saam met hulle in die ark gegaan. ¹⁴Hulle en al die wilde diere volgens hulle soorte en al die vee volgens hulle soorte en al die diere wat op die aarde kruip volgens hulle soorte en al die voëls volgens hulle soorte, voëls van allerhande vere—¹⁵van al die vlees waar ‘n lewensgees in was, het twee-twee na Noag in die ark gegaan. ¹⁶En die wat ingaan, het gegaan as mannetjie en wyfie van alle vlees soos God hom beveel het. En die HERE het agter hom toegesluit.

7:14 Dit omvat al die kategorieë van landdiere in Gen. 1 genoem, seelewe uitgesluit.

7:16 “En die HERE het agter hom toegesluit” JHWH (d.w.s. die Verbondsgod of Verlosser) het Self die deur toegesluit. Die rabbyne sê dit was omdat Hy die goddeloses uit die ark wou hou. Hulle gaan selfs so ver as om te sê dat God die ark met leeus en bere omring het om die mense weg te hou. Vir my is die ark nog ‘n gebaar van JHWH se genade vir die mens om die Messiaanse lyn voort te dra, selfs te midde veroordeling, wat mettertyd verlossing sou bewerkstellig (vgl. Gen. 3:15).

OAV TEKS 7:17-24

¹⁷En die vloed was veertig dae lank op die aarde: die waters het vermeerder en die ark opgehef, sodat dit opgers het bo die aarde. ¹⁸En die waters het die oorhand gekry en grootliks vermeerder op die aarde, terwyl die ark op die waters drywe. ¹⁹En die waters het heeltemal die oorhand gekry op die aarde, sodat al die hoë berge onder die ganse hemel bedek was. ²⁰Vyftien el bo hulle het die waters die oorhand gekry, sodat die berge bedek was. ²¹En alle vlees wat op die aarde beweeg, het weggesterwe: die voëls en die vee en die wilde diere en al die gedierte wat op die aarde wemel, en al die mense. ²²Alles wat die asem van die lewensgees in die neusgate gehad het, alles wat op die droë grond was, het doodgegaan. ²³So is dan al die lewende wesens verdag wat op die aarde was, die mens sowel as die vee en die kruipende diere en die voëls van die hemel; hulle is verdag van die aarde af. En net Noag het oorgebly en wat by hom in die ark was. ²⁴En die waters het die oorhand behou oor die aarde honderd-en-vyftig dae lank.

7:19 Die taal van hierdie vers impliseer sonder twyfel ‘n wêreldwye vloed (vgl. 8:21; 2 Pet. 3:6). Werklik? Die term “aarde” (*eres*, BDB 75) kan ook ‘land’ beteken (vgl. 41:57). Dit mag ‘n idioom soortgelyk aan dié van Luk. 2:1 en Kol. 1:23 wees (vgl. *Hard Sayings of the Bible*, IVP, bl. 112-114). Wat dit die teologie van die vloed betref is die omvang onbenullig. Daar is nie eens in Mesopotamië ‘n ononderbroke vloedsediment nie, wat nog te sê die hele wêreld! Oorstromings was algemeen in Mesopotamië as gevolg van die twee groot rivierstelsels wat ontmoet by hulle monde. Vir ‘n goeie bespreking, sien Bernard Ramm, *The Christian’s View of Science and Scripture*.

7:22 “die asem van die lewensgees” (vgl. aantekening by 1:30). Die seelewe is gespaar.

BESPREKINGSVRAE

Hierdie is ‘n studiegidskommentaar wat beteken dat jy verantwoordelik is vir jou eie interpretasie van die Bybel. Elkeen van ons moet in die lig wat ons tot ons beskikking het, loop. Jy, die Bybel en die Heilige Gees is prioriteit in interpretasie. Moet dit nie aan ‘n kommentaarskrywer oorlaat nie.

Hierdie vrae word verskaf om jou te help dink oor die grootste kwessies van hierdie gedeelte van die boek. Hulle is veronderstel om gedagteprikkelend te wees, nie voorskrywend nie.

1. Hoe verstaan jy die frase “die seuns van God” en hoekom?
2. Hoekom dink jy sou engele mensevroue wou hê?
3. Wie was die reuse?

4. Hoe kon God berou toon?
5. Wat beteken dit om saam met God te wandel?
6. Hoekom is die visse nie veroordeel saam met die landdiere nie?
7. Wat is 'n rein en onrein dier in Noag se konteks?
8. Was die vloed plaaslik of universeel? Hoekom?

GENESIS 8:1-22

PARAGRAAFVERDELING VAN MODERNE VERTALINGS

| NASB | NKJV | NRSV | TEV | NJB | NAV |
|--------------------|--|-----------------|-----------------------|--------------------|---------------|
| The Flood Subsides | Noah's Deliverance | The Great Flood | The End of the Flood | The Flood Subsides | Die sondvloed |
| | | (6:5-8:22) | | | (6:5-8:22) |
| 8:1-5 | 8:1-5 | 8:1-5 | 8:1-5 | 8:1-5 | 8:1-7 |
| 8:6-12 | 8:6-12 | 8:6-12 | 8:6-12 | 8:6-12 | |
| | | | | | 8:8-12 |
| 8:13-19 | 8:13-14 | 8:13-19 | 8:13-14 | 8:13 | 8:13-17 |
| | | | | 8:14 | |
| | | | | They Disembark | |
| | 8:15-19 | | 8:15-19 | 8:15-19 | |
| | God's Covenant with Creation (8:20-9:17) | | Noah Offers Sacrifice | | 8:18-19 |
| 8:20-22 | 8:20-22 | 8:20-22 | 8:20-22 | 8:20-22 | 8:20-22 |
| (22) | (22) | (22) | (22) | (22) | (22) |

LEESSIKLUS DRIE (sien bl. xvii)

VOLGENS DIE OORSPRONKLIKE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAFVLAK

Hierdie is 'n studiegids kommentaar, wat beteken dat jy verantwoordelik is vir jou eie verklaring van die Bybel. Ons moet elkeen wandel in die lig waaroor ons beskik. Jy, die Bybel en die Heilige Gees is prioriteit in verklaring. Moenie hierdie voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees die paragraaf in een slag deur. Identifiseer die onderwerpe. Vergelyk jou onderwerpverdeling met die ses vertalings hierbo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar is die sleutel tot die oorspronklike skrywer se bedoeling – die hart van verklaring. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Ens.

INSIG UIT DIE TEKSVERBAND

- A. Daar is 'n ooglopende parallel tussen Gen. 1 en Gen. 7 met dié dat waterige chaos terugkeer.
- B. Daar is 'n ooglopende parallel tussen Gen. 1 en Gen. 8 in God se herstel van 'n land wat lewe kan onderhou:
 1. vergelyk 1:2 met 8:1;
 2. vergelyk 1:6-7 met 8:2;
 3. vergelyk 1:22,24 met 8:17;
 4. vergelyk 1:28 met 9:1-2.
- C. Genesis 8:1-19 is 'n omkering van 7:11-24. Dit is sonder twyfel literêr struktuurgewend.

WOORD- EN FRASESTUDIE

OAV TEKS: 8:1-5

¹EN God het gedink aan Noag en aan al die wilde diere en al die vee wat saam met hom in die ark was; en God het ‘n wind oor die aarde laat waai, sodat die waters gesak het. ²Ook die fonteine van die watervloed en die sluise van die hemel het toegegaan, en die stortreën uit die hemel het opgehou. ³Toe het die waters geleidelik van die aarde teruggegaan, en die waters het afgeneem aan die einde van honderd-en-vyftig dae. ⁴En die ark het in die sewende maand, op die sewentiende dag van die maand, op die gebergte van Ararat gerus. ⁵En die waters het geleidelik afgeneem tot die tiende maand. In die tiende *maand*, op die eerste van die maand, het die toppe van die berge sigbaar geword.

8:1 “God” Dit is die term, *Elohim*. Sien aantekeninge by Gen. 1:1 of Vir Spesiale Aandag by 2:4.

■ **“gedink aan”** Hierdie term (BDB 269, KB 269, *Qal*-IMPERFEKTUM) word gebruik van God wat toepaslike en persoonlike aksie neem teenoor iemand (vgl. 8:1; 9:15; 16; 19:29; 30:22). Die Verbondsgod is op die punt om weer aksie te neem as gevolg van wie Hy is. Noag sal die bron van ‘n nuwe mensdom wees.

■ **“Noag”** Die naam (BDB 629) kan ‘rus’ beteken – ‘n populêre etimologie gebaseer op klank eerder as filologie.

■ **“God het ‘n wind oor die aarde laat waai”** Die WERKWOORD (BDB 716, KB 778) is ‘n *Hiphal*-IMPERFEKTUM. God gebruik ‘n natuurlike manier op ‘n versnelde wyse om die vloedwaters op te droog, vers 2, nes hy in die Eksodus doen (vgl. Eks. 14:21).

Dit is ook moontlik om God se aksies in hoofstukke 8-9 parallel te sien met God se aksies in hoofstuk 1. Dit is ‘n nuwe begin vir die mensdom. Indien wel staan die wind hier parallel met die Gees wat oor die aarde sweef in 1:2.

■ **“gesak”** Dieselfde term (BDB 1013, KB 1491, *Qal*-IMPERFEKTUM) word gebruik van die woede van die koning in Ester 2:1.

| | |
|----------------|----------------------------------|
| 8:4 OAV | “die gebergte van Ararat” |
| NAV | “die Araratberge” |
| NASB | “the mountains of Ararat” |

Dit word op drie maniere verduidelik: (1) ‘n berg op die grens van Turkye en Rusland; (2) ‘n berg in die noorde naby die Wanmeer; en (3) die term self verwys na ‘n hele bergreeks (Assiriese *urartu*, BDB 76), nie spesifiek ‘n piek nie (let op die meervoudsvorm, “gebergte” of “berge”).

OAV TEKS: 8:6-12

⁶Toe het Noag aan die einde van veertig dae die venster oopgemaak van die ark wat hy gebou het, ⁷en ‘n kraai uitgestuur wat gedurig heen en weer gevlieg het totdat die waters weggedroog het van die aarde af. ⁸Daarop laat hy ‘n duif van hom af wegvlieg om te sien of die waters oor die aarde verminder het. ⁹Maar die duif het geen rusplek vir die holte van sy voet gevind nie en na hom teruggekeer in die ark; want die waters was oor die hele aarde. So het hy dan sy hand uitgesteek en hom gegryp en in die ark by hom gebring. ¹⁰Daarna het hy weer sewe dae gewag. Toe stuur hy die duif weer uit die ark. ¹¹En die duif het teen die aand na hom gekom, en daar was ‘n groen olyfblad in sy bek! Toe merk Noag dat die waters oor die aarde verminder het. ¹²Daarna wag hy weer sewe dae en stuur die duif uit. Maar hy het nie weer na hom teruggekeer nie.

8:6 “veertig dae” Hierdie frase beteken gewoonlik ‘n lang, onbepaalde tydperk’. In hierdie konteks is die datums so spesifiek dat dit moontlik wel presies veertig mag beteken.

■ **“die venster”** Dit is ‘n ander term (BDB 319) as die dubbelsinnige terme van 6:16 (letterlik ‘dak’, BDB 8441). Die grootte en plasing is onseker, maar dit was heel moontlik in die dak self.

8:6-12 Wees versigtig om nie hierdie voëls te verallegoriseer nie! Daar is ‘n eksakte parallel in Mesopotamiese literatuur (d.w.s. Gilgamesh Epos 11:145-55), wat te spesifiek voorkom om toeval te wees. Daar is ‘n literêre verhouding tussen die Bybel (d.w.s. Gen. 1-11) en Mesopotamiese literatuur.

OAV TEKS: 8:13-19

¹³In die seshonderd-en-eerste jaar, in die eerste *maand*, op die eerste van die maand, het die waters weggedroog van die aarde af. En Noag het die deksel van die ark weggeneem en uitgekyk, en die aarde was droog— ¹⁴in die tweede maand, op die sewen-en-twintigste dag van die maand, was die aarde droog. ¹⁵En God het met Noag gespreek en gesê: ¹⁶Gaan uit die ark, jy en jou vrou en jou seuns en die vroue van jou seuns saam met jou. ¹⁷Laat saam met jou uitgaan al die diere wat by jou is, van alle vlees: die voëls en die vee en al die diere wat op die aarde kruip, dat hulle kan wemel op die aarde en vrugbaar wees en vermeerder op die aarde. ¹⁸Toe gaan Noag uit en sy seuns en sy vrou en die vroue van sy seuns saam met hom. ¹⁹Al die diere, alles wat kruip, en al die voëls, alles wat op die aarde beweeg, volgens hulle soorte, het uit die ark uitgegaan.

8:13 OAV “Noag het die deksel van die ark weggeneem”
NAV “Noag het die luik van die ark oopgemaak”
NASB “Noah removed the covering”

Dit impliseer klaarblyklik dat hy ‘n deel van die dak verwyder het (BDB 492). Hierdie selfde term word egter later gebruik om na die dierveloortreksel van die tabernakel te verwys, maar dit is moeilik om daardie betekenis hier te ondersteun.

8:15 “God het met Noag gespreek” Hierdie hele konteks openbaar die geduld en onderdanigheid van Noag. God se bevele (d.w.s. 8:15-19) en 7:1-5 is parallel.

8:16 “Gaan uit” Hierdie is die eerste van ‘n aantal bevele in verse 16-17:

1. “Gaan uit” (“*go out*”), *Qal*-IMPERATIEF (BDB 422, KB 425), vers 16;
2. “Laat. . .uitgaan” (“*bring out*”), *Hiphil*-IMPERATIEF (BDB 422, KB 425), vers 17;
3. “kan wemel” (“*breed abundantly*”), *Qal*-PERFEKTUM gebruik in die IMPERATIEWE sin (BDB 1056, KB 953), vers 17;
4. “vrugbaar wees” (“*be fruitful*”), *Qal*-PERFEKTUM gebruik in die IMPERATIEWE sin (vgl. 9:1,7 BDB 826, KB 953), vers 17; en
5. “vermeerder” (“*multiply*”), *Qal*-PERFEKTUM gebruik in die IMPERATIEWE sin (vgl. 9:1,7 BDB 915, KB 1176), vers 17.

Hierdie bevele staan parallel tot Gen. 1:22,24. In ‘n sekere sin begin God hier oor. Die waters van chaos vernietig alle landlewe behalwe dit wat op die ark was. God se oorspronklike doel word hervat (vgl. 6:18).

8:17 Hierdie bevele van God (ook 9:1) staan parallel tot Gen. 1:22,24. Sien Insig uit die Tekstverband aan die begin van hierdie hoofstuk.

OAV TEKS: 8:20-22

²⁰En Noag het vir die HERE ‘n altaar gebou en van al die rein diere en al die rein voëls geneem en brandoffers op die altaar gebring. ²¹En die HERE het die lieflike geur geruik, en die HERE het in sy hart gesê: Ek sal die aarde verder nie meer vervloek ter wille van die mens nie,

want die versinsels van die mens se hart is sleg van sy jeug af. En Ek sal verder nie meer al die lewende wesens tref soos Ek gedoen het nie.²² Van nou af sal, al die dae van die aarde, saaityd en oestyd, koue en hitte, somer en winter, dag en nag nie ophou nie.

8:20 “En Noag het vir die HERE ‘n altaar gebou” Hierdie eerste daad was een van aanbidding en danksegging. Offergawe is ‘n antieke instelling (vgl. 4:3; 12:7,8; 13:18; 22:19). Dit is ook die eerste handeling van Gilgamesh ná die vloed in die Gilgamesh Epos (vgl. 11:156-158).

▣ **“al die rein diere”** Die kriteria wat rein en onrein bepaal het is onseker (vgl. 7:2), maar was klaarblyklik verwant aan die offergawe, nie aan riglyne vir dieet nie (vgl. Lev. 11; Deut. 14).

8:21 OAV “die HERE het die lieflike geur geruik”
NAV “Die Here het die offer aanvaar”
NASB “the LORD smelled the soothing aroma”

Hierdie frase word in die Bybel gebruik in die sin dat God ‘n offerande aanvaar (veral Lev. en Num.) Dit impliseer nie dat die vleis voedsel vir God was soos in die Gilgamesh Epos nie (vgl. 11:159-161). Die Bybel sien nooit die offerstelsel as voedsel vir goddelike wesens soos die omliggende nasies het nie.

▣ **OAV** “Ek sal die aarde verder nie meer vervloek ter wille van die mens nie. . Ek sal verder nie meer al die lewende wesens tref soos Ek gedoen het nie”
NAV “Ek sal nie weer so ‘n ramp oor die aarde laat kom vanweë die mens nie. . Ek sal nie weer al wat lewe laat omkom soos Ek gedoen het nie”
NASB “I will never again curse the ground. . I will never again destroy every living thing”

Hierdie parallelle stellings toon die spanning in God se hart tussen sy liefde (vgl. Jes. 54:9) vir sy skepping en sy geregtigheid. Die mens is boos en korrup, maar God het besluit om saam met ons te werk deur die tye en dit reg te stel in die eskaton (d.w.s. laaste dae). In hierdie veroordeling het God se instelling teenoor die sondige mensdom verander. Mense is steeds boos. God se instelling sal weer verander wanneer sy mense nie in staat is om die Mosaïese verbond na te kom nie. God sal ‘n nuwe verbond instel (vgl. Jer. 31:31-34 en Eseg. 36:27-38). Die mens se verhouding met God sal herstel word deur die Messias se werke en plaasvervangende dood.

Hoewel dit wel waar is dat God belowe om nooit weer ‘n vloed te stuur nie, stel 2 Pet. 3:10 dat Hy die aarde met vuur sal reinig. God sal met die sondige mensdom werk, maar sy doelwit is regverdigheid (vgl. Lev. 19:2; Mat. 5:48).

▣ **“want die versinsels van die mens se hart is sleg van sy jeug af”** Die kwaad wat voor die vloed so ooglopend was (vgl. 6:5,11,12,13) is steeds in die gevalle mens, soos Noag en sy familie duidelik sou bewys!

8:22 Dit is hierdie standvastigheid in die natuur waarop die moderne Westerse wetenskap berus. God het uniformitarisme daargestel (d.w.s. die reëlmatige, uniforme aktiwiteite van die natuur). Let egter op die aanvangsfrase: “Van nou af sal, al die dae van die aarde,” (OAV) of “So lank as die aarde bly bestaan,” (NAV). Vers 22 word in Engelse vertalings as ‘n digterlike passasie vertaal.

GENESIS 9:1-29

PARAGRAAFVERDELING VAN MODERNE VERTALINGS

| NASB | NKJV | NRSV | TEV | NJB | NAV |
|-------------------------|---|--------------------------|--------------------------|---------------------------|----------------------------------|
| Covenant of the Rainbow | God's Covenant with Creation 8:20-9:17 | God's Covenant with Noah | God's Covenant with Noah | The New World Order | God sluit 'n verbond met Noag |
| 9:1-7 (6-7) | 9:1-7 (6-7) | 9:1-7 (6) | 9:1-6 9:7 | 9:1-7 (6) | 9:1-7 (6-7) |
| 9:8-17 | 9:8-17 | 9:8-17 | 9:8-17 | 9:8-11 9:12-16 9:17 | 9:8-11 9:12-16 9:17 |
| | Noah and His Sons | Noah's Curse upon Canaan | Noah and His sons | Noah and His Sons | |
| 9:18-19 | 9:18-19 | 9:18-19 | 9:18-19 | 9:18-19 | 9:18-19 Noag plant 'n wingerd |
| 9:20-27 (25-27) | 9:20-23 9:24-27 (25-27) | 9:20-27 (25-27) | 9:20-27 (25-27) | 9:20-27 (25-27) | 9:20-27 (25-27) |
| 9:28-29 | 9:28-29 | 9:28-29 | 9:28-29 | 9:28-29 | 9:28-29 |

LEESSIKLUS DRIE (sien bl. xvii)

VOLGENS DIE OORSPRONKLIKE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAFVLAK

Hierdie is 'n studiegidskommentaar, wat beteken dat jy verantwoordelik is vir jou eie verklaring van die Bybel. Ons moet elkeen wandel in die lig waaroor ons beskik. Jy, die Bybel en die Heilige Gees is prioriteit in verklaring. Moenie hierdie voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees die paragraaf in een slag deur. Identifiseer die onderwerpe. Vergelyk jou onderwerpverdeling met die ses vertalings hierbo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar is die sleutel tot die oorspronklike skrywer se bedoeling – die hart van verklaring. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Ens.

WOORD- EN FRASE-STUDIE

OAV TEKS: 9:1-7

¹EN God het Noag en sy seuns geseën en aan hulle gesê: Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde. ²Die vrees en die skrik vir julle sal wees oor al die diere van die aarde en al die voëls van die hemel: alles wat op die aarde beweeg, en al die visse van die see. Hulle is in julle hand oorgegee. ³Alles wat beweeg en lewe, sal julle voedsel wees. Net soos die groen plante gee Ek dit alles aan julle. ⁴Net die vleis met sy siel, met sy bloed, mag julle nie eet nie. ⁵Maar wat julle eie bloed betref, dit sal Ek eis: van al die diere sal Ek dit eis. Ook van die mens, van die een teenoor die ander, sal Ek die siel van die mens eis. ⁶Hy wat die bloed van 'n mens vergiet, sy

bloed sal deur die mens vergiet word; want God het die mens na sy beeld gemaak. ⁷Maar julle, wees vrugbaar en vermeerder; wemel op die aarde en vermeerder daarop.

9:1 “Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde” Let op die drie *Qal*-IMPERATIEWE: “Wees vrugbaar” (BDB 826, KB 963), “vermeerder” (BDB 915, KB 1176), “vul die aarde” (BDB 569, KB 583). Dit is ‘n tweede begin vir die mensdom (vgl. 1:28), maar die sonde het ‘n verandering in die bevel veroorsaak: “onderwerp dit en heers” word uitgelaat.

9:2 “vrees. . .skrik” Die mens het ‘n nuwe verhouding met die diere, nie vrede en vriendskap soos in Eden en die eindtyd nie (Jes. 11), maar vrees (BDB 432) en skrik (BDB 369). Die Septuaginta voeg “vee” by die vers, maar huisdiere word nie geraak nie.

9:3 “Alles wat beweeg en lewe, sal julle voedsel wees” Die mens was oorspronklik vegetaries (ten minste in die tuin van Eden), maar sedert die val en aangesien geen gewasse vir ‘n wyle geproduseer kon word nie is vleis beskikbaar gestel. Let ook daarop dat daar geen onderskeid getref word tussen rein en onrein diere sover dit verbruik aangaan nie (baie verskillend van Lev. 11), maar daar word wel onderskei waar dit offergawes betref (vgl. 7:2 e.v.)

9:4 “Net die vleis met sy siel, met sy bloed, mag julle nie eet nie” Dit is die teologiese grondbeginsel vir die offerstelsel (vgl. Lev. 17:10-16; Deut. 12:16,23; Han. 15:29) en die belangrikheid van Christus se dood. Die koste van sonde is ‘n lewe. God verruil in sy genade hierdie lewe vir dié van ‘n dier.

9:5-6 “sy bloed sal deur die mens vergiet word” Dit is die eerste formulering van ‘oog vir ‘n oog’-geregtigheid. Dit toon die regmatigheid van doodstraf in God se regering. In die OT is dit vermag deur die *go’el* (broederwreker of bloedwreker). Vir moontlike NT-verwysings, sien Han. 25:11 en Rom. 13:4.

Vers 5 is prosa terwyl vers 6 in digterlike parallelle versreëls gedruk word.

Daar is moontlik ‘n Hebreeuse woordspel wat die etimologie tussen bloed (*dam*) en man (*adam*) beïnvloed. In Assiries is die term ‘man’ (*adamu*) verwant aan ‘heilighdom’ (*adman*). Dus mag daar ‘n skakel wees tussen bloed-aanbid-mensdom (vgl. Robert B. Girdlestone, *Synonyms of the Old Testament*, bl. 45).

■ **“want God het die mens na sy beeld gemaak”** Dit toon die prioriteit van die mens (vgl. 1:26,27; 5:1,3). Wat ‘n ongelooflike voorreg en verantwoordelikheid!

9:7 OAV “wemel op die aarde en vermeerder daarop”
NAV “Vermeerder op die aarde en word baie”
NASB “Populate the earth abundantly”

Dit staan parallel tot 1:22,24,28. Hoofstukke 8-9 vorm ‘n herintrede van die uitdrukking van God se wil en daad in Gen. 1. Hierdie vers bevat vier *Qal*-IMPERATIEWE terwyl vers 1 drie bevat. Die rabbyne sê dat diegene wat weier om kinders te hê weens die konteks van moord (verse 5-6) ook hierdie geboorte verbreek.

OAV TEKS: 9:8-17

⁸Verder het God met Noag en sy seuns by hom gespreek en gesê: ⁹Maar Ek, kyk, Ek rig my verbond met julle op en met julle nageslag ná julle ¹⁰en met al die lewende wesens wat by julle is: die voëls, die vee en al die wilde diere van die aarde by julle—al wat uit die ark uitgegaan het, naamlik al die diere van die aarde. ¹¹En Ek rig my verbond met julle op, dat alle vlees nie meer deur die waters van die vloed uitgeroei sal word nie, en dat daar geen vloed meer sal wees om die aarde te verwoes nie. ¹²En God het gesê: Dit is die teken van die verbond wat Ek sluit tussen My en julle en al die lewende wesens wat by julle is, vir ewige geslagte: ¹³my boog gee Ek in die wolke; dit sal ‘n teken wees van die verbond tussen My en die aarde. ¹⁴As Ek dan wolke oor die

aarde bring en hierdie boog verskyn in die wolke, ¹⁵dan sal Ek dink aan my verbond wat daar bestaan tussen My en julle en al die lewende wesens, in alle vlees. En die waters sal nie meer ‘n vloed word om alle vlees te verdelg nie. ¹⁶As die boog dan in die wolke staan, sal Ek dit aansien om gedagtig te wees aan die ewige verbond tussen God en al die lewende wesens in alle vlees wat op die aarde is. ¹⁷En God het vir Noag gesê: Dit is die teken van die verbond wat Ek opgerig het tussen My en alle vlees wat op die aarde is.

9:9 OAV “Maar Ek. . .Ek rig. . .op”
NAV “Ek sluit”
NASB “I Myself do establish

Hierdie verbond is onvoorwaardelik en heeltemal van God se genade afkomstig (vgl. 9,11,12,17). Ander verbonde, insluitende die Adamiese en die Abrahamiese verbonde, het voorwaardes. Sien Vir Spesiale Aandag: Verbond by 6:18.

9:12 OAV “vir ewige geslagte”
NAV “wat vir alle toekomstige geslagte geld”
NASB “all successive generations”

“Alle” (*olam*), nes in vers 16, beteken ‘ewigdurend’. Sien Vir Spesiale Aandag by 3:22. Rashi noem ook dat “geslagte” verkeerd gespeld word in die Hebreeuse teks. Sy verklaring hiervan is dat die verbond slegs geld vir generasies waar geloof kortkom.

9:13 “boog. . .’n teken” Dit was moontlik die eerste verskyning van ‘n reënboog. Genesis 2:5-6 impliseer dat water aanvanklik op ander maniere as reën verkry is (d.w.s. mis vanuit die grond). Dit is net moontlik dat die boog (BDB 905) ‘n wapen was wat God neergesit het (d.w.s. sal die mensdom nie veroordeel en vernietig nie). In antieke tye was ‘n opgehangde boog simbolies vir vrede. Dit is ook moontlik dat God ‘n nuwe betekenis aan ‘n algemene fisiese gebeurtenis gegee het.

9:15 “sal ek dink aan” Die boog was ‘n teken vir God en die mensdom. Hierdie is ‘n fisiese item wat die feit dat God nie vergeet nie simboliseer (soortgelyk aan die konsep van ‘die boek van die lewe’ en ‘boek van dade’).

☐ “die waters sal nie meer ‘n vloed word om alle vlees te verdelg nie” Dit beteken nie daar sal nooit weer enige oorstromings wees nie, maar wel dat daar nie weer ‘n universele vloed sal wees wat die ganse mensdom en diereryk uitwis nie.

OAV TEKS: 9:18-19

¹⁸EN die seuns van Noag wat uit die ark uitgegaan het, was Sem en Gam en Jafet. En Gam was die vader van Kanaän. ¹⁹Hierdie drie was die seuns van Noag; en met hulle begin die uitbreiding van al die aardbewonders.

9:18 “Sem” Die etimologie van hierdie naam kan ‘beroemd’ of ‘naam’ wees (BDB 1028 II).

☐ “Gam” Hierdie naam kan ‘warm’ (KB 235 II) beteken. Dit het moontlik ‘n antieke naam vir Egipte weerspieël (d.w.s. ‘warm lande’).

☐ “Jafet” Die etimologie van hierdie naam kan ‘verlenger’ of ‘vergrootte’ (BDB 934, sien Hebreeuse woordspel in vers 22) wees.

☐ “Kanaän” Daar is twee moontlike redes hoekom hy (BDB 488) opgehaal word: (1) Noag se dronkenskap en gevolglike vloek sal Kanaän beïnvloed of (2) die Kanaäniete word Israel se grootste teologiese probleem in latere jare (d.w.s. Moses se leeftyd).

9:19 Dit was die herhaaldelik gestelde doel van God (d.w.s. vul die aarde). Die toring van Babel was in direkte teenstand hiermee.

Dit is interessant dat moderne mitochondriese DNA-studies tot die gevolgtrekking gekom het dat die oorspronklike mense vanuit die noorde van Afrika kom, terwyl moderne filologie bepaal het dat alle menstale in die noorde van Indië ontstaan het. Let op die geografiese naasliggendheid tot die Bybelse vertelling.

Klaarblyklik is al die verskillende mensrasse direkte afstammeling van hierdie drie broers. Moderne DNA-navorsing het getoon dat mense van alle rasse geneties dieselfde is!

OAV TEKS: 9:20-27

²⁰En Noag het as landbouer ‘n wingerd begin plant. ²¹Maar toe hy van die wyn gedrink het, het hy dronk geword en naak in sy tent gelê. ²²En Gam, die vader van Kanaän, het sy vader se naaktheid gesien en dit aan sy twee broers daarbuite te kenne gegee. ²³Toe neem Sem en Jafet die bo-kleed en hou dit op hulle skouers terwyl hulle agteruitloop, en hulle het die naaktheid van hulle vader bedek: hulle gesig was agtertoe gedraai, sodat hulle die naaktheid van hulle vader nie gesien het nie. ²⁴Toe Noag van sy wyn wakker word en merk wat sy jonger seun hom aangedoen het, ²⁵sê hy: Vervloek is Kanaän! ‘n Kneg van die knegte moet hy wees vir sy broers. ²⁶Verder het hy gesê: Geseënd is die HERE, die God van Sem. Maar Kanaän moet sy dienskneg wees. ²⁷Mag God aan Jafet ruimte verskaf en mag hy woon in die tente van Sem! Maar Kanaän moet sy dienskneg wees.

9:20 “Noag het as landbouer” Die NASB- en RSV-vertalings lees oënskynlik te veel in die Hebreeuse bewoording in; Noag was nie die eerste landbouer nie—wat van Kain (4:2) of Lameg (5:29)? Die NRSV het “*Noah, a man of the soil.*”

9:21 “dronk geword” Dronkenskap (BDB 1016 I, KB 1500) word keer na keer afgekeur in die Skrif (vgl. Spr. 23:29-35). Tog is wyn nie die probleem nie, maar die mens se misbruik daarvan (vgl. Deut. 14:26; Ps. 104:15; Spr. 31:6-7).

VIR SPESIALE AANDAG: WYN EN STERK DRANK

I. Bybelse Terme

A. Ou Testament

1. *Yayin* – Dit is die algemene term vir ‘wyn’, wat 141 keer gebruik word (BDB 406). Die etimologie is onseker, want dit is nie van ‘n Hebreeuse stamwoord ontleen nie. Dit beteken altyd gefermenteerde vrugtesap, gewoonlik van ‘n druif. Sommige tipiese passasies is Gen. 9:21; Eks. 29:40; Num. 15:5,10.
2. *Tirosh* – Dit is ‘nuwe wyn’ (BDB 440). Vanwee weersomstandighede van die nabye-Ooste het fermentasie egter so gou as 6 uur na versapping ingetree. Hierdie term verwys na wyn wat besig is om te fermenteer. Vir ‘n paar tipiese passasies, sien Deut. 12:17; 18:4; Jes. 62:8-9; Hos. 4:11.
3. *Asis* – Joël 1:5 en Jes. 49:26 toon dat dit ooglopend alkoholies was (BDB 779).
4. *Sekar* – Dit is die term vir ‘sterk drank’ (BDB 1016, vgl. Jes. 5:1). Iets word bygevoeg om dit nog meer bedwelmend te maak. Dieselfde Hebreeuse stamwoord word gebruik in die term ‘dronk’ of ‘dronkerd’.

B. Nuwe Testament

1. *Oinos* – die Griekse ekwivalent van *yayin* (vgl. Spr. 20:1; 31:6; Jes. 28:7).
2. *Neos oinos* (nuwe wyn) – die Griekse ekwivalent van *tirosh* (vgl. Mark. 2:22).
3. *Gleuchos vinos* (soetwyn) – wyn in die vroeë stadiums van fermentasie (vgl. Han. 2:13).

II. Fermentasie

- ##### **A. Fermentasie begin baie gou, dikwels binne die eerste dag (6 uur ná versapping).**

- B. Joodse tradisie lui dat wanneer 'n ligte skuim op die oppervlak verskyn dit ingereken moet word by die wyn-tiende (*Ma aseroth* 1:7).
- C. Die primêre fermentasie is binne 'n week verby.
- D. Die sekondêre fermentasie neem ongeveer 40 dae. Op hierdie stadium word dit verouderde wyn geag en kan vir offergawe op die altaar aangebied word (*Edhuyyoth* 6:1).
- E. Wyn wat rus op sy verouderende sediment word goed gereken, maar wyn moet goed gefiltreer word voor dit gebruik word.
- F. Drie jaar is die langste tydperk wat wyn gestoor kon word. Dit is 'ou wyn' genoem. Dit beste tydperk van fermentasie is gereken om ongeveer 'n jaar te wees.
- G. Slegs in die laaste 100 jaar, met steriele omstandighede en chemiese bymiddels, het dit moontlik geword om die fermentasieproses uit te stel.

III. Bybelse gebruike

A. Ou Testament

- 1. Wyn is 'n gawe van God (vgl. Gen. 27:28; Ps. 104:14-15; Pred. 9:7; Hos. 2:8-9; Joël 2:19,24; Amos 9:13; Sag. 10:7).
- 2. Wyn is deel van 'n offergawe (vgl. Eks. 29:40; Lev. 23:13; Num. 15:7,10; 28:14; Rig. 9:13).
- 3. Wyn is gebruik by Israel se feeste (vgl. Deut. 14:26).
- 4. Wyn is gebruik as medisyne (vgl. 2 Sam. 16:2; Spr. 31:6-7).
- 5. Wyn kan 'n probleem wees (Noag: Gen. 9:21; Lot: Gen. 19:33,35; Simson: Rig. 16:19; Nabal: 1 Sam. 25:36; Uria: 2 Sam. 11:13; Ammon: 2 Sam. 13:28; Elia: 1 Kon. 20:12; heersers: Amos 6:6; dames: Amos 4).
- 6. Wyn het sy gepaardgaande waarskuwing teen misbruik (vgl. Spr. 20:1; 23:20-21,29-35; 31:4-5; Jes. 5:11,22; 19:14; 28:7-8; Hos. 4:11).
- 7. Wyn was vir sekere groepe verbode (priesters aan diens, Lev. 10:9; Eseg. 44:21; Nasareners, Num. 6; heersers, Spr. 31:4-5; Jes. 56:11-12; Hos. 7:5).
- 8. Wyn word gebruik in 'n eskatologiese omgewing (vgl. Amos 9:13; Joël 3:18; Sag. 9:17).

B. Inter-Bybels

- 1. Wyn met matigheid voor oë is baie nuttig (Pred. 31:27-30).
- 2. Die rabbyne sê: "Wyn is die beste van alle medisynes, waar wyn ontbreek, word dwelms nodig" (BB 58b).
- 3. Gemengde wyn en water is nie skadelik nie, maar heerlik, en vergroot jou genot (2 Mak. 15:39).

C. Nuwe Testament

- 1. Jesus het water in wyn verander (vgl. Joh. 2:1-11).
- 2. Jesus het wyn gebruik (vgl. Mat. 11:16,18-19; Luk. 7:33-34; 22:17 e.v.)
- 3. Petrus word beskuldig van dronkenskap op 'nuwe wyn' op Pinkster (vgl. Han. 2:13).
- 4. Wyn gebruik as medisyne (vgl. Mark. 15:23; Luk. 10:34; 1 Tim. 5:23).
- 5. Leiers behoort nie misbruikers te wees nie. Dit beteken nie hulle hoef geheelonthouers te wees nie (vgl. 1 Tim. 3:3,8; Titus 1:7; 2:3; 1 Pet. 4:3).
- 6. Wyn gebruik in eskatologiese omgewing (vgl. Mat. 22:1 e.v.; Openb. 19:9).
- 7. Dronkenskap word afgekeur (vgl. Mat. 24:49; Luk. 11:45; 21:34; 1 Kor. 5:11-13; 6:10; Gal. 5:21; 1 Pet. 4:3; Rom. 13:1-4).

IV. Teologiese Insigte

A. Dialektiese Spanning

- 1. Wyn is 'n gawe van God.
- 2. Dronkenskap is 'n groot probleem.
- 3. Ons voorbeeld is Christus (vgl. Mat. 15:1-20; Mark. 7:1-23; Rom. 14; 1 Kor. 8:7-13).

B. Tendens om Godgegewe perke te oorskry

- 1. God is die bron van alle goeie dinge.

2. Die mens het al God se gawes misbruik deur hulle buite perke te gebruik.
- C. Misbruik is in ons, nie in dinge nie. Daar is niks boos aan die fisiese skepping nie (vgl. Rom. 14:14,20).

9:22 “het sy vader se naaktheid gesien en dit aan sy twee broers daarbuite te kenne gegee” Gam se sonde was (1) sy disrespek teenoor sy vader of (2) die een of ander seksuele daad (vgl. Lev. 18:6,7). Hebreërs was baie gesteld op naaktheid.

In ‘n teologiese sin toon dit die voortdurende afwaartse sleuring van die val. Noag, dronk! Gam wat uiterse genot put uit sowel sy pa se oortreding as sy naaktheid! Hierdie geneigdheid tot disrespek en misbruik van seksualiteit word baie helder in Kanaän se nageslag! Die tendense moes vir Noag sigbaar gewees het; dié dat hy vir Kanaän, maar nie vir Gam nie, vervloek.

As ‘n naskrif: hierdie episode het niks, maar niks te doen met ‘n Bybelse minderwaardigheid van die swart ras nie. Afrikane is sekerlik afstammeling van Gam, maar Kanaäniete was nie swart nie (d.w.s. muurprente in Egipte)!

9:24 “Noag. . .merk” Hy het moontlik geweet omdat hy gevra het, maar dit was waarskynlik deur die bedekking wat Sem en Jafet oor hom geplaas het.

▣ **“jonger seun”** Gam word altyd tweede gelys in die lys van Noag se seuns. Die Hebreeuse woord kan ‘n oortreffende ‘jongste’ of ‘n vergelykende ‘jonger’ wees.

9:25 “sê hy” Onthou die Hebreeuse konsep van die mag van die gesproke woord, Gen. 1, sowel as die belang van die ouer se seën, Gen. 49.

▣ **“Vervloek is Kanaän!”** Hierdie WERKWOORD (BDB 76, KB 91) is ‘n *Qal*-PASSIEWE DEELWOORD. Die rabbyne sê Kanaän het Noag se naaktheid eerste gesien en vir Gam, sy vader, vertel, maar Noag het waarskynlik hierdie oënskynlik disrespekvolle karakter in Gam se jongste seun gesien, of Kanaän, die jongste seun, is ‘n manier om na al Gam se nakomelinge te verwys. Let daarop dat hierdie nie ‘n vervloeking deur God is nie, maar deur ‘n alkohol-misbruikende Noag!

Dit is duidelik vanwee Israel se latere geskiedenis dat Kanaäniete gesien is as bose, afvallige mense wat heeltemal vernietig moet word. Dit is in hulle lande wat die reuse geleef het. Dit is hulle aanbidding van vrugbaarheid wat verbied word in die boek van Levitikus.

VIR SPESIALE AANDAG: RASSISME

I. Inleiding

- A. Dit is ‘n universele uitdrukking in die samelewing van ’n gevalle mensdom. Dit is die ego van die mensdom wat homself bevoordeel ten koste van ander. Rassisme is merendeels ’n eietydse verskynsel, met nasionalisme (of stamverband) as die vroeëre uitdrukking daarvan.
- B. Nasionalisme het by Babel begin (Gen. 11) en is tevore met Noag se drie seuns in verband gebring uit wie rasse verondersteld ontwikkel het (Gen. 10). Dit is egter uit die Skrif duidelik dat die mensdom uit een bron ontstaan het (Gen. 1-3; Han. 17:24-26).
- C. Rassisme is een van vele vooroordele. Sommige ander is (1) opvoedkundige snobisme; (2) sosio-ekonomiese aanmatiging; (3) selfvoldane godsdienstige wettisme; en (4) dogmaties-politieke verbintnisse.

II. Bybelse Materiaal

A. Ou Testament

1. Gen. 1:27 – Die mensdom, man en vrou, is geskape na die beeld en gelykenis van God waaruit hulle uniekheid blyk. Dit vertoon ook hulle individuele waarde en waardigheid (vgl. Joh. 3:16).

2. Gen. 1:11-25 – Herhaal die frase “elkeen na sy aard” 10 keer. Dit is dikwels aangehaal om rassiesekeiding te regverdig, maar dit is uit die konteks duidelik dat dit hier handel oor diere en plante en nie mense nie.
3. Gen 9:18-27 – Dit is aangewend om rasse-oorheersing te regverdig. Dit moet egter onthou word dat nie God nie, maar Noag, sy oupa, Kanaän, vervloek het ná hy van sy dronkenskap wakker geword het. Die Bybel dui nêrens aan dat God hierdie vervloeking of eed bekragtig het nie. Selfs al sou Hy dit wel bekragtig het, raak dit nie die swart ras nie. Kanaän was die vader van diegene wat Palestina bewoon het en Egiptiese muurskilderye toon dat hulle nie swart was nie.
4. Jos. 9:23 – Hierdie gedeelte is soms gebruik om te bewys dat een ras die ander sal dien. Die Gibeoniete, blykens die konteks, was van dieselfde ras as die Jode.
5. Esra 9-10 en Neh. 13 – Hierdie gedeelte is dikwels gebruik in ras verband, maar die konteks toon aan dat die huwelike nie verdoem is as gevolg van ras nie (hulle was afstammeling van dieselfde seun van Noag, Gen. 10), maar op grond van godsdienstige oorweginge.

B. Nuwe Testament

1. Die Evangelies
 - a. Jesus het telkens verwys na die haat tussen Jode en Samaritane en dit onaanvaarbaar bestempel.
 - (1) die gelykenis van die Goeie Samaritaan (Luk. 10:25-37)
 - (2) die vrou by die put (Joh. 4)
 - (3) die dankbare melaatse (Luk. 17:7-19)
 - b. Die evangelie is vir die hele mensdom (vgl. Joh. 3:16; Luk. 24:46-47; Heb. 2:9; Openb. 14:6)
 - c. Die koninkryk sluit die hele mensdom in (vgl. Luk. 13:29; Openb. 5)
2. Handeling
 - a. Han. 10 is sonder twyfel ’n verwysing na God se universele liefde en die evangelie se universele boodskap.
 - b. Petrus is veroordeel vir sy optrede soos in Han. 11 vermeld word, en die probleem is nie opgeklaar voordat die Jerusalem Vergadering met ’n oplossing vorendag gekom het nie (Han. 15). Die spanning tussen Jode en heidene gedurende die eerste eeu was baie intens.
3. Paulus
 - a. In Christus is daar geen skeidsmure nie (Gal. 3:26-28; Ef. 2:11-22; Kol. 3:11)
 - b. God is nie ’n aannemer van persoon nie (Rom. 2:11; Ef. 6:9)
4. Petrus en Jakobus
 - a. God is geen aannemer van persoon nie (1 Pet. 1:17)
 - b. God is onpartydig en daarom moet sy mense ook so wees (Jak. 2:1)
5. Johannes
 - a. Een van die sterkste stellings oor die verantwoordelikheid van gelowiges kom voor in 1 Joh. 4:20

III. Gevolgtrekking

- A. Rassisme, of vooroordeel van enige aard, is totaal onvanpas vir God se kinders. Hier volg ’n aanhaling van Henlee Barnette, uitgespreek tydens ’n forum van die Christian Life Commission in 1964 te Glorieta, New Mexico: “Racism is heretical because it is unbiblical and unchristian, not to mention unscientific.”*
- B. Hierdie probleem bied Christene die geleentheid om hulle Christelike liefde en vergewensgesindheid aan ’n verlore wêreld te toon. Wie nie hiertoe in staat is nie, is onvolwasse en bied geleentheid vir die bose om die gelowige se geloof, sy geloofsekerheid en groei te belemmer. Dit verhinder ook verlore mense om na Christus toe te kom.

* “Rassisme is dwaling omdat dit onbybels en onchristelik is, om nie eens van onwetenskaplik te praat nie.”

C. Wat kan ek doen? (Hierdie stuk is uit die Christian Life Commission-traktaat met opskrif “Race Relations” geneem:

OP PERSOONLIKE VLAK

- ★ Aanvaar jou verantwoordelikheid om rasverwante probleme op te los.
- ★ Bevry jouself van rassevooroordeel deur gebed, Bybelstudie en vertrouensverhoudings met mense van ander rasse te kweek.
- ★ Gee uitdrukking aan jou oortuigings aangaande ras waar rassehaat sonder teësprak aangeblaas word.

IN FAMILIELEWE

- ★ Wees bedag op die invloed van familie in die ontwikkeling van rasse-gesindheid.
- ★ Skep Christelike gesindhede tuis deur dit wat kinders en grootmense op straat oor ras hoor, te bespreek.
- ★ Ouers moet daarop bedag wees dat hulle self ‘n Christelike voorbeeld stel wat betref omgang met mense van ‘n ander ras.
- ★ Soek geleenthede om vriendskapsbande oor rassegrense heen te sluit.

IN JOU KERK

- ★ Deur prediking en onderrig in die Bybelse waarheid omtrent ras kan die gemeente gemotiveer word om ‘n voorbeeld te stel aan die hele samelewing.
- ★ Maak seker dat die erediens, vertrouensverhouding en dienste van die kerk oop is vir almal, want die NT-kerke het geen rassegrense gehad nie (Ef. 2:11-22; Gal. 3:26-29).

IN JOU DAAGLIKSE LEWE

- ★ Help dat rassediskriminasie in die werkplek uitgeskakel word.
- ★ Werk deur gemeenskapsorganisasies om gelyke regte en geleenthede te skep terwyl jy onthou dat die rasseprobleem aangespreek moet word; nie mense nie. Die doel is om begrip te bevorder sonder om bitterheid te veroorsaak.
- ★ As dit die regte ding blyk te wees, organiseer ‘n spesiale komitee bestaande uit besorgde burgers om die lyne van kommunikasie oop te maak vir opvoeding van die publiek en vir spesifieke aksies om rasseverhoudinge te verbeter.
- ★ Ondersteun wetgewing en wetstoepassers wat sosiale geregtigheid bevorder en staan diegene wat vooroordeel uitbuit vir politieke gewin, teen.
- ★ Doen voorspraak vir wetstoepassers wat sonder diskriminasie optree.
- ★ Vermy geweld, propageer respek vir die wet en doen as Christen alles in jou vermoë om seker te maak dat wetlike strukture nie deur voorstanders van diskriminasie misbruik word nie.
- ★ Wees ‘n voorbeeld van die gees en gedagtes van Christus in alle menseverhoudinge.

▣ **“Kneg van die knegte”** Dit is ‘n Hebreeuse oortreffende trap wat ‘laagste kneg’ beteken. Dit word vervul deur Josua se inname van Palestina!

9:26-27 Die gebruik van “mag” en “moet” in hierdie twee verse is JUSSIWE, drie spesifieke vorme en een kontekstueel geïmpliseerd.

9:26 “die HERE” ‘JHWH’ blyk die spesiale gebruik van die verbondsnaam (sien nota by 2:4) te wees om Sem as die Messiaanse lyn te bevestig (vgl. Luk. 3:36).

▣ **“die God van Sem”** Sem beteken ‘naam’ en mag ‘n woordspel wees op God se spesiale naam, JHWH (BDB 1028 II). Die lyn van Sem is die Messiaanse lyn. Dit is in teenstelling met 11:4!

9:27 “mag hy woon in die tente van Sem” Sommige sien hierdie (1) in ‘n politiese sin, die dominante Romeinse of Europese kultuur of (2) in ‘n geestelike sin, die insluiting van die heidene met die Jode se seën, wat ook deel was van die Abrahamiese verbond (vgl. 12:3; Ef. 2:11-3:13).

OAV TEKS: 9:28-29

²⁸En Noag het ná die vloed driehonderd-en-vyftig jaar gelewe. ²⁹So was dan al die dae van Noag negehonderd-en-vyftig jaar, en hy het gesterwe.

9:29 Die dood het steeds geheers (vgl. hoofstuk 5)!

BESPREKINGSVRAE

Hierdie is 'n studiegidskommentaar wat beteken dat jy verantwoordelik is vir jou eie interpretasie van die Bybel. Elkeen van ons moet in die lig wat ons tot ons beskikking het, loop. Jy, die Bybel en die Heilige Gees is prioriteit in interpretasie. Moet dit nie aan 'n kommentaarskrywer oorlaat nie.

Hierdie vrae word verskaf om jou te help dink oor die grootste kwessies van hierdie gedeelte van die boek. Hulle is veronderstel om gedagteprikkelend te wees, nie voorskrywend nie.

1. Hoe het die val God se verbond met Noag beïnvloed?
2. Is doodstraf 'n Bybelse voorskrif (vgl. vers 6)?
3. Het Noag die swart ras vervloek?
4. Waarna verwys vers 27?

GENESIS 10:1-32

PARAGRAAFVERDELING VAN MODERNE VERTALINGS

| NASB | NKJV | NRSV | TEV | NJB | NAV |
|---------------------|---------------------------|--------------------------|--------------------------------|---------------------------|------------------------------------|
| Descendants of Noah | Nations Descend from Noah | The Table of the Nations | The Descendants of Noah's Sons | The Peopling of the Earth | Die nageslag van Jafet, Gam en Set |
| 10:1 | 10:1 | 10:1 | 10:1 | 10:1 | 10:1 |
| 10:2-5 | 10:2-5 | 10:2-5 | 10:2-5 | 10:2-5a | 10:2a |
| | | | | | 10:2b-5 |
| | | | | 10:5b | |
| 10:6-14 | 10:6-14 | 10:6-14 | 10:6-12 | 10:6-7 | 10:6a |
| | | | | | 10:6b-9 |
| | | | | 10:8-12 | |
| | | | | | 10:10-12 |
| | | | 10:13-14 | 10:13-14 | 10:13-19 |
| 10:15-20 | 10:15-20 | 10:15-20 | 10:15-20 | 10:15-19 | |
| | | | | 10:20 | 10:20 |
| 10:21-31 | 10:21-31 | 10:21-31 | 10:21-31 | 10:21 | 10:21 |
| | | | | 10:22-23 | 10:22-30 |
| | | | | 10:24-30 | |
| | | | | 10:31 | 10:31 |
| 10:32 | 10:32 | 10:32 | 10:32 | 10:32 | 10:32 |

LEESSIKLUS DRIE (sien bl. xvii)

VOLGENS DIE OORSPRONKLIKE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAFVLAK

Hierdie is 'n studiegidskommentaar, wat beteken dat jy verantwoordelik is vir jou eie verklaring van die Bybel. Ons moet elkeen wandel in die lig waaroor ons beskik. Jy, die Bybel en die Heilige Gees is prioriteit in verklaring. Moenie hierdie voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees die paragraaf in een slag deur. Identifiseer die onderwerpe. Vergelyk jou onderwerpverdeling met die ses vertalings hierbo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar is die sleutel tot die oorspronklike skrywer se bedoeling – die hart van verklaring. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Ens.

INLEIDING

- A. Wat is die teologiese doel van die besonderhede ingesluit in hoofstuk 10?
 1. Dit toon dat God belange het in alle nasies. Hoofstuk 11 is kronologies deurmekaar. Dit toon klaarblyklik dat hoofstuk 10 nie net 'n veroordeling is nie (vgl. 11:1-9), maar hoofsaaklik die vervulling van 1:28 en 9:1,7 (d.w.s. wees vrugbaar en vul die aarde).
 2. Hierdie selfde nasies word dikwels na verwys in die profete (vgl. Jes. 7-23; Jer. 46-51; Eseg. 27-30; 38-39) as groepe wat God veroordeel.

3. Dit skik die verhoog vir Abraham se roeping en sy saad as ‘n koninkryk van priesters wat die hele wêreld na JHWH sal bring (vgl. 12:3; Eks. 19:5-6).
4. Dit volg die patroon van Genesis van die vernouende fokus van die Messiaanse lyn (vgl. 9:26).
5. Daar blyk ongeveer 70 groepe te wees wat genoem word. Die rabbyne sê daar is 70 wêreldtale, moontlik vanwee Deut. 32:5. Baie verbind Lukas 10:1 hiermee om die wêreldwye sendinguitreik van die evangelie te regverdig.

B. Hoe en hoekom strook dit nie met moderne etnologiese navorsing nie?

1. Moderne navorsing is gebaseer op taalkundige beginsels terwyl die Bybelse geval fokus op geografiese data. Hierdie geografiese inligting word beïnvloed deur (1) datum en (2) menslike beweging deur migrasie sowel as oorlog (vgl. Eseg. 16:3; Hosea 12:7).
2. Die teologiese aard van die vertelling moet in ag geneem word
 - a. selektiewe dekking
 - b. eenheid van die mensdom (Adam en Noag)
 - c. Daardie nasies die verste van kontak met Israel word die minste opgehaal (of glad nie)
3. Hierdie hoofstuk bevat heelwat naamverdubbelings. Dit toon dat ‘n voorvader dikwels ‘n groep verteenwoordig. Groepe beslaan dikwels meer as een geografiese area.
4. Dit is nie ‘n Westerse, gedetailleerde, wetenskaplike beskrywing nie. Ons vergeet dikwels dat hierdie die eerste poging was tot ‘n lys van hierdie aard. Die akkuraatheid daarvan word verseker deur ons voorveronderstellende verbondenheid tot die Skrif. Nietemin, dit beteken nie dat dit veronderstel was om ons uitvoerig oor alle areas in te lig of aan te pas by ons Westerse denkwysie nie. Gegewe die tydperk is dit skokkend akkuraat!
5. Hierdie lys, nes die res van die Tora, was onderhewe aan skribale hersiening en opdatering. Verskeie name in hierdie lys (d.w.s. Cimmiërs, Skitiërs, Filistyne en Mediërs) word nie in ander antieke nabye-Oosterse literatuur aangetref tot 1500-1000 v.C. nie.
6. Dit is moontlik omdat die mense van Asië en Polinesië (en dus ook die Amerikas) sowel as baie van die mense van Afrika nie opgehaal word nie, dat hierdie lys net dele van die rassediversiteit vandag bekend insluit. Indien dit waar is dan is dit ‘n teologiese oorselling om te sê dat die rasse direk van Noag se drie kinders afkomstig is.

Die bedoeling is nie om die eenheid van mense (wat DNA-studies bevestig het) en duidelik daargestel word in die oorspronklike partjie in Gen. 1 en 2, te ondermyn nie.

C. Die struktuur

1. Jafet, verse 2-5, beset die area noord van Mesopotamië vanaf Spanje tot by die Kaspiaanse See.
2. Gam, verse 6-20, beset die area suid van Mesopotamië van Afrika tot Indië.
3. Sem, verse 21 e.v., handel oor die Semiete se besetting van Mesopotamië vanaf die Mediterreense See tot by Indië.

WOORD- EN FRASESTUDIE

OAV TEKS: 10:1

¹EN dit is die stamboom van die seuns van Noag: Sem, Gam en Jafet—vir hulle is daar seuns gebore ná die vloed.

10:1 “EN dit is die stamboom van die seuns” Hierdie frase word driekeer herhaal in die konteks van hoofstuk 10 en 11 (10:1; 11:10,27). Dit is moontlik die skrywer se manier om die boek uiteen te sit of ‘n Babiloniese kolofon om die spykerskriftablette wat bymekaar pas, te merk.

■ **“Sem, Gam en Jafet”** Die volgorde waarin hulle name gelys word is nie hoofsaaklik verwant aan hulle ouderdom nie, maar is eerder ‘n teologiese rangskikking wat diegene in die Messiaanse lyn eerste, en diegene die verste daarvan verwyderd, laaste plaas.

OAV TEKS: 10:2-5

²Die seuns van Jafet was: Gomer en Magog en Madai en Jawan en Tubal en Meseg en Tiras.
³En die seuns van Gomer was: Áskenas en Rifat en Togárma. ⁴En die seuns van Jawan was: Elisa en Tarsis, die Kittières en Dodaniete—⁵uit hulle het verdeeld geraak die kuslande van die nasies, in hulle lande, elkeen na sy taal, volgens hulle geslagte, in hulle nasies.

10:2 “Gomer” Dit verwys waarskynlik na die Cimmiërs (BDB 170) wat in Homer se *Iliad*, hoofstuk 11:13-19 genoem word. Hulle het die noorde van Klein-Asië bewoon. Hulle het moontlik vanuit die noorde gemigreer en Europese stamgroepe gevorm. Dit kan gesien word deur ‘n soortgelyke term vir hulle in Noord-Duitsland: ‘Cimbi’ en in Wallis: ‘Cymri’.

■ **“Magog”** Daar is baie oor hierdie naam gepraat as gevolg van sy verbintenis met Eseg. 38-39 en eindtyd gebeure. Nietemin, dit moet genoem word dat Magog (BDB 156) saam met Meseg en Tubal, ook genoem in vers 2, hoofsaaklik stamme is verbind met Klein-Asië en die kus van die Swartsee. Hulle het heel waarskynlik noord gemigreer om die stamgroepe van moderne Rusland te vorm. In antieke tye was hulle egter veel nader aan die beloofde land. Baie voel dat Magog verwant is aan die Skitiërs, suidoos van die Swartsee. Hierdie inligting kom van Josefus.

■ **“Madai”** Baie voel dat dit verwys na die Mediërs (BDB 552) wat suid en suidwes van die Kaspiaanse See geleef het en so belangrik word vir Israel in hulle samesmelting met Persië om die Neo-Babiloniese Ryk (Nebukadnésar) omver te werp.

■ **“Jawan”** Dit (BDB 402) verwys klaarblyklik na die Ioniese (suidelike) Grieke (vgl. Dan. 8:21; 10:20; 11:2). Hierdie groep word ‘Javana’ gespel in Sanskrit; ‘Juna’ in ou-Persies en ‘Jouan’ op die Rosettasteen. Later word hulle nie alleenlik konings van Griekeland nie, maar moontlik ook lede van die seemense in die Egeïese gebied (d.w.s. Fenisies en Filistyns).

■ **“Tubal”** Baie voel dat dit (BDB 1063) verwys na die Tiberiërs van Sentraal-Klein-Asië. Sowel Tubal as Meseg word in Eseg. 38-39 in Klein-Asië woonagtig geplaas.

■ **“Meseg”** Baie voel dat dit ‘n stamgroep was (BDB 604) woonagtig suid en suidwes van die Swartsee (vgl. Eseg. 27:13; 32:26; 38:2; 39:1). Hierdie inligting kom van Herodotus.

■ **“Tiras”** Daar was reeds verskeie moontlike identifiserings van hierdie groep (BDB 1066); ‘n algemene verskynsel onder skrifkenners. Baie van hierdie name en gebiede is eenvoudig onseker. Die moontlikhede sluit in (1) die Etruskane; (2) ‘n Egeïese seerowernasie genaamd die Pelasgiane; (3) Josefus sê die Thraciërs; of (4) Rashi sê dat dit verwys na Persië.

10:3 “Áskenas” Dit is die naam (BDB 79) aangeneem deur latere Jode van Europa (d.w.s. Duitsland). Die huidige teorieë is (1) Skitiërs in die gebied van Duitsland; (2) mense naby aan die Urumiameer; of (3) ‘n stamgroep van Bitinië in Klein-Asië.

■ **“Rifat”** Na bewering was hierdie ‘n stamgroep (BDB 937) naby die Rebasrivier of ‘n stamgroep naby die Bosporus.

■ **“Togarmah”** Hierdie (BDB 1062) was (1) ‘n stamgroep in die gebied van Kappadocië in Klein-Asië; (2) naby die antieke stad van Karchemis; of (3) ‘n stamgroep in Frigië. Al drie hierdie moontlikhede is in moderne Turkye.

10:4 “Elisa” Die meerderheid voel dat dit verwys (BDB 47) na die plaaslike bevolking van Ciprus. Hulle word opgehaal in Eseg. 27:7.

☐ **“Tarsis”** Hoewel Albright dit by Sardinië geplaas het, plaas die meeste moderne navorsers dit in die suide van Spanje (d.w.s. Tartessos). Dit word genoem in 2 Kron. 9:21; Ps. 48:7; 72:10; Jona 1:3; 4:2.

☐ **“Kittiërs”** Daar is ‘n deurlopende opinie dat dit verwys na die settelaars op die oostelike kus van Ciprus (BDB 1076 II).

☐ **“Dodaniete”** Baie voel dat die ooreenkoms tussen die Hebreeuse letters D (ד) en R (ר) verwarring veroorsaak het en dat dit verwys na die inwoners van die eiland van Rhodesië (vgl. NIV-vertaling). Ander voel egter dat dit noordelike Griekeland is en nog ander sê dit is Suid-Italië. Duidelik is dit eenvoudig onbekend (BDB 187).

10:5 “uit hulle het verdeeld geraak die kuslande van die nasies” Hierdie frase word metafories aangewend vir mense wat ver weg is, maar hier verwys dit klaarblyklik na die inwoners langs die kus van die Mediterreense- en Swartsee, wat die migrasie van die kinders van Jafet volg.

☐ **“hulle lande. . . sy taal. . . hulle geslagte. . . hulle nasies”** Dit lyk soos ‘n viervuldige verdeling van hoe hierdie hoofstuk verdeel is: (1) geografies; (2) taalkundig; (3) etnies; en (4) polities.

OAV TEKS: 10:6-14

⁶En die seuns van Gam was: Kus en Misraim en Put en Kanaän. ⁷En die seuns van Kus was: Seba en Hávila en Sabta en Raéma en Sábtega. En die seuns van Raéma: Skeba en Dedan. ⁸Kus was ook die vader van Nimrod. Hy het begin om ‘n gewelenaar op aarde te wees. ⁹Hy was ‘n geweldige jagter voor die aangesig van die Here. Daarom sê hulle: Soos Nimrod, ‘n geweldige jagter voor die aangesig van die Here. ¹⁰En die begin van sy ryk was Babel en Ereg en Akkad en Kaine in die land Sínear. ¹¹Uit hierdie land het hy getrek na Assur en gebou: Ninevé en Réhobot-Ir en Kalag ¹²en Resen, tussen Ninevé en Kalag—dit is die groot stad. ¹³En Misraim was die vader van die Ludiete en Anamiete en Lehabiete en Naftuhiete ¹⁴en die Patrusiete en Kasiuhiete—waaruit die Filistyne voortgekom het—en Kaftoriete.

10:6 “Kus en Misraim en Put en Kanaän” Hierdie seuns van Gam word verder bespreek in die volgende verse: Kus (BDB 468) in verse 7-12; Misraim (BDB 595) in verse 13-14; en Kanaän (BDB 488) in verse 15-19. Put (BDB 806), hoewel nie bespreek nie, verwys waarskynlik óf na Oos-Afrika (Somalië), suidelike Arabië, Libië of Cirene. Dit is duidelik uit hierdie moontlike lokasies dat ons onseker is.

10:7 “Seba” Dit is die area van die Opper-Nyl sover as wat ons kan agterkom uit die inligting wat tans beskikbaar is (BDB 685). Dit word opgehaal in Jes. 43:3.

☐ **“Hávila”** Dit is letterlik ‘sandland’ (BDB 296), moontlik iewers in Egipte geleë.

☐ **“Sabta”** Dit (BDB 688) kan óf in die gebied van moderne Etiopië, dus Oos-Afrika, óf ‘n stad in Arabië wees.

☐ **“Raéma”** Dit is klaarblyklik die Sabatiërs van suidwes Arabië (BDB 947).

☐ **“Sabtega”** Dit verwys ook na Etiopië (BDB 688).

☐ **“Skeba”** Dit (BDB 985) is klaarblyklik die beroemde gebied van die koningin van Skeba, suidwes van Arabië (vgl. 1 Kon. 10:1-10; Job 1:15; 6:19; Ps. 72:10,15; Jes. 60:6; Jer. 6:20).

☐ **“Dedan”** Dit is moontlik iewers in Arabië (BDB 186). Dit is duidelik dat die seuns van Kus in Oos-Afrika en die Arabiese peninsula gesetel was. Dit word opgehaal in Jes. 21:13; Jer. 25:23; 49:8; Eseg. 25:13; 27:20.

10:8 “vader van Nimrod” Nimrod (BDB 650) is spesifiek benoem omdat hy ‘n stigter van die eerste groot beskawing was. Dit sou beteken dat afstammeling van Gam Babilon ontwikkel het. Hy word verbind met die seuns van Kus as gevolg van die taalkundige ooreenkomste van die naam, Kassiete. Daar is twee groepe van Kus, een in vers 7 op die oostekant van die Rooisee en hierdie een in vers 8 op die westekant van die Rooisee.

☐ **“Nimrod”** Die term beteken klaarblyklik ‘opstand’ volgens Rashi en Leupold. Hiermee ingedagte word die volgende twee belangrike frases: “geweldenaar” en “geweldige jagter”, negatief verklaar as ‘tiran’ of ‘oorwinnaar’ of ‘slagter van mans’. Nietemin, ons is onseker of dit die konnotasie is, maar dit blyk die konteks te pas. Hierdie man gaan van die belangrikste stede van Mesopotamië bou en sal oënskynlik die eerste wêreldmag daarstel. Baie het al aangevoer dat dit verwys na Tukuli-ninurta I, maar hy het nie geleef voor die dertiende eeu v.C. toe hy Assirië en Babilonië oorheers het nie. Hy is Ninus genoem, maar sy tyd is gans te laat om dié van Nimrod te pas. Ander stel dat dit verwys na Sargon I, heerser van die stad van Akkad.

10:9 “’n geweldige jagter voor die HERE” Sommige skrifgeleerdes stel dat God wat kennis neem van ‘n jagter, benede sy waardigheid is, maar indien die frase verwys na die eerste oorwinnaar en ontwikkelaar van ‘n menslike wêreldstelsel (vgl. Mig. 5:6), dan is God se kennisname verstaanbaar.

10:10 “Babel” Die Babiloniërs sê dat hierdie term (*bab-ili*) ‘die poort van die gode’ beteken. In Genesis 11 verklaar die Jode dit egter as ‘hy het verwar’ (*balil*) (BDB 93).

☐ Al die stede gelys in hierdie vers was hoofstede in Sinear op die een of ander stadium.

☐ **“Kalne”** Sommige sê dat dit (BDB 484) verwys na ‘n stad van Nippur, terwyl ander dit herstel om ‘hulle almal’ te beteken.

☐ **“die land van Sinear”** Dit is taalkundig verwant aan die term ‘Sumer’ of ‘Sumerië’ (BDB 1042). Dit verwys na ‘n gebied in suidelike Mesopotamië.

10:11 “het hy getrek na Assur” Sommige sê dat dit verwys na Nimrod en dit blyk die konteks die beste te pas (vgl. Mig. 5:6). Nietemin, ander, insluitende die Septuaginta, die Vulgaat, die Siriese, Martin Luther, en Johannes Calvyn, sê dit verwys na Assur.

☐ **“Ninevé”** Dit (BDB 644) is die hoofstad van die Assiriese Ryk geleë op die Tigrisrivier (vgl. 2 Kon. 19:36; Jes. 37:37; Jona 1:2; 3:2-7; 4:11; Nah. 1:1; 2:8; 3:7; Sef. 2:13).

☐ **“Réhobot-Ir”** Letterlik beteken dit ‘wye straatstad’ of ‘wye plekke van die stad’ en is waarskynlik ‘n beskrywing van Ninevé (BDB 944 II).

☐ **“Kalag”** Dit is ‘n belangrike Assiriese stad (BDB 480 II). Sy moderne naam is Nimrud wat duidelik verwant is aan die naam, Nimrod.

10:13 “Misraim” Baie stel dat dit verwys na Opper- en Laer-Egipte (BDB 595).

☐ **“Ludiete”** Dit mag verwys na Lidiete in Klein-Asië (BDB 595).

☐ **“Anamiete”** Dit mag verwys na ‘n stamgroep wat die oase wes van Egipte beset (BDB 777).

☐ **“Lehabiete”** Dit verwys klaarblyklik na die woestynstamme van die noordelike kus van Afrika (BDB 529).

■ **“Naftuhiete”** Dit is klaarblyklik die stamgroep naby die stad van Memphis (BDB 661). Almal genoem in vers 13 is duidelik verwant aan Egipte en die omliggende gebied.

10:14 “Patrusiete” Dit beteken ‘suidland’ en verwys waarskynlik na Opper-Egipte (BDB 837).

■ **“Kasluhiete—waaruit die Filistyne voortgekom het—”** Dit is ‘n veelbesproke frase omdat dit in Amos 9:7 lyk of dit impliseer dat die Filistyne van Kreta kom. Dit is een van daardie plekke waar hierdie verwysing geografies mag wees. Die voortdurende vlaag van invalle en migrasies van die seemense van die Egeïese See beïnvloed die meeste van die kuslande van die Mediterreense wêreld, insluitende Egipte en Palestina. Vir Kaluhiete, sien BDB 493.

■ **“Kaftoriete”** Dit verwys klaarblyklik na die inwoners van die eiland van Kreta bekend as Kaftor (BDB 499).

OAV TEKS: 10:15-20

¹⁵En Kanaän was die vader van Sidon, sy eersgeborene, en Het ¹⁵en die Jebusiete en Amorieite en Girgasiete ¹⁷en die Hewiete en Arkiete en Siniete ¹⁸en die Arwadiete en Seinariete en Hamatiete. En daarna het die geslagte van die Kanaäniete hulle versprei. ¹⁹En die gebied van die Kanaäniete was van Sidon af in die rigting van Gerar tot by Gasa, in die rigting van Sodom en Gomorra en Adma en Seboïm tot by Lesa. ²⁰Dit was die seuns van Gam volgens hulle geslagte, na hulle tale, in hulle lande, in hulle nasies.

10:15 “Sidon” Dit is die beroemde Fenisiese hawe en oorspronklike hoofstad, noord van Palestina (BDB 850).

■ **“Het”** Dit (BDB 366) blyk ‘n nie-Semitiese naam te wees. Dit is moontlik die begin van die Hetietgroep. In die Bybel word hulle op twee plekke aangetref: (1) rondom die stad van Hebron en (2) noord van Palestina in sentrale Turkye. Hulle oorheers die hele gebied tussen 1800-1200 v.C. Die stamgroep wat die Hewiete genoem is is ook moontlik verwant aan die term, Het.

■ **“Amorieite”** Die term (BDB 57) Amoriet kan ‘n saamgestelde term (vgl. Gen. 15:16) soos die term Kanaäniet wees. Ons dink dit het die konnotasie van ‘hooglander’ (die letterlike naam beteken ‘Westenaar’) terwyl Kanaäniet die konnotasie van ‘laaglander’ het (die letterlike naam beteken ‘land van pers’). In die Bybel word die inwoners van Kanaän op verskeie plekke gelys: (1) by twee stamgroepe in Gen. 13:7; 34:30; Rig. 1:4,5; (2) by sewe nasies in Deut. 7:1; Jos. 3:10; 24:11; (3) by tien nasies in Gen. 15:19-20; en (4) die mees algemene gebruik is ‘n sesde van ‘n nasie-toeskrywing wat die meerderheid kere in die Pentateug gebruik word.

■ **“Girgasiete”** Hierdie was ‘n Kanaänitiese stam wat dikwels in die verskeie lysse van die stamme van Kanaän voorkom (BDB 173, vgl. Gen. 10:16; 15:21; Deut. 7:11; Jos. 3:10; 24:11; Neh. 9:8; 1 Kron. 1:14), maar nooit geplaas word nie.

10:17 “die Hewiete” Hulle is klaarblyklik die inwoners van sentrale Palestina (BDB 295). Sommige identifiseer hulle met die Hurriane. Numeri 13:29 bied ‘n goeie geografiese opsomming van die verdeling van hierdie stamme in Palestina.

■ **“Arkiete”** Dit is klaarblyklik die inwoners van ‘n stad op die kus en ‘n eiland noord van Sidon (BDB 792).

■ **“Siniete”** Dit is klaarblyklik die inwoners van ‘n stad naby Arke (BDB 696).

10:18 “Arwadiete” Dit verwys klaarblyklik na die inwoners van ‘n eiland langs die kus noord van Palestina (BDB 71). Nes die vorige twee is dit noord van Tripoli.

☐ **“Hamatiëte”** Dit verwys na die inwoners van ‘n stad op die Orontesrivier (BDB 333).

10:19 “Sodom en Gomorra en Adma en Seboïm” Hierdie is stede van die vlakte wat God later verwoes. Hulle is geleë aan die suidelike punt van die Dooie See.

☐ **“Lesa”** Jeronimus sê dat dit oos van die Dooie See was (BDB 546).

10:20 Dit is ‘n opsomming van die verdelings, soortgelyk aan vers 5.

OAV TEKS: 10:21-31

²¹En ook vir Sem, die stamvader van al die seuns van Heber, die ouer broer van Jafet, is seuns gebore. ²²Die seuns van Sem was: Elam en Assur en Arpagsad en Lud en Aram. ²³En die seuns van Aram was: Us en Hul en Geter en Mas. ²⁴En Arpagsad was die vader van Selag, en Selag van Heber. ²⁵En vir Heber is twee seuns gebore: die naam van die een was Peleg, want in sy dae het die aardbewoners verdeeld geraak; en die naam van sy broer was Joktan. ²⁶En Joktan was die vader van Almódad en Selef en Hasarmáwet en Jerag ²⁷en Hadóram en Usai en Dikla ²⁸en Obal en Abimael en Skeba ²⁹en Ofir en Háwila en Jobab. Hulle almal was seuns van Joktan. ³⁰En hulle woonplek was van Mesa af in die rigting van Sefar, die berg van die Ooste. ³¹Dit is die seuns van Sem volgens hulle geslagte, na hulle tale, in hulle lande, volgens hulle nasies.

10:21 “Sem” Dit is die Hebreeuse term ‘naam’ (BDB 1028 II). Sy belangrikheid word gesien omdat hy opgehaal word beide hier en in 11:10-26. Die opstandige mense van hoofstukke 10-11 wil vir hulleself ‘n ‘naam’ bou. Hierdie naam skakel met 4:26 (d.w.s. JHWH se naam verheerlik). Hy sal die uitverkore lyn van seën meebring (vgl. 12:2).

☐ **“Heber”** Die etimologie van die naam is baie soortgelyk aan die term ‘Hebreër’ (BDB 720 II), wat verwys na ‘n baie wyer groep as bloot die Jode. Daar is reeds baie gespekuleer oor die verwantskap tussen Heber en die frase aangetref op baie dokumente en grafsuile in Egipte wat ‘*Habirv*’ genoem word (vgl. Gen. 14:13). ‘n Moontlike etimologie vir die naam Heber is ‘om oor en deur te beweeg’, wat klaarblyklik ‘n nomadiese groep impliseer.

☐ **“die ouer broer van Jafet”** Rashi stel dat die Hebreeus dubbelsinnig is ten opsigte van wie die ouer broer was.

10:22 “Elam” Dit was ‘n belangrike koninkryk in die ooste van die Tigrisrivier waarvan die hoofstad Susan was. Dit is moontlik die mees oostelike van die groepe genoem in hierdie hoofstuk (BDB 743).

☐ **“Assur”** Dit (BDB 78) kan verwys na (1) ‘n persoon; (2) ‘n stad; of (3) ‘n nasie (d.w.s. Assirië).

☐ **“Arpagsad”** Dit (BDB 75) blyk ‘n stamgroep te wees noord van Ninevé (nog ‘n hoofstad van Assirië). Die NIV-vertaling het *Arphaxad*.

☐ **“Lud”** Dit verwys moontlik na die Lidiese nasie van Klein-Asië (BDB 530). Herodotus stel dat hulle die oorsprong van Ninevé, ‘n Semitiese stad, aan hulleself toeskryf.

☐ **“Aram”** Dit verwys na die gebied van moderne Sirië (BDB 74).

10:25 “Peleg” Dit is die spesifieke lyn waarvan Abraham sal voortkom en die volle genealogie word bespreek in 11:18-27. Dit mag ‘verdeeld’ beteken (BDB 811 II).

☐ **“want in sy dae het die aardbewoners verdeeld geraak”** Die Hebreeuse term beteken letterlik ‘besproeiingskanale’ wat sou pas in suidelike Mesopotamië, maar die gewilde etimologie is

‘verdeling’ (BDB 811, KB 928, *Niphal*-PERFEKTUM). Daar is ‘n klankspel tussen Peleg en verdeeld (*niplega*). Dit mag verwys na die verdeling van die tale genoem in hoofstuk 11. Daarom is die verspreiding van hoofstuk 10 uit kronologiese volgorde wanneer dit vergelyk word met hoofstuk 11.

10:26-29 Dit is ‘n uiteensetting van die Arabiese stamme.

10:28 “Skeba. . .Háwila” Saam met Assur in vers 22 word dit oënskynlik by die Gamitiese lys en die Semitiese lys ingesluit. Dit is as gevolg van (1) geografiese migrasie; (2) oorlogsoorwinnings; of (3) die samesmelting van twee families deur die huwelik. Hierdie lys is op baie maniere onjuis.

OAV TEKS: 10:32

³²**Dit is die geslagte van die seuns van Noag volgens hulle afstamming, in hulle nasies; en uit hulle het die nasies op die aarde hulle verdeel ná die vloed.**

BESPREKINGSVRAE

Hierdie is ‘n studiegidskommentaar wat beteken dat jy verantwoordelik is vir jou eie interpretasie van die Bybel. Elkeen van ons moet in die lig wat ons tot ons beskikking het, loop. Jy, die Bybel en die Heilige Gees is prioriteit in interpretasie. Moet dit nie aan ‘n kommentaarskrywer oorlaat nie.

Hierdie vrae word verskaf om jou te help dink oor die grootste kwessies van hierdie gedeelte van die boek. Hulle is veronderstel om gedagteprikkelend te wees, nie voorskrywend nie.

1. Wat is die doel van Genesis 10?
2. Hoekom kry Nimrod spesiale behandeling?
3. Hoekom word Israel, Moab en Edom nie genoem in hierdie nasielys nie?

GENESIS 11:1-32

PARAGRAAFVERDELING VAN MODERNE VERTALINGS

| NASB | NKJV | NRSV | TEV | NJB | NAV |
|---|---------------------------------|------------------------------------|--------------------------------------|--|--|
| Universal Languages, Babel, Confusion 11:1-9 | The Tower of Babel 11:1-9 | The Tower of Babel 11:1-9 | The Tower of Babel 11:1-9 | The Tower of Babel 11:1-4 11:5-9 | Die toring van Babel 11:1-3a 11:3b 11:4 11:5-7 11:8-9 |
| Descendants of Shem 11:10-11 | Shem's Descendants 11:10-11 | Genealogies of Abraham 11:10-11 | The Descendants of Shem 11:10-11 | The Patriarchs After the Flood 11:10 11:10b-11 | Die nageslag van Sem 11:10-26 |
| 11:12-13 | 11:12-13 | 11:12-13 | 11:12-13 | 11:12-13 | |
| 11:14-15 | 11:14-15 | 11:14-15 | 11:14-15 | 11:14-15 | |
| 11:16-17 | 11:16-17 | 11:16-17 | 11:16-17 | 11:16-17 | |
| 11:18-19 | 11:18-19 | 11:18-19 | 11:18-19 | 11:18-19 | |
| 11:20-21 | 11:20-21 | 11:20-21 | 11:20-21 | 11:20-21 | |
| 11:22-23 | 11:22-23 | 11:22-23 | 11:22-23 | 11:22-23 | |
| 11:24-25 | 11:24-25 | 11:24-25 | 11:24-25 | 11:24-25 | |
| 11:26 | 11:26 | 11:26 | 11:26 | 11:26 | |
| 11:27-30 | Terah's Descendants 11:27-30 | 11:27-30 | The Descendants of Terah 11:27-30 | The Descendants of Terah 11:27 11:27b-30 | 11:27-30 |
| 11:31-32 | 11:31-32 | 11:31-32 | 11:31-32 | 11:31 11:32 | 11:31-32 |

LEESSIKLUS DRIE (sien bl. xvii)

VOLGENS DIE OORSPRONKLIKE SKRYWER SE BEDOELING OP PARAGRAAFVLAK

Hierdie is 'n studiegidskommentaar, wat beteken dat jy verantwoordelik is vir jou eie verklaring van die Bybel. Ons moet elkeen wandel in die lig waaroor ons beskik. Jy, die Bybel en die Heilige Gees is prioriteit in verklaring. Moenie hierdie voorreg aan 'n kommentaarskrywer prysgee nie.

Lees die paragraaf in een slag deur. Identifiseer die onderwerpe. Vergelyk jou onderwerpverdeling met die ses vertalings hierbo. Paragrafering is nie geïnspireerd nie, maar is die sleutel tot die oorspronklike skrywer se bedoeling – die hart van verklaring. Elke paragraaf het een, net maar één onderwerp.

1. Eerste paragraaf
2. Tweede paragraaf
3. Derde paragraaf
4. Ens.

INSIG UIT DIE TEKSVERBAND

- A. Hoofstukke 10-11 is in omgekeerde kronologiese volgorde.
- B. Hoewel die verwarring van tale met sy gepaardgaande verspreiding van mense lyk soos ‘n oordeelsdaad; onthou dat dit die ontwikkeling van nasionalisme beteken, wat tot op hierdie stadium die politiese beweging na ‘n enkelwêreldregering gedwarsboom het. In hierdie sin was dit dus nog ‘n gawe van God.
- Vir Christene was Pinkster die teologiese ommekeer van die toring van Babel!

OAV TEKS: 11:1-9

¹EN die hele aarde het dieselfde taal gehad en een en dieselfde woorde. ²En toe hulle wegtrek na die ooste, vind hulle ‘n laagte in die land Sinear; en daar het hulle gaan woon. ³Daarop sê hulle vir mekaar: Kom, laat ons stene vorm en dit goed brand. Hulle gebruik toe die bakstene vir bonstene en die lymgrond vir kiel. ⁴En hulle sê: Kom, laat ons vir ons ‘n stad bou en ‘n toring waarvan die spits tot aan die hemel reik; en laat ons vir ons ‘n naam maak, sodat ons nie oor die hele aarde verstrooid raak nie. ⁵Toe daal die HERE neer om die stad en die toring te besien waaraan die mensekinders gebou het. ⁶En die HERE sê: Daar is hulle nou een volk en het almal een taal! En dit is net die begin van hulle onderneming: nou sal niks vir hulle meer onmoontlik wees van wat hulle van plan is om te doen nie. ⁷Kom, laat Ons neerdaal en hulle taal daar verwar, sodat die een die taal van die ander nie kan verstaan nie. ⁸So het die HERE hulle dan daarvandaan oor die hele aarde verstrooi; en hulle het opgehou om die stad te bou. ⁹Daarom het hulle dit Babel genoem, want daar het die HERE die taal van die hele aarde verwar, en daarvandaan het die HERE hulle oor die hele aarde verstrooi.

11:1 “die hele aarde het dieselfde taal gehad” Dit is duidelik dat hoofstuk 11 die verspreiding beskryf in hoofstuk 10 verduidelik.

Hierdie enkele taal wat klaarblyklik sedert Eden in gebruik was, was nie Hebreeus nie. Die oudste geskrewe taal tans bekend is spykerskrif Sumeries wat dateer uit 3,000 v.C. (ABD, vol. 1, bl. 1213), en die kultuur vanuit 10,000-8,000 v.C.

11:2 “hulle wegtrek na die ooste” Dit impliseer blykbaar ‘n beweging weg van die rusplek van die ark, die berg Ararat. Die letterlike frase “wegtrek” beteken ‘penne uittrek’ (BDB 652, KB 704, *Qal*-INFINITIEWE KONSTRUK). Mesopotamië is suidoos van berg Ararat (wat vanaf moderne Turkye tot Iran strek).

▣ **“die land Sinear”** Dit verwys na Laer-Mesopotamië of Babilon, ook genoem Kaldea (BDB 11042).

11:3 Hierdie vers bevat een *Qal*-IMPERATIEF en twee KOHORTATIEWE-vorme. Dit beskryf die konstruksietegnieke wat histories akkuraat is van Mesopotamië. Daar was geen rotse in die gebied nie, so bakstene is gebrand. Die KJV het “slym”, maar dit verwys duidelik na die swart, taai stof wat in hierdie area uitborrel. Ons sou dit teer, asfalt of pik noem (BDB 330, vgl. 6:14).

11:4 Hierdie vers het een *Qal*-IMPERATIEF en twee IMPERFEKTUMS gebruik as KOHORTATIEWE. Daar blyk vier elemente betrokke te wees in hierdie vertelling: (1) die bou van ‘n stad en ‘n toring; (2) waarvan die grootte vergelykbaar sou wees met ander strukture van die tyd; (3) hulle wou vir hulleself ‘n naam maak; en (4) hulle wou nie verstrooid raak nie (d.w.s. oor die hele aarde nie). Die presiese konnotasie hiervan is onseker. Baie het aangevoer dat dit skakel met die Babiloniese ziggoerate, maar die Hebreeuse woord is *migdāl* wat vertaal word as ‘gefortifiseerde toring’ (BDB 153, vgl. Rig. 8:9-17). Dit is duidelik ‘n poging deur die mensdom om hulleself onafhanklik van God te organiseer en daarmee sy wil te dwarsboom. Philo sê selfs dat hulle hulle naam op elke baksteen geskryf het sodat hulle nie verstrooid sou raak nie. Dit is die eerste voorbeeld

van menslike trots, georganiseerd en besig om onafhanklik van God te funksioneer (vgl. Daniël en Openbaring 18 en 19).

■ “n toring waarvan die spits tot aan die hemel reik” Die mense van Mesopotamië het die sterre aanbid (d.w.s. hemelliggame was gode). Hierdie torings was verheve platforms om die naglug vanaf te betrag. Hulle was die plek waar die gode aanbid en aangetref is.

11:5 Dit is baie antropomorfies (vgl. 18:21; Eks. 3:8).

11:7 “laat Ons neerdaal” Hierdie vers het ook ‘n *Qal*-IMPERATIEF met twee verwante KOHORTATIEWE. Dit is ‘n MEERVOUDSVORM, baie soos 1:26; 3:22. Hoewel hierdie passasie antropomorfies voorkom in Engels verwys dit nie na ‘n swakheid in God nie, maar na ‘n genadedaad waardeur Hy sondige mense daarvan weerhou om hulle eie lewens op hulle eie gevalle manier te probeer behartig (vgl. Rom. 1-3).

Die “laat Ons” van heilige aktiwiteit dwarsboom die “laat ons” van menslike opstand (vgl. verse 3,4,7).

11:9 “Babel” Dit is interessant om te sien dat die argeologie literêre dokumente opgegrawe het van die Sumeriese kultuur in Mesopotamië wat aanvoer dat almal in hierdie tyd dieselfde taal gepraat het (d.w.s. Samuel Noah Kramer in sy artikel “The Babel of Tongues: A Sumerian Version” uit *Journal of the American Oriental Society*, 88:108-111). Die gewilde Hebreuse etimologie is ‘verwarring’ (d.w.s. *balal*, BDB 93), wat klaarblyklik beskryf hoe God hulle enkele taal verwar. Babel beteken letterlik ‘die poort van God’ (Akkadies *bab-ilani*), wat baie soortgelyk is aan sommige van die name van die ziggoerate, wat groot strukture was met ‘n tempel bo-op om die astrale gode te aanbid. Babilon word ‘n simbool van ‘n gevalle wêreldmag, Nimrod as voorbeeld en later Nebukadnésar, en uiteindelik in die seemonster van die boek van Openbaring.

OAV TEKS: 11:10-11

¹⁰DIT is die stamboom van Sem: Toe Sem honderd jaar oud was, het hy die vader van Arpagsad geword, twee jaar ná die vloed. ¹¹En Sem het ná die geboorte van Arpagsad nog vyfhonderd jaar gelewe. En hy het seuns en dogters gehad.

Sem se afstammeling sit die Messiaanse lyn voort vanaf Set van Gen. 5:3-32 en 10:21-31. Hierdie lyn word voortgesit in Tera/Abraham in 11:10-25 (vgl. Luk. 3:23-38).

OAV TEKS: 11:12-13

¹²Toe Arpagsad vyf-en-dertig jaar oud was, het hy die vader van Selag geword. ¹³En Arpagsad het ná die geboorte van Selag nog vierhonderd-en-drie jaar gelewe. En hy het seuns en dogters gehad.

Die Masorete Teks sluit *Kainan* uit vers 13 uit, maar die Septuaginta sowel as Lukas 3:36 sluit hom in.

■ “Selag” Sien BDB 1019 II.

OAV TEKS: 11:14-15

¹⁴Toe Selag dertig jaar oud was, het hy die vader van Heber geword. ¹⁴En Selag het ná die geboorte van Heber nog vierhonderd-en-drie jaar gelewe. En hy het seuns en dogters gehad.

■ “Heber” Sien BDB 720.

OAV TEKS: 11:16-17

¹⁶Toe Heber vier-en-dertig jaar oud was, het hy die vader van Peleg geword. ¹⁷En Heber het ná die geboorte van Peleg nog vierhonderd-en-dertig jaar gelewe. En hy het seuns en dogters gehad.

▣ “Peleg” Sien BDB 811 II.

OAV TEKS: 11:18-19

¹⁸Toe Peleg dertig jaar oud was, het hy die vader van Rehu geword. ¹⁹En Peleg het ná die geboorte van Rehu nog tweehonderd-en-nege jaar gelewe. En hy het seuns en dogters gehad.

▣ “Rehu” Sien BDB 946.

OAV TEKS: 11:20-21

²⁰Toe Rehu twee-en-dertig jaar oud was, het hy die vader van Serug geword. ²¹En Rehu het ná die geboorte van Serug nog tweehonderd-en-sewe jaar gelewe. En hy het seuns en dogters gehad.

▣ “Serug” Sien BDB 974.

OAV TEKS: 11:22-23

²²Toe Serug dertig jaar oud was, het hy die vader van Nahor geword. ²³En Serug het ná die geboorte van Nahor tweehonderd jaar gelewe. En hy het seuns en dogters gehad.

▣ “Nahor” Sien BDB 637.

BESPREKINGSVRAE

Hierdie is ‘n studiegidskommentaar wat beteken dat jy verantwoordelik is vir jou eie interpretasie van die Bybel. Elkeen van ons moet in die lig wat ons tot ons beskikking het, loop. Jy, die Bybel en die Heilige Gees is prioriteit in interpretasie. Moet dit nie aan ‘n kommentaarskrywer oorlaat nie.

Hierdie vrae word verskaf om jou te help dink oor die grootste kwessies van hierdie gedeelte van die boek. Hulle is veronderstel om gedagteprikkelend te wees, nie voorskrywend nie.

1. Wat was die toring van Babel?
2. Wat het die mense teen God probeer doen in Gen. 11?

INLEIDING TOT GENESIS 11:24-13:18

- A. Hierdie gedeelte van Genesis begin die breër bespreking van die lyn van die Messias deur Abraham.
- B. Genesis se vyftig hoofstukke gaan oor die uitredding van God se verbondsmense, nie die skepping nie. Roep een om almal te roep is die fokus van die boek.
- C. Abram word gesien in sy swakhede sowel as sy betroubaarheid. Die God van uitverkiesing en genade roep hom uit vir sy eie uitreddende doelstellings.
- D. God het Abraham gekies om ‘n wêreld te kies (vgl. 12:3c; Eks. 19:4-6; 2 Pet. 2:5,9; Openb. 1:6). God wil hê dat alle mense wat na sy beeld gemaak is gered moet word (vgl. Gen. 3:15; Eseg. 18:23,32; 1 Tim. 2:4; 2 Pet. 3:9).

E. Die *Talmoed* spesifiseer sewe seëninge van die uitroeping:

1. Abram sou die vader van 'n groot nasie wees.
2. Hy sou geseënd wees in sy leeftyd.
3. Sy naam sou beroemd wees.
4. Hy sou 'n seëning wees vir ander.
5. Ander wat hom vereer sou geseënd wees.
6. Ander wat hom vervloek sou verwerp word.
7. Sy invloed sou universeel wees.

WOORD- EN FRASESTUDIE

OAV TEKS: 11:24-25

²⁴Toe Nahor negen-en-twintig jaar oud was, het hy die vader van Tera geword. ²⁵En Nahor het ná die geboorte van Tera nog honderd-en-negentien jaar gelewe. En hy het seuns en dogters gehad.

11:24 “Tera” Tera beteken moontlik ‘versuim’, ‘vertraag’ of ‘migreer’ (BDB 1076). Vanuit Jos. 24:2 is dit duidelik dat hy en sy familie politeïsties was. Die name van sy familie stel primêr voor dat hulle die maangodin, *Zin*, aanbid het. Sy is in Ur, Tema en Haran aanbid. Gen. 31:53 impliseer egter dat hy JHWH geken het.

OAV TEKS: 11:26

²⁶Toe Tera sewentig jaar oud was, het hy die vader geword van Abram, Nahor en Haran.

11:26 “Abram, Nahor en Haran” Dit is moontlik in volgorde van belangrikheid eerder as ouderdom. Die naam Abram kan (1) ‘vereerde vader’; (2) ‘vereerder van vader’; of (3) ‘die Vereerde Een is my vader’ beteken (BDB 4). Die naam Nahor beteken ‘hyg’ of verwys na ‘n Assiriese pleknaam (BDB 637), terwyl Haran ‘bergklimmer’ beteken (BDB 248).

OAV TEKS: 11:27-30

²⁷En dit is die stamboom van Tera: Tera het die vader geword van Abram, Nahor en Haran, en Haran van Lot. ²⁸En Haran het gesterwe terwyl sy vader Tera nog geleef het, in sy geboorteland, in Ur van die Chaldeërs. ²⁹En Abram en Nahor het vir hulle vroue geneem. Die naam van Abram se vrou was Sarai, en die naam van Nahor se vrou was Milka, die dogter van Haran, die vader van Milka en die vader van Jiska. ³⁰En Sarai was onvrugbaar, sy het geen kind gehad nie.

11:27 “Lot” Sien BDB 532 II.

11:28 “Haran het gesterwe terwyl sy vader Tera nog geleef het” Dit is ‘n Hebreeuse idioom vir Haran wat voor sy vader sterf.

▣ **“die Ur van die Chaldeërs”** Die Chaldiese kultuur het ontwikkel (d.w.s. op die sterkpunte van die Sumeriese kultuur gebou) en floreer ná Abram se tyd (BDB 505).

11:29 “Sarai” Sien BDB 979.

▣ **“Milka”** Sien BDB 574.

■ **“en Jiska”** Hierdie persoon (BDB 414) en die rede vir sy aanwesigheid in hierdie vers is onbekend. Die rabbyne (ook Josefus, Jeronimus en Augustinus) sê dit is Sarai, maar die teks stel dat hulle verskillende vaders gehad het.

11:30 “Sarai was onvrugbaar” Die onvermoë van Sarai, Ragel en Rebecca om kinders te hê (BDB 785) was een van die maniere wat God gebruik het om sy mag en beheer oor die mens se geskiedenis en genealogie te toon. Menslike seksuele geslagte is nie die sleutelfaktor tot die linie van die Messias nie.

Dieselfde styl van teologiese faktore tot Israel se geskiedenis word ook gesien in die feit dat die eersgeborene nie in die Messiaanse lyn is nie. Kultureel was die eersgeborene die hoof van die stam, maar nie onder JHWH se mense nie. Dit was sy besluit!

OAV TEKS: 11:31-32

³¹**En Tera het sy seun Abram geneem en Lot, die seun van Haran, sy kleinseun, en Sarai, sy skoonogter, die vrou van sy seun Abram, en dié het saam met hulle uit Ur van die Chaldeërs getrek om na die land Kanaän te gaan. En hulle het tot by Haran gekom en daar gaan woon.**
³²**En die dae van Tera was tweehonderd-en-vyf jaar, en Tera het in Haran gesterwe.**

11:31 “en dié het saam met hulle uit. . .getrek” Daar is heelwat bespreking rondom die vraag of Tera sy familie gevat het en of Abram hulle gevat het. Sommige stel dat God oorspronklik vir Tera geroep het, maar dat hy hervat het in afgodery. Dit lyk vir my of Abraham die fokus van die hele gedeelte is, nie Tera nie. Deur Ur te verlaat was Abram besig om nie net sy uitgebreide familie te verlaat nie, maar ook sy nasionale gode. Hy verlaat ‘n gemaklike, gevestigde lewe om ‘n nuwe God te volg wat met hom gepraat het op ‘n redelik kriptiese manier.

11:32 “die dae van Tera was tweehonderd-en-vyf” Wanneer ons 11:26 by 12:4 tel, wat gelyk is aan 145 jaar, en dit van 205 aftrek word dit duidelik dat Tera 60 jaar geleef het nadat Abraham Haran verlaat het. Dit blyk teenstellend te wees met Stefanus se prediking in Handeling 7:4. Verskeie aspekte van Stefanus se geskiedkundige oorsig staan in konflik met ons moderne begrip van Ou Testamentiese geskiedenis. Hy was moontlik besig om rabbynse verklaringsmetodes aan te wend. Ander kundiges stel dat Abram, hoewel hy eerste gelys word in 11:26, veel later eers gebore is en dat Stefanus akkuraat was. Dit is interessant dat die Samaritaanse Pentateug hier ‘144’ het.

LEERSTELLIGE UITSPRAAK

Ek hou nie juis van stellings oor geloof of oortuiging nie. Ek verkies om die Bybel self te laat spreek. Maar ek besef dat 'n leerstellige uitspraak diegene wat my nie ken nie sal help om my perspektief in sake van geloof te evalueer. In ons tyd van soveel teologiese mistasting en misleiding, is die volgende, kort opsomming van my teologiese standpunt moontlik gepas.

1. Die Bybel, Ou en Nuwe Testament ingesluit, is die geïnspireerde, onfeilbare, gesaghebbende en ewige Woord van God. Dit is die self-openbaring van God, opgeteken deur manne onder bonatuurlike leiding. Dit is ons enigste bron van helder waarheid oor God en sy doelstellings. Dit is ook die enigste bron van geloof en praktyk vir sy kerk.

2. Daar is slegs een ewige, skeppende, verlossende God. Hy is die skepper van alle dinge – sigbaar én onsigbaar. Hy het Homself aan ons openbaar as liefdevol en sorgsaam, hoewel hy ook regverdig en op geregtigheid ingestel is. Hy het Homself openbaar in drie onderskeie persone: Vader, Seun en Gees; waarlik apart en tog dieselfde in wese.

3. God is aktief in beheer van sy wêreld. Daar is 'n ewige, onveranderlike plan vir sy skepping, sowel as 'n individueel-gefokusde plan wat die mens vrye wil toelaat. Niks gebeur sonder God se wete en toelating nie, en tog laat Hy beide engele en mense toe om hulle eie keuses te maak. Jesus is die Vader se Uitverkore Man, en almal is potensieel in Hom uitverkies. God se voorkennis van gebeure bind nie die mens se lewe aan voorafbepaalde draaiboek nie. Ons bly almal verantwoordelik vir ons eie denke en dade.

4. Die mens, hoewel na die beeld van God geskape en vry van sonde, het nogtans besluit om teen God te rebelleer. Ten spyte van die feit dat hulle deur 'n eksterne agent verlei is, was Adam en Eva steeds verantwoordelik vir hulle selfsug en eiewilligheid. Hulle rebellie het die mens en die skepping geaffekteer sodat ons almal 'n behoefte het aan God se genade – vir ons gedeelde verantwoordelikheid met Adam, sowel as ons individuele wederstrewigheid.

5. God het vir die gevalle mensheid 'n manier gegee om vergifnis en herstel te bekom. Jesus Christus, God se unieke seun, het mens geword, 'n sondelose lewe geleë, en het deur middel van sy plaasvervangende dood die skuld van die mens se sondes afgehandel. Hy is die enigste weg tot herstel van ons vertrouensverhouding met God. Daar is geen ander manier om verlossing te bekom anders as deur geloof in sy verdienste nie.

6. Elkeen van ons moet God se aanbod van vergifnis en herstel in Jesus persoonlik aanvaar. Dit word bewerkstellig deur 'n wilsbesluit om God se beloftes in en deur Jesus te vertrou en deur gewilliglik van gekende sonde weg te draai.

7. Ons almal is ten volle vergewe en herstel deur ons vertrou in Christus en inkeer van sonde. Maar bevestiging van hierdie nuwe verhouding moet egter in 'n veranderde en veranderende lewe merkbaar word. Die doel van God vir die mens is nie bloot om eendag in die hemel te kom nie, maar om daaglik Christus-gelykvormig te lewe. Diegene wat werklik gered is, selfs al sondig hulle steeds nou en dan, sal voortgaan in geloof en inkering vir die res van hulle lewens.

8. Die Heilige Gees is “die ander Jesus”. Hy is in die wêreld aanwesig om verlorene na Christus te lei, en om 'n Christus-gesindheid in dié wat gered is, te ontwikkel. Die gawes van die Gees word gegee by verlossing. Die gawes is die lewe en bediening van Jesus wat tussen die lede van sy liggaam – die kerk – verdeel word. Die gawes, wat basies die gesindheid en motiewe van Jesus is, kom tot uiting in die vrug van die Gees. Die Gees is so aktief vandag soos Hy was in Bybelse tye.

9. Die Vader het die opgestane Jesus Christus die regter van alle dinge gemaak. Hy sal terugkeer aarde toe om oordeel uit te spreek oor die mensdom. Dié wat Jesus vertrou het en wie se name in die Lam se boek van die lewe geskryf staan, sal hulle ewige, verheerlikte liggame ontvang met sy wederkoms. Hulle sal vir ewig saam met Hom wees. Maar diegene wat Hom verwerp het en weier om te reageer op God se waarheid, sal vir ewig afgesny wees van die geluk en vertrouensverhouding met die Drie-Enige God. Hulle sal verdoem wees saam met die duiwel en sy engele.

Hierdie is sekerlik nie volledig of omvattend nie, maar ek hoop dat dit jou die teologiese kleur van my hart wys. Ek hou van die volgende stelling:

“In noodsaaklikhede – eenheid; in dinge rondom – vryheid; in alle dinge – liefde.”

(“In essentials – unity, In peripherals – freedom, In all things – love.”)